

'N TEOLOGIES-ETIESE STUDIE VAN MENSEREGTE MET 'N TOEPASSING OP DIE
SITUASIE IN SUID-AFRIKA

deur

CHRIS JONES

voorgelê luidens die vereistes
vir die graad

DOCTOR THEOLOGIAE

in die vak

TEOLOGIESE ETIEK

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PROMOTOR: PROF L D HULLEY

OKTOBER 1993

BEDANKINGS

Dank aan my vrou, Kobie, vir haar volgehoue ondersteuning en aanmoediging.

Dank aan mevrou Delene Pienaar vir haar sorgvuldige proefleeswerk.

Dank aan die tikster, mev Anita Schultz, vir haar besondere bydrae.

h Woord van opregte dank en erkentlikheid aan die promotor, professor L D Hulley, vir die kundige wyse waarop hy vir my in hierdie studie begelei en van raad voorsien het.

Alle dank aan die Here vir krag en insig wat ek van Hom ontvang het in die behartiging en voltooiing van hierdie studie.

| | |
|---------------------|---------------|
| UNISA | |
| BIBLIOTEK / LIBRARY | |
| Class. | 241.622 096 8 |
| Klas. | JONE |
| Access | |
| Author | |



01556393

INHOUDSOPGAWE

| | <u>Bladsy</u> |
|--|---------------|
| <u>INLEIDING</u> | 1. |
| 1. Probleemstelling en uitgangspunte | 1. |
| 2. Navorsingsopset en metodes | 5. |
| <u>HOOFSTUK 1: AKTUALITEIT</u> | 10. |
| 1.1 Regs-polities | 10. |
| 1.2 Teologies-kerklik | 12. |
| <u>HOOFSTUK 2: HISTORIESE ONTWIKKELING VAN MENSEREGTE</u> | 17. |
| 2.1 Die natuurreg | 17. |
| 2.2 Die oorgang tot die individualisme | 20. |
| 2.3 Die individualisme | 28. |
| 2.4 Verdere ontwikkelinge | 30. |
| 2.5 Die VVO se Universele Verklaring van Menseregte - 1948 | 34. |
| 2.6 Menseregte in breë ekumeniese verband | 41. |
| <u>HOOFSTUK 3: TEOLOGIES-ETIESE STUDIE: MENSEREGTE</u> | 60. |
| 3.1 Geregtigheid | 68. |
| 3.1.1 Historiese lyne | 68. |
| 3.1.2 Bybelse beskouing | 73. |
| 3.2 Die mens as beeld van God | 88. |
| 3.2.1 Historiese lyne | 88. |
| 3.2.2 Bybelse beskouing | 93. |
| 3.3 Die vryheid van die mens | 117. |

Bladsy

| | | |
|--|---|------|
| 3.3.1 | Historiese lyne | 117. |
| 3.3.2 | Bybelse beskouing | 120. |
| <u>HOOFSTUK 4: HISTORIESE EN TEOLOGIES-ETIESE IMPLIKASIES</u> | | 139. |
| 4.1 | Outokrasie | 139. |
| 4.2 | Demokrasie | 143. |
| 4.3 | Sosialisme | 147. |
| 4.4 | Derdewêreld-lande | 149. |
| 4.5 | Waarin lê die stukrag van menseregte? | 150. |
| 4.6 | Raakpunte | 153. |
| 4.6.1 | Geregtigheid | 155. |
| 4.6.2 | Menswaardigheid | 158. |
| 4.6.3 | Vryheid | 159. |
| 4.6.4 | Menseregte in gemeenskapsverband | 161. |
| 4.7 | 'n Skrif-gefundeerde demokrasie | 165. |
| 4.8 | Die noodsaak van skuldbelydenis vir die NG Kerk | 166. |
| <u>HOOFSTUK 5: DIE HUIDIGE DEBAT IN SUID-AFRIKA</u> | | 173. |
| 5.1 | Die nuwe Suid-Afrika | 180. |
| 5.2 | 'n Handves van menseregte vir Suid-Afrika | 184. |
| 5.2.1 | Die aanbevole akte van die Regskommissie | 185. |
| 5.2.2 | Die ANC se konsep-manifes | 206. |

Bladsy

| | |
|---|------|
| <u>HOOFSTUK 6: DIE BETEKENIS VAN MENSEREGTE VIR 'N EKOLOGIESE</u> | |
| <u>PERSPEKTIEF</u> | 225. |
| 6.1 Aktualiteit | 225. |
| 6.2 Teologies-etiese beskouing van diereregte | 227. |
| 6.2.1 Die mens se posisie in die skepping | 229. |
| 6.2.2 Die sondeval en die verheerliking | 233. |
| 6.2.3 Die posisie van die dier in die skepping | 237. |
| 6.2.4 Hoe lyk die regte van die dier? | 244. |
| 6.2.5 Wat van plantregte? | 249. |
| 6.3 'n Omgewings-politieke beskouing | 252. |
| <u>HOOFSTUK 7: DIE TAAK VAN DIE KERK</u> | 261. |
| 7.1 Geregtigheid | 264. |
| 7.2 Menswaardigheid | 268. |
| 7.3 Vryheid | 272. |
| <u>SLOT</u> | 281. |
| <u>BIBLIOGRAFIE</u> | 287. |

Bladsy

| | |
|--|------|
| <u>BYLAE 1:</u> Magna Charta - 1215 | 310. |
| <u>BYLAE 2:</u> Petition of right | 318. |
| <u>BYLAE 3:</u> Habeas Corpus | 321. |
| <u>BYLAE 4:</u> The bill of rights | 327. |
| <u>BYLAE 5:</u> United States of America - The Declaration of Independence | 332. |
| <u>BYLAE 6:</u> n Federale en vyftig state konstitusies van die Verenigde State van Amerika | 335. |
| <u>BYLAE 7:</u> Declaration of the rights of man and citizen | 337. |
| <u>BYLAE 8:</u> The universal declaration of human rights - 1948 | 339. |
| <u>BYLAE 9:</u> International covenant on civil and political rights | 344. |
| <u>BYLAE 10:</u> International covenant on economic, social and cultural rights | 361. |
| <u>BYLAE 11:</u> The bill proposed by the South African Law commission | 370. |
| <u>BYLAE 12:</u> ANC draft bill of rights | 383. |

OPSOMMING

Menseregte is 'n saak wat sedert die Tweede Wêreldoorlog met sy grootskaalse vernietiging en chaos internasionaal al hoe sterker op die voorgrond begin tree het. Dit is veral buitelandse, maar ook binnelandse beskuldigings ten opsigte van rassisme en apartheid in ons land wat aanleiding begin gee het tot onderhandelings rakende die uitwerk van 'n handves van menseregte vir alle inwoners hier te lande.

Die historiese ontwikkeling van menseregte in belangrike Westerse lande, maar ook binne sosialistiese konteks, bied belangrike perspektiewe vir die verstaan van hierdie kwessie. Ongelukkig is die kerk se stem vir baie jare nie oor hierdie aangeleentheid gehoor nie.

Ook het die NG Kerk dit beskou as 'n liberale, humanistiese en kommunistiese aanslag teen hulle "Skrifgetroue" lewensiening. Omrede so baie mense hulle besluite in terme van hulle geloofsbeskouing neem, word daar duidelikheid oor die saak gesoek in die Bybelse beskouing van die begrippe geregtigheid, menswaardigheid en vryheid. Sekere hermeneutiese probleme word onder oë geneem sodat die volle waarheid oor hierdie saak aan die orde kan kom.

Na aanleiding van bogenoemde gebeure het die regering aan 'n Regskommissie opdrag gegee om 'n akte van menseregte op te stel. Die klem wat hierin op verskillende eerstegenerasieregte gelê word ten koste van sekere noodsaaklike sosio-ekonomiese regte, wat vir soveel swart inwoners van ons land so belangrik is, word krities geëvalueer.

Hierteenoor lê die ANC in sy konsep-manifes op realistiese wyse klem op hierdie sogenaamde tweedegenerasieregte en regstellende optrede. Daar word bevind dat dit dié mees volledige en toepaslike dokument van sy soort in ons

land is, omrede dit vanuit 'n situasie geskryf is wat deeglik rekening hou met die eiesoortige behoeftes van die Swartes.

Die hele kwessie van menseregte waardeur mens teen mens beskerm word, bring ook die kwessie van diere- en plantregte na vore. 'n Omgewings-politieke beskouing wat voorkeur gee aan die sosio-ekonomiese belange van mense ten koste van omgewingsbewaring, word bespreek.

Ten opsigte van hierdie sake word die mens deurgaans in die Skrif opgeroep om God in sy optrede teenoor sy medemens, dier en plant te vergestalt.

SUMMARY

Human rights is a matter which has come strongly to the fore since the Second World War with its wholesale destruction and chaos. It was especially foreign, but also internal accusations of racism and apartheid in our country which gave rise to negotiations to draw up a charter of human rights for all the inhabitants of our country.

The historical development of human rights in important Western countries, but also in a socialist context, provides important perspectives for an understanding of the matter. Unfortunately the voice of the church was not heard on this matter for many years.

The Dutch Reformed Church has also seen it as a liberal, humanist and communist attack on their "true" scriptural understanding of life. Because so many people make their decisions in terms of their faith, clarity is sought on this matter in the Biblical concepts of justice, human dignity and freedom. Certain hermeneutical problems are considered to arrive at an accurate understanding of the Biblical message.

As a result of the above-mentioned chain of events, the government appointed a Law Commission to draw up a bill of human rights. The emphasis in this draft bill of rights which is laid on various first generation rights at the expense of essential socio-economic rights, which are so important to many black inhabitants of our country, is critically evaluated.

In contrast, in its proposed bill of rights, the ANC emphasises this so-called second generation rights and affirmative action in a realistic way. It is found that this is the most complete and appropriate document of its kind in our country, because it was written from a situation which thoroughly

takes account of the distinctive needs of the Blacks.

The whole matter of human rights brings the matter of animal- and plant-rights to the fore. A view on the politics of the environment which prioritizes the socio-economic interests of the people at the cost of nature conservation, is discussed.

With regard to these matters humankind is called upon throughout the Scriptures to manifest God in their conduct towards their fellow-man, animals and plants.

INLEIDING

1. Probleemstelling en uitgangspunte

Wanneer besin word oor die problematiek van intermenslike verhoudinge, word die gevolgtrekking onwillekeurig gemaak dat veral die menseregtekwessie ten grondslag van die hele problematiek lê. In ons land, en dan bepaald ook binne die Afrikaanse kerke met 'n Gereformeerde belydenis, het daar vir 'n lang tyd 'n uitgesproke afkeer bestaan van die begrip menseregte en die saak wat daardeur aangedui word. Baie mense dink nog steeds so en die hele menseregtekwessie word doodgewoon deur hulle geïgnoreer. Diesulkes glo dat buitelandse en binnelandse beskuldigings rakende die miskenning van menseregte deur inwoners van ons land, onbillik is en hulle nie werklik raak nie.

Verder is dit veral die onlangse ontwikkelinge ten opsigte van die uitwerk van 'n nuwe aanvaarbare grondwetlike bestel vir alle inwoners van ons land, wat die kwessie van die regte van die mens steeds sterker na vore bring. Ten opsigte hiervan is daar uiteraard baie vrese en onsekerheid onder veral die blankes in ons land. Hulle is bekommerd oor die eise wat só 'n bestel, met inbegrip van die erkenning van menseregte, aan hulle gaan stel. Hulle vrees dat hulle politiese, kulturele en ekonomiese sekerheid sal moet inboet en op die ou end as minderheidsgroep totaal oorheers gaan word. Dit is juis hierom dat 'n deeglike besinning oor die kwessie van menseregte dringend noodsaaklik geword het.

Natuurlik is die tyd lankal verby dat menseregte bloot gesien word as teenstrydig met die mens se geloofsoortuiging en as afkomstig uit een of ander liberaal-filosofiese denkorde. In ons land ressorteer hoofsaaklik die Engelssprekendes, die Engelse pers en ook die Engelse kerke onder

hierdie denkorde. Hulle kritiseer sedert 1948 die rigting wat die regering ingeslaan het omrede die regte van die mens deur hierdie beleid aangetas word. Dan is daar ook organisasies soos die ANC, die PAC, AZAPO, die IVP, COSATU en die SARK wat volgens baie blankes menseregte bloot misbruik om hulle "liberale doelwitte" te bereik.

'n Mens vra jou af of dit nie nou tyd is vir die Afrikaanse Gereformeerde kerke om baie meer konkrete leiding te gee wat hierdie regte betref nie. Ongelukkig het daar deur die jare, en veral in dié kerke, onsekerheid opgebou rakende dié sake, en dit wil voorkom asof die tyd nou vir dié kerke aangebreek het om deur middel van objektiewe ondersoeke wat te alle tye aan die eise van God se Woord moet beantwoord, hierdie onsekere toestande uit die weg te ruim.

Juis vanweë die belangrikheid van dié kerke se antwoord in dié verband wil hierdie ondersoek 'n bydrae lewer, al is dit hoe gering, om te help met die identifisering van Skrifbeginsels en oortuigings wat meer lig kan werp op die problematiek van intermenslike verhoudings.

Hierdie problematiek kan meer spesifiek soos volg geformuleer word. Waarom het die menseregte-debat wêreldwyd deur die jare heen soveel aandag ontvang terwyl Suid-Afrika niks daarvan wou weet en niks daaraan wou doen nie? Enkele probleemvelde soos parlementêre soewereiniteit, geen toetsingsreg deur die howe ten opsigte van wetgewing nie, 'n interne politieke bestel wat op rassediskriminasie berus het en opvoedkundige en ekonomiese agteruitgang tot gevolg gehad het, gedwonge verskuiwings met gevolglike sielkundige en sosiale ontwrigting, politieke organisasies wat deur die uitvoerende gesag verbied is, drastiese inperkings deur middel van veiligheidswetgewing, strukturele geweld en die inperking van spraak-, bewegings- en persoonlike vryheid behoort hierdie optrede

duideliker te belig.

In die lig van bogenoemde problematiek, ontstaan die vraag vanwaar die skielike belangstelling in blanke gelede in menseregte. Word sodanige handves nie net gebruik om mag in die hande van die regering te hou en die bevoorregte posisie en belange van die blankes in ons land te beskerm nie?

Met 'n vestigende menseregte-kultuur hier te lande, wonder 'n mens of daar regtig 'n handves van fundamentele regte daargestel kan word wat die individuele sowel as sosio-ekonomiese aansprake van ons veelrassige samelewing kan bevredig. Dit verwys meer spesifiek na die volgende sake waaroor daar verskil in mening tussen die verskillende ideologiese groepe bestaan, naamlik groeps- of minderheidsregte, kulturele regte soos taal en godsdiens, privaateienaarskap, doodstraf, die suiwering van die regstelsel, sosio-ekonomiese regte soos behuising, mediese dienste, onderwys en opvoeding, pensioene, en regstellende aksie en herverdeling van rykdom en grond. Indien die verskillende generasies van regte wel in 'n handves van fundamentele regte opgeneem sou word, in watter mate sal dit afdwingbaar wees deur die howe of deur ander onderhandelde meganismes?

Binne watter politieke orde sou menseregte ten beste posvat en is sodanige orde hier te lande moontlik? As in gedagte gehou word dat Afrika 'n swak demokratiese en menseregte-rekord het, watter versekering is daar dat ons land wat deel is van Afrika, 'n vrye en regverdige toekoms sal hê sonder voortslepende geweld en burgeroorlog, armoede, werkloosheid en onderdrukking?

Omdat die kerk vir jare nie van hom laat hoor het oor die saak van

menseregte nie, ontstaan die vraag of die Skrif iets vir moderne menseregte te sê het. Hoe moet die Skrif wat oor ongeveer duisend jaar ontstaan het, hanteer word sodat die teologiese waarhede korrek geïnterpreteer en uitgelê kan word? Hier sal dit noodsaaklik wees om te kyk in watter historiese kontekste bepaalde teksgedeeltes staan voordat dit op hedendaagse situasies toegepas word. Anders kan 'n mens so maklik op naïewe, onkritiese, selektiewe en/of vooropgestelde wyse die Skrif in die hand neem en byvoorbeeld kollektiewe belange bevredig - dit kan problematies wees omdat die volle waarheid nie op so 'n wyse aan die lig sal kom nie. Die eiesoortige ontwikkeling in die Skrif vanaf die Ou-Testamentiese wette en voorskrifte van inperking na die vryheid in Christus Jesus wat die Nuwe Testament verkondig, sal deeglik bestudeer moet word vir die korrekte verstaan van menseregte.

Die vraag na diere- en plantregte kom ook na vore. Dit is 'n kwessie wat al hoe meer deur die menseregte-debat aan die orde gestel word. Behoort die mens bloot verantwoordelik te wees teenoor die dier en plant, of beskik hulle oor teologies-gefundeerde regte? En behoort die bewaring van die dier en plant (en ook die omgewing) op grond van hierdie moontlike regte ondergeskik gestel te word aan die sosio-ekonomiese behoeftes van die mens of nie? Dit wil dus blyk of hierdie kwessie 'n uiters dringende saak op die menseregte-agenda geword het.

In hierdie opsigte wil die studie probeer om verhelderende perspektiewe ten opsigte van hierdie knellende vraagstukke te bied. Alhoewel dit geen maklike taak is nie, bly dit die gelowige se verantwoordelikheid om vir menseregte op 'n volgehoue en demokratiese wyse te veg, sodat mense nie op propagandistiese wyse nie, maar deur Skrif-gefundeerde kennis hieroor ingelig kan word.

2. Navorsingsopset en metodes

Baie mense is oningelig oor menseregte en dié wat daarin belangstel, weet nie noodwendig binne watter raamwerk (byvoorbeeld polities of teologies) om menseregte te beoordeel nie. Omrede daar ook perseptuele verskille oor hierdie kwessie bestaan, is dit duidelik waarom 'n deeglike studie oor menseregte dringend noodsaaklik geword het. Hierom is 'n verskeidenheid van bronne bestudeer wat lig gewerp het op al bogenoemde probleemvelde. Deur persoonlike gesprekke met deskundiges op hierdie gebied, binne sowel as buite die kerk, het daar ook baie insigte om sinvol oor hierdie saak te kan dink, na vore gekom.

Die eerste hoofstuk word hoofsaaklik gewy aan die aktualiteit van die hele menseregte-kwessie. 'n Aantal regs-politiese aspekte en teologies-kerklike aksente word aangeraak. Dit word egter nie diepgaande bespreek nie, maar verwys slegs na sekere kwessies wat deur die loop van die studie meer aandag ontvang.

Hoofstuk twee maak 'n belangrike deel van die studie uit. Die historiese ontwikkeling van menseregte word hier bespreek. Alhoewel daar verskeie dokumente deur die jare heen hieroor ontstaan het, word slegs die mees invloedryke hier bespreek. Hierdie dokumente word ook nie breedvoerig en krities geëvalueer nie, maar slegs die belangrikste aksente van elke dokument word uitgelig om die belangrikste aansprake vanuit die verskillende lande deur te gee. Die Engelse, Franse en Amerikaanse menseregte-verklarings word onder die vergrootglas geplaas en daar word ook gekyk na Marx se siening van ekonomiese en maatskaplike regte (en gevolglik die sosialisme). Hierdie verklarings het gekulmineer in die VVO se **Universele Verklaring van Menseregte - 1948**, waarin beide die Westerse individuele, maar ook die sosialistiese menseregte op besondere wyse byeengebring word. Menseregte binne ekumeniese verband,

ontvang ook aandag. Hier word die fokus ook op die ontwikkeling binne die NG Kerk rakende hierdie saak uitgespel, en 'n oorsigtelike beskouing van die Swart Teologie behoort breër perspektief rondom hierdie saak te ontwikkel.

In hoofstuk drie word vanuit teologies-etiese perspektief na hierdie kwessie gekyk. Hier word ondersoek ingestel op watter wyse die Skrif, met sy eiesoortige opbou en ontwikkeling, moderne menseregte belig. Die drie belangrikste Bybelse kernbegrippe wat ten grondslag van menseregte lê, naamlik die geregtigheid van God vir alle mense, die mens geskape na die beeld van God en die vryheid wat die mens het ten spyte van sy totale verdorwenheid, word bespreek. Daar word aangetoon dat menseregte werklik saak maak vir die Christen wat wil vashou aan die Woord van God as die enigste rigsgnoer van sy lewe. Hierdie hoofstuk is belangrik omrede baie mense hulle besluite in terme van hulle geloofsbeskouing neem. Ons is hoofsaaklik 'n Christelike land en daarom laat mense hulle lei deur die Christelike geloof. Selfs mense wat buite die Christelike tradisie staan, word hierdeur beïnvloed omdat die inhoud van die Christelike geloof tog op een of ander wyse neerslag vind in die denke van sulke mense. In die lig van die belangrikheid van die Christelike kerk se standpunt oor menseregte, moet daar absolute duidelikheid verkry word oor wat presies die Skrif hieroor sê.

Hoofstuk vier speel die historiese ontwikkeling van menseregte in op die teologies-etiese beskouing daarvan. Daar word gekyk na die vorms van regering soos dit deur die geskiedenis heen uitgekristalliseer het, naamlik die outokrasie, die demokrasie, die sosialisme en ook die Derde-wêreld-vorm. Daar word ondersoek ingestel of die historiese sekulêre menseregte-verklarings met 'n bepaalde teologies-etiese onderbou werk en daarom raakpunte met 'n Skriftuurlike beskouing van hierdie kwessie het.

In die lig van bogenoemde implikasies staan die NG Kerk skuldig. Soos reeds duidelik geword het, het die Christelike geloof 'n groot invloed op die denke van mense, selfs ten opsigte van dié wat buite hierdie tradisie staan. Omdat dié kerk hoofsaaklik 'n volkserk was en 'n bepalende rol gespeel het in die totstandkoming en regverdiging van 'n sisteem wat oor jare heen menseregte doelbewus en sistematies vertrap het, is skuldbelydenis noodsaaklik. Dis nie altyd maklik nie, maar dis reinigend en suiwerend. In dié verband word uitgewys dat Swartes en regsgeleerdes 'n skielike verandering in die NG Kerk se houding, wat saamhang met 'n tyd waarin politieke veranderinge plaasvind, as huigelry kan beleef. Die Marxiste, humaniste en liberaliste het deurgaans 'n beter rekord in dié verband as die NG Kerk wat soveel jare niks oor sosiale ongeregtigheid, mensonwaardigheid en die inperking van die vryheid van mense gesê het nie. Daarom sal daar by hulle geleer moet word.

In hoofstuk vyf word die skending van menseregte in Suid-Afrika uitgewys en hiermee kom die uiters belangrike teenswoordige debat oor hierdie saak in ons land aan die orde. Hier word verwys na die feit dat ons met die Afrika kontinent te doen het met sy sosiale ontwrigting hoofsaaklik as gevolg van kolonialisasie - ook die demokratiseringsproses ontvang aandag. Of Suid-Afrika, wat deel is van Afrika, met sy eiesoortige opset vatbaar vir demokrasie is, kom ook aan die orde. Hier word gekyk of belangrike menseregte-beginsels tog kan sorg vir 'n nuwe, regverdige, stabiele en vrye Suid-Afrika. Alhoewel die prentjie vir Afrika en Suid-Afrika donker lyk, blyk daar tog hoop te wees. In dié verband ontvang die aanbevole akte van menseregte van die Regskommissie soos deur die regering aangevra, sowel as die ANC se konsep-manifes, aandag. Vanweë die belang daarvan word beide aktes in 'n historiese konteks geplaas. Hierdie voorstelle word dan geanaliseer, met mekaar

vergelyk en ook aan die kriteria wat in die menseregte-tradisie sowel as in die teologie na vore gekom het, gemeet. Hoewel ander organisasies ook by die teenswoordige politieke debat betrokke is, soos onder andere die PAC, AZAPO, die KP en ander regse groeperinge, word hulle standpunte nie hier bespreek nie, omdat hulle nie spesifieke handveste van menseregte tot op hede opgestel het nie. Die uitgangspunt in dié verband was om net met amptelike dokumente te werk wat die verskillende belangrike groeperinge se standpunte hieroor weergee. Met voltooiing van die studie het die DP se voorgestelde handves van menseregte wel verskyn, maar kon daar uiteraard nie aandag aan gegee word nie. Ook is die Onderhandelingsraad by die Wêreldhandelsentrum se verslag oor menseregte vir die oorgangstydperk in ons land nog nie gefinaliseer nie en word dit dus nie bespreek nie. Dit wil egter voorkom of dié verslag in elk geval nie allesomvattend is nie, maar slegs gemik is op die beskerming van die belangrikste tussentydse menseregte. Die IVP het ook 'n amptelike dokument, maar dis beperk in dié sin dat dit slegs vir die Kwazulu/Natal-gebied bedoel is. Hierom word hierdie dokument nie breedvoerig bespreek nie, maar slegs by wyse van enkele gedagtes aan die orde gestel. Omrede die Regskommissie en die ANC se dokumente die enigste vir 'n nuwe Suid-Afrika is, word net hulle breedvoerig bespreek. Die individuele sowel as enkele sosio-ekonomiese regte waaroor daar eenstemmigheid tussen die twee partye bestaan, word nie bespreek nie, maar slegs dié regte waaroor daar verskil in mening is. Die regering se voorstelle vir 'n handves van menseregte het ook onlangs verskyn, maar omdat dit hoofsaaklik op die voorstelle van die Regskommissie gebaseer is, word slegs enkele opmerkings hieroor gemaak.

Die aktualiteit van die menseregte-kwessie het aanleiding gegee tot hoofstuk ses waarin dit gaan oor die regte van die dier (en plant). Mense tree nie net ongenaakbaar teenoor mense op nie, maar ook teenoor

diere (en die ganse skepping). Die belangrikste denkrigtings oor diereregte word aangestip en daarna volg 'n teologies-etiese beskouing van hierdie kwessie, waarin daar gekyk word na die mens en die dier se posisie in God se skepping. Hieruit word die regte van die dier en ook die plant afgelei. Omrede hierdie kwessie 'n geïntegreerde deel van die menseregte-debat vorm, word daar ook by 'n omgewings-politieke beskouing stilgestaan. Hier word uitgewys dat die ekologiese uitdagings in verhouding tot sosio-ekonomiese en politieke hervorming waarskynlik die belangrikste sake op 'n menseregte-agenda in Suid-Afrika moet wees. Tot op hede is daar hoofsaaklik vanuit blanke gelede hieroor geskryf, maar die aksent is besig om te verskuif. Al hoe meer Swartes raak bewus van ekologiese kwessies, navorsing word in dié verband gedoen en materiaal sal voortaan al meer vanuit hierdie gelede hieroor verskyn.

In hoofstuk sewe word die taak van die kerk uiteengesit - hier word verduidelik op watter wyse die kerk betrokke kan wees by die debat oor en die toepassing van menseregte. Omrede die Engelse kerke in Suid-Afrika wat menseregte betref, die Afrikaanse kerke vooruit is, is verskeie denominasies gekontak vir meer inligting oor moontlike programme wat hulle in dié verband geloods het. Net die Rooms-Katolieke Kerk het gereageer met insiggewende inligting oor aspekte van menseregte, maar ongelukkig was daar nie tersaaklike inligting oor programme nie. Persoonlike gesprekke met predikante in verskeie Engelse kerke is toe gereël en van die inligting wat verkry is, is in hierdie hoofstuk verwerk.

In die geheel gesien, wil hierdie studie net 'n positiewe bydrae probeer lewer ten opsigte van die debat wat reeds oor hierdie kwessies aan die gang gekom het.

HOOFSTUK 1: AKTUALITEIT

1.1 Regs-polities

Dit is veral sedert die Tweede Wêreldoorlog dat die regte van die mens op die terrein van die internasionale politiek sterk na vore gekom het. Die stryd om menseregte was grootliks 'n reaksie op die grootskaalse vernietiging en chaos wat tydens dié oorlog plaasgevind het. Miljoene mense is deur 'n relatief klein getal maghebbers as pionne gebruik. Die maghebbers het hulle magwellus en ideologieë op die mense probeer afdruk, en die hele menseregte-kwessie het as 'n reaksie hierop sterk na vore gekom. Daarom kan 'n mens sê dat die stryd om menseregte 'n stryd om wêreldvrede was en is.¹⁾

In 'n groot mate word die beroep op die handhawing van menseregte tot die regerings van die dag gerig. Regeringsondersteuning word geëis vir sosiale en ekonomiese welvaart.²⁾ Dit is betekenisloos om oor menseregte te praat asof dit iets is wat aan die mens in isolasie toekom. Dit moet in 'n sosio-ekonomiese en politieke konteks gedefinieer word. Op sy beurt impliseer dit dat 'n debat oor menseregte slegs betekenisvol kan wees indien dit afspeel in 'n opset waarin daar gepraat word oor die status, plek en rol van die individu in sy verhouding tot ander individue, die gemeenskap en die staat. In dié verband is dit belangrik om daarop te let dat beskouinge oor menseregte gewoonlik gepaard gaan met beskouinge oor die staat en die aard van die verhouding tussen staat en burgers, en die burgers onderling.³⁾ Daar word dus geëis dat regerings die vryhede en waardigheid van die burgers moet beskerm en konstitusioneel moet waarborg. Dit mag verhoed dat mense deur politieke maghebbers misbruik word. Die stryd om menseregte is 'n stryd om sekuriteit en beskerming van die mens teen die mens.⁴⁾

Sedert die Tweede Wêreldoorlog word juis teen kolonialisme, imperialisme en rassisme geagiteer deur 'n beroep op die leerstuk van menseregte.⁵⁾ Dit is veral die agitاسie teen rassisme wat vandag in Suid-Afrika in die stryd om menseregte in die brandpunt staan. Dit is juis in die lig hiervan, sowel as in die lig van 'n paar ander apartheidskwessies (sien hoofstuk 5), dat die Suid-Afrikaanse Regskommissie versoek is om 'n handves van menseregte vir ons land voor te berei waarvan die inhoud vir verskansing in die grondwet oorweeg kan word. Die stryd teen rassisme en apartheid het ook daartoe aanleiding gegee dat buite-parlementêre organisasies soos die ANC, die mees fundamentele regte van die mens in 'n handves opgeneem het. Die politieke relevansie en aktualiteit blyk verder duidelik uit die feit dat feitlik al die Derdewêreld-state wat na die Tweede Wêreldoorlog gevorm is, een of ander "Bill of Rights" in hulle grondwet ingeskryf het.

Die menseregteleer wil dus 'n kriterium verskaf vir die legitimering van politieke handeling. Die menseregteleer het ook in die regspraktyke van verskillende lande neerslag gevind vanweë die noue verband tussen die politiek en die regspleging. Baie lande wat nie die beskerming van menseregte in hul konstitusies ingebou het nie, het dit in ieder geval in gewone wetgewing in gebruik laat kom, waardeur die regeerings effektief begrens word ter wille van die individu (vergelyk die totstandkoming van wette soos die **Magna Carta Libertatum** (1215), die **Habeas Corpus-Wet** (1679) en die bekende **Bill of Rights** (1689)).⁶⁾

'n Laaste belangrike aspek in dié verband is die posisie van die individu. Al word die menseregteleer (deur 'n land) konstitusioneel of by wyse van wetgewing gewaarborg, beteken dit nie net dat die individu teen staatsabsolutisme en arbitrêre staatsoptrede beskerm moet word nie, maar juis ook dat die individu nie bo kontrole verhewe is nie.

Dit beteken dus dat daar nie so iets soos absolute regte is nie, dat die regte van die individu nie onafhanklik is van die gemeenskap waarin hy staan nie, en dat daar ook geen regte sonder pligte en verantwoordelikhede kan wees nie. Nietemin bly dit steeds een van die belangrikste probleme van 'n demokrasie, naamlik om 'n goeie balans te vind tussen die regte van individue, en hul verpligting om mekaar se regte te respekteer. In die praktyk sal hierdie balans tussen regte en die ooreenstemmende verpligtinge deur twee samehangende faktore bepaal word: enersyds die mate waartoe die burgers bereid is om hul verantwoordelikhede na te kom, en andersyds die doeltreffendheid waarmee die staat institusioneel beslag gee aan die gedefinieerde regte.⁷⁾

1.2 Teologies-kerklik

Die hele menseregte-kwessie raak nie net die politiek nie, maar het ook regstreeks 'n fundamentele invloed op die kerk. Vir die kerk, veral in Suid-Afrika, het dit 'n saak van erns en die hoogste prioriteit geword - dit gaan om 'n saak wat sy ganse voortbestaan raak. En die kerk mag nie meer enige illusies koester oor die radikale eise wat in dié verband aan hom gestel word nie. Vir baie jare het die kerk, en veral die Afrikaanse Gereformeerde kerke in Suid-Afrika, die hele menseregte-kwessie probeer ontwyk. Regte waarop blankes aanspraak gemaak het, was nie problematies nie, maar sodra dit Swartes geraak het, is dit doelbewus ontduik en verontagsaam. Die regte van hierdie mense is vir die eerste keer in Suid-Afrika deur die Swart Teologie bepleit. Die Afrikaanse Gereformeerde kerke het menseregte as 'n bedreiging vir hul behoudende en Skrifgetroue lewensiening gesien, as 'n aanslag vanuit kommunistiese geleedere en 'n poging deur 'n humanistiese verligtings-filosofie wat die ondergang van die kerk wou bewerkstellig. Mettertyd het die ingesteldheid van dié kerke in dié verband begin verander, aangesien hul gaandeweg begin besef het dat dit waarmee hulle besig

was, in stryd is met die Skrif. Daar is begin om in teologiese terme oor die regte van die mens te dink en daar is besef dat dit 'n saak is waarvan die diepste grondslae nie losstaan van die sentrale geloofswaarhede nie.⁸⁾

Die kerk en teologie het geleer dat hulle in die problematiek rondom menseregte moet onderskei tussen eensyds die regmatige saak of beginsel waarom dit gaan en andersyds die verkeerde manier waarop die saak in die propagering daarvan onder die vaandel van menseregte gehanteer en gemotiveer word.⁹⁾

Dit is 'n saak waarin dit vir die gelowige te alle tye en in alle gevalle moet gaan om die vraag: "Wat is die wil van God?"¹⁰⁾ Hiermee wil die teoloog sê dat dit in die menseregte-debat om die eerlike interpretasie en uitlê van die Woord van God moet gaan.

Hand aan hand hiermee, gaan 'n ander bewuswording wat baie duidelik in Huber en Tödt geskets word. Huber sê dat 'n tendens, wat veral sedert die tweede helfte van die sestigerjare in die geestesklimaat van die wêreld na vore gekom het, die ontwikkeling van 'n wêreldgemeenskap is om die diepste versugting en nood van alle mense te bevredig. Die klem val al hoe meer op die wêreld in sy eenheid.¹¹⁾

Die gruwels van die Tweede Wêreldoorlog, die afgryslikhede van politieke verdrukking, militêre regimes, hongersnood, armoede en ellende oor die wêreld heen het die mensdom laat gryp na die ideaal van die regte van die mens as die enigste en miskien die laaste middel wat hierdie wêreld van finale ondergang moet red. (12)

Na die oorlog sien ons ook by sowel die Protestantisme as die Rooms-Katolisisme 'n nuwe benadering tot die vraagstuk van menseregte. In die Protestantisme is dit veral die ekumeniese liggame wat baie aandag daaraan bestee (vergelyk Wêreldraad van Kerke, Wêreldbond van Gerefor-

meerde Kerke, Lutherse Wêreldbond, ensovoorts). In die Rooms-Katolisisme bring die Tweede Vatikaanse Konsilie 'n duidelike keerpunt en veral toe die kerke van die Derde Wêreld vanaf die sestigerjare 'n groter rol begin speel het in die ekumeniese liggame. Die aandag wat hierdeur gevestig is op die probleme van armoede, verdrukking, uitbuiting en die onvermoë tot selfbeskikking, bring 'n nuwe dimensie in die debat oor menseregte na vore.¹³⁾ Veral die Bevrydingsteologie en die Swart Teologie het in hierdie tyd sterk na vore gekom - hulle het gebreek met die tradisionele Westerse teologiese styl omdat hierdie tradisie volgens hulle nie werklik die praktiese eise van die Christelike lewenstyl ernstig opneem nie.

Ons sien dus ten slotte dat die regte van die mens vir die ganse wêreld 'n baie belangrike saak geword het. Ook vir ons in Suid-Afrika omdat ons land nie oor 'n handves van menseregte beskik nie, daar as gevolg van rassisme en apartheid geweldige armoede en ellende onder ons swart inwoners bestaan en baie Swartes begin agiteer het teen 'n soort politieke absolutisme wat vir hulle onhoudbaar geword het.

VERWYSINGS: HOOFSTUK 1

1. J. de Jager. 1981. Menseregte: 'n Prinsipiële-etiese studie, (Lisensiaat-skripsie), Stellenbosch, p.1.
2. Ibid., p.1.
3. W.P. Esterhuyse. 1984. Die politieke funksie van die idee van menseregte in: Menseregte: (’n versamelbundel: Eindredakteur D.A. du Toit), Tafelberg-Uitgewers Beperk, Kaapstad, pp.99 en verder.
4. J. de Jager. a.w., p.1.
5. J.D. van der Vyver. 1978. Die juridiese sin van die leerstuk van menseregte, Pretoria, p. 400.
6. J. de Jager. a.w., p.2.
7. W.P. Esterhuyse. a.w., pp. 102, 103.
8. D.A. du Toit. 1984. Teologie, kerk en menseregte in: Menseregte, a.w., p.60.
9. W.D. Jonker. 1984. Christelike geloof en menseregte in: Menseregte, a.w., p.49.
10. D.A. du Toit. a.w., p.61.
11. W. Huber & H.E. Tödt. 1977. Menschenrechte: (Perspektiven einer menschlichen Welt), Kreuz Verlag, Stuttgart, p.57.

12. D.A. du Toit. a.w., p.62.

13. W.D. Jonker. a.w., p.50.

HOOFSTUK 2: HISTORIESE ONTWIKKELING VAN MENSEREGTE

In die vroeëre geskiedenis van menseregte was daar 'n hele aantal voedingsbronne. In hierdie hoofstuk word kortliks by die belangrikste daarvan stilgestaan.

2.1 Die natuurreg

Reeds 'n aantal eeue voor Christus ('n raps meer as vyfhonderd jaar), is daar in die Griekse filosofie vir die eerste keer bo en behalwe die positiewe reg, wat ontstaan het deur menslike vormingshandelinge, 'n hoër reg onderskei wat nie van menslike oorsprong was nie. Hierdie hoëre of diepere reg was kontrasterend met die positiewe reg van die staat wat in daardie tyd algemeen geldend was. Volgens die Griekse filosoof, Plato, was dit die Sofiste wat juis die teenstelling tussen die positiewe reg en die natuurreg gehandhaaf het, wat gang gegee het aan die natuurregdenke.

Maar die mees volledige en invloedryke natuurregleer is egter deur die Stoïsyne gebied. Marcus Aurelius Antonius het gesê dat die natuurreg die grondslag van hulle filosofie was.

Hulle sluit hulle in hul beskouing by Plato se onderskeiding tussen die nie-werklike sintuiglike wêreld en die werklike ideë-wêreld aan. Die positiewe reg is alleen die onvolmaakte sintuiglike afskynsel van die wet, terwyl die natuurreg die ideale en die ware vorm van die wet is. (1)

Binne die Stoïsynse denke oor natuurreg het Cicero gesê dat 'n wyse man nooit 'n private mens kan wees nie. "Man is just chiefly in his relations to others, not to himself; the social instinct, properly disciplined, enables humans to emerge from the law of the jungle."²⁾ In hierdie selfde gees het Seneca 'n brief geskryf oor die behandeling van slawe "to demonstrate the Stoic's aversion to serfdom, as contrary to

nature. Nature according to the Stoic school of thought needed to be observed more closely than was customary in Plato, or even in Aristotle."³⁾

Selfdiscipline het sterk gefigureer in die Stoïsynse denke oor natuurreg. Die gemeenskap het die individu se reg op lewe erken, maar dit op sigself het nie beteken dat die individu se verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap opgehef is nie. "Stoicism, though of pagan origin, wanted public life to be thoroughly overhauled, without subordinating the individual to the community."⁴⁾

Binne die Romeinse wetgewing, veral soos gekodifiseer deur die Bisantynse wetgewers, het die Stoïsyne probeer om 'n klaslose, raslose gemeenskap te vestig, met gelykheid tussen die man en die vrou. Zeno, die inisieerder van die Stoïsynse filosofie, het voortdurend gesê dat natuurreg slegs kan slaag as daar goeie bedoelings mee is.⁵⁾

Natuurreg word meer algemeen soos volg geag:

Rights that men possess regardless of the decrees and policies of a state. Natural rights are grounded on natural law (which the Christian interprets as the law of God) and on human dignity, a dignity that man possesses by virtue of his creation in the image of God. (6)

Sowel Augustinus as Aquinas het die natuurreg beskou as 'n afskaling van die sogenaamde ewige goddelike reg, wat hulle gelykgestel het aan die rede van God, welke natuurreg deur God in die menslike siel ingeprent is en deur verstandelike denke van die mens in homself gevind kan word.⁷⁾

Hierdie natuurreg geld universeel en sonder dat 'n menslike wetgewer daaraan vorm gee. Dit is nie sintuiglik waarneembaar nie, maar wel

redelik kenbaar. Aangesien alle mense oor rede beskik, het hulle deel aan die natuureg. Dit huisves 'n sisteem van waardes wat nie noodwendig klaar geformuleerde norme hoef te wees nie.⁸⁾

Daar het ook in die vroeë kerk 'n Christelike opvatting van die natuureg na vore gekom.

De mens moet het natuurrecht zoeken in die zedewet der tien geboden en vooral in het gebod der liefde, waardoor de door de zonde verstoorte oorspronkelijke orde van het paradijs is hersteld. Ook de reformatoren hebben een natuurrecht in dezelfde geest gehuldigd. Alle mensen bezitten volgens hen een besef voor recht en billijkheid. Het natuurrecht is door de algemene genade in de door de zonde verdorven natuur bewaard gebleven gawe der mensen om aan de vervulling van de opdracht der cultuur mede te arbeiden. (9)

Hierdie Christelike opvattinge het 'n groot invloed op die Westerse denke oor die reg gehad, maar die invloedrykste het waarskynlik gekom uit die denke wat gehandel het oor die skerp teenstelling tussen die nie-werklike sintuiglike wêreld en die werklike ideewêreld.

Tydens die Renaissance (die Goddelike reg is hiervolgens bo die menslike verstand verhewe) en die Verligting (die menslike rede word tot dié primaat verhef; daarmee word alles ondersoek en beoordeel - ook die natuureg is met die verstand deurgrondbaar en toepasbaar), het daar 'n nuwe positiewe waardering vir die sintuiglike wêreld ontstaan en dit het die gaping tussen die positiewe reg en die natuureg oorbrug.¹⁰⁾ Só is die natuuregbeginsele vir die eerste keer aangewend om byvoorbeeld kritiek te lewer op staatswetgewing wat in die positiewe reg tot uiting gekom het.¹¹⁾ Die ideaal was eintlik dat die waardes wat in en deur die positiewe reg bereik moes word, uit die natuureg moes vloei.¹²⁾

2.2 Die oorgang tot die individualisme

Die oorgang tot die moderne tyd is gekenmerk deur 'n nuwe belangstelling in die sintuiglike wêreld.

Dit is egter nie alleen die skoonheid en die geheimenisse van die natuur wat die aandag boei nie. Ook die mens self word die voorwerp van positiewe waardering en intense belangstelling, maar dan nie die mens in gemeenskapsverband nie, maar die individuele mens met sy liggaamlike skoonheid, behoeftes, moontlikhede en regte. (13)

In die Westerse geskiedenis was daar 'n eeue-oue stryd om die mag van die vors te beperk en sy onderdane te beskerm teen willekeurige magsuitoefening. Dit is insiggewend om daarop te let dat daar mettertyd verdrae opgestel is in Westerse lande waarin die vors se regeermag omskryf is en bepaalde regte en voorregte van die onderdane wetlik vasgelê is (vergelyk die natuurreg wat dit bepleit het). Ten spyte van hierdie verdrae, was daar in daardie stadium nog geensins sprake van menseregte as sodanig nie, omrede die verdrae slegs tussen vorste en verteenwoordigers van bepaalde stande, naamlik die adel, die gesselikes en die burgers gesluit is. Dit het dus alleen betrekking gehad op die beskerming van hierdie stande se regte en voorregte. Die gedagte om spesifieke regte en voorregte wat mense teen willekeurige magsuitoefening beskerm, wetlik vas te lê, het eers ontstaan na die verbrekking van die feodale stelsel van die Middeleeue en die opkoms van die nuwe geesteklimaat van die Verligting.¹⁴⁾

Reeds so vroeg as 1215 het veral die vryheidsregte in Engeland bekendheid verwerf by wyse van die **Magna Carta Libertatum** (sien Bylae 1) - dit is as die eerste sogenaamde handves van menseregte in hierdie land gereken. Hierdie Anglo-Normandiese poging van die Middeleeue het sterk te velde getrek teen die feodalisme. Die eintlike regte in daardie tyd was net op die ridders van toepassing. Die koning het deur middel van die **Magna Carta** 'n toegewing gemaak dat hy hom by die

landswette (wat die regte beskerm het) sou hou en nie op arbitrêre wyse wette sou verontagsaam nie. Hierdeur sou hy die regte van die mense (adelstand) eerbiedig. Dit is tog interessant om te noem dat daar ook erkenning van regte aan laer klasse mense in die **Magna Carta** verleen word, soos byvoorbeeld 'n "villein" (artikel 20). So iemand was 'n soort bywoner wat deel van sy oes en ook dienste aan die grondeienaar verskuldig was. Hierdie dokument beklemtoon verder meer spesifiek "government by 'the law of the land', the right to trial by jury, and the principle of 'no taxation without representation'".¹⁵⁾ Dit het in die praktyk daarop neergekom dat 'n baron alleen volgens die wette van die land en na die instemming van sy standgenote verhoor kon word. Sou die koning die gestipuleerde regte van die baronne misken, kon hulle die reg tot weerstand uitoefen. Ook kon die koning nie na willekeur belasting hef sonder die toestemming van die adel nie.

Die vryheidsregte soos vasgelê in Engeland, het verskil van dié in ander Europese lande in dié sin dat dit nie later weer opgehef is nie. Toe monargieë met hulle absolute mag in Europa verskyn het, is die vryheidsregte waarop die stande hulle kon beroep, net eenvoudig geskrap. Die vorste het hierdeur weer alleen mag bekom wat hulle kon gebruik na goeddunke. In Engeland daarenteen het die parlement daarin geslaag om die konings wat na meer mag gestreef het, by wyse van vryheidsregte aan bande te lê.¹⁶⁾

Dit het aanleiding gegee tot die handhawing en die uitbouing van hierdie regte aan die verskillende stande.

Dit het verdere belangrike prinsipiële dokumente binne die grondwetlike ontwikkeling in Engeland tot gevolg gehad, naamlik die **Petition of Right** van 1628 (sien Bylae 2) - die argitekthe van hierdie dokument was

Selden en Coke. Uit hierdie petisie word verskillende menseregte afgelei, naamlik, dat die volk, deur bemiddeling van sy verteenwoordigers in die parlement, belastings moet goedkeur; dat elke onderdaan 'n reg op lewe, vryheid en eiendom het, welke aansprake nie arbitrêr deur die owerheid aangetas mag word nie. Verder het elke onderdaan 'n reg op privaatheid wat nie deur die inkwartiering van troepe geskend behoort te word nie. Almal behoort gelykheid in die oë van die reg en ten opsigte van die regspleging te geniet.¹⁷⁾ Hierdie reg van die mens wat hieruit afgelei word, om teen 'n tiranniek-koning te rebelleer, was niks nuuts nie. Dit is reeds vantevore deur Aquinas gedoen. Calvyn het dit egter teëgestaan omdat syns insiens die mens as individu nie in staat is om homself te regeer nie.¹⁸⁾

Die Habeas Corpus-Wet van 1679 (sien Bylae 3) waardeur die burger teen willekeurige aanhouding beskerm is en die bekende Bill of Rights van 1689 (sien Bylae 4), was verdere belangrike bakens op die weg van grondwetlike ontwikkeling in Engeland.

Die Bill of Rights noem 'n verskeidenheid regte en vryhede as "the true, ancient, and indubitable rights and liberties of the people", wat teen arbitrêre staatsoptrede beskerm behoort te word - onder andere sluit dit in 'n reg om die koning te petisioneer, die reg van protestante om wapens te dra, vrye verkiesings, vryheid van spraak in die parlement, vrywaring van buitensporige boetes en van buitengewone wrede strawwe.¹⁹⁾ Ten opsigte van die gedagte van vrye verkiesings moet net gesê word dat daar wel verkiesings plaasgevind het, maar dat daar nie algemene stemreg was nie - net sekere klasse het stemreg gehad. In die agtiende eeu het, behalwe die adelstande, net "freemen" (sien Bylae 4) en sekere stadsrade stemreg gehad. Dit het ongeveer vyf persent van die bevolking ingesluit.

Die Bill of Rights het baie van die menseregte wat deur die Magna Carta Libertatum gewaarborg is, herbevestig. Die opstellers van hierdie dokument het die steun bekom van William, 'n Nederlandse prins, en Mary, 'n Engelse prinses, wat met mekaar getroud was en as koning en koningin gesamentlik oor Engeland geregeer het, en as gevolg hiervan het dit die mees basiese dokument in Engelse konstitusionalisme geword. Baie van die bepalings wat hierin vervat was, is later deur die opstellers van die Amerikaanse menseregte-verklaringe, en ook deur opstellers van soortgelyke dokumente in ander lande, oorgeneem.

In die middel van die sewentiende eeu het Hobbes 'n radikale individualistiese en outoritêre filosofie gevestig, terwyl Locke, later in dié eeu, 'n stel beginsels rakende die natuureg en politieke gelykheid van individue daargestel het wat wye invloed gehad het.²⁰⁾

Ten einde die menseregte te vind wat sogenaamd van nature aan alle mense toekom, het Locke die bestaan van die mens in 'n vóórstaatse natuurstaat bedink. Locke beskou die bestaan van 'n natuurstaat, wat hy voorstel as 'n idilliese toestand van "peace, goodwill, mutual assistance, and preservation" (*Two Treatises of Civil Government*), as 'n historiese feit. As uitgangspunt aanvaar hy dat alle mense in dié verlore paradys aan mekaar gelyk was in die sin dat die een persoon nie ondergeskik was aan die politieke gesag van ander nie; en op die grondslag van dié gelykheid poneer hy vir elke individu 'n natuurlike aanspraak op lewe, vryheid en eiendom. In 'n burgerlike samelewing, wat volgens Locke deur middel van 'n sosiale verdrag tot stand kom, behou elke mens sy natuurlike regte, maar verloor hy sy natuurlike kompetensie om daardie regte by wyse van eierigting te beskerm. Met die sosiale verdrag word die beskerming van daardie regte aan die staatsowerheid opgedra. Die staat se funksie in dié verband word deur

Locke oor die boeg van die Engelsregtelike trustfiguur verklaar. Die owerheid neem as trustee die onderdaan se natuurlike menseregte onder sy sorg; en as die owerheid die trustdoel (die beskerming van die natuurlike menseregte) verydel - soos wat met die veelbewoë bewind van koning James II (1685 - 1688) die geval was - verbeur hy outomaties sy amp, word die onderdane meteens weer in 'n natuurstaat gedompel en staan dit die volk vry om met 'n nuwe sosiale verdrag die regeertaak aan iemand anders op te dra - soos wat die Engelse volk gedoen het toe hulle na die Glorious Revolution die Britse kroon aan William en Mary aangebied het.²¹⁾

Tesame met Hobbes en Locke het die volgende voorstanders van die individualisme, Rousseau, Bentham, Paine en Godwin, gesorg vir die totstandkoming van moderne regte in Engeland, Frankryk en Amerika. "Most were persuaded of the perfectibility of man through the exercise of his reason."²²⁾

Benewens die invloed van die individualisme, die Verligting en sekere godsdienstige beskouinge rakende godsdienstvryheid, het bogenoemde natuurstaat-gedagte van Locke waarin enige vorm van regering ontbreek en mense slegs oor natuurlike regte beskik, 'n besondere rol in die totstandkoming van menseregte in die ongetemde Noord-Amerika gespeel.²³⁾

Die opstellers van die eerste belangrike Amerikaanse verklaring in dié verband, naamlik **The Declaration of Independence** van 1776 (sien **Bylae 5**), se aksent het ten spyte van talle inhoudelike ooreenkomste tog 'n wesenlike verskil getoon van dié van bogenoemde Engelse verdrae. Hierdie verskil kan soos volg verduidelik word: die regte wat in die Engelse dokumente slegs aan 'n beperkte groep mense (vergelyk die baronne, erfgename, ensovoorts) toegeken is, word nou in hierdie verklaring

op elke mens toegepas bloot op grond van die feit dat hy mens en dus skepsel van God is.

We hold these truths to be self-evident, that all men are created equal, that they are endowed by their Creator with certain unalienable Rights, that among these are Life, Liberty and the pursuit of Happiness. (24)

Belangrike regte wat hierin vermeld word, is die basiese menseregte van lewe, vryheid, eiendom, sekuriteit en geluk. Daar word ook aandag gegee aan die vryheid van spraak. In 'n aantal artikels word spesifiek die regsbeskerming waarop die mens geregtig is, omskryf.²⁵⁾ Tog moet hier ten spyte van hierdie positiewe aspekte gesê word dat vroue in Amerika nie oor stemreg beskik het tot voor die aanbreek van hierdie eeu nie, en hiervoor moes hulle veg. Slawe wat ná die Amerikaanse Burgeroorlog vrygemaak is, het sonder basiese burgerregte en vryhede gebly tot so onlangs as die jare sestig. Dat sulke optrede ooit kon voorkom na die implementering van gemelde verklaring, is betreurenswaardig. Blanke mans, wat die meeste eiendom besit het, was bang dat deelnemende demokrasie hulle privateiendom sou bedreig (sien hoofstuk 3 vir teologiese gronde van vroue- en "slawe"-regte).²⁶⁾

Die tyd het ook vir die Franse ryp geword om hulle eerste menseregte-verklaring op te stel. Volgens kenners het dit selfs 'n groter invloed as die Amerikaanse menseregte-verklaringe op die geskiedenis gehad. Die Declaration of the Rights of Man and Citizen van 1789 (sien Bylae 7) soos deur die Franse opgestel is (hierdie is die belangrikste van drie menseregte-verklaringe wat tussen 1789 en 1795 in Frankryk tot stand gekom het), gaan van die veronderstelling uit dat alle mense met betrekking tot hulle regte vry en gelyk gebore word. Die bedoelde regte word in artikel 2 van die deklarasie beskryf as natuurlike, onvervreembare en heilige regte van die mens en bestaan meer spesifiek

uit vryheid, eiendom, sekuriteit en verset teen onderdrukking. Elders in die verklaring word verwys na die mens se aanspraak op godsdien- en gewetensvryheid (artikel 10), die reg om vryelik te spreek, te skryf en te publiseer (artikel 11) en die reg op eiendom (artikel 17).

Dit moet beklemtoon word dat die Franse verklaring hierdie regte nie onbegrensd laat geld nie. Artikel 4 van die deklarasie erken die beginsel dat die natuurlike regte van die een persoon beperk word deur gelyke regte van ander persone. Godsdien- en gewetensvryheid word ingevolge artikel 10 van die deklarasie aan bande gelê deur die openbare orde soos deur die reg bepaal. Artikel 11 van die deklarasie stel 'n persoon, ten spyte van sy vryheid van spraak, aanspreeklik vir misbruike van sy vryheid in gevalle wat deur die reg bepaal word. En ingevolge artikel 17 van die deklarasie gaan eiendomsreg gebuk onder die openbare noodsaak, hoewel dan ook net as daardie noodsaak voor die hand liggend is, regtens vasgestel is en daar vooraf 'n redelike vergoeding beding is. Van die ander libertêre beginsels wat in die deklarasie genoem word, kan die reël dat strafwetgewing nie terugwerkende krag behoort te hê nie en dat 'n persoon vermoed word onskuldig te wees totdat die teendeel bewys is, beklemtoon word.²⁷⁾ Ten spyte van hierdie positiewe aspekte van dié verklaring, was die grondeienaars bang dat demokrasie hulle private eiendom sou bedreig. In die lig hiervan kon slegs mense wat grond besit het in die agtiende en negentiende eeu stem. Ten spyte dus van al die menseregte-verklarings in Frankryk en die revolusies van 1789 en 1830 wat stemreg bepleit het, het slegs 200 000 mense uit 'n totale bevolking van 30 miljoen gekwalifiseer om te stem.²⁸⁾ Die invloed van bogenoemde Amerikaanse Declaration of Independence kan duidelik uit hierdie Franse menseregte-verklaring afgelees word (vergelyk die basiese menseregte van lewe, vryheid, eiendom, sekuriteit, geluk, die reg op vryheid van

spraak en die regsbeskerming waarop die mens geregtig is).

Hierdie ooreenkomste kan aan die volgende oorsake toegeskryf word. Die markies De Lafayette, 'n vriend van George Washington, wat in die Amerikaanse Vryheidsoorlog geveg het, het die eerste konsepvoorstel vir 'n menseregte-verklaring aan die Franse nasionale vergadering voorgelê. By die opstel hiervan is hy deur 'n Amerikaanse ambassadeur in Parys, Thomas Jefferson, bygestaan.

Hierdie voorstelle is weer grootliks gebaseer op die feit dat die Amerikaners en die Franse op hul eie besondere wyse 'n stryd gevoer het teen onregverdige politieke regering. Die inwoners van die Amerikaanse kolonies het dit gehad teen die koning van Groot-Brittanje wat tiranniek oor hulle regeer het. Hulle is belas alhoewel hulle geen verteenwoordiging in die regering gehad het nie. Hierteenoor het hulle in opstand gekom, maar die Engelse koning wou nie aan hulle oproep toegee nie.

Die Franse het weer in opstand gekom teen hulle verteenwoordigers in die nasionale vergadering wat die regte van die gewone burger verwaarloos het. Hierteenoor sou die Franse adel bevoorreg word.²⁹⁾

Bogenoemde ooreenkomste moet dan ook in die lig van hierdie politieke stryd teen die betrokke regeerders gesien word. Benewens die regte wat in bogenoemde menseregte-verklaringe ingevoeg is, is daar mettertyd nog menseregte-dokumente elders in Europa soos België, Duitsland, Oostenryk, Griekeland en Roemenië, bygevoeg. Dit het betrekking gehad op die reg op vrye beroepskeuse, die reg op asiel en die reg op die onskendbaarheid van die briefgeheim en 'n eie woning. Ook is die vryheidsruimte vir die individu ten opsigte van die gemeenskap en die

staat steeds skerp afgebaken en omskryf.³⁰⁾ Die genoemde mense-regte-verklaringe wou juis die onregverdigde politieke optredes regstel deur nuwe politieke ordes daar te stel.

2.3 Die individualisme

Dit is juis hierdie beskouings, waarin dit gaan om die beperking van die mag van die vors en die beskerming van sy onderdane teen willekeurige magsuitoefening, wat gelei het tot die formulering van die individueel-georiënteerde menseregte. Hierin is alle waardes uiter-aard individu-gerig - die mens is 'n doel in homself, hy besit buitengewoon hoë waarde en alle individue is gelyk.

The individualistic theory of human nature holds that the interests of the individual are best served by allowing him maximum freedom and responsibility for choosing and achieving his objectives. It further holds that the act of making such choices contributes to the development of the individual and to the welfare of the society - society is seen as only a collection of individuals, each a self-contained and ideally, almost self-sufficient entity. Individualism stresses selfreliance, privacy and respect for other individuals. (31)

Hierdie dinge kan net volgens hierdie beskouing realiseer as die individu self 'n sê het in die vaslegging en uitvoering van die wet wat die individu, maar ook die gemeenskap, raak. Dit is dan ook die rede waarom die demokrasie 'n onlosmaaklike deel van die individualisme is.³²⁾

Dit moet ook net vermeld word dat die individualisme 'n negatiewe karakter dra omrede dit skepties staan teenoor tradisie en gesag - hierdeur word die bevoegdheid van die regeerders om in die lewe van die individu in te meng, beperk.³³⁾

Hierdie individualistiese beskouing van die mens het dan ook sy inslag gevind in die liberaal-demokratiese (Westerse) menseregte-model.

Daar is geglo dat hierdie menseregte die individu sou help om op spontane en onbelemmerde wyse sy moontlikhede te ontvou. Wat wel op die ou end gebeur het, is dat mense op grond van hierdie regte met behulp van die vryemark op finansiële gebied vinnig ryk geword het, selfs ten koste van ander.

Die handhawing van hierdie individualistiese menseregte (ook bekend as eerstegenerasie- of blou regte), kon ook nie verseker dat dié mense wat in een of ander vorm van sosiale ellende verval het, daaruit opgehef sou word nie - vergelyk byvoorbeeld die finansiële uitbuiting van 'n persoon deur andere wat hy nou self, sonder die hulp van die staat, moes hanteer. Hoewel die vryheidsregte die staat verbied het om op nadelige wyse in die private lewe van die individu in te meng, kon dit nie verhelp dat finansiële arm mense deur ryk mense, soos fabriekseienaars, uitgebuit word nie.³⁴⁾

Daar word dus gemerk dat die individu sekere vryhede gehad het omdat die staat volgens hierdie beskouing van menseregte nie mag ingemeng het in die private sfeer van die individu nie, maar dit op sigself het nie sonder meer voorspoed en seën op alle terreine van die samelewing beteken nie - regte is met ander woorde op negatiewe en nie op positief-daadwerklike wyse beskerm nie.

Dit is juis teen hierdie aspekte van die individualisme waarteen die leiers van die sosialisme te velde getrek het.

2.4 Verdere ontwikkelinge

Daar is mettertyd 'n heel nuwe kategorie van menseregte tot hierdie individuele menseregte toegevoeg, naamlik die sogenaamde sosiale regte (ook genoem tweedegenerasie- of rooi regte). Omrede Karl Marx die leidende figuur van sosiaal-kommunistiese denke is, word daar vir beter perspektiewe kortliks na sy sosio-politiese en ekonomiese etiek verwys.

Marx, in sy geskrifte *On the Jewish Questions* wat in 1844 in die *Deutsch-Französische Jahrbücher* gepubliseer is, tipeer die individuele menseregte as regte van die egoïstiese mens wat hom van die gemeenskap afskei. Meer spesifiek verwerp Marx die gedagte dat die anti-sosiale natuur van die mens en dan in besonder die Jood, in sy geloof gewortel is. Volgens Marx was dit sosiaal en ekonomies van aard.

Let us consider the real Jew not the Sabbath Jew ... but the everyday Jew. What, he asked, was the profane basis of Judaism? Practical need, self-interest. What is the worldly cult of the Jew? Huckstering. What is his worldly god? Money! The Jews had gradually spread this practical religion to all society: money is the jealous god of Israel, beside which no other god may exist. Money abuses all the gods of mankind and changes them into commodities. Money is the selfsufficient value of all things. It has, therefore deprived the whole world, both the human world and nature, of their own proper value. **Money is the alienated essence of man's work and existence: this essence dominates him and he worships it.** The god of the Jews has been secularized and has become the god of the world. (35)

Hiermee het Marx eintlik bedoel dat die mens verwyder (vervreem) is van wat hy doen as gevolg van die kapitalisme. Eers wanneer die produksie-middele aan die gemeenskap behoort, beweer hy, sal hierdie verwydering wegval. Alleen dan kan die mens waarlik mens(lik) wees en is hy dus vry.

Die ganse geskiedenis, volgens Marx, is 'n stryd tussen twee groepe, naamlik die bourgeoisie of die kapitaliste en die proletariaat of die werkersklas. Hierdie stryd sal alleenlik ophou wanneer kapitalisme

uitgeroei word en die klaslose gemeenskap voorrang geniet. Voor dit nie gebeur nie, sal die armes armer word, die rykes ryker en die winsgedagte sal selfs al die werkers van moontlike regverdige belonings beroof. Die goue era sal slegs aanbreek wanneer met privaatbesit (dit is terloops die groot geskilpunt tussen Marx en die kapitalisme - laasgenoemde groep sien Marx as 'n vyand van menseregte op grond van sy beskouing dat niemand privateiendom mag besit nie, terwyl dit nie so is nie), godsdiens, nasionaliteit en bourgeoisie-huwelike weggedoen word. Sulke omstandighede, volgens Marx, sou vrede en harmonie bring.³⁶⁾

Dit, sê Marx, kan alleen bereik word deur middel van die wisselwerking tussen die "material base" en die "ideological superstructure". Tot eersgenoemde behoort die basiese omstandighede waarin die mens hom bevind en tot die superstruktuur behoort die wetgewing, moraliteit en godsdiens. Nou sê hy: verander die omstandighede van die mens en die mens self word verander as gevolg van die wisselwerking tussen die sub- en superstrukture.³⁷⁾

Die etiese kode van Marx se ideologie berus op die volgende twaalf punte:

- devotion to the communist cause and the socialist motherland;
- conscientious labour;
- concern for public health;
- high sense of public duty;
- collectivism and comradely assistance;
- humane relations towards others, mutual respect;
- honesty, truthfulness, moral purity, modesty;
- family loyalty and concern;
- an uncompromising attitude towards injustice, dishonesty, and opportunism;
- friendship and brotherhood, intolerance of national and racial hatred;
- an uncompromising attitude to enemies of communism, peace and freedom;
- fraternal solidarity with working people everywhere and with all peoples. (38)

Volgens die sosialisties-kommunistiese denkers vorm hierdie norme, net soos vir Marx, die "goue fondament" van die lewe. Op grond hiervan kan daar nou verstaan word waarom daar in die sosialistiese model van menseregte klem gelê word op die uitbouing van 'n klaslose, sosio-ekonomiese gemeenskap met gelyke of sosiale regte.

Interessant is dat die sosialisties-kommunistiese denkers dus nie probeer om die idee van menseregte af te wys nie, maar wel net die liberale vormgewing daarvan soos ons dit in die Westerse menseregte-model vind.

In die liberale vormgewing gaan dit oor die regte wat die individu teen die staat beskerm (soos in die Westerse lande), maar in die Marxisties-sosialistiese denkrigting gaan dit oor daardie regte wat die staat aan die individu toeken in belang van die totale gemeenskap.

In hierdie verband kan net genoem word dat die Marxistiese staat daarop aanspraak maak dat dit die belange van die proletariaat (volk) beskerm teen die ingryping van die bourgeoisie (elite). Die bevolking word egter nie die geleentheid gebied om dit deur middel van vrye verkiesings te bevestig nie, want die bevolking is deurdrenk van bourgeoisie-waardes en is gevolglik nie in staat om te oordeel wat voordelig vir hulle en die samelewing is nie. Menseregte is juis geformuleer om mense teen hierdie aanvaarding van absolute en onaanvegbare gesag te beskerm. Hierom is die Marxistiese standpunt, ongeag die waardevolle hidrae wat dit tot die menseregte-debat gelewer het, 'n stap agteruit.³⁹⁾

Dit sou 'n onvolledige skrywe wees as hier nie verwys word na die ineenstorting van sosialisme in Oos-Europese lande nie, veral die USSR.⁴⁰⁾

Hier moet net genoem word dat die "boom" van sosialisme waarskynlik afgekap is, maar dat daar tog nog 'n paar "sade" rondlê wat weer kan groei. Solank daar "sade" is, kan sosialisme met sekere aanpassings ook weer herleef - vergelyk die situasie in ons eie land. Ook staan baie Westerse kenners in dié verband skepties teenoor hierdie veranderinge. Maar selfs, al sou die huidige veranderinge rakende sosialisme nie werklik aan Westerse verwagtinge voldoen nie, bly dit nogtans ingrypend vir die ganse mensdom.

Naas bogenoemde twee bestaande sekulêre menseregte-modelle, kan daar ook nog 'n derde opvatting onderskei word. Dit het sy oorsprong in die Derdewêreld-lande en die klem val in hierdie model op die volgende aspekte.

- Survival (basic needs of the peoples);
- Self-determination. Neocolonialism and freedom. National identity. Problems coming from the interdependence between countries, blocks of nations, East-West, North-South.
- The need for a just New International Economic Order.
- Right to work.
- Racism. Rights of minorities.
- Personal freedom, facing dictatorships, doctrines of national security, totalitarian states. (41)

Alhoewel daar ooreenstemming is met sekere sosiale menseregte, is die menseregte nie in die eerste plek sosialisties gemotiveerd nie.

In die lig van bogenoemde bespreking is dit tog interessant om daarop te let dat baie individueel-georiënteerde menseregte-denkers wel sekere sosiale regte erken, maar dat hulle net voorrang aan die vryheidsregte gee. Hulle waarsku dat hierdie vryheidsregte nooit ten koste van die sosiale regte in gedrang mag kom nie. Ook misken die voorstanders van die sosialistiese menseregte-model nie die individuele vryheidsregte nie, maar ken slegs 'n beperkte waarde daaraan toe.

Die menseregte-model van die Dêrdeewêreld, met sy aksent op voortbestaan en selfbeskikking, erken die inhoud van beide die Westerse- en sosialistiese modelle. Om te kan voortbestaan, moet daar aandag gegee word aan die individu en sy regte, maar ook in breër verband, aan die gemeenskap met sy sosiale regte. Maar die inhoud van hierdie regte bly ondergeskik aan die reg op selfbeskikking en voortbestaan.

2.5 Die VVO se Universele Verklaring van Menseregte - 1948

Tot en met die Tweede Wêreldoorlog was menseregte 'n kwessie wat uitsluitlik deur die verskillende onafhanklike regeerders binne hul eie state gehandhaaf is.

Maar dit is veral sedert hierdie oorlog dat die regte van die mens op die terrein van die internasionale politiek sterk na vore gekom het. Die stryd om (erkenning van) menseregte was grootliks 'n reaksie op die die grootskaalse vernietiging en chaos wat tydens hierdie oorlog plaasgevind het.⁴²⁾

In 'n groot mate is die beroep op die handhawing van menseregte tot die regeerings van die dag gerig. Regeringsondersteuning vir ekonomiese en sosiale welvaart is geëis, omrede dit betekenisloos is om oor menseregte te praat asof dit iets is wat aan die mens in isolasie toekom.⁴³⁾

Dit is juis hierdie internasionalisering van menseregte wat aanleiding gegee het tot die formulering van die VVO se **Universele Verklaring van Menseregte - 1948** (sien Bylae 8). Natuurlik moet in gedagte gehou word dat daar hoofsaaklik twee uiteenlopende menseregte denkrigtings was, naamlik die individualistiese Westerse tradisie en die sosialistiese tradisie. Tog word beide hierdie

benaderings op besondere wyse in die VVO se Universele Verklaring van Menseregte - 1948 geakkommodeer.

Die eerste 21 artikels handel oor burgerlike, politieke en juridiese menseregte - dit sluit onder andere in die reg op lewe, vryheid, persoonlike sekuriteit, geen diskriminasie, private eiendom, vryheid van assosiasie, vryheid van willekeurige inhegtenisneming en godsdienstvryheid. Hierdie deel van die verklaring word baie sterk deur die Westerse lande voorgestaan - dit herinner ook aan die menseregte wat ingesluit was in die Amerikaanse Declaration of Independence van 1776 en die Franse Declaration of the Rights of Man and Citizen van 1789.

Artikels 22 tot 27 handel oor ekonomiese en sosiale menseregte - dit lê onder andere klem op die reg van elkeen op 'n goeie lewenstandaard wat geskik is vir die gesondheid en welsyn van homself en sy familie, insluitend voedsel, klerasie, huisvesting, mediese sorg, sosiale dienste, sekuriteit in geval van werkloosheid, ongesteldheid, ongeskiktheid, weduweeskap, ouderdom, die reg op opvoeding, ontspanning en vrye tyd. Hierdie deel van die verklaring word weer veral deur die sosialistiese en Derdewêreld-lande onderskryf.⁴⁴⁾

'n Verdere interessante gedagte in dié verband is dat selfbeskikking as mensereg (ook bekend as derdegenerasie- of groen regte), soos voorgestaan deur die Derdewêreld-lande, nêrens in hierdie verklaring erken word nie. Na 1948 se Universele Verklaring van Menseregte het die VVO aan hierdie aspek aandag gegee. Daar is toe twee verdere verdrae in 1966 rakende menseregte opgestel. Die International Covenant on Political and Civil Rights (sien Bylae 9) lê baie klem op dié inherente waardigheid van die individu. Die feit dat alle mense

gelyke en onvervreembare regte het, bepaal volgens hierdie verdrag die grondslag van die individu se vryheid, geregtigheid en vrede vir hierdie wêreld. Op grond van die feit dat die individu so hoog aangeslaan word, word die regerings ter wille van die individu effektief begrens. Tog wil hierdie verdrag die individu se aandag daarop vestig dat hy ten spyte van politieke en burgerlike regte, ook die ekonomiese, sosiale en kulturele regte van ander mense moet erken ter wille van hulle selfbeskikking en voortbestaan (die klem val in hierdie verdrag op die individuele menseregte - daarom behoort dit in die Westerse lande aanvaarbaar te wees).

Die *International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights* (sien Bylae 10) lê klem op belangrike sosiale of gelyke regte van die mens, maar maak ook voorsiening vir maksimum beskikbare ekonomiese en tegniese bydraes deur vermoënde (Westerse) lande ter ondersteuning van die Derdewêreld-lande sodat hulle hulself kan regeer en sodoende sover as moontlik onafhanklik kan voortbestaan (in hierdie verdrag val die klem op die sosiale en ekonomiese menseregte - daarom behoort dit veral deur die sosialistiese en Derdewêreld-lande onderskryf te word).

'n Opvallende kenmerk van hierdie twee verdrae is dat albei die selfbeskikking van volkere as menseregte erken - so laat dit reg geskied aan die behoeftes van spesifiek die Derdewêreld-lande. Die ontstaan van hierdie verdrae is uiteraard te danke aan die invloed van die ontwikkelende Derdewêreld-lande. Dit is tog interessant om daarop te let dat die reg op eiendom in geeneen van hierdie twee verdrae gestipuleer is nie. Tot op hede het ongeveer slegs 'n derde van die VVO-lidstate hierdie verdrae goedgekeur.⁴⁵⁾

Hier kan net verwys word na die oploaiende spanning tussen die ryk Westerse lande en die arm Derdewêreld-lande. Soos reeds vermeld, vra die Derdewêreld-lande redelike ekonomiese steun van die Westerse lande sodat hulle vir hulself kan sorg (wil onafhanklik bly) en sodoende in die basiese menslike behoeftes van hul inwoners kan voorsien. Die Westerse lande, aan die ander kant, is nie onwillig om ekonomiese en tegniese steun te gee nie, maar beperk dit en eis dat die Derdewêreld-lande eers moet bewys dat hulle meer onafhanklik en op demokratiese wyse kan funksioneer en op hul eie bene kan staan. Die spanning is merkbaar en die Derdewêreld-lande sal maar altyd van die ryker lande afhanklik bly, tensy daar 'n totale nuwe internasionale ekonomiese orde gevestig word.⁴⁶⁾

Hierdie spanning maak dat die Westerse en Derdewêreld-lande al meer klem lê op dié menseregte wat hulle pas en sodoende verswak die kommunikasie en verhoudinge tussen hulle.

In die lig van die voorafgaande word daar dus gemerk dat die VVO se **Universele Verklaring van Menseregte** - 1948 wêreldwyd 'n ontsaglike invloed op die regerings van die dag gehad het. Elke land wat oor menseregte besin het, het gegryp na hierdie verklaring - dit is dan ook die rede waarom daar dikwels weinig verskil in formulering en inhoud was, en steeds is, tussen hul weergawes en die inhoud van die VVO se **Universele Verklaring van Menseregte**.

Juis omdat hierdie verklaring so invloedryk is, is dit noodsaaklik om vanuit Christelik-etiese perspektief, in 'n paar pennestreep-gedagtes, die inhoud hiervan te evalueer.

Hierdie verklaring se waarde lê daarin dat dit van die waardigheid

van die enkele mens uitgaan. Dit verwys in sy aanhef na "the inherent dignity ... of all members of the human family" en "the dignity and worth of the human person". In die aanhef word ook klem gelê op die gelyke regte van alle mense: "the equal and inalienable rights of all members of the human family" en "the equal rights of men and women". In die lig hiervan word bevestig dat alle mense gelyk is in die oë van die reg en aanspraak het op gelyke regsbeskerming. Die fundamentele regte en vryhede van hierdie verklaring geld op gelyke wyse vir elkeen "without distinction of any kind, such as race, colour, sex, language, religion, political or other opinion, national or social origin, property, birth or other status".⁴⁷⁾

Nog 'n belangrike aksent is die feit dat almal gelyk gebore is. "All human beings are born free and equal in dignity and right." Op grond van hierdie uitgangspunt bevestig die verklaring die broederskap van alle mense en sien dit menseregte as "a common standard of achievement for all peoples and all nations".⁴⁸⁾

Gedagtes soos hierdie word al vir eeue deur die Christelike kerke verkondig. Dit berus ook op waardes uit die Christelike tradisie wat deur die jare heen neerslag gevind het in die Westerse lewenswyse, regspraak en wetgewing.

Daar word ook 'n ideale waardestelsel deur hierdie verklaring daargestel en dit gee nie noodwendig aanleiding tot 'n soort utopiese denke, soos wat soms beweer word nie, maar eerder tot 'n ideaal waarteen die werklikheid gemeet kan word - let veral op hoedat verdraagsaamheid tussen en vrede onder die verskillende mense van die onderskeie lidstate bewerkstellig probeer word. Natuurlik gaan die

mens nie in alle opsigte die ideaal verwesenlik nie as gevolg van die sonde, kwaad en boosheid, maar net solank 'n mens die ideaal in beginsel aanvaar, daarna streef en dit sover as wat dit menslik moontlik is, probeer verwesenlik.

Hierdie handves bevat ook elemente van die antieke Griekse filosofie, die pluralisme, die natuurreg, die Verligting, die rasionalisme en die moderne humanisme. Juis hierom kan die verklaring op verskillende maniere uitgelê word, na gelang van die denkrigting. Dit is gebaseer op sekere etiese waardes wat uit die onderskeie denkrigtings afkomstig is. Omrede die lede van die VVO-lidstate nie noodwendig uit die Christelike tradisie kom nie, sou dit moeilik wees om die inhoud van sekere teologiese beginsels soos die skepping, sondeval en verlossing daarin terug te vind. Dit sou ook selfs net onder "Christelike" lande 'n probleem wees omdat sommige se etiese denke sterk beïnvloed is deur die skepping, soos byvoorbeeld die natuurwet-tradisie. Die Protestante lê weer baie klem op die sondeval. Dit gee aanleiding tot verskillende beginpunte wat die etiese denke op die ou end sterk beïnvloed.

As Christen sou 'n mens graag wou sien dat sekere begrippe soos menswaardigheid, geregtigheid en vryheid meer Christelik gevul moes wees, maar omrede die oortuigings van lede uit verskillende godsdienstige tradisies in ag geneem moes word, is daar tog begrip vir die feit dat die begrippe nie (so direk) Christelik gevul is nie.

Gelukkig is geen artikel in stryd met die Woord van God nie en kan die Christen met vrymoedigheid aan hierdie handves vashou. Daarom is daar baie Christelike kerke wat die inhoud sterk ondersteun en selfs positief uitdra.

Omrede hierdie verklaring sekulêr en humanisties georiënteerd is, moet die Christen waak om nie by die humanisme vas te steek en net staat te maak op die rede en gewete van die mens nie. Indien dít sou gebeur, sal die Hoër Hand, uit Wie, tot Wie en deur Wie alle dinge is, uitgesluit word en sal dit uiteindelik bly gaan om 'n stryd tussen die denke van die verskillende groepe.⁴⁹⁾

Interessant is dat die meeste na-oorlogse staatsregtelike aktes rakende menseregte die grense en beperkinge van die verskillende fundamentele regte en vryhede van die mens spesifiseer - die Universele Verklaring daarenteen, doen dit nie eintlik nie, alhoewel artikel 29 tog melding maak van elkeen se verpligting teenoor die gemeenskap; dat die individu met ander woorde sy regte só moet uitoefen dat hy die ander se regte respekteer.⁵⁰⁾

Die feit dat die bewaring van die natuur waarvan die mens so afhanklik is, nie spesifiek geïnkorporeer word nie, is 'n leemte. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die onverantwoordelike optrede van die mens teenoor die skepping eers die afgelope paar dekades sterk op die voorgrond getree het.

Vanweë ons eiesoortige situasie soek 'n mens wat sekere sake soos onder meer die reg op grond en die onteiening daarvan teen watter kompensasie op watter wyse betref, meer gedetailleerde stipulasies, maar dit is eintlik onbillik omdat hierdie handves 'n internasionale dokument is wat die mees basiese regte so voldoende moontlik moet aanpak - dit kon uiteraard nie in besonderhede rekening hou met die eiesoortige behoeftes en ontwikkeling van afsonderlike lande nie.

Laastens word opgemerk dat al die voorafgaande historiese mense-

regte-dokumente uiters belangrik was in die ontwikkeling van die regte van die mens, maar tog beperk was in "scope" en "territorial application"⁵¹⁾, selfs al het dit invloed gehad oor die verskillende landsgrense heen. In teenstelling hiermee is die **Universele Verklaring** universeel (dit het sterk internasionale invloed gehad soos reeds genoem) en ten spyte van voorgenoemde sake wat nie deur hierdie hand-
ves aangespreek word nie, tog baie omvattend.

2.6 Menseregte in breë ekumeniese verband

Die hele kwessie van menseregte, wat internasionaal so sterk op die voorgrond begin tree het, het uiteraard ook reeds van vroeg 'n invloed op die denke van die kerk en die teologie gehad. Tog is dit noodsaaklik om hier te meld dat die belangrike Amerikaanse (1776) en Franse (1789) menseregte-verklarings waarna vroeër verwys is, nie bepaalend deur die Christelike godsdiens geïnspireer is nie - insiggewend is dat die Franse menseregte-verklarings nog minder as die Amerikaanse verklarings deur die Christendom beïnvloed is. 'n Mens kan eerder sê dat daar by die opstelling van die Franse menseregte-verklarings sprake was van 'n anti-kerklike en anti-Christelike gesindheid. Die redes hiervoor was die invloed van die rasionalistiese Franse denkers en die feit dat die kerk tesame met die staat die meeste van die grond besit en beheer het. Die sinsnede in die inleiding van die Franse menseregte-verklaring van 1789 dat menseregte "in the presence and under the auspices of the Supreme Being" plaasvind, is meer om taktiese oorewegings as menslike oortuiging ingevoeg.⁵²⁾ Juis aspekte soos dié het mettertyd aanleiding gegee tot die noodsaak dat die kerk meer betrokke raak by en 'n teologiese fundering van menseregte doen. Maar tog het die Christelike godsdiens aanvanklik negatief teenoor die saak van menseregte gestaan, alhoewel daar individuele gelowiges was wat hierdie saak positief gepropageer het. Dit was eers die gruwels van die

Tweede Wêreldoorlog, die afgryslikhede van politieke verdrukking, hongersnood, armoede en ellende oor die wêreld heen wat gemaak het dat die Christene ekumenies en andersins toenemend positief by die saak van menseregte betrokke geraak het. Die verskillende teologiese verklarings wat sedert 1948 gemaak is, toon hierdie betrokkenheid - daar was egter deur die jare verskillende aksente in dié verband.

Vanaf 1948 tot 1960 het die kwessie van godsdiensvryheid sentraal gestaan in die teologiese denke rakende menseregte, veral in die lande met 'n sosialistiese ideologie.⁵³⁾

Sedert 1960 het daar 'n ander aksent na vore gekom, veral vanuit die Derdewêreld-lande. Dit is die verwerping van rassisme. Volgens die inwoners van hierdie lande lei rassisme tot die miskenning van menswaardigheid en tot allerlei sosiale konflikte.⁵⁴⁾

Mettertyd het die mees basiese mensereg, naamlik die reg op lewe en die instandhouding daarvan, al sterker op die voorgrond begin tree. So het die Commission of the Churches for International Affairs (CCIA) wat in 1974 in St. Pölten vergader het, sowel as die Roman Synod of Bishops wat in dieselfde jaar die **Message concerning Human Rights and Reconciliation** gepubliseer het, die "reg op lewe" bo-aan hul lys van menseregte geplaas.⁵⁵⁾

'n Paar belangrike ekumeniese vergaderings wat die kerk se betrokkenheid deur die jare heen by menseregte bevestig, word kortliks genoem.

Die CCIA se genoemde konferensie in St. Pölten in 1974, wat gehandel het oor "Human Rights and Christian Responsibility", het die volgende ses punte uitgelig:

- right to life;
- recognition of cultural identity;
- participation in decision-processes;
- freedom of opinion;
- the right to personal dignity;
- freedom of religion. (56)

Die lys van die Roman Synod of Bishops van 1974 het baie dieselfde ge-
lyk:

- right of life;
- right to nourishment;
- socio-economic rights, political and cultural rights;
- right to religious freedom. (57)

Interessant is dat die genoemde St. Pölten-vergadering (1974) gevoel het dat 'n lysie van menseregte nie genoeg is om aan menseregte reg te laat geskied nie. "All human rights, be they social, economic, religious or political, are interrelated. They must be taken as a whole. The churches should give them equal importance and seek the application of all of them".⁵⁸⁾

Hierop het die Lutheran World Federation by sy vergadering in Geneve in 1976 'n antwoord gebied. Die resultaat van die besprekings is gepubliseer onder die titel **Theologische Perspektiven der Menschenrechte**. Tödt en Huber, die skrywers hiervan, sê dat 'n mens in plaas van die opstel van lyste en prioriteite, eerder van perspektiewe op menseregte moet praat. Hulle sê daar is 'n paar basiese kontoere waarbinne menseregte geplaas moet word, naamlik "freedom, equality and participation".⁵⁹⁾

Die gedagte van menswaardigheid is hiermee weer eens aan die orde gestel. Die St. Pölten-vergadering het reeds in 1974 die volgende besluit oor menswaardigheid geneem:

It is our conviction that the emphasis of the Gospel is on the value of all human beings in the sight of God, on the atoning and redeeming work of Christ that has given to man his true dignity, on love as the motive for action, and on love for one's neighbour, as the practical expression of an active faith in Christ. We are members one of another, and when one suffers all are hurt. (60)

Die Roman Synod of Bishops het feitlik dieselfde oor menswaardigheid gesê: "The dignity of man has its roots in the fact that every human being is an image and reflection of God. As a result of this all men are equal with one another in their essence".⁶¹⁾

Die World Alliance of Reformed Churches het op sy algemene vergadering in Nairobi in 1970 ook die volgende oor menswaardigheid besluit, soos saamgevat in hul studieprogram **Theological Basis of Human Rights and Liberation.**

- The image of God is the man who co-responds to God;
- Insofar as man co-responds to God, his creator, he comes into his truth;
- Man co-responding to God is the beginning and the end of the history of God with man in creation, reconciliation and salvation;
- Man should co-respond to God in his relationship to himself;
- Man is in this respect a person and for that he has essential rights to freedom;
- Man should co-respond to God in his relationship to other human beings. Men are in this respect beings and have for that essential community rights;
- Man should co-respond to God in his relationship to non-human creation. He is destined for jurisdiction over and oneness with the earth and has for that essential economic rights and ecological duties;
- Finally, man should co-respond to God in the succession of generations. He is in this respect a historical being and has corresponding temporal rights and duties in the succession of generations. (62)

Op kerklike gebied was daar ook uiteraard verskille in menings tussen die verskillende godsdienstige tradisies, naamlik Luthers, Gereformeerde, Rooms-Katoliek en Ortodoks. Hier word net baie oorsigtelik daarna verwys. Die Lutherse Kerk lê ten opsigte van menseregte baie sterk klem op die twee-ryke-leer (van Luther): kerk - staat, natuur -

genade en wet - evangelie. Hulle beskou die koninkryk van God, waarin dit gaan om die geloof, en die koninkryk van die wêreld, waarin dit gaan om die staat, as twee afsonderlike terreine. Hiervolgens behoort menseregte tot die koninkryk van die staat en is dit 'n saak wat deur die wet toegepas moet word en nie deur die geloofslawe nie. Tog wil hulle ten opsigte van die regte van die mens nie 'n wig indryf tussen die twee koninkryke nie, maar is oortuig, omrede God oor die ganse skepping heers, dat die teologie tog by die wêreldse sfeer betrokke is. In dié opsig het die kerk dan 'n opbouende funksie ten opsigte van menseregte in die wêreld.⁶³⁾

Moltmann sê dat die Gereformeerde beskouing teenoor hierdie "dualistiese" siening van die Lutherane staan - God die Skepper, en die reg wat Hy op die mens het, is die uitgangspunt in hierdie beskouing. Binne hierdie siening funksioneer die skepping, die inkarnasie, die versoening in Jesus Christus en die hoop op die toekoms baie sterk. Waar die kerk by die Lutherane nie so 'n definitiewe taak het nie, kom die profetiese taak van die kerk by die Gereformeerdes weer baie sterk na vore.⁶⁴⁾

Die Rooms-Katolieke Kerk se benadering ten opsigte van menseregte is gegrond in die *jus naturae* - die natuurlike rede of die natuurlike teologie (openbaring).

Hiervolgens kan die rede van die mens deel in God se wysheid en sodoende die verskillende regte van die mens ken. Hierdie natuurlike rede hang saam met die *Imagio Dei* in die mens. Hierdie beeld van God is in elke mens met intelligensie, 'n wil en mag teenwoordig en daarom geld menseregte, wat juis in hierdie beeld gegrond is, eintlik vir alle mense.⁶⁵⁾

Hier moet egter genoem word dat dit nie die enigste benadering ten opsigte van menseregte binne die Rooms-Katolieke denke is nie. Daar is ook 'n ander denkrigting wat baie nou verbind is aan die Christelike openbaring. Hierdie benadering het enersyds te doen met die inkarnasie - hiervolgens het alle mense waardigheid en geniet elkeen die reg op billike behandeling en gelykheid (dit beklemtoon die sosiale dimensie van menseregte). Andersyds het hierdie benadering te doen met die bevryding op grond van Christus se kruisdood. Hiervolgens kan elke mens, ongeag ras, geloof of nasionaliteit, 'n waardige lewe lei sonder dwang van enige aard deur sy medemens.⁶⁶⁾

Dit is nodig om net hier te noem dat die Ortodokse leer ook aansluiting vind by bogenoemde Rooms-Katolieke siening dat die natuurlike rede die grondslag vir 'n beskouing rakende menseregte vorm.⁶⁷⁾

Die belangrikste verskilpunt in dié opsig met bogenoemde twee tradisies (Rooms-Katoliek en Ortodoks) vanuit Gereformeerde geleedere is dat die rede nie onafhanklik sonder die Skrifopenbaring die regte van die mens kan ken nie.

Bo en behalwe hierdie tradisionele verskille was daar ook nog verskillende teoloë wat in 'n mindere of meerdere mate aansluiting gevind het by een van die voorafgaande bespreekte menseregte-modelle, naamlik die Westerse, die sosialistiese- en/of die Derdewêreld-model.

Nederduits Gereformeerde tradisie

Uiteraard moet daar in hierdie verband ook meer spesifiek aandag aan die Suid-Afrikaanse situasie gegee word. Deur die jare heen het die Rooms-Katolieke, die Lutherse, die Anglikaanse, die Metodiste en die Presbiteriaanse kerke aandag geskenk aan en uitsprake oor menseregte

gemaak. Dis jammer om te sê dat die NG Kerk in dié verband niks van hom laat hoor het nie. Selfs later toe die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika hulle oor dié kwessie uitgespreek het, het die NG Kerk steeds geswyg. Die rede hiervoor moet gesoek word in die noue verbintenis tussen dié kerk en die Afrikanervolk.

Vir langer as twee eeue na die koms van Jan van Riebeeck na Suid-Afrika was daar nie eintlik sprake van 'n enge verhouding tussen die NG Kerk en die Afrikanervolk nie. Selfs die bekende sinodebesluit van 1857 is nie op grond van sentimente teenoor die Afrikanervolk deurgevoer nie. Na die totstandkoming van Afrikaner-nasionalisme in die omgewing van 1870, het die verbondenheid tussen dié kerk en die Afrikanervolk verstewig. Die eerste duidelike manifestasie het in 1881 gekom, kort na die beëindiging van die Eerste Vryheidsoorlog. Tydens 'n konvensie wat in Pretoria plaasgevind het, het vise-president Paul Kruger, oud-president MW Pretorius en kommandant-generaal Pieter Joubert voorgestel dat die Transvaalse Gereformeerde kerke moes verenig. Hulle argumente was deurspek met politiese en nasionale motiewe. Hulle het geargumenteer dat die merkwaardige eenheid wat die oorlog tussen die Afrikaners bewerkstellig het, ook op kerklike terrein tot uiting moes kom. In 1855 het ds SJ du Toit in sy boek **Nehemia** als volkshervormer, ook ons ten voorbeelde, 'n parallel getrek tussen die stryd van Nehemia en die stryd van die Afrikaner om politieke selfbeskikking.⁶⁸⁾

In 1903 het die Transvaalse Sinode daarop aangedring dat die Scouts, dit is diegene wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog verraad teenoor hulle owerheid gepleeg het en oorgeloop het na die Engelse, berou oor hulle dade moes toon. In 1915 het die Federale Raad gesê dat diegene wat in die jare 1914 - 1915 aan die Rebelle teen die Unie van Suid-

Afrika deelgeneem het, nie nodig gehad het om hulle berou ten opsigte van hulle optrede uit te spreek nie. Hierdie soort uiteenlopende reaksie binne die kerk was tekenend van die nuwe gees in kerklike kringe wat begin posvat het. Die rigting waarin die kerk begin beweeg het, word deur die volgende voorstel van dr DF Malan (latere premier) en ds DJ Pienaar wat algemeen aanvaar is, geïllustreer.

Dat onze kerk behalve haar algemene roeping als Christelike Kerk, ook nog aan God ontvang en heeft eene roeping meer bijzonder ten aansien van het Hollandschspreekende Afrikaner volk, met welks bestaan zij op zulke innige wijze verbonden is, en dat het daarom ook altijd als haar plicht beschouwd moet worden, om zelve nationaal te zijn, om te waken voor onze bijzondere nationale belangen en om aan ons volk te leeren in zijn geschiedenis en wording de hand van God te zien, en verder om bij het Afrikaner volk levend te houden dat besef van nationale roeping en bestemming, waarin gelegen is de geestelijke, zedelijke en stoffelijke vooruitgang en kracht van een volk. (69)

Die NG Kerk het dus toenemend kerk vir en van die Afrikanervolk geword. Op hierdie wyse is ook die kerk ingespan om die belange van die Afrikaner te bevorder.

Hier moet ook darem gesê word dat daar mense binne die kerk was wat nie hiermee saamgestem het nie en op protesterende wyse van hulle laat hoor het. In 1960 tydens die Cottesloe-vergadering het die afgevaardigdes van die Transvaalse en Kaapse NG Kerk, tot almal se verbasing, met bogenoemde tradisionele beskouings gebreek. Hierdie afgevaardigdes het hulle hierna in 'n storm bevind en moes die onderspit delf. Daar is vanaf die kerk se kant hewig gewaarsku teen enigiemand wat 'n ander as die normale teologiese model sou propageer. In 1966 het die Algemene Sinode dan met 'n enkele teenstem bevind dat die Christelike Instituut dwaalleer verkondig en alle lidmate en ampsdraers van die NG Kerk wat lid daarvan was, is beveel om hulle lidmaatskap te beëindig. In die jare tagtig het die klimaat begin verander en kon die beswaardes

kritiek begin aanteken teen die simbiose van die NG Kerk en die Afrikanervolk.⁷⁰⁾

Ook binne die kerk self het veranderinge begin plaasvind. In 1986 verskyn 'n studiestuk *Kerk en Samelewing* wat die taak van die NG Kerk ten opsigte van die Suid-Afrikaanse samelewing uitspel. Hoewel daar ooreenstemmings sowel as verskille ten opsigte van vroeëre standpunte is soos onder andere aangetref in die beleidstuk van die 1974-sinode, *Ras, volk en nasie in die lig van die Skrif*, is dit tog gevorderd in dié opsig dat daar opnuut na die Skrif geluister is en ten minste in beginsel met sommige van die oorgeërfde sienings gebreek is.

In die 1990-weergawe van *Kerk en Samelewing* gaan die Algemene Sinode verder as enige van die ander dokumente. Hoewel die Sinode erken dat "daar 'n innige verbondenheid tussen die NG Kerk en die Afrikanervolk bestaan"⁷¹⁾, verklaar hy tog dat 'n kerk en volk nie met mekaar vereenselwig mag word nie. Die Sinode erken verder "die goeie reg van liefde vir die eie volk en die eie kultuurwaardes", maar sê "dat hierdie liefde gelouter moet wees deur die liefde vir Christus en sy koninkryk wat alle ander liefdes en lojaliteite ... te bowe gaan en in perspektief plaas."⁷²⁾ Voorts wys die Sinode daarop dat "verabsoluttering van die eie tot diskriminasie teenoor andere" lei.⁷³⁾

Vordering soos dié word verwelkom, maar 'n mens wonder of sulke uitsprake nodig is. Is dit nie in 'n sekere mate maar 'n gesofistikeerde bewoording waardeur ruimte vir tradisionele standpunte gelaat word nie?

Maar dis tog hierdie soort vordering wat daartoe aanleiding gegee het dat die kerk in die 1986- en die 1990-uitgawes van *Kerk en Samelewing* hom soos volg oor menseregte uitspreek:

Wat die mens in sy geskiedenis betref, gaan dit om die reg

* op 'n volle menslike bestaan: op lewe, voedsel, kleding en beskerming.

Wat sy godsdiensbeoefening betref, gaan dit om sy reg

* op vryheid van godsdiens, geloof en aanbidding.

Wat sy medemenslike verhoudings betref, gaan dit onder andere om die reg

* om 'n huwelik te sluit,

* op 'n gesinslewe en kinders,

* op opvoeding, onderwys en opleiding,

* op sosiale verband en groepsidentiteit,

* op politieke inspraak, deelname en bedrywigheede,

* op vrye toegang tot die gereg, 'n billike verhoor en 'n menswaardige hantering in die regsprosesse,

* op vryheid van beweging en spraak.

Wat sy kultuur- en arbeidsopdrag betref, gaan dit om die reg

* op vrye assosiasie en deelname aan kulturele en arbeidsverbande,

* op die vrug van sy arbeid, onder meer in die vorm van 'n billike vergoeding,

* op 'n billike sosio-ekonomiese bestel.(74)

Die rede waarom die NG Kerk deur die jare heen so 'n swak rekord ten opsigte van menseregte gehad het en steeds het, kan toegeskryf word aan die simbiose van dié kerk en die Afrikanervolk. Vir die NG Kerk om relevant te bly en te oorleef, sal hy net eenvoudig sy skuld oor bogenoemde verbondenheid met die Afrikanervolk moet bely, bevrydend moet begin optree sodat God se koninkryk hier op aarde gestalte kan kry.

Swart Teologie

Vir baie jare is daar in Suid-Afrika, veral vanuit Afrikaner-geledere en dan spesifiek vanuit die Afrikaanse kerke met 'n gereformeerde bely-

denis, niks gedoen aan menseregte vir Swartmense nie. Inteendeel, dit is sosiaal en teologies sterk afgewys. Swart Teologie het in verzet teen hierdie optrede ontstaan en was dan ook die voorganger in die fundering en propagering van menseregte onder die Swartes.

Hierdie teologie as deel van die bevrydingsteologie het sy wortels in Amerika. Mettertyd het dit in Afrika en Suid-Afrika posgevat, alhoewel die debat alhier nog baie uitgebou kan word. Swart Teologie is hier te lande gebore in omstandighede waar Swartes onderdruk is op grond van ras en klas. Hierdie onderdrukking het hoofsaaklik ontstaan uit die Europese imperialisme wat die Swartes van hul grondgebied en menswaardigheid ontnem het. Die swart leefwyse wat dus gevestig het, was die neweproduk van blanke magstrukture wat feitlik in alle opsigte die Swartmens sy mens-wees ontnem het. As gevolg van hierdie meerderwaardige blanke oorheersing het Swartes fisiese, maar ook psigiese lyding ervaar. Hulle het begin besef dat dit menslike strukture is wat hulle aan hierdie onmenslike toestande onderwerp en dat op grond van Gods Woord iets daaraan gedoen kan en móét word. Dit is dan ook juis die Swart Teologie wat Swartes in staat begin stel het om op radikale wyse op te staan teen die onderdrukkers en hul onregverdige strukture.⁷⁵⁾

Volgens Boesak ervaar die Swartmense in ons land hulle omstandighede uiters vernederend.

To be black in South Africa means to be classified as a non-white: a person, less than white and therefore less than human ... In this country you can be a Christian ten thousand times over but if you are not white, you are treated like a dog.(76)

Swart Teologie het juis in opstand gekom teen hierdie ongeregtheid, mensonwaardigheid en inperking van vryheid waaraan Swartmense onderwerp

is. By wyse van die teologie (byvoorbeeld die Exodus-gebeure en die Pauliniese gedagtes van vryheid) wil hulle hulself vanuit hierdie lydingsposisie bevry. Volgens hierdie teologie het God reeds vir die arme en die onderdrukte gekies toe Hy Israel uit die Egiptiese slawerny bevry het.

It is a preferential option for the poor which is confirmed in the pronouncements of Hebrew prophets, and which was brought to a new height in the coming of Jesus, who was himself poor and oppressed a man of sorrow, who suffered and was crucified as the criminal and the rejected outcast. (77)

Hierdie verlossing wat Jesus vir die mens moontlik gemaak het, het volgens hierdie teologie nie net betrekking op die siel van die mens nie, maar ook op die totale mens binne sy bepaalde materiële omstandighede en ten opsigte van sy interpersoonlike verhoudings. Hierom is sonde vir dié teologie nie net 'n private saak nie, maar ook 'n politieke en sosiale term - enige optrede wat inperk en nie bevry nie is sondig.

Dit is dan ook die rede waarom die Swart Teologie gebreek het met die neutrale Westerse teologiese styl omdat volgens die Swartes hierdie tradisies nie werklik rekening hou met die praktiese eise van die Christelike lewenstyl nie. Hierom is daar dikwels konflik tussen die Swart Teologie en veral die Afrikaanse Gereformeerde kerke in Suid-Afrika. Dié kerke het deur die jare heen gelowiges (veral blankes) opgeroep om die sosio-politiese en ekonomiese orde te aanvaar soos dit is, al was dit hoe onregverdig, onmenslik en vernederend! Hierdie stryd sal voortgaan solank die volgende twee ordes in die samelewing bestaan: aan die een kant die ryk, bevoorregte en onderdrukkende groep wat hoofsaaklik uit blankes bestaan, en aan die ander kant die

groot massa onderdrukte wat uit Swartmense bestaan.

In die lig hiervan is dit te verstaan waarom menseregte vir die Swartes binne die Swart Teologie aan die orde gestel is. Swartmense het op hierdie wyse bewus geword van wat God in die Skrif beveel en hoe dit die politieke lewensomstandighede van elke mens raak. Swart Teologie wil by mense tuisbring dat die Woord in terme van menseregte nie net individu-gerig is nie, maar dat mense bevry moet word uit hulle hagslike toestande deur aanspraak te maak op voeding, kleding, huisvesting en onderwys en opvoeding. Dit kan alleen gebeur as bestaande onderdrukkende strukture vervang word met regverdige en billike ordes.

In this way all human beings can become the subjects of history and the creators of human destiny. As Christians, they can work together with God in building up a more just and humanizing social order in which class, race and sex are transformed as determinants of personal value ... Conversion which alone overcomes human conflicts thus involves a total break with past oppressive and exploitative tendencies, behaviour and ways of relating to the neighbour. This would bring about a profound solidarity between the oppressor and the oppressed, as well as a commitment by the oppressor to the process of liberation on behalf of and together with the poor and the downtrodden. (78)

Maar tog, ten spyte van bogenoemde historiese en teologiese verskille, is daar belangrike teologiese perspektiewe wat begrip in mening tussen die verskillende teoloë binne die verskillende teologiese tradisies kan bewerkstellig.

1. D.E. de Villiers. 1984. Die geskiedenis van menseregte in: Menseregte:
(n Versamelbundel: Eindredakteur D.A. du Toit), Tafelberg-Uitgewers
Beperk, Kaapstad, p.11.
2. A.C. Partridge. 1978. Human rights: their origin, validity and imple-
mentation, The South African Institute of International Affairs,
Braamfontein, p.1.
3. Ibid., p.1.
4. Ibid , p.1.
5. Ibid , p.2.
6. C.F.H. Henry. 1973. Bakers Dictionary of Christian Ethics, Baker Book
House, Grand Rapids, Michigan, p.590.
7. J.D. van der Vyver. 1974. Menseregte, Instituut vir bevordering van
Calvinisme (P.U. vir C.H.O.), Potchefstroom, p.8.
8. J. Mouton. 1990. Regsnavorsing (RGN-reeks in metodologie), Juta en Kie
Bpk, Kenwyn, p.62.
9. D. Nauta. 1960. Natuurrecht in: Christeljk Encyclopedie (onder
redactie van F.W. Grosheide & G.P. van Itterzon), J.H. Kok N.V., Kampen,
p.148.
10. J. Mouton. a.w. , p.182.
11. D.E. de Villiers. a.w. , p.12.

12. J. Mouton. a.w., p.62.
13. D.E. de Villiers. a.w., p.16.
14. Ibid, p.14.
15. C.F.H. Henry. a.w., p.61.
16. D.E. de Villiers. a.w., p.15.
17. J.D. van der Vyver. a w., pp.30 - 31.
18. A.C. Partridge. a.w., p.3.
19. J.D. van der Vyver. a.w., p.31.
20. The New Encyclopedia Britannica, V. 1973 - 1974. Helen Hemmingway
Benton Publisher, Chicago, p.339.
21. J.D. van der Vyver. a.w., pp.10 - 11.
22. A.C. Partridge. a.w., p.5.
23. D.E. de Villiers. a.w., pp.14, 19.
24. Bylae 5, p.
25. D.E. de Villiers. a.w., p.23.

26. G. Pillay. 1991. Democracy, participation and traditional theology - a historical perspective in: A democratic vision for South Africa (Edited by K. Nürnberger), Encounter Publishers, Pietermaritzburg, pp.148, 149.
27. J.D. van der Vyver. a.w., p.34.
28. G. Pillay. 1991. Democracy, participation and traditional theology - a historical perspective in: A democratic vision for South Africa, a.w., p.148.
29. D.E. de Villiers. a.w., p.19.
30. D.E. de Villiers. a.w., p.20.
31. The New Encyclopedia Britannica, V. a.w., p.339.
32. D.E. de Villiers. a.w., p.16.
33. The New Encyclopedia Britannica, V, a.w., p.339.
34. D.E. de Villiers. a.w., pp.22,23.
35. P. Johnson. 1988. Intellectuals, Butler and Tanner Ltd., Frome and London, pp. 57 - 58.
36. C.F.H. Henry. a.w., p.409.
37. A. Falconer. 1980. Understanding human rights, Irish School of Ecumenics, Dublin, p.52.

38. C.F.H. Henry. a.w., p.410.
39. K. Nürnberger. 1986. Teologiese Etiek, Studiegids 2, Unisa, Pretoria, pp. 165 - 166.
40. J.O'Toole. 1989. Encyclopedia Britannica (Annual), University of Chicago, Chicago, p.5.
41. The YMCA and human rights: a study on the Christian basis of human rights (geen datum) - World alliance of YMCA's, Geneva, p.14.
42. J. de Jager. 1981. Menseregte: 'n Prinsipiële-etiese studie (Lisensiaat-skripsie), Stellenbosch, p.1.
43. W.P. Esterhuyse. 1984. Die politieke funksie van die idee van menseregte in: Menseregte, a.w., p.99.
44. Bylae 8, pp.
45. D.E. de Villiers. a.w., p.28.
46. S.J. Terblanche. 1984. Menseregte in die Noord-Suid-konfrontasie in: Menseregte, a.w., pp. 87 - 97.
47. Bylae 8, pp.
48. Ibid , p.
49. J.D. van der Vyver. a.w., p.74.
50. Ibid , p.42.

51. A. Falconer. a.w., p.10.
52. D.E. de Villiers. a.w., p.20.
53. A. Falconer. a.w., p.183.
54. Ibid., p.184.
55. Ibid., pp.182 en verder.
56. Ibid., pp.182 en verder.
57. Ibid., p.186.
58. Ibid., p.186.
59. Ibid., p.187.
60. Ibid., p.188.
61. Ibid., p.189.
62. Ibid., p.189.
63. The YMCA and human rights; a study on the Christian basis of human rights, a.w., pp.16 - 19.
64. Ibid., pp.19 - 24.
65. Ibid., pp.24 - 27.

66. Ibid., pp.24 - 27.
67. Ibid., pp.28 - 29.
68. D. Bosch. 1991. Die NG Kerk se noue verbintenis met die Afrikanervolk in: Derdegelui vir môre, (Eindredakteur: E. de Villiers & D. Kitching), Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, pp. 88 - 89.
69. Ibid., p.89.
70. Ibid., pp.90 - 91.
71. Kerk en Samelewing. 1990. NG Sendingpers, Bloemfontein, p.38.
72. Ibid., p.38.
73. Ibid., p.38.
74. Ibid., p.28.
75. S. Maimela. 1983. Current themes and emphasis in the Black theology of liberation in: Black theology revisited (Conference report), The institute for contextual theology, Braamfontein, p.50.
76. A.A. Boesak. 1984. Farewell to innocence: a socio-ethical study on Black theology and Black power, Orbis Books, New York, pp.26 - 27.
77. S. Maimela. a.w., p.51.
78. Ibid., p.50.

HOOFSTUK 3: TEOLOGIES-ETIESE STUDIE: MENSEREGTE

Die moontlike begrip in mening rakende menseregte tussen die verskillende teoloë binne die verskillende teologiese tradisies, soos in die voorafgaande hoofstuk vermeld, lê na my mening in die volgende teologies-etiese perspektiewe opgesluit. Alhoewel daar verskillende aksente is waarvolgens die saak van menseregte vanuit 'n Christelike etiek aangepak kan word, kan hierdie perspektiewe tog die verskillende teologiese menings oor hierdie kwessie op 'n besondere wyse in lyn bring.

'n Belangrike aspek om hier in gedagte te hou, is dat die metode rakende menseregte wat gevolg word, nooit los mag staan van 'n bepaalde hermeneutiek nie. Indien wel, sou die Skrif sy waarde en funksie heeltemal verloor. Natuurlik moet die Skrif alleen vir die teoloog sover moontlik die uitgangspunt wees - daar moet teologiese grondslae daargestel word waarop 'n Christelike omgang met menseregte dan moet berus.¹⁾ Maar sonder om in 'n teenstrydigheid te verval, is hier tog ook 'n ander belangrike aksent - die praktyk bring dikwels 'n teologiese besinning oor menseregte (en ook ander kwessies) na vore. So het die menseregte-tradisie 'n bepaalde invloed uitgeoefen op die kerk se denke rakende hierdie kwessie. Daar het aansprake op sekere regte vanuit die samelewing na vore gekom, wat die kerk toe ondersoek het en vanuit 'n teologies-etiese perspektief moes beoordeel. Dit is moeilik vir die kerk om só 'n saak te begrond alvorens dit nie in die praktyk na vore gekom het nie. Wanneer so iets dus eers gebeur het, kan die kerk dit beoordeel, voorstelle maak en selfs alternatiewe daarstel en sodoende leiding gee. 'n Mens kan dus sê dat die wêreld op só 'n wyse vrae vra en dat die kerk dan vanuit die Skrif antwoord. Miskien is dít die rede waarom die kerk eintlik "laat" op die toneel van menseregte verskyn het. Hier moet net weer gewaarsku word dat die verskillende regte nie eers in die praktyk erken moet word en dan as 'n tweede gedagte bloot teologies

probeer begrond word nie. Daar moet deurentyd grondig vanuit die Skrif hieroor gedink word. In hierdie verband oordeel Barth dat die legitieme probleme, belange, motiewe en belangstellings van enige etiek in ag geneem moet word.²⁾ Daar moet egter daarteen gewaak word om nie hiermee op loop te gaan nie, want in so 'n "rede-etiek" bepaal die mens self wat geldende norme is.³⁾

Die gesag van die teologiese etiek word dus te alle tye aan die Bybel ontleen. Die vraag ontstaan nou hoe die Bybel gebruik moet word in 'n bespreking oor menseregte.

'n Belangrike aspek in dié verband is die feit dat alle Bybelse waarhede nie op dieselfde wyse ter sprake gebring kan word in die hantering van 'n bepaalde etiese vraagstuk nie. Daar is sekere waarhede wat meer in die kollig staan as andere. Hierdie besondere waarhede moet uitgelig word. Waarhede wat belangrike perspektiewe bied vir 'n teologies-etiese besinning oor menseregte is die volgende:

- die geregtigheid van God vir alle mense,
- die mens geskep as beeld van God en
- die Goddelike vryheid vir die mens ten spyte van sy totale verdorwenheid.

Voorts moet in gedagte gehou word dat 'n teologiese waarheid 'n perspektief is wat nie net beperk is tot 'n bepaalde boodskap of teks in die Bybel nie. Dit is 'n perspektief wat dwarsdeur die hele Skrif loop en wat deurgaans na vore kom. Dit is juis hierom dat die etiek die Woord van God in sy geheel moet verstaan. In dié verband moet onthou word dat die onderskeie geskrifte in die Bybel ten opsigte van hul aard verskil, byvoorbeeld 'n verskil in literêre genres.

Die openbaring het voorts 'n historiese karakter. God openbaar al hoe meer sy wil namate Hy met sy volk op weg is deur die geskiedenis. Van besondere belang vir die etiek is die openbaring van God aangaande die skepping en die mens, sonde en toorn en oordeel, herskeppende heil in Christus, en die belofte en versekering van God se trou wat tot in ewigheid strek.⁴⁾

Die eiesoortige bydrae van elke besondere teks moet dus in terme van die totale verkondiging van die Skrif aangaande die wil van God bepaal en geïnterpreteer word.

Op grond hiervan is daar baie verskille onder Christene en teoloë oor die ware betekenis van die Bybelse boodskap. Die fout wat gemaak kan word, is om te glo dat die Bybel 'n stel ewiggeldende waarhede bevat wat onvoorwaardelik op ons eietydse situasies van toepassing gemaak kan word. Dit is net so min waar as om te sê dat die Skrif as gevolg van sy eiesoortige verhewe geestelike karakter niks vir die praktiese omstandighede van ons dag te sê het nie. Wat wel moet gebeur, is dat die Skrif reg verstaan en gelees moet word. Die Woord van God het oor 'n tydperk van duisend jaar in die komplekse Ou Nabye Oosterse geskiedenis ontstaan. Dit impliseer 'n ontstaansgeskiedenis waarvan die karakter baie van dié van die moderne mens verskil. Juis hierom kan 'n moderne handves van menseregte byvoorbeeld nie direk uit die Skrif afgelei word nie. Omdat die gebeure wat in die Bybel opgeneem is, oor duisende jare heen plaasgevind het, is daar eiesoortige ontwikkeling wat in ag geneem moet word. Die volk van God se geskiedenis het begin by 'n klompie nomade wat onder leiding van voorvaders rondgetrek het. Hulle het mettertyd 'n landbougemeenskap geword. Later het monargieë onder leiding van Saul, Dawid en Salomo gevolg. Hierdie indrukwekkende, maar tog ook onderdrukkende strukture, het later verander in die twee mededingende koninkryke van Israel en Juda. Die volk van God word later weggevoer in ballingskap in Assirië en Babilonië en ná vrylating vorm

hulle godsdienstige gemeenskappe. Die hoëpriesters is 'n mate van interne outonomie toegelaat deur die Persiese, Hellinistiese en Romeinse bevelvoerders. Daar was intussen 'n kort tydjie van onafhanklikheid tussen die periodes van Hellinistiese en Romeinse oorheersing terwyl die Joodse volk begin versprei het.⁵⁾

It is in relation to these widely differing political circumstances that pronouncements were made in the name of Christ. A history unfolded, theological insight gained in depth and breadth. The final stages look very different from the primitive beginnings. Much more important for our theme, however, is the fact that the historical sequence in which these texts have originated allows us to observe the direction in which theological insight evolved, and to extrapolate it in our own situation. This direction is quite clearly one that leads towards justice, peace, human dignity, accountability, and greater participation in decision-making processes.⁽⁶⁾

Volgens Nürnberger behoort die volgende voorbeelde bogenoemde ontwikkeling te illustreer. In Eksodus 21:2 - 10 kry ons met die sogenaamde familiewette te make. Die vader is gesien as die eienaar van sy vrou(e), kinders en slawe. Hy kon waarskynlik enigiets met sy eiendom doen. 'n Pa kon sy dogter as 'n slavin verkoop as dit in sy oë wenslik was. Die feit dat daar sprake was van 'n familiewet, het darem die ondergeskiktes se waardigheid in 'n mate beskerm.

Maar hiermee is alles nie gesê nie. Paulus het op revolusionêre wyse hierdie wette tot niet gemaak toe hy verkondig het dat in Jesus Christus gemeenskap met God moontlik is en dat almal een is, of jy Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is. En as mense in waarde in God se oë gelyk is, hoe kan dit toegelaat word dat mense onder mekaar onderskeid maak? By Paulus is vryheid in Christus vryheid van die mag van die vlees of die sonde, dus vryheid van die wet, en die vrye ruimte word deur die krag van Gods Gees gevul met die dinamiek van die liefde en nie met 'n stel nuwe verpligtinge nie. As bogenoemde ontwikkeling reg vertolk word, is die

emansipasie van vrouens, slawe en onderdruktes in ons tyd baie duidelik.⁷⁾

Die volgende voorbeeld het te make met Eksodus 23:20 - 33 (sien ook Deuteronomium 7). Die Israeliete word beveel om die gevestigde inwoners (nie-Jode) van die land wat hulle gaan inneem, uit te roei. Dit moes kragdadig met behulp van die Here gedoen word. Godsdienstige gebruik om sosio-politieke en ekonomiese doelwitte te bevredig. Dit is met ander woorde nie 'n moderne verskynsel nie, maar eeu oud.

In sy teologie keer Paulus hierdie model weer eens om. In Efesiërs 2:4 - 10 sê hy dat die mens niks in God se oë kan verdien nie - alles is net genade. Die mens hoef dus geen wet na te kom as 'n voorwaarde vir genadige aanvaarding nie. Ons moet bloot bereid wees om te verander soos Hy ons wil hê. In verse 11 - 22 van hierdie hoofstuk lees ons dan dat in Christus die muur van skeiding afgebreek is. Hier is dus sprake van 'n nuwe mensheid in Christus wat nie gemeet word in watter mate daar aan godsdienstige geboorte en kulturele bepalings voldoen word nie. Almal wat glo, word aanvaar, en as die wet die mens nie meer van God kan skei nie, dan mag daar nie toegelaat word dat dit mense van mekaar skei nie. As 'n mens dit op ons moderne situasie van toepassing maak, impliseer dit 'n vrye, regverdige samelewing waarin elke mens gelyke regte besit. Godsdienstige en kulturele norme is nie meer voorwaardes vir aanvaarding nie.⁸⁾

In Psalm 2 (sien ook Psalm 110) is die koning gesien as die aangenome seun van die Here. As gevolg hiervan is hy beskou as die verteenwoordiger en gesalfde van God hier op aarde. Hy het die mag gehad om volke te verpletter met sy ystersepter en hulle flenters te slaan soos 'n kleipot.

In hierdie geval kom Jesus self in Matteus 20:25 - 28 en keer hierdie model om. Hy sê dat dit by nasies so is dat regeerders oor hulle baasspeel, en dat die groot manne die mag oor hulle misbruik. Maar elkeen wat in die

oë van God groot wil wees, moet h dienaar word, elkeen wat eerste wil wees, moet h slaaf word. Hiermee wou Jesus sê dat Hy nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien. As dit in die moderne praktyk van toepassing gemaak word, impliseer dit die beginsel van demokrasie.⁹⁾

Die dinamiese ontwikkeling vanaf die Ou Testament na die Nuwe Testament is dus merkbaar. Alhoewel daar geen vaste waardes in die Skrif is wat net so op ons situasie toegepas kan word nie, is die God van Israel ook vandag nog ons God en is sy wil net so van toepassing soos in die Bybelse tyd. In Christus is die gelowige vrygemaak van die voorskrifte en wette van die Ou Testament en daarom moet ons al hoe meer hierdie beeld van Jesus gelykvormig probeer word.

Bogenoemde aspekte is duidelik, maar daar is in die Skrif heelwat oënskynlike dubbelsinnigheid en konflik. Die Skrif word gekenmerk deur politieke konflik en geestelike veragting. Ons lees van die stryd na mag, van weerstand en onderdrukking. Daar was valse en ware profete wat nie altyd maklik te onderskei was nie. Daar was pogings om vernuwing in Israelitiese denke te bring deur kontak te maak met ander kulture en godsdienste, maar sonder om hulle uniekheid as God se volk prys te gee. Ons lees hoe Jesus die Fariseërs en Skrifgeleerdes aangeval het en hoe Joodse godsdienstiges vir Christus oorgelewer het om gekruisig te word. Daar is reeds gewys op die stryd wat Paulus gevoer het met die Joodse wette - en al hierdie dinge is in die Naam van die Here gedoen!¹⁰⁾ Hoe is dit moontlik?

Nürnbergger verduidelik dit aan die hand van h aantal tersaaklike tekste soos volg. Eksodus 21, wat hierbo vermeld is en waarin dit gaan oor familieverhoudinge, kom weer aan die orde. Hy sê dat h mens hier te make het met h aantal norme. Hierdie norme is afgelei van h bepaalde beginsel wat nie gestipuleer word nie. Maar met hierdie norme in gedagte, kan die beginsel

afgelei en vasgestel word. Galasiërs 3:28 daarenteen, stipuleer weer 'n bepaalde beginsel, maar die norme wat weer hiervan afgelei moes word en wat sou bepaal hoe hierdie beginsel uitgeleef moes word, word nêrens genoem nie. 'n Mens kan verstaan dat die verskil tussen hierdie twee tekste aanleiding gegee het tot lang historiese debatte. Beginsels kan 'n mens verstaan en jou eie maak, terwyl norme afgelei en waargeneem moet word. Die interessante is nou dat die Pauliniese skool, soos onder andere die Kolossense en Efesiërs, redelik maklik Paulus se beginsel van genade teenoor werke verstaan en gekonstateer het, maar toe daar norme van gedrag aan die hand hiervan bepaal moes word, het hulle gekyk na die kontemporêre godsdienslike en sosiale omstandighede wat sterk Ou-Testamenties was, en met enkele aanpassings hulle norme daarvolgens bepaal. Dit het ongelukkig daartoe aanleiding gegee dat die familie-reëls soos opgeteken in Kolossense 3: 18 - 4: 1 en Efesiërs 5: 22 - 6: 9 ver te kort geskiet het aan die beginsel wat deur Paulus in Galasiërs 3 gestipuleer is - so byvoorbeeld was vroue weer onderdanig aan hul mans! In Efesiërs 4: 1 - 13 soos ook in die pastorale briewe, is daar 'n duidelike neiging tot 'n kerklike hiërargie wat teenstrydig is met die beginsel van 1 Korintiërs 12. Hierdie terugskarelende geneigdheid het veroorsaak dat die kerk ook hierdie pad deur die jare heen gestap het. Hierom moet tekste nie afsonderlik gelees word nie, maar binne hul eiesoortige historiese konteks geïnterpreteer word.¹¹⁾

Nürnbergers vat bogenoemde soos volg saam:

Let me add a few words of reassurance for those who are perturbed by this kind of approach to the Bible ... it is not the work of critical scholars that turned the Bible into a collection of historical documents, they are historical documents. If God really speaks to us in the Bible then God wanted to speak to us in a particular form. In his wisdom he did not send an ahistorical, eternal, heavenly message down to earth but utilised the insights and the language of fallible human beings to communicate his demand and his gift to us. The Scriptures tell us in so many words that in Christ our God wanted to get fully involved in the human predicament - in the sphere of relativity, error, suffering and death.(12)

Dit is die verantwoordelikheid van elke gelowige om die Skrif dus korrek te lees - krities, elke teks binne sy bepaalde historiese konteks, objektief en sonder enige vooropgestelde oortuigings.

Wanneer die genoemde drie begrippe vervolgens bestudeer word, moet hierdie historiese kontekste van en ontwikkelingslyne tussen die verskillende tersaaklike tekste in ag geneem word.

Met hierdie perspektiewe in gedagte, kan daar nou gekyk word na wat die Woord van God sê oor die inhoud van menseregte.

Dit is baie interessant om daarop te let dat die begrip "menseregte" eintlik vreemd is aan die Bybel. Die betekenis van die woord hang nietemin saam met die sentrale boodskap van die Skrif. Dit steun nie op die outonome reg van die mens as individu nie, maar dit hang baie nou saam met die feit dat mense as gelyk beskou moet word, dat almal gelyk moet wees voor God en dat almal sy beeld moet uitdra!

Regverdige behandeling, soos dit in die Bybel aangetref word, beteken nie dat die mens self kan besluit of hy reg daaraan wil laat geskied of nie, maar dit is inderdaad 'n plig wat een mens ten opsigte van 'n ander het. Dit is 'n plig nie slegs omdat 'n medemens reg het op 'n menswaardige bestaan nie, maar ook omdat elke mens met dankbaarheid en gehoorsaamheid aan God in navorvolging van Jesus Christus moet leef.

Daar gaan nou in meer besonderhede gekyk word na die drie belangrikste Bybelse kernbegrippe wat betrekking het op die besinning oor mense-regte. Daar sal eers 'n historiese oorsig gegee word oor die inhoud van elke begrip waarna 'n Bybelse beskouing daarvan sal volg. In verband met die historiese oorsig van elke begrip word daar slegs stilgestaan by die

vroegste (Griekse) denke daaromtrent - om dié rede word daar net op Westerse opvattinge gekonsentreer. 'n Mens sou graag 'n Derde-Wêreld-perspektief hieroor wou gee, maar dit het eers enkele dekades gelede ontstaan. Dit sou uiteraard te uitgebreid raak om die historiese denke oor die inhoud van hierdie begrippe tot so onlangs deur te voer. Alhoewel hierdie begrippe nie spesifiek in die vorige hoofstuk bespreek word nie, word daar 'n Derde-Wêreld-beskouing van menseregte gegee wat tog onlosmaaklik verbind is aan die inhoud van hierdie begrippe - vir 'n breër perspektief kan dit geraadpleeg word.

3.1 Geregtigheid

Daar kan met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat die begrip geregtigheid vir die meeste kenners sentraal in die menseregte-kwessie staan.

Voordat daar stilgestaan word by 'n Bybelse geregtigheidsbeskouing, moet daar eers gekyk word hoe daar in die vroeë geskiedenis oor die inhoud van hierdie begrip gedink is.

3.1.1 Historiese lyne

Vanaf die vroegste tyd het die mens belanggestel in reg en geregtigheid. Binne die wettiese kode van Hammurabi in die agtiende eeu voor Christus, is geregtigheid nie as 'n reg gesien nie, maar as 'n "favour, a recompense for the protection secured by political unity".¹³⁾

In wysgerige sin is geregtigheid enersyds gesien as 'n sedelike deug en andersyds as 'n normatiewe maatstaf. Laasgenoemde siening is verder onderskei: aan die een kant is daar gepraat van 'n eties-sosiale geregtigheid teenoor 'n juridiese geregtigheid aan die ander

kant.¹⁴⁾

By die ouer Ioniese natuurfilosowe is geregtigheid in noue samehang met die anangké gesien, wat in die ouer lewensreligie beskou is as die "onontwykende wrekende doodslot", wat alle lewende wesens raak wat hulle losgemaak het van God en hulle as 'n individu in eie reg en losstaande van almal beskou het.¹⁵⁾

Later het daar 'n nuwe regsopvatting in die Griekse denke na vore gekom. Dit het tot uitdrukking gekom by Protagoras, die grondlegger van die Sofiste-skool. Hy het 'n onderskeid getref tussen die natuur en die wetgewing: die natuur ken geen reg en geregtigheid nie, terwyl alle vorme van reg en geregtigheid hul oorsprong aan die wetgewing van die staat te danke het.¹⁶⁾

Plato het later geregtigheid gesien as 'n ewige idee. Hy sê dat dié idee tot die transendente behoort, hoewel dit tog 'n modelvorm vir almal in die tydelike lewe op aarde is. Almal behoort hieraan ondergeskik te wees. Hy sê verder dat geregtigheid in die verhouding van een mens tot 'n ander tot uitdrukking moet kom, in dié sin dat dit 'n mens se plig is om altyd regverdig teenoor ander mense op te tree. Geregtigheid is ook dié deug wat veral die kenmerk van die staat behoort te wees. Dit, sê Plato, is egter alles uitdrukking van die fundamentele geregtigheid, naamlik die verhouding waarin die verskillende dele van die siel tot mekaar staan, sodat die siel onder die heerskappy van die rede een harmoniese geheel vorm.

Geregtigheid moet nie net 'n kenmerk van die staat wees nie, maar die staat moet in sy doen en late reg laat geskied aan die drie hoofstande van 'n gemeenskap, naamlik die arbeiders-, die militêre en die

bestuurstand. Die staat moet ook aan elkeen van hierdie groepe hulle plek uitwys en sorg dra dat hulle as 'n geheel kan saamwerk. In Plato se dialoog, die *Politeia*, word geregtigheid as 'n grenslose staatsabsolutisme gesien. Die twee hoogste stande moet hulle geheel en al aan die publiek wy. Hulle mag geen privaateiendom besit nie en hulle mag ook nie in private huweliks- of gesinsgemeenskap leef nie. Die staat moet ook die kinders se opvoeding vanaf hulle eerste jare bepaal. Slegs die handarbeiders en boerestand, wat vir die ekonomiese welstand sorg en in die ekonomiese behoeftes voorsien, mag een privaateiendom en een gesin hê. Maar, sê Plato verder, hulle mag in die geheel nie deelneem aan die publieke sake nie.¹⁷⁾

Aristoteles het sy eie opvatting van geregtigheid ontwikkel. Hy het ook gepraat van verskillende etiese deugde. Van al hierdie deugde het geregtigheid 'n besondere plek ingeneem. Aan die een kant is dit vir Aristoteles, net soos vir Plato, die allesomvattende deug, hoewel Aristoteles dit tot mense onderling beperk. Aan die ander kant is geregtigheid 'n deug naas ander deugde. In laasgenoemde geval is geregtigheid die deugsame verhouding binne die polis-gemeenskap, waar daar toegesien word dat elkeen kry wat hom toekom ten opsigte van eerbewyse en voordele aan die een kant, en straf of eise teen dié persoon aan die ander kant. Billikheid is 'n vorm van geregtigheid waarvolgens 'n persoon handel of behandel word, in die gees van die polis-wet in gevalle waar dié wet te kort skiet en die besondere geval of situasie nie daardeur gedek word nie.¹⁸⁾

Die klassieke Romeinse juriste het geregtigheid omskryf as dié deug wat regtens dit aan die mens gee wat hom toekom. Hierdie definisie is ook deur verskillende kerkvaders oorgeneem en word teruggevind by

byvoorbeeld Thomas Aquinas. Laasgenoemde het ook in die algemeen aansluiting gevind by Aristoteles se siening van geregtigheid. Later het Thomas se siening van geregtigheid egter onder die invloed van die neo-skolastiese grondmotief van natuur en genade gekom. Hiervolgens is die natuurlike sfeer as 'n relatiewe outonome onderbou van die bo-natuurlike genadesfeer gesien. Onder die invloed van hierdie geregtighedsbeskouing is Thomas se siening aangepas. In die lig hiervan het Thomas gesê dat die sosiaal-natuurlike deug georden word onder die bonatuurlike Christelike beginsel van die liefde. Hierbenewens het hy ook gesê dat die staat, wat geregtigheid moet beoefen, ook 'n ondergeskikte deel uitmaak van die bonatuurlike sfeer van die kerk.¹⁹⁾

In die humanistiese natuurregler (gegrondves deur De Groot) word die geregtighedsbeskouing deur die humanistiese vryheidsmotief beheer. Hulle sê dat elke individu vry is en nie juridies aanspreeklik is teenoor die staat nie.²⁰⁾

Hobbes het later gepraat van gemene of ruilgeregtigheid en het sterk te velde getrek teen die gelykheidsmaatstaf in die geregtighedsbeskouing van Aristoteles. Hy sê dat geregtigheid wel eis dat 'n mens sy kontrakte nakom, maar nie dat die waarde van prestasie en teenprestasie gelyk moet wees nie. By Aristoteles het laasgenoemde eis sy oorsprong gehad in sy afkeer van die handel, wat hy as 'n onnatuurlike middel van verryking beskou het.²¹⁾

Kant het ook 'n individualistiese opvatting van geregtigheid bepleit. Hy het geregtigheid afgegrens van die vryheidsfere van die individu en dit omskryf as een algemene wet van vryheid waarin alle burgers gelyk voor die wet is.²²⁾ Die na-Kantiaanse idealisme het weer

geglo dat die staatsgemeenskap geregtigheid bepaal.²³⁾

In aansluiting hierby het die neo-Hegeliaanse regsfilosoof, Binder, geregtigheid beskou as die lewensbeginsel waarvolgens die staatsgemeenskap moes optree en wat hulle op dwingende wyse moes toepas. Die fundamentele aspek van Binder se geregtigheidsbeskouing is die feit dat billikheid en geregtigheid in 'n noodsaaklike menslike dialektiese spanning staan. Hy sê dat nie een van dié twee begrippe sonder die ander kan standhou nie. As die beginsel van geregtigheid toegepas word, moet die beginsel van billikheid ook toegepas word. Binder het eintlik ook net 'n juridiese geregtigheid geken.²⁴⁾ In die neo-Kantiaanse filosofie word geregtigheid as 'n gemeenskaps-waarde gesien, in die sin dat dit normatief is vir die mens. Van belang is ook die feit dat geregtigheid vir hulle 'n transendente karakter het.²⁵⁾

Die wysbegeerte van die Wetsidee verwerp enige opvatting van geregtigheid wat dit tot 'n bonatuurlike idee of waarde ten koste van ander natuurlike idees of waardesisteme wil verhef. Hulle sê dat geregtigheid 'n natuurlike karakter het, en dié standpunt grondves hulle op hul siening van die Bybelse grondmotief van die skepping, sondeval en verlossing in Jesus Christus. Hulle glo egter dat geregtigheid ook 'n transendente karakter het. 'n Balans moet gevind word tussen die aardse en transendente karakter van geregtigheid.²⁶⁾

Met hierdie historiese lyne in gedagte, word daar nou gekyk na wat die Bybel sê oor die inhoud van hierdie begrip.

3.1.2 Bybelse beskouing

In die Ou Testament lees ons dat geregtigheid ($\overline{\text{N}} \overline{\text{P}} \overline{\text{T}} \overline{\text{S}}$) ten diepste 'n verhoudingsbegrip is, en dat dit dui op die gesindheid en al die verpligtinge wat nagekom moes word om dié verhouding in stand te hou.

Baie Ou-Testamentiese studiestukke betoog dat God se geregtigheid eintlik verbondsintegriteit is. Daar word ook gesê dat God se geregtigheid nie net beteken dat Hy die reg handhaaf nie, maar dat Hy ook ondanks alles, trou bly aan die verpligtinge (beloftes) wat Hy in die verbond op Hom geneem het. As die mens ontrou word, sorg God weer dat die mens geregverdig en in die regte verbondsgemeenskap herstel word. Alleen só kan die mens weer aan die verbondseise voldoen.

Dit is opmerklik dat geregtigheid in die Pentateug meermale in verband met die reg gebruik word. In Deuteronomium 25:1 merk ons dat die persoon wat die skuldige of goddelose veroordeel, volgens die reg regverdig is. In Levitikus 19:15 lees ons dat die regters dit op die hart gedruk word om volgens die norm of die wet van Jahwe regspraak te lewer. Dit het geïmpliseer dat hulle nie onregverdig in die regspraak mag wees nie. Hulle moes regverdig oordeel sonder aansien des persoons. In vers 35 van hierdie hoofstuk word eerlikheid in die handel opgeëis. In daardie tyd was daar nie geykte gewigte en standaardinhoudsmate nie en daarom was die versoeking groot om ligter gewigte te gebruik as 'n mens iets weeg wat jy verkoop, of as jy silwer weeg waarmee jy iets betaal het. Handelware, eiendom en geld was gesien as 'n gawe van God en Hy kon dit enige tyd terugneem as sy volk nie reg daarmee omgegaan het nie. Die geregtigheid van God kry dus die betekenis dat die mens aan die norm moet beantwoord.²⁷⁾

As geregtigheid op God toegepas word, kry dit die betekenis dat God in alles God is en bly. Hy handhaaf sy norme, regte, toesegginge, ensovoorts. Dit beteken ook dat God straf waar nodig. In 2 Kronieke 12:3 lees ons dat Sisak, die koning van Egipte, Juda ingeval en Jerusalem beleër het. Die profeet Semaja het toe na Rehabeam, koning van Israel, gegaan en vir hom en sy leiers gesê die Here God het dit toegelaat omdat hulle as bondsvolk God vergeet het. 2 Kronieke 12:6 sê die koning en die leiers van Israel het hulle verootmoedig en erken: "Die Here doen reg".

Jesaja kondig in Jesaja 5:16 aan hoe die volk tot 'n val gebring sal word en baseer sy oortuiging op die sekerheid dat: "Die Here die Almagtige is verhewe, Hy laat reg geskied; die heilige God laat Hom ken as die Heilige, Hy oordeel regverdig". Hierdie oordeel van God is gerig teen spesifieke ewels van die volk, soos hulle onversadigbare honger na grond en die daarmee gepaardgaande verdrukking van die armes, drankverslaafdheid, roekeloosheid, onsedelikheid, selfversekerdheid en korrupsie van die regters wat die reg verdraai het en hulle aan uitspattighede oorgegee het.

Ook Nehemia erken in Nehemia 9:33 dat God in alles wat die volk oorgekome het, steeds regverdig opgetree het: "U het reg gedoen, ons verkeerd".

Die profeet Daniël, verklaar in Daniël 9:14 dat God nie die onheil van hulle afgeweer het nie, maar juis oor hulle gebring het. Hy sê dan dat die Here God regverdig is in alles wat Hy doen. Daniël het besef dat hulle as volk nie na God wou luister nie, en juis daarom het Hy dié onheil oor hulle gebring.

In Psalm 73, die hele boek Job en in Jeremia 11:20 word God as die betroubare regter beskryf omdat Hy reg laat geskied. Die probleem wat ook in Psalms 37, 39 en 49 aangeraak word, word hier behandel - die oënskynlike voorspoed van die goddeloses wat, volgens hierdie teksgedeeltes, nie teen die swaarkry van die regverdiges opweeg nie. Asaf worstel in Psalm 73 met hierdie probleem totdat hy feitlik radeloos is, maar voortgaande bepeinsing en nadenke bring hom by 'n nuwe ontmoeting met God. Hy besef God is baie goed en betroubaar en Hy oordeel regverdig. Al gaan dit dus oënskynlik goed met die goddeloses wie se lewens gekenmerk word deur rykdom, trots, hoogmoed en geweld, weet hy dat God hulle sal vernietig en dié red wat naby aan Hom leef.

Dit is belangrik om daarop te let dat God se geregtigheid meesal in 'n heilbringende verband verstaan word. As 'n sprekende voorbeeld word verwys na die lied van Debora in Rigters 5 waar sy die Here God loof vir die oorwinning wat hulle as sy volk, oor Jabin, die koning van die Kanaäniete, behaal het. Sy sê dat God se regverdige daade oorweldigend in dié oorwinning was. Jabin wou die Israëliete 'n onreg aandoen, maar God was regverdig, en sy geregtigheid het vir sy volk, Israel, heil gebring en daar was vir 'n lang tyd rus en vrede in die land.

Daar moet egter gewaak word teen 'n eensydige oorbeklemtoning van God se heilbringende geregtigheid. God se geregtigheid beteken ook straf en toorn, soos hierbo gesien kan word.

In dié verband kan net gemeld word dat daar deur die jare teoloë was wat gesê het dat God se geregtigheid slegs heilbringend van aard is. Ritschl verklaar byvoorbeeld dat die straffende geregtigheid van God

nie in die evangelie gevind word nie, maar 'n vreemde element is wat vanuit die Hellenisme die Christendom binnegedra is. Voorts sê hy dat die gedagte van 'n vergeldende geregtigheid 'n oorname is uit die natuurlike teologie. Ritschl sê dat die juridiese geen verband het met die etiese nie; reg en liefde moet streng van mekaar geskei word. Die agtergrond vir hierdie opvatting kom uit die Aufklärung. Hy handhaaf 'n rasionalistiese reglynige beskouing aangaande die liefde van God. God is na sy wese liefde en daarom kan Hy sondaars net liefhê en nie straf nie. Ook Von Rad is van mening dat God se geregtigheid nie 'n straffende element bevat nie.²⁸⁾

Hierdie eensydige soort standpunte van onder andere Ritschl en Von Rad, kan nie op goeie Ou-Testamentiese gronde verdedig word nie.

Dit is dus baie duidelik dat die begrip geregtigheid in die Ou Testament nie op statiese, ewiggeldende ordebeginsels dui nie, maar op die verbondsnorme wat geld binne 'n verbondsverhouding tussen 'n regeerder en 'n volk.²⁹⁾

Brunner sê in dié verband dat daar vir hom in die begrip geregtigheid 'n bepaalde "vastheid" is. Hy sê dat geregtigheid eintlik 'n normatiewe begrip is wat 'n mens se optrede moet bepaal. In die "normatiewe" lê die hele patos van geregtigheid opgesluit.³⁰⁾

Hierdie normatiewe wat deur die geregtigheid gekonstitueer word, het nie in die eerste instansie met die mens te make nie, maar staan volgens die Ou Testament in verband met God. In die Ou Testament word slegs God as die Regverdige beskou. Dit beteken dat Hy alleen getrou bly aan die Verbond, dat slegs Hy al die vereistes van die Verbond nakom en dat alleenlik Hy nooit sy beloftes verbreek nie.

God is met ander woorde die Bron van geregtigheid, maar tesame hiermee ook die Handhaver daarvan. Geregtigheid is dus bo alles 'n uitdrukking van God se wil vir die mens en sy werklikheid.³¹⁾ Juis omdat geregtigheid in die eerste instansie in verband met God staan, is dit 'n objektiewe norm waaraan die mens sy optrede moet meet en bepaal.

As geregtigheid dan die uitdrukking van God se wil is, ontvang die begrip verdere betekenisnuanses: enersyds is daar sprake van God se geregtigheid en dit beteken, soos reeds vermeld, dat God reg is. Alleenlik sy wil laat reg geskied, en dit geld vir alle dinge. Aan die ander kant word die mens opgeroep tot 'n bepaalde opdrag ten opsigte van dié reg. Die mens moet die reg ten volle "waar maak", maar wat beteken dit om God se reg waar te maak? Fahlgren sê God se reg hou verband met die goeie, die ware, die regte in die verhouding tot God, die naaste en die omgewing, en die regte woorde, dade en denke in die lewens van enkelinge, gesinne en families.³²⁾ Ons sien dus dat as 'n mens God se reg wil waar maak, beteken dit 'n waar maak van 'n lewe volgens die wil van God. Van Niftrik merk tereg op: "De rechtvaardige in het Oude Testament is niet diegene, die ieder het zijne geeft, maar die sich geheel aan den wil Gods onderwerpt."³³⁾

Hieruit blyk dit dus duidelik dat as die mens nie God se opdrag uitvoer nie, of met ander woorde nie God se geregtigheid waar maak nie, verontagsaam hy die wil van God en pleeg hy 'n onreg. Hy sondig en keer die verhoudinge wat God gestel het om, en verander só die reg van God se wil in die onreg van die mens se sondige wil. Die mens se wil is dus nie meer God se wil nie, en kom dus geheel en al teenoor God se wil te staan.³⁴⁾

Dit is verder duidelik dat as die mens God se wil laat geskied, hy deur God geheilig sal word. In Esegïël 18:21 en 33:12 - 15 word hierdie gedagte treffend deur God geïllustreer as Hy sê dat dié persoon wat reg laat geskied en reg doen nie sal sterwe nie, maar sal lewe. Ook Habbakuk 2:4 beklemtoon hierdie gedagte. Maar net soos geregtigheid in verband staan met God se heil, staan ongeregtigheid in verband met die onheil van God. In Psalms 71 en 143 lees ons dat ongeregtigheid volgens Dawid in verband staan met die verkeerde, die onegte, die bouse, onware en ontoelaatbare. Ongeregtigheid lei daarom tot skande, ondergang, mislukking, toorn en wraak.

Berkhof sê God se wil is om almal in die verbondsgemeenskap te seën, en juis daarom word Hy kwaad as die volk onderling nie ook hierdie gesindheid openbaar nie.³⁵⁾ In die boek Joël en in Amos 2:6 - 9 lees ons ook van God se toorn wat ontvlam oor diegene wat nie hierdie gesindheid openbaar nie. Die Here God sê in Amos 8:2 dat die tyd ryp geword het en dat Hy sy volk Israel nie meer sal spaar oor die mense se ongeregtigheid nie. Dit is nie die ongelowiges wat in die beskuldigde bank geplaas word nie, maar die Israëliete, die volk van God. Die aanklagte is dat hulle onskuldige mense vir geld verkoop het. Dit beteken dat regters onskuldige mense veroordeel het, en hulle is dan verkoop. Arm mense is deur rykes as slawe verkoop oor die geringste skuld wat hulle nie kon betaal nie, soos byvoorbeeld h'n paar sandale. Die geregshowe is misbruik om arm mense te verdruk en die reg te verdraai in plaas daarvan om hulle regte te beskerm. Immoraliteit was aan die orde van die dag, want pa en seun het met dieselfde meisie omgang gehad - hier word waarskynlik verwys na misbruike met h'n diensmeisie. Die rykes het mense wat hulle iets skuld, uitgebuit in dié sin dat hulle klere wat by hulle verpand was, as hulle eiendom beskou het. Die rykes het ontspan en

feesgevier met voordele wat hulle verkry het deur die armes uit te buit. Ook het hulle op uitspattige wyse in die tempel van die Here feesgevier.

In Amos 5:15 - 25 verafsku en haat God Israel se optrede omrede hulle nie volgens sy wil leef nie. Hulle het gedink God is by hulle en dat Hy hulle sou beskerm, maar die Here se teenwoordigheid, so leer Hy hulle, is nie vanselfsprekend nie, maar slegs daar waar die mens sy wil doen. Die Here is die Vrymagtige. Selfs goeie dae kan Hom nie omkoop om gunstig te reageer nie. Hy veroordeel die ryk maghebbers en diegene wat die reg verdraai - hulle sal nie lewe nie, maar sterwe! In Jesaja 1:21, 24 en 5:7 lees ons van God se straf en oordeel oor die volk as hulle onregverdig en in stryd met God se wil teenoor ander mense optree.

In Miga 3:12 word gewaarsku dat die Here se teenwoordigheid in die tempel nie vanselfsprekend beteken dat die Here met alles tevrede was wat in die stad buite die tempel gebeur het nie. Miga wou juis sê dat God se teenwoordigheid die lewenswyse van die leiers en inwoners van die stad moes verander sodat hulle hul lewe aan God kan wy. God wou hê dat die mense volgens sy wil moes leef. Maar hulle doen die teenoorgestelde en sodoende word hulle die oorsaak daarvan dat die stad en die tempel verwoes is.

Die vroeëre beskuldiging (Jesaja 1:13, 17) naamlik dat daar geen reg en geregtigheid was nie, word herhaal. In plaas van goeie bestuur was daar bloedbestuur, in plaas van regsbetragting was daar verkragting van die reg. Die verontregtes roep tot God omrede die aardse regters en owerheid nie aan hulle reg verskaf het nie.

In Jeremia 5:26 - 31 sê die Here dat sy volk se boosheid geen perken nie, hulle laat die reg nie seëvier nie en hulle verydel die reg van die weeskind en behartig nie die regsak van die armes nie. Die profete tree vals op en die priesters regeer met hulle eie gesag. Jeremia 6:6 praat van die verdrukking in Jerusalem en van God wat sê dat Hy sy volk oor al hierdie ongeregtigheid gaan straf.

Sefanja 2 praat ook van die mens se onreg wat deur God gestraf sal word en Maleagi 3:5 sê dat God self as regter sal kom en sal regspreek teen dié wat 'n dagloner te kort gedoen het, die weduwee en weeskind verontreg het en die vreemdeling verdring het.

In Sagaria 7:8 - 14 sê die Here ook dat geregtigheid geskied moet laat word en dat liefde en barmhartigheid aan almal bewys moet word. Daar word gewaarsku dat die weduwee, die weeskind, die vreemdeling en die arme nie verdruk moet word nie. Die volk wou nie luister nie en daarom was die toorn van God groot oor hulle.

Ons merk dus dat die Ou Testament eis dat alle gelowiges te alle tye sal doen wat voor God reg is, en alle onreg sal bestry. Berkhof sê in dié verband dat diegene wat nie hulle verbondsverpligtinge nakom nie, en daarom onreg aan ander doen, gestraf en teengegaan moet word. Die reg om te straf, kom egter nie uit die mens of uit die samelewing nie, maar alleen van God. Die mens word deur God daartoe geroep en toegerus.³⁵⁾

Verder is dit ook nodig om in meer besonderhede te kyk na die Nuwe-Testamentiese geregtighedsbeskouing. In die LXX is die selfstandige naamwoord vir geregtigheid (δικαιοσύνη) dikwels gebruik as vertaling vir die Hebreeuse (צדק) en word dit gebruik waar

verwys word na gemeenskapsordeninge, insettinge en verbondstipulasies.³⁷⁾ Dit het te make met die herstel van die gebroke orde in die gemeenskap, gewoonlik deur die bemiddeling van 'n derde party, byvoorbeeld 'n regter. Deur hierdie handeling kom 'n verontregte weer tot sy reg.

In die Nuwe Testament word geregtigheid ook hoofsaaklik gebruik as aanduiding van die gehoorsaamheid aan God se wil, die beoefening van dit wat voor Hom reg is. In Matteus 5:6, 10, 20 sê die Skrif vir ons dat elkeen wat honger en dors na God se geregtigheid, versadig sal word en sy koninkryk sal ontvang. God self sal die hongeriges versadig omdat Hy dít gee wat Hy eis. Handeling 10:35 en Efesiërs 4:24 sê ook dat God 'n behae het in elkeen wat hom met God se geregtigheid bekleed.

God se geregtigheid blyk juis baie duidelik in die Nuwe Testament, waar ons lees hoe Christus se opsoekende liefde die armes, veragtes, ellendiges en lydendes insluit. In Lukas 6:20 het Christus sy oë opgeslaan en vir sy dissipels gesê hulle is as armes geseënd, en dat die koninkryk juis aan diesulkes behoort. In Lukas 10:25-37 illustreer Christus die gedagte baie duidelik met sy gelykenis van die barmhartige Samaritaan. Hy wou by die wetgeleerde tuisbring dat die priester en Leviet die wet oor seremoniële reinheid belangriker geag het as die wet tot naasteliefde. Daarom het hulle ver langs verbygegaan toe hulle op die beseerde man afgekom het. Die Samaritaan daarenteen, alhoewel hy waarskynlik nie so baie van naasteliefde gehoor en geleer het soos die priester en Leviet nie, het tog iets hiervan verstaan en daarom die beseerde man langs die pad jammer gekry, hom versorg en hom na 'n herberg geneem. Die Samaritaan wat deur die Jode verag is, het vir die godsdienstige, maar tog lief-

delose priester en Leviet 'n voorbeeld gestel.³⁸⁾

Die geregtigheid en reg wat God van sy volk vra, eis daarom byvoorbeeld dat hulle in die praktyk dié wat onregverdig gevange gehou word, sal bevry, die verdruktes (vanweë onregverdige politieke, ekonomiese en maatskaplike strukture) sal vry maak en hul medemens nie aan hul eie lot sal oorlaat nie.

In Lukas 1:46 - 55 lees ons van die kragtige daade van God deurdat Hy die bestaande menslike opvattinge van grootheid en geringheid omkeer. Hoogmoediges word in hulle eiewaas uitmekaargejaag en maghebbers word van trone afgeruk. Daarenteen word geringes en behoeftiges deur Hom met goeie gawes oorlaai. Wanneer God se volk op hierdie manier vir die reg van die verontregte intree, volg hulle self God se voorbeeld.

Ons merk dat God deurgaans getrou bly aan sy geregtigheid. Waar die mens onreg doen, laat God nie bloot die werke van sy hande vaar nie, maar herstel sy reg. Hierdie trou van God aan sy reg verskyn in die gestalte van die liefde. En juis vanweë die feit dat God die mens liefhet, help Hy hom om binne sy geregtigheid te leef. Hiermee is die liefde reeds aan die orde gestel. Waar daar oor geregtigheid besin word, moet daar ook oor die liefde gepraat word. Dit is twee kante van dieselfde saak.

Die vervulling van die regs- en geregtigheidseise van God, soos dit in die voorafgaande bespreking na vore gekom het, word altyd deur die liefde bepaal - die liefde kry met ander woorde in die geregtigheid gestalte. Hierdie liefde is dan ook 'n wesensuiting van God en verskyn in 'n persoonlike gestalte. Dit is dan juis die rede waarom

die hoogste binding van die gelowige nie aan abstrakte regsbeginsele gebonde is nie, maar aan God self, aan sy reg en sy liefde. Dit maak dit ook vir die gelowige moontlik om die betekenis van die vervulling van die wet deur die liefde te snap. Pannenberg sê in dié verband: "In Jesus' teaching, love is the final norm of justice. Love is equipped to be the measure of justice because it is not an abstract principle."³⁹⁾

Reeds in die Ou Testament vat die liefde die wet saam, ook wat vreemde delinge betref. In die Nuwe Testament is daar sprake van die hernieuwe opsomming van die wet, naamlik die liefde tot God en die liefde tot die naaste. Hiermee stel Christus dit baie duidelik dat liefde eintlik die uitgangspunt van die mens se hele bestaan is. Dit dui weer eens op die totaliteit van die mens en juis daarom word die mens se sosiale, politieke en ekonomiese handeling daardeur bepaal.

Dwarsdeur die Skrif sien ons dat liefde nie net 'n bepaalde gesindheid is nie, maar 'n daad van geregtigheid teenoor die naaste. In Miga 6:8 en in Levitikus 19 sê die Woord duidelik dat God aan die mens geopenbaar het wat goed is, en dat die Here van die mens vra om uit liefde reg te doen aan ander mense. Die liefde laat die naaste tot sy reg kom, nie net deur hom te gee wat hom toekom nie, maar deur hom te help om aan sy roeping en bestemming as mens te beantwoord. Wanneer jou naaste volgens die wet (gebod) reg het op jou liefde, beteken dit dat hy daarop geregtig is dat jy hom sal versorg, beskerm en help om só tot sy volle werklikheid te kan kom.⁴⁰⁾

Ridderbos sê verder dat Jesus ook nie die regsfeer van die burgerlike wetgewing teenoor die gebod van radikale liefde stel nie.⁴¹⁾ Selfs

die voorbeelde van die toepassing van die wet by Jesus, moet nie as 'n nuwe gebod op sigself beskou word nie. Dit mag dus nie teenoor die reeds gegewe wet gestel word nie, maar moet steeds gesien word binne die raamwerk van die hele wet.⁴²⁾

Die Bergrede, soos reeds vermeld, bring die liefdesaard van gehoorsaamheid wat deur die wet vereis word, op prominente wyse aan die lig. Liefde beteken 'n selfoorgawe; die beskikbaarstelling van die hele persoonlikheid om 'n medemens se belange en sy regsreëlings te behartig.⁴³⁾

In Matteus 16:6 merk ons dat die ware sin en betekenis van die liefde tot God en tot die naaste, juis in die wet van God opgesluit lê. Só kies Christus nie die liefde as beginsel bo en tén koste van die wet nie, maar beskuldig Hy die Fariseërs en die Skrifgeleerdes daarvan dat hulle die gebod van God kragteloos gemaak het, juis omdat hulle aan oorleweringe vasgeklou het. Hulle vrome wettisisme het die gebod van God van sy betekenis beroof. Die skeiding tussen Jesus en die Joodse leiers word steeds duideliker.

Net soos geregtigheid en liefde inhoudelik in 'n onlosmaaklike verhouding tot mekaar staan, só ook die inhoud van geregtigheid en vrede.⁴⁴⁾ Hierdie skrywe sou onvolledig wees as hierdie betekenisvolle verhouding tussen geregtigheid en vrede nie hier uitgewys word nie. Die Bybel sê self vir ons dat hierdie twee sake nooit van mekaar geskei kan word nie - Psalm 85:11: "... geregtigheid en vrede sal mekaar omhels".

Omdat die omvang van onrus en geweld in ons samelewing die meeste inwoners verontrus, het dit dringend noodsaaklik geword om uit te

vind hoe die Bybel oor die inhoud van hierdie begrip van vrede praat.

Volgens die Ou Testament is dit duidelik dat God se verbond met Israel en die vrede wat Hy in die wêreld wil bewerkstellig onlosmaaklik met mekaar verbind is. Langs die weg van gehoorsaamheid het Israel die seëninge van die verbond beleef. Hieronder het dan ook vrede en voorspoed getel.

Daarom het Israel se ontrou en verbondsverbreking ook die verlies van vrede beteken. So is God se oordeel oor hulle voltrek en is Israel aan die mag van sy vyande uitgelewer.

Gelukkig volstaan die Ou Testament egter nie hiermee nie. God se verbondstrou is sterker as die ontrou van sy volk. Hy laat nie die werke van sy hande vaar nie en daarom ook nie sy bedoeling om die wêreld 'n plek van ware vrede te maak nie. Hierdie vrede is omvattend en sluit herstellende verhoudings in tussen mens en God, mens en medemens en mens en omgewing. Miga 4:4 beklemtoon hierdie gedagte: "Elke man sal onder sy eie wingerd sit, ongesteurd onder sy vyeboom. Die Here die Almagtige het dit gesê". (sien ook 1 Konings 4:25) Hier figureer die gedagte van sosio-ekonomiese geregtigheid, waar niemand te na gekom sal word nie, baie sterk.

Hierdie vrede word duidelik in die profesieë waargeneem. Jesaja 2:4 sê God sal oordeel tussen die nasies en sal regspraak oor baie volke. Hulle sal van hulle swaarde ploegskare smee en van hul spiese snoeiskêre maak. Die nasies sal nie meer swaarde teen mekaar opneem en oorlog maak nie. Jesaja 11:9 sluit hierby aan: "Op my heilige berg sal niemand kwaad aanrig of iets verniel nie, want die aarde sal so vol wees van die kennis van die Here soos die see vol

water is".

In die Nuwe Testament lees ons hoe hierdie omvattende vrederyk met die geboorte en die optrede van Jesus Christus deurbreek. Daarom sê Lukas 2:14 dat die engele met die geboorte van Jesus Christus gesing het: "Eer aan God in die hoogste hemel en vrede op aarde vir die mense in wie God 'n welbehae het". Efesiërs 2:14,17 beklemtoon hierdie gedagte goed:

14. Christus is ons vrede ... Deur sy liggaam te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n muur skeiding gemaak het. 17. Toe Hy gekom het, het Hy die goeie boodskap van vrede gebring: vrede vir julle wat ver van God was, vrede ook vir dié wat naby was.

Hierdie is nie 'n menslike soort vrede nie, maar deur God bewerkstellig. So lees ons in Filemon vers 16 dat 'n slaaf (Onesimus) deur God se reddende genade 'n geliefde broer geword het. Hierin lê die uniekheid van die Bybelse vrede. Ook maak die omvattende karakter van hierdie vrede dit uniek. Romeine 5:1 sê dat daar vrede tussen God en mens is in Jesus Christus. Die vyandskap wat as gevolg van die sonde tussen God en mens en mense onderling ontstaan het, is deur die kruis van Jesus Christus afgebreek. Efesiërs 2:16 sê deur sy dood aan die kruis het Christus 'n einde gemaak aan die vyandskap tussen Jode en nie-Jode en dié twee met God versoen en tot een liggaam verenig. Hiervan is die kerk van Christus op aarde 'n bewys! Volgens Galasiërs 3:28 is rasse-, sosiale en geslagtelike diskriminasie dus nie onder Christene toelaatbaar nie. God bewerkstellig met ander woorde die vrede deur sy reddende genade, maar die mens moet dit in die gemeenskap deurvoer. Efesiërs 2:11-22 is juis 'n vermaning om die eenheid wat Christus verwerf het, waar te maak. Die heidene wat in Christus herskape is, moet onthou dat die skeidsmuur nou verwyder is.

Dit is hierdie soort vrede wat in elke mens se hart beslag moet kry. Dit is 'n vrede wat inhou dat die mens in al sy verhoudinge waarin hy staan, harmonie en vervulling móét beleef.

Die wonder is dat hierdie vrede reeds hier en nou beleef kan word. Natuurlik sal die volle heerlikheid daarvan eers met die wederkoms van Jesus Christus ervaar word, maar dit beteken nie dat die vrede slegs 'n eskatologiese karakter het nie. Die teenwoordigheid van hierdie vrede kry ons in Christus se bergpredikasie waar Hy sê dat die vredemakers geseënd is, want hulle sal kinders van God genoem word. Paulus sê in Kolossense 3:15 die vrede wat Christus gee, die deurslag in die mens se lewe moet gee. Alhoewel dit nie 'n menslike soort vrede is nie, staan die gelowiges in hierdie opsig in diens van die koms van God se koninkryk.

Dit is natuurlik nie maklik om God se weg van vrede te volg nie. Jesus sê dit self in Matteus 10:34: "Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard". Hiermee weerspreek Christus Homself nie, maar wys vir die mens daarop dat die weg van vrede op navolging, teenstand en selfs verdeeldheid dui.

Waar hierdie vrede teenwoordig is, sal daar versoening wees, vergifnis in plaas van vergelding, geregtigheid en liefde selfs vir die vyand. Dan eers sal dit moontlik wees vir die mens om die natuur te bewaar, want dan sal die natuur nie die bodem wees waarop en waarmee mense hulle slagting uitvoer nie.

Samevattend merk ons dat geregtigheid van die vroegste tye gesien word as 'n normatiewe begrip. Dit dui ten diepste op 'n verbonds-

integriteit waarin 'n bepaalde gesindheid gehandhaaf en sekere verpligtinge nagekom moet word ten einde die verhouding in stand te hou. Regverdigte behandeling beteken egter nie dat die mens self kan besluit of hy reg daaraan wil laat geskied of nie, maar dit is inderdaad 'n plig wat elkeen teenoor mekaar het. Dit is 'n plig nie slegs omdat die medemens reg op 'n menswaardige bestaan het nie, maar omdat elke mens in gehoorsaamheid aan God en in navolging van Jesus Christus moet leef. As die mens egter ontrou word, sorg God weer dat hy geregverdig word en in die regte verbondsgemeenskap herstel word. Alleen só kan die mens weer aan die verbondseise voldoen. God se geregtigheid triomfeer met ander woorde oor ons ongeregtigheid, en wel in die gestalte van sy liefde in Jesus Christus. Ook ons mense se regs- en geregtighedsbeoefening moet in die gestalte van die liefde plaasvind.

Die inhoud van die begrip geregtigheid is ook bepalend vir 'n mens se siening van menswaardigheid. Omdat hierdie begrip so belangrik is vir 'n Christelike beskouing van menseregte, gaan daar vervolgens by die inhoud daarvan stilgestaan word.

3.2 Die mens as beeld van God

3.2.1 Historiese lyne

Reeds in die vroegste denkrigtings rakende die mens was daar uiteraard heelwat vrae. Daar was 'n paar probleme aan die orde van die dag, byvoorbeeld of die mens slegs stoflik of slegs geestelik, of dalk beide is.

So het die materialistiese monisme, waarvan Feuerbach 'n belangrike verteenwoordiger is, die mens alleenlik as stoflik gesien. Agter die liggaam is daar nie nog 'n geheimsinnige wese, te wete, die siel

nie. Vir hom is die liggaam eintlik die siel self. Kenmerkend van Stirner in dié opsig, is sy uitspraak: "Der Mensch ist was er isst."⁴⁵⁾

In teenstelling met bogenoemde standpunt het die spiritualistiese monisme met Berkeley as belangrike verteenwoordiger, die mens slegs as 'n geestelike wese gesien. Vir dié denkrigting is alle objektiewe en dus ook liggaamlike bestaan, ten diepste maar net iets wat die gees van die mens of die Gees van God waar maak. Niks bestaan buite die gees om nie. Die gees of die siel van die mens is die sentrum van betekenis vir die liggaam, sodat die liggaam maar eintlik net die teken is van die teenwoordigheid van die mens se siel.⁴⁶⁾

Daar was ook ander strominge wat die mens as 'n stoflike sowel as 'n geestelike wese gesien het. So het die dualisme, waarvan Descartes 'n belangrike verteenwoordiger was, die mens gesien as stoflik en geestelik, maar tog die tweeheid daarvan beklemtoon. Die personalisme het, net soos Aristoteles, die eenheid van die mens as 'n stoflike en geestelike wese beklemtoon. Die personalisme wou, soos Aristoteles, verder ontkom aan die ou Orfiese dualisme wat die siel en liggaam gesien het as twee substansies, wat toevallig saamgeval het. Vir hulle was die liggaam en die siel twee beginsels wat mekaar aanvul en op mekaar aangewys is. Die hele probleem het met ander woorde gedraai om die vraag of die mens geestelik of liggaamlik of beide is.⁴⁷⁾

'n Verdere probleem wat in die vroeëre denke oor die waarde van die mens na vore gekom het, was of hy onderskei kon word van ander lewende wesens, en of hy op dieselfde vlak en met dieselfde waarde as hulle gereken moes word. Baie denkers, veral die biologies-georiën-

teerdes, sien die mens as die hoogste wese, maar terselfdertyd tog as 'n voortsetting van die diereryk. Hierdie opvatting word veral teruggevind in die materialisme, by name van La Mettrie, en ook by die evolusionisme.⁴⁸⁾

Daar is natuurlik ook dié denkers, waaronder Montaigne, wat sê dat die mens "laer" as die dier is. Hy baseer sy argument op die feit dat die dier ten volle by die natuur aangepas is, die mens nie. In 'n meer moderne uitgewerkte vorm, vind ons dieselfde gedagte by Gehlen. Hy sê die mens is 'n handelende wese en word gekenmerk deur sy bewussyn, wat hy dan gebruik om sekere afstande in die natuur te oorbrug. Die dier, wat direk in die natuur staan, is so goed aangepas dat hy daarom beter in die natuur inpas as die mens.⁴⁹⁾

Dan is daar ook 'n ander groep denkers wat die mens op dieselfde vlak as al die ander lewende wesens plaas, maar tog die "andersheid" van die mens beklemtoon. Hier kan ons net noem dat Aristoteles nie die mens se siel anders gesien het as dié van die dier nie, maar hy het tog gepraat van 'n ander "hoër sielsvorm" wat die mens van buite ontvang. Hierdie gedagte word ook teruggevind in die vitalisme van Bergson. As hy praat van die mens se moraal, religie en waarde, beklemtoon hy die andersheid van die mens.⁵⁰⁾

Naas hierdie denkers is daar die groepe wat die mens prinsipieel anders as die dier beskou. Descartes het byvoorbeeld gesê dat die mens 'n siel het, maar nie die dier nie. Hy het gesê dat 'n dier slegs 'n lewende outomaat is, terwyl die mens 'n bewuste wese is. Dié onderskeid was hoofsaaklik rasioneel van aard. Dit word geïllustreer deur Descartes se beroemde uitspraak, "ek dink, daarom bestaan ek".⁵¹⁾

Ook die meer moderne eksistensie-filosofie, onder andere verteenwoordig deur Sartre, Heidegger en Jaspers, plaas die mens op 'n ander vlak as die dier. Maar die onderskeid lê op 'n ander vlak as die rasionele onderskeid van byvoorbeeld Descartes. Die dier leef en is besield, maar dis nie eksistensieel nie. Slegs die mens kan 'n keuse in die lewe uitoefen en besluite neem. Daarom is die totale mens anders as die dier, aldus hierdie groep.

Hierdie gedagtes het nie onopgemerk op teologiese terrein verbygegaan nie. Die personalisme het ook in dié opsig in die denke van Brunner en Gogarten gestalte gekry. Ook hulle sê dat die onderskeid tussen mens en dier meer is as net die verstandelike of rasionele. Brunner sê die mens is ten diepste 'n verantwoordelike wese. Sy verantwoordelikheid kom tot uitdrukking in die liefde - die liefde tot die medemens en tot God. Maar op die ou end hang alles af van sy verantwoording teenoor God.⁵²⁾

Gogarten sê die mens onderskei hom wesenlik van plante en diere in dié opsig dat hy na homself vra. Die mens, sê hy, is nie vraagloos nie. Die unieke personaliteit van die mens, wat hom dan ook van ander lewende wesens onderskei, bestaan in hierdie vraag na homself. Maar dit impliseer ook weer 'n vraag na God. Hiermee toon die mens sy behoefte aan God.⁵³⁾

Daar was ook ander Christelike denkers wat die wese van die mens anders as die dier gesien het. Augustinus, Pascal en veral ook Kierkegaard, het gesê dat alleen die mens bewustelik by God betrokke kan wees en nie 'n dier nie.⁵⁴⁾

'n Verdere vraag wat ook aan die orde van die dag was, was of die mens

'n "afgeslote en voltooide wese" is en of hy "onvoltooid en eksentriek" is. Aristoteles, Leibnitz en Descartes het gesê dat die mens 'n afgeslote mensbeeld het.⁵⁵⁾ Maar dan was daar tog dié denkers wat gesê het die mens is eksentriek, onvoltooid en na iets buite homself streef. Plato het byvoorbeeld gesê dat die mens in 'n ander wêreld gewortel is.⁵⁶⁾ Hy het dit soos volg verduidelik: Volgens hom is die mens afkomstig uit die geestelike wêreld van idees, en sy liggaam uit die stoflike wêreld van die verskyninge. As pre-eksistente bestanddeel van die mens is die siel kwalitatief anders as die liggaam en daarom ook die hoëre en waardevolle deel van die mens. By die dood word die verbinding van siel en liggaam opgehef, die liggaam keer terug na sy stoflike bestaan in die aarde, terwyl die siel na sy oorspronklike tuiste in die ideë-wêreld terugkeer. Hier kan ook in besonder verwys word na Irenaeus en Tertullianus. Irenaeus lê groot klem op die liggaam as hy oor die mens en sy verhouding tot die transendente praat. Hy sê die liggaam is na die beeld van God gemaak, en dit is hierdie liggaam wat op weg is na die verheerliking deur die Gees. Dit is nie heeltemal duidelik hoe hy oor die siel van die mens dink nie. Vermoedelik sien hy die siel as tussenganger tussen die liggaam en die Gees.⁵⁷⁾

In navolging van Irenaeus, beskou Tertullianus die mens as 'n eenheid van liggaam en siel. Die mens as sodanige eenheid is na die beeld van God geskape. Tog lê Tertullianus meer klem op die siel as Irenaeus. Hy sê die siel dra die "geloofstrekke" van God. Vanweë hierdie eienskappe kan die siel God ken en oor sy werke heers.⁵⁸⁾ Interessant is dat die vroeë Griekse invloede meer merkbaar by Tertullianus as by Irenaeus is. Augustinus, wat beïnvloed is deur die neoplatoniese denke, het gesê die mens styg bo homself uit ("transcende te ipsum"), terwyl Pascal, Plessner en Van der Leeuw ook

geglo het dat die mens aan die transendente gekoppel word.⁵⁹⁾

Na hierdie bespreking van die historiese lyne oor die beeld van die mens, word daar nou breedvoerig gekyk na 'n Bybelse beskouing oor die inhoud van hierdie begrip.

3.2.2 Bybelse beskouing

Huber wys daarop dat die begrip menswaardigheid in die ou Romeinse spraakgebruik op deug gewys het. Daarom kon die beeld van 'n mens van persoon tot persoon wissel. Ook was die beeld van 'n mens en sy posisie of amptelike status baie nou verwant. Die term word vandag nog amptelik so gebruik.⁶⁰⁾

Huber sê egter verder dat dié woord in die Christelike spraakgebruik op die wese van elke menslike persoon dui.⁶¹⁾

Die grootste waarde wat in die Bybel aan die mens toegeskryf word, is die feit dat hy ten volle na die beeld van God geskape is. Dit impliseer dat die mens dadelik as 'n volwassene geskep is en nie byvoorbeeld as kind wat moes groei om soos die beeld van God te word nie. Hy het met ander woorde dadelik oor kennis, insig, vryheid, ensovoorts beskik. In die Ou Testament, en spesifiek in Genesis 1, lees ons hoe God die aarde 'n veilige woonplek vir die mens gemaak het. Die mens het niks gehad om te vrees benewens die Here God nie. In Genesis 1:24 lees ons hoe God die lewende diere geskape het en in vers 26 sê God die volgende belangrike woorde: "Kom ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip". Hier val twee

belangrike aspekte op. Eerstens lees ons van die afkondiging van die Goddelike besluit, en tweedens van die plek wat die mens ten opsigte van die diere inneem. Hieruit blyk duidelik in watter mate die aksent in die skeppingsverhaal op die besondere posisie van die mens val. Juis hierom is mense gelykwaardig omdat hulle almal na dieselfde beeld geskape is en omdat almal hierdie selfde beeld uitdra. Dit is juis hierom dat niemand homself bo 'n ander mens mag stel of meer eer en roem opeis as 'n ander een nie. Ons sien dus dat wie met die mens in aanraking kom, inderdaad direk in aanraking kom met 'n "afbeelding" van God. Psalm 8 sê dan ook juis dat die mens byna "goddelik" of "hemels" geskape is. Die mens se grootste waarde kom nie uit homself nie, maar is ontleen aan 'n "Gegewe" buite homself. Dit is dus duidelik dat die betekenis en die waarde van die mens nie opgesluit lê in dit wat hy van nature besit nie, maar in die feit dat hy deur God beheer word.

Thielicke vind aansluiting by dié gedagte, want volgens hom is die beeld van God iets wat die mens ontvang wanneer God met hom in verhouding tree. Dit is 'n "vreemde" waardigheid wat geheel en al berus by dié Een wat dit aan die mens skenk. Hy sê verder ook dat die beeld in die mens nie verlore kan gaan nie, want selfs na die sondeval het God sy verhouding met die mens behou.⁶²⁾ Net soos Thielicke, beklemtoon Barth dat die inhoud van die mens as beeld van God nie aan homself te danke is nie, maar juis aan die verhouding waarin God met die mens tree⁶³⁾ (sien verwysing 64).

Psalms 90 en 139 sê vir ons dat God die grondslag van ons bestaan is en dat Hy ons van alle kante omsluit. Hy is en doen dit omdat Hy ons as mense na sy beeld geskep het. Dit is dan ook die rede waarom die gedagte van regte opeis, nie in die Bybel aangetref word nie. Dit

is nie die mens en sy regte wat die fondament vorm waarop hy staan nie, maar wel God se beloftes en trou aan hom. Volgens Jakobus 1:12 is dit slegs die genade van God wat die karakter dra van 'n reg waarop die mens hom kan beroep in soverre hy God erken as Skepper, Vader en Verlosser.

Psalm 8:6 sê verder baie duidelik vir ons dat God elke mens met eer en heerlikheid gekroon het. Eer en heerlikheid wat weens die sonde verduister is, maar tog in Christus geopenbaar, herstel en bevestig is. Moltmann sê dat die besondere posisie van die mens as kroon van skepping, tot uitdrukking kom in die wyse waarop die lewe van die mens in die Skrif as iets onaantasbaars behandel word.⁶⁵⁾ In Genesis 4:8-15 wreek God Abel se dood nadat Kain hom doodgeslaan het, maar dan beskerm God ook weer Kain se lewe wanneer ander mense hom te na probeer kom. Ook in sy verbond met Noag, lees ons in Genesis 9 hoe God die lewe van die mens op 'n baie besondere manier beskerm. Ons sien dus dat die mens nog steeds moet leef soos God bedoel het hy moet leef, maar ook dat hy die verantwoordelikheid wat God aan hom opgedra het, optimaal moet nakom. Volgens die Skrif het die waarde van die mens 'n universele karakter.

In die lig van Psalm 8 vra Pop hoe die mens sy heersersmag moet gebruik. Hy beantwoord sy eie vraag deur net soos Bavinck te sê dat daar in die heersersmag van die mens sonder twyfel 'n Goddelike afbeelding herkenbaar moet wees. Die mens moet as heerser oor die aarde te alle tye 'n getroue afbeelding van God wees. Dit is moontlik omdat God dit moontlik maak. Wat God van die mens verwag as heerser, kan Hy verwag omdat Hy aan die mens die vermoë gegee het om dit te verwesenlik.⁶⁶⁾ Lanser stel dit so: Op grond van die mens se vermoë om te heers, te skep, te ontwikkel, te vorm en te ontplooi,

verwag God iets van hom. Sy vermoë is dan ook sy opdrag en verantwoordelikheid as heerser.⁶⁷⁾ Niebuhr sê dat elke mens as skepsel van God 'n bepaalde verantwoordelikheid teenoor homself, die samelewing en die ganse skepping het. Die kern van hierdie verantwoordelikheid impliseer 'n ideaal wat alle aardse norme en kodes op onbeperkte wyse oortref. "God is acting in all actions upon you. So respond to all actions upon you as to respond to his action."⁶⁸⁾

Hierdie optrede is alleen moontlik as die mens in absolute afhanklikheid en onder heerskappy van God leef. Pop kyk voorts na wat presies verstaan word onder die heerskappy van God. Die Bybel gee 'n duidelike antwoord deur te sê dat God se heerskappy 'n ryk van vrede en geregtigheid beteken.⁶⁹⁾ Bavinck sluit hierby aan deur te sê die mens moet heers soos God dit verlang en dit is in geregtigheid en vrede.⁷⁰⁾ Psalm 85:11 beklemtoon die innerlike verbondenheid tussen hierdie twee begrippe: "Liefde en trou sal mekaar ontmoet, geregtigheid en vrede sal mekaar omhels."

Uitsprake oor die mens as beeld van God is in die Ou Testament eintlik skaars. Dit kom hoofsaaklik maar in Genesis en die Psalmboeke voor. Tog was dit vir Israel belangrik om hieraan vas te hou, want die gedagte dat die mens na die beeld van God geskape is en daarom goed geskape is, het hulle deur talle skrikwekkende ervarings gedra.

Alvorens ons kyk na die mens as beeld van God soos wat dit in die Nuwe Testament aangetref word, moet daar eers vlugtig gekyk word na die mens Jesus Christus as beeld van God, soos dit in die Nuwe Testament na vore kom.

In 2 Korintiërs 4:4 skryf Paulus dat Christus na die beeld van God geskape is. Hy skryf van die heerlikheid van Christus wat aan die mense verkondig moet word. Paulus sê dat die heerlikheid van Christus 'n suiwere weerkaatsing is van die heerlikheid van God. Deur dié heerlikheid kom Christus as beeld van God na vore (vergelyk ook Hebreërs 1:3). Paulus sê dan ook dat Christus die enigste mens is wat ten volle daarin geslaag het om beeld van God te wees. Om hierdie rede is dit dan volgens 2 Korintiërs 3:18 vir ons moontlik om beeld van God te wees:

Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.

In Kolossense 1:15 skryf die apostel Paulus ook die volgende oor die geliefde Seun van God: "Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping." In die sigbare beeld van Jesus Christus, wys die onsigbare God wie Hy is, hoe Hy leef en werk. Alhoewel die Seun self nie God is nie, is Hy tog die draer van die wese van God en is God in Hom teenwoordig. Hiermee lewer God Hom nie aan die wêreld uit nie, maar besluit hóé en wat Hy in sy geliefde Seun aan die wêreld wil openbaar.⁷¹⁾ Dit herinner sterk aan Jesus se woorde in Johannes 12:45: "En wie My sien, sien ook Hom wat My gestuur het." Ook Johannes 14:7 sluit nou hierby aan: "As julle My ken, sal julle My Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom." Hiermee word die volle betekenis van die verhouding tussen Jesus en sy Vader weergegee.

Ons sien dus dat Christus volgens Kolossense 1:19 ten volle beeld van God is: "God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon." Om

alles met Homself te kon versoen, moes God self ten nouste by die versoening betrokke wees. Dit het Hy bewerkstellig deur met sy volle wese in die Seun te woon en so teenwoordig te wees. Hierdie volle wese dui op die almag van God waarmee Hy skep en herskep en op die krag van God se genade.⁷²⁾

Christus is só beeld van God op 'n manier wat nie Adam of enige ander mens dit kon wees nie. Hiermee het God nie afgesien van sy oorspronklike bedoeling met die skepping van die mens nie. Inteendeel, dit wat God deur die skepping van die mens as sy beeld begin het, sal Hy volvoer. Jesus Christus was die sentrale figuur, die Eersteling van 'n nuwe mensheid wat volgens die beeld van God geskep is. In Christus sal God met ander woorde sy groot plan in die mens vol-eindig, naamlik om die mens te reinig en te verlos, sodat hy as beeld van God kan voortleef.

Wat sê die Nuwe Testament in besonder oor die mens as beeld van God? Romeine 8:29 gee die antwoord: "Dié wat Hy lank vantevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is." Dit beteken dat die gelowige(s) se Christenskap en toekoms op die vaste fondament van die ewige verkiesing van God berus, en nie op mensevoornemens of -gesindhede nie. Hierdie gelykvormigwording beteken die herstel van die mens as beeld van God, aangesien Jesus self die beeld van God is, en die verheerliking van die gelowige terwyl hy op aarde is.

1 Korintiërs 15:49 sluit ook by bogenoemde gedagte aan: "Soos ons die beeld van die stoflike mens was, sal ons ook die beeld van die hemelse wees." Ook hier word uitdruklik gesê dat die mens aan die

Seun (hemelse mens) gelykvormig moet word. Hier val die aksent egter nie op die heerlikheid soos in 2 Korintiërs 3:18 en Romeine 8:29 nie, maar op die gedagte van lewendmaking in die opstandingsliggaam. In Kolossense 3:10 beskryf Paulus verder hoe die mens as beeld van God moet optree: "en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot volle kennis van God". Dit wat die sonde in die mens afgebreek het, moet weer in die gelowige herstel word. Hy moet beeld van Christus word wat weer beeld van God is. Die mens moet in 'n innige verbondenheid met Christus geplaas word sodat Christus gestalte in die mens kan kry. Die interessante, volgens vers 11 van Kolossense 3, is dat waar die mens se lewe vervul en beheer word deur Christus, daar in só iemand se hart nie onderskeid tussen rasse, volke, kulture, sosiale stande en godsdienstige aksente is nie.⁷³⁾

In aansluiting by dié woorde van Paulus sê Calvyn dat die nuwe mens in die verhoogde Jesus Christus ten volle reeds verteenwoordig is by God. Van belang is hier die feit dat die nuwe mens, aldus Calvyn, reeds op aarde vrugte moet dra. Op aarde moet hy in sy optrede al meer aan Christus gelykvormig word. Die model van dié nuwe mens is om te leef na die beeld van Christus.⁷⁴⁾ Paulus roep ook die gemeentelede hiertoe op. Brunner sluit by dié gedagte aan as hy die teenstelling tussen God se skepping en die gevalle mens in Jesus Christus met God wil versoen.⁷⁵⁾ Barth sê ook dat die mens alleen maar sondig en goddeloos is en God se beeld in hom geskaad het. In Jesus Christus het God die menslike wese aangeneem en het mense nie net bondgenote van mekaar geword nie, maar ook van God.⁷⁶⁾

Bogenoemde bespreking, in samehang met Matteus 25:31-46, beklemtoon die gedagte dat daar in elke mens, selfs in die geringste, 'n

afbeelding van God of Christus teenwoordig is. Matteus 22:36-40 sê dan ook vir ons dat dit die rede is waarom liefde vir God en liefde vir die naaste alles met mekaar te make het. Dit is inderdaad twee kante van dieselfde saak. Johannes 15 sê juis dat elke mens kan praat van God as "Ons Vader" op grond van hierdie verhouding waarin die mens tot God gestel is.

Alle mens-geskepte verskille in die waarde tussen mense, word in Jesus Christus opgehef. Christus plaas almal, die geringstes, die kinders, die armes en die uitgeworpenes op dieselfde vlak. Vir Christus is almal gelyk (vergelyk God se gelykmakende genade in Matteus 19:30 en 20:16). Hierdie spesifieke boodskap ten opsigte van die gelykheid in waarde van mense is veral in die eerste gemeentes kragtig verkondig. Galasiërs 3:28 sê uitdruklik dat daar geen verskil tussen Jood of Griek, slaaf of vryman, man of vrou, is nie. In 1 Korintiërs 12:12-27 vind ons ook dat wedersydse verantwoordelikhede en onderlinge sorg sentraal staan in die verkondiging van God se boodskap aan die betrokke gemeente.

In dié verband kan hier ook net gemeld word dat die Ou- en Nuwe-Testamentiese sienings van die mens as die beeld van God, mekaar ten volle aanvul. Op die oog af wil dit voorkom asof daar 'n konflik mag bestaan, aangesien die Nuwe Testament nie erken dat daar na die sondeval 'n stukkie beeld van God in die mens oorgebly het nie. Die Ou Testament skep egter die indruk dat die beeld van God in die mens behoue gebly het (sien verwysing 77).

Dié twee sienings staan egter nie teenoor mekaar nie, maar is eerder die beligting van dieselfde saak vanuit twee verskillende oogpunte. Waar die klem in die Nuwe Testament val op die totale verdorwenheid

van die mens in homself, asook die feit dat in Christus die beeld van God aangeklee moet word, wys die Ou Testament, in Genesis 9:6, daarop dat God hierdie selfde mens op grond van sy skeppingsverhouding met hom nie in die steek gelaat het nie, maar steeds as mens handhaaf volgens God se oorspronklike plan met hom.

In bogenoemde bespreking oor die mens as beeld van God, is daar hoofsaaklik klem gelê op die verhouding wat daar tussen God en die mens bestaan. Hierdie "na-God-se-beeld"-geskiedenis impliseer egter nie net 'n verhouding tussen God en die mens nie, maar bepaal ook die horisontale verhoudings wat hierna meer breedvoerig bespreek word:

Die mens se verhouding tot onder meer:

1. homself,
2. sy naaste, en
3. sy omgewing.

Die mens se relasie tot homself

In die mens se relasie tot homself is dit baie belangrik om daarop te let dat die lewe onaantasbaar is. Die mens is 'n skepsel van God, geskape na sy beeld, en juis daarom mag nóg hy, nóg iemand anders, sy lewe aantast. Die mens het dus die reg om te lewe.

Die relasie waarin die mens tot homself staan, impliseer nie net 'n bepaalde lewensruimte nie, maar ook 'n besondere lewenskwaliteit. Daar is ook 'n verdere aantal belangrike aspekte rakende die mens in verhouding tot homself, naamlik selfbewussyn, selfrespek, selfkritiek en selfliefde.

Heyns sê selfkennis beteken dat die mens weet dat hy nie die Skepper is nie, maar God, en dat God hom geskape het met sekere gawes en talente. Selfkennis help die mens om nie te veel van homself te dink nie, maar aan die ander kant ook nie te min nie. Die mens wat homself ken en tesame daarmee ook weet wat sy beperkinge en moontlikhede is, het respek vir en vertrouwe in homself. Sodanige mens beskik ook oor selfkritiek en hy weet wanneer hy sy Godgegewe moontlikhede nie ten volle benut en sy grense nie eerbiedig nie.⁷⁸⁾

Dit is verder ook belangrik dat die mens homself sal liefhê, maar nie met sy hele hart en sy hele verstand nie. Die mens mag homself ook nie sodanig liefhê dat dit tot nadeel van ander strek nie. Moltmann maak in dié verband 'n interessante stelling, naamlik dat die menseregteleer eintlik 'n regspraak teen selfliefde is.⁷⁹⁾

Die relasie van die mens tot sy naaste

Die relasie van die mens tot sy naaste impliseer 'n interafhanklikheid en interverantwoordelikheid tussen mens en mens. In Lukas 10:29 en verder sê Jesus vir die wetgeleerde en vir elkeen dat 'n mens se medemens eenvoudig elkeen is wat op jou lewenspad geplaas word. Die band wat daar tussen die mens en sy medemens ontstaan, is nie maar toevallig nie, maar dit is só deur God beplan, bepaal en bestuur. In hierdie gedeelte kom ook 'n verdere pragtige aksent na vore. Soos ons weet, is 'n man oorval deur 'n aantal rowers. Daar het 'n hele aantal gelowige mense op hierdie man afgekom, maar wyd om hom geloop. Hulle wou hulself nie met die man daar op die grond verontreinig nie. Toe het daar 'n Samaritaan verbygekom wat die man na die beste van sy vermoë gehelp het. Jesus het hierdie verhaal vertel na aanleiding van 'n wetgeleerde se vraag aan Hom: "Wie is my naaste?" In hier-

die verhaal gee die Here vir die wetgeleerde 'n antwoord, maar Hy keer die orde van die vraag om. Jesus sê per implikasie dat 'n mens nie moet vra "wie is my naaste?" nie, maar "wie se naaste is ek?" Die "ek" word uit die middelpunt gehaal en iemand anders word daar geplaas.

Omdat die mens 'n verantwoordelikheid het teenoor sy medemens, bestaan die gevaar dat die een mens die ander tot sy eie voordeel kan misbruik. Dit is weer eens belangrik om te onthou dat die lewe onaantasbaar is, en dat die een mens nie 'n ander mens se waardigheid mag aantast deur hom te misbruik en te misken nie.

Hiermee word die saak van die liefde weer (kortliks) aan die orde gestel. Matteus 22:39 sê vir ons dat 'n mens sy medemens moet liefhê soos homself. Die begrip liefde is in die Bybel nie maar net 'n bepaalde gesindheid nie, maar veral 'n daad van geregtigheid teenoor die naaste. Oor naasteliefde, wat veral ook vyandsliefde insluit, het Luther pragtige dinge geskryf. Goed beskou, sê hy, leef die Christen alleen vir die ander en nie vir homself nie. Niks moet voor die mens se oë staan nie behalwe wat die ander nodig het en vir hulle voordelig is. 'n Ware Christelike lewe is daar te vind waar die naaste onbaatsugtig en geheel vrywillig gedien word.⁸⁰⁾ Die mens vervul dus sy doel op aarde alleenlik as hy God en sy naaste liefhet en dien. Miga 6:8 illustreer dié gedagte treffend: "Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is. Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God." Levitikus 19:13-18 sluit ook mooi hierby aan:

13. Jy mag nie jou naaste uitbuit of hom beroof nie. Jy mag nie 'n dagloner se loon terughou tot die volgende dag nie.

14. Uit eerbied vir jou God mag jy nie 'n vloek of 'n hindernis lê in die pad van 'n blinde nie. Ek is die Here.
15. Jy mag nie onregverdig wees in die regspraak nie: jy mag nie partydig wees vir dié wat geen aansien het nie of die voor-aanstaande bevoordeel nie. Oordeel regverdig oor jou naaste.
16. Jy mag nie loop en skinder nie, jy mag nie jou medemens se lewe in gevaar stel nie. Ek is die Here.
17. Jy mag nie haatdraend wees teenoor jou volksgenoot nie: Maak die geskil openlik met hom uit, moenie wat hy verkeerd gedoen het, teen hom bly hou nie.
18. Jy mag nie wraak neem of 'n grief koester teenoor jou volksgenoot nie; jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here.

Die liefde laat die naaste tot sy reg kom, nie alleenlik deur net aan elkeen te gee wat hom toekom nie, maar deur hom te help om aan sy roeping en bestemming as mens te kan beantwoord. Liefde en geregtigheid, soos reeds gesê, is twee kante van dieselfde saak, net soos God se liefde, barmhartigheid en geregtigheid een is. Wanneer die naaste reg het op die mens se liefde, beteken dit dat hy reg het om deur die mens versorg, gehelp en beskerm te word, anders word daar teen God gesondig.

Wie nie sy naaste liefhet nie, kan ook nie vir God liefhê nie en sondig sodoende teen Hom.

Die bytende skerpste van die profetiese kritiek teen die sosiale onreg in Israel stel dit vir ons duidelik aan die lig. Die offers en die feeste wat oënskynlik as bewys moet dien vir Israel se ongeskonde verhouding met God, word in sy onwaaragtigheid aan die kaak gestel, wanneer die arme vertrap en die behoeftige weggestoot word in die poort. (Amos 5:11-24 en Jesaja 1:11-17) So kan Johannes ook uitroep: "As iemand sê: Ek het God lief - en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar." (1 Johannes 4:20) Daarom kan die Heidelbergse Kategismus die sondevervallendheid van die mens beskryf as 'n haat van God en van die naaste (vraag 5). (81)

Twee van die dade waardeur die medemenslike liefde gestalte vind, is onder andere vergifnis en barmhartigheid. Vergifnis is die mens se reaksie op die skuld van sy medemens - daarmee gee hy te kenne dat sy skuld nie meer bestaan nie en dat hy gewillig is om weer van voor af met sy medemens te begin. Dit is alleén moontlik omdat God in

Christus Jesus ons sonde vergeef - omrede God vergewensgesind is, raak dit op grond van sy genade vir ons as mense ook moontlik om in die geloof ons naaste te vergewe. In Matteus 18:21 het Petrus vir Jesus die volgende gevra: "Here, hoeveel keer moet ek my broer vergewe as hy iets verkeerd teen my doen? Selfs sewe keer?" In vers 22 antwoord Jesus hom: "Ek sê vir jou, nie sewe keer nie, maar selfs sewentig maal sewe keer." Om sewe keer te vergewe, sou as 'n prestasie beskou kon word, aangesien die Jode van daardie tyd geglo het dat God 'n sonde nie meer as drie keer vergewe nie. Maar Jesus wou vir die mense leer dat liefde nie in getalle bereken word nie. Daarom sê Hy dat 'n mens jou medemens selfs sewentig maal sewe keer moet vergewe wat dui op grenslose vergifnis (vergelyk Eksodus 34:7; Levitikus 17:11; Psalms 32, 51; Markus 2:7, 10, 11; Lukas 23:34; Johannes 1:29, 3:16; Romeine 3:26; 1 Petrus 2:24)

Barmhartigheid is die mens se reaksie op die nood van sy medemens. Daarmee verklaar hy dat sy medemens se nood sy nood geword het (hy plaas homself in die skoene van die ander persoon) en dat sy vermoëns, besittings, gawes en talente tot sy medemens se beskikking gestel word (vergelyk Romeine 12:20; Jakobus 2:15-17; 1 Johannes 3:18). In Markus 6:34 en verder lees ons hoe Jesus Christus self in dié verband vir ons 'n pragtige voorbeeld is. Hy het die vyf brode en die twee visse geneem, na die hemel opgekyk en die seën gevra. Daarna is die brode en visse onder die mense verdeel en so het Christus op uitnemende wyse in hulle behoeftes en nood voorsien (vergelyk ook Matteus 5:7, 18:33, 25:31-46; Lukas 10:37).

Liefde beteken dus dat die mens instem om sy medemens te help, nooit sy medemens te veroordeel of te na te kom nie, en sy medemens maar te

vergewe daar waar sy medemens hom te na kom. Oor die kwessie van vergifnis moet 'n mens egter baie versigtig wees. As persoon A aan persoon B 'n onreg aandoen, kan A nie maar bloot vir die verontregte B om vergifnis vra nie. A moet ook ware berou hê oor wat hy gedoen het en dit bely, anders kan hierdie beginsel maklik misbruik word. 1 Johannes 3:14 sê daar waar dié liefde teenwoordig is, word ware gemeenskap gestig.

Die mens het verder ook 'n reg om in die huwelik te tree. Die mens is mens op 'n tweeledige wyse, naamlik, op 'n manlike of vroulike wyse. Volgens Genesis 1 word die enigste strukturele verskeidenheid in alle intermenslike verhoudinge hierdeur aangedui.

Die man en vrou is deur God geskape met slegs 'n geslagtelike verskil. Dit beteken dat die man en vrou as mense gelyk in waarde voor God is, en dat hulle bedoel is om mekaar aan te vul en te help. In dié verband het Barth gesê dat die beeld van God net volledig voorkom in die eenwording van die twee geslagte.

Verder dui die aanwysing in Genesis 2:24 (sien ook Matteus 19:5,6) daarop dat die man sy vader en moeder sal verlaat om liggaamlik en geestelik met sy vrou verenig te word, op die aard en selfstandigheid van die huwelik as 'n afsonderlike lewensverband. Tog is die gemeenskap in al sy fasette by die huwelik betrokke in dié sin dat dit nie die wese daarvan raak nie, maar tog op die welwese daarvan gerig is. Ons merk dat die huwelik 'n gawe van God is en self deur Hom ingestel is, en dat dit juis daarom 'n sekere onaantasbaarheid besit. Die huwelik is 'n uitdrukking van God se wil en moet daarom versorg en beskerm word (Matteus 5:32, 19:9; Markus 10:11-13; Lukas 16:18;

1 Korintiërs 7:10). Du Toit sê hierdie beskerming moet juis as fundamenteel vir die mens beskou word, waarvan die enigste beperking die welsyn van die mens self is. Aangesien maatskaplike, politieke en sosiologiese faktore nie die welsyn van die mens binne die huwelik raak nie, mag geen huwelik op sulke gronde afgekeur word nie.⁸²⁾

Ons vind in die Skrif in Levitikus 18, Deuteronomium 29 en Eksodus 34 slegs twee gevalle waar die huwelik verbied word, naamlik die verbod wat berus op die verbode grade van bloedverwantskap, en dié tussen 'n gelowige en 'n ongelowige.

Onder die seënende hand van God het die man en die vrou ook binne die huwelik 'n bepaalde taak en opdrag ontvang, naamlik voortplanting (Genesis 1:28). Soos die huwelik, besit ook die kinders 'n onaantasbaarheid. Die erkenning van die regte van die kind as volwaardige mens binne ons mensbeskouing, is noodsaaklik (sien Regskommissie se aanbevole handves van menseregte (Bylae 11) en ook dié van die ANC (Bylae 12)).

Die relasie van die mens tot sy omgewing

In die relasie van die mens tot sy omgewing is dit belangrik om te onthou dat die mens en die wêreld op mekaar aangewys is, vir mekaar bedoel is en nie van mekaar geskei kan word nie. Heyns sê die mens is vir sy voortbestaan van die natuur afhanklik, en die natuur is vir sy bewerking van die mens afhanklik. Ons merk dus dat die mens in hierdie opsig self "skepper" is om deur middel van arbeid homself te onderhou.⁸³⁾ God het dit so gewil en het vir die mens in Genesis 2:15 'n mandaat hiertoe gegee. Die fisiese, verstandelike en psigiese samestelling van die mens getuig van sy arbeidsgerigtheid.

Die mens is toegerus om Genesis 2:15 waar te maak en sodoende sin aan sy menswees (bestaan) te verleen.

Die sondeval het egter meegebring dat arbeid nou nie meer bloot in die kultuuroopdrag gefundeer word nie, maar volgens Genesis 3:17-19 het dit ontaard tot 'n moeisame stryd met die gevalle natuur.

Hieronder volg kortliks 'n aantal riglyne ten opsigte van arbeid, soos dit in die Skrif aangetref word.

- Arbeid is 'n noodsaaklikheid. Dit kom duidelik na vore in die vierde, agste en tiende gebod. Veral die Sabbatsgebod impliseer 'n noodwendige arbeidsstelsel.
- Dit is gerig op loon. Genesis 3:19 sê: "Net deur harde werk sal jy kan eet."
- Natuurlik moet daar die regte balans tussen arbeid en loon wees. Daar mag nie onderbetaling en onderprestasie wees nie. Dit versteur verhoudings en veroorsaak inflasie en devaluasie. Elke mens is geregtig op gelyke werkseleenthede en om op gelyke basis mee te ding om poste op grond van toepaslike kwalifikasies, op gelyke besoldiging vir gelyke werk en op regverdige en gunstige vergoeding wat hom en sy familie in staat stel om 'n waardige bestaan te voer. Die agste en tiende gebod, Matteus 25:14-30, 1 Timoteus 5:18, Efesiërs 4:28 en Jakobus 5:4 fundeer dié gedagtes. Die mens het ook die reg op menswaardige behandeling in werksverband - Efesiërs 6: 5 - 9. Vers 9 maak die vorige verse van toepassing op werkgewers: "En eienaar, behandel julle slawe met dieselfde gesindheid. Hou op om hulle te dreig. Dink daaraan dat die

Here in die hemel hulle Here en ook julle Here is, en Hy trek niemand voor nie." In die konteks van menseregte is die swakkeres - die werknemers - se regte binne werksverband dus belangrik.

- Arbeid is ook 'n Goddelike roeping. Efesiërs 6:5 sê: "Slawe, wees gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde, doen dit met eerbied en ontsag ... asof dit vir Christus is." Efesiërs 6:6 sê: "Werk soos slawe van Christus wat van harte die wil van God doen" en Efesiërs 6:7: "Al is julle slawe, doen julle werk met lus soos vir die Here en nie vir mense nie." Vir die gelowige eienaar en slaaf word elke lewensverhouding 'n verhouding met Christus. Ook alle dienswerk is dienswerk aan Christus. As die slaaf in sy eienaar die Here sien, is daar nie sprake van die soek na guns van mense nie, maar dan gaan dit eerder om die wil van God. Die eienaars moet ook nie die lewe van hulle slawe moeilik maak nie, want Christus behandel eienaar en slaaf gelyk.⁸⁴⁾
- Arbeid staan in die konteks van deugdelikheid. Dit impliseer arbeidsaamheid, getrouheid, vlytigheid, verantwoordelikheid, barmhartigheid, mededeelsaamheid, regverdigheid, billikheid en naasteliefde (sien verwysing 85).

'n Belangrike aspek in die verhouding van die mens tot sy omgewing wat met die arbeidsgedagte saamhang, is die reg om eiendom te besit. Dit word deur arbeid verwerf (1 Korintiërs 9:9-11), dit kan oorgeërf word (Deuteronomium 21:16 en Spreuke 19:14) en dit geskied op die basis van verantwoordelike rentmeesterskap (Lukas 12:42; 1 Korintiërs 4:1,2).

Levitikus 25:23, Psalm 24, Josua 9:3 en Job 22:19 sê dat dit nood-

saaklik is om te onthou dat God die absolute Eienaar van alle eiendom is. Maar omdat die mens na die beeld van God geskape is, kan hy ook op 'n relatiewe wyse eienaar word (1 Kronieke 29:11,14). Dit mag net nie 'n afgod van die mens word nie. 'n Mens moet altyd die Gewer van die eiendom raaksien, onthou en eer (Spreuke 3:9).

Eiendom (veral grond) is die middele wat die mens tot basiese lewensonderhoud in staat stel. Daar waar dit as gevolg van 'n onregverdigte bestel ontbreek, word die aandag van die kerk gevra.

Dit is belangrik dat die mens ander mense se eiendom sal beskerm en dat hy al sy verpligtinge teenoor ander mense sal nakom. Die mens self moet sy eie besittings op 'n verantwoordelike wyse bestee en so ver as moontlik hulp aan armes en minderbevoorregtes verskaf. Efesiërs 4:28 beklemtoon die gedagte: "As iemand 'n dief is, moet hy ophou steel; hy moet deur harde werk op 'n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien; dan sal hy iets hê om vir die armes te gee."

'n Besinning oor eiendom bring ook die gedagtes van armoede en rykdom na vore.

Armoede dateer reeds uit die vroegste jare, soos blyk uit Deuteronomium 15:11 en uit Christus se uitspraak in Matteus 26:11 dat die armes altyd by ons as mense sal wees. Hierdeur wil die Here aan mense die deug leer om vrygewigheid te beoefen teenoor elkeen wat arm en in nood is.

Die etiese en humanistiese aksente van die wet van Moses is van belang vir die ekonomies arm mens. Eksodus 23:11, Levitikus 14:21 en

19:10 beklemtoon dat daar op besondere wyse na die armes omgesien moet word. Dit lyk asof die gedagte van armes 'n wye betekenis het - dit kan weduwees, weeskinders en vreemdelinge insluit. Omrede die armes ekonomies kwesbaar is en nie altyd verweer het teen hulle wat ekonomies sterk is nie, moet die armes op verskeie maniere beskerm word omdat God geregtigheid verwag en nie uitbuiting nie (Eksodus 22: 21 - 22; 25 - 27; 23: 6, Deuteronomium 10: 17 - 19, Psalm 146:9 en Jesaja 9:17). Tog waarsku Levitikus 19:15 dat 'n mens nie sonder meer op partydige wyse vir die arm mens moet kies bloot omdat hy sonder aansien is nie. 'n Mens moet regverdig oordeel sonder aansien des persoons.

In 1 Samuel 2:7 toon die lied van Hanna dat armoede en rykdom van God afkomstig is. Dit beteken egter nie, soos die mense vroeër gedink het, dat armoede 'n loutering of straf van God is nie. Dit is eerder 'n ekonomiese realiteit van die lewe wat so deur God beskik word.

Omrede die armes maar altyd 'n teiken vir uitbuiting was (Psalm 10:2 en verder), het hulle tot God geroep (Psalm 34:6) en was Hy altyd bereid om volgens sy wil in hulle behoeftes te voorsien (Psalm 68:10). Onderdrukking van die armes word dwarsdeur die Skrif afgewys (Psalm 72:14, Jesaja 3:15, Amos 2:6, ensovoorts), terwyl seën op diegene rus wat omsien na die armes en in hul behoeftes voorsien (Psalm 41:1 en Spreuke 14:21).

Rykdom word in die Skrif gesien as 'n buitengewone seën en gawe wat God aan die mens gee. In Genesis 14:19-23 erken Abram teenoor Melgisedek dat alle rykdom van God afkomstig is. Rykdom moet op 'n baie verantwoordelike wyse besit, bestee en hanteer word. Daar moet

met ander woorde gewaak word teen die gevare wat met rykdom gepaard gaan, naamlik ongeregtigheid. 'n Obsessie met rykdom kan die mens baie selfsugtig maak en veroorsaak dat hy na meer en meer rykdom streef, selfs ten koste van ander mense. Dit kan daartoe lei dat die mens sy naaste te kort doen. Regverdige wins is aanvaarbaar op grond van die Skrif (vergelyk Jesaja 23:17,18 en Lukas 19:11-27), maar onregverdige wins, (vergelyk Jesaja 33:15 en Titus 1:7) soos onder andere woekerwinste, wat verkry word deur die uitbuiting van mense, is oneties.

Die verdeling van welvaart verdien ook in dié verband vermelding. Rut 2, waar Rut en die werkers die geleentheid gegee word om agter die snyers aan te loop en graangerwe op te tel, en Deuteronomium 24:17 - 22, waar opdrag gegee word om die vergete gerf op die land te laat en die olywe en druiwe wat na die oes oor was vir die vreemdeling, weeskind en/of weduwee te los, fundeer hierdie gedagte (sien ook Levitikus 25 wat handel oor die vryskelding van skuld en die verkoop van familiegrond en die teruggawe daarvan in die Jubeljaar). Hier volg 'n paar teologiese perspektiewe wat in verband met welvaartsverdeling in gedagte gehou moet word.

- Alle gawes en rykdom moet aangewend word tot eer van God en sy koninkryk.
- Die liefdesgebod moet altyd voorop staan.
- Levitikus 19, Deuteronomium 23 en Matteus 25 sê dat barmhartigheid aan diegene in nood bewys moet word. In Levitikus gaan dit oor die armes en vreemdelinge wat gewoonlik geen grond besit het nie en daarom nie vir hulleself kon saai en oes nie. Hulle het nie

dieselfde regte as 'n volle landsburger gehad nie en daarom moes die Israeliete God se sorg vir sulke mense by die oes laat blyk. In Deuteronomium 23 word Israel geleer om in hulle maatskaplike en godsdienstige reëlings aan God gehoorsaam te wees en aan hulle medemens barmhartig. In Matteus 25 kom Jesus se afskeidsrede aan die orde. In verse 31 - 46 lê Hy besondere klem op die liefdesgebod en om op volgehoue wyse God se wil te doen. Dit is 'n tema wat dwarsdeur Matteus voorkom en met hierdie laaste rede oor die oordeel wil Christus finaal die belangrikheid en noodsaaklikheid van naasteliefde bevestig.

- Voorsorg moet getref word (dit sluit die voorkoming van armoede in) - vergelyk Sabbatsjaar, Jubeljaar en kollektes in Jerusalem (vergeelyk 1 Korinthiërs 16:2 en Romeine 15:26 en verder).
- Daar moet altyd onthou word dat dit op die ou end móét gaan om die fundamentele eenheid van die mens. Dit moet 'n gesonde gesinslewe, sosio-ekonomiese lewe en godsdiens kan waarborg.

In die lig van bogenoemde perspektiewe word nie noodwendig universele gelykheid of verdeling van besit bedoel nie. Dit beteken egter wel dat basiese lewensonderhoud vir almal beskikbaar gestel word en dat elkeen die moontlikheid gegun sal word om met innovasie hoër te styg. Dit word bepaal deur die beginsel van gelykheid in waarde van alle mense voor God.

Ten opsigte van die verhouding waarin die mens tot sy omgewing staan, sê Heyns, is dit ook noodsaaklik om te kyk na sy verhouding tot die verskillende strukture wat in die omgewing voorkom. Hiermee word die verhouding tussen 'n persoon en 'n instelling of organisasie bedoel

wat sodanig van aard is dat dit vormgewend op die mens se lewe inwerk.

So is daar sprake van die huwelik- en gesinstruktuur soos dit in Efesiërs 5:22 aangetref word, die arbeidstruktuur (Eksodus 20:10) en arbeidsverhoudinge soos aangetref in Matteus 20:8, die verbondstruktuur en die verpligtinge wat daarmee gepaard gaan (Genesis 17:7, 10) en die staatstruktuur met sy wetgewing waarvan ons in Romeine 13 lees. In Efesiërs 6:12 sê Paulus egter dat die mens buiten hierdie strukturele verhoudinge ook in 'n stryd met die bose strukture verkeer. Juis hierom roep hy dan ook die mens op om die volle wapenrusting van God op te neem.⁸⁶⁾

Dan is daar ook die strukture wat deur die mens self geskep is, waarmee God nie tevrede is nie. Matteus 15:9 verduidelik dit so: "Dit help niks dat hulle My probeer dien deur leerstellings van mense as gebooie van God voor te hou nie."

Ons sien dus dat die mens intens betrokke is by 'n verskeidenheid van strukture in sy omgewing. In sy optrede teenoor hierdie strukture moet die mens God vergestalt.

In die verhouding waarin die mens tot sy totale omgewing staan, is dit belangrik om ook te meld dat daar ten opsigte van elke mensereg ook bepaalde pligte soos verantwoordelikheid, ontferming en dankbaarheid is. Daar waar regte en pligte korrek funksioneer, tree die mens na die beeld van God op.

Die mens in sy totaliteit

Na die voorafgaande bespreking word daar ten slotte by die volgende

twee gedagtes stilgestaan. Eerstens word die aandag gevestig op die totaliteit van die mens in sy volle bestaan en daarom die onverdeelbaarheid van sy regte. Die mens leef altyd in 'n onverdeelbare volheid en totaliteit van sy bestaan voor God en die wêreld. Berkouwer skryf in hierdie verband: "In het beeld Gods gaat het om de ganze mens, om zijn plaats in deze wereld en om zijn toekomst, om zijn gelijkenis in zijn kindschap, om het kind - zijn van deze Vader in de hemelen."⁸⁷⁾ Binne die teologie is daar die Tien Gebooie wat probeer om die totaliteit en die eenheid van die mens te bewaar. Die wet is 'n eksplisiete aanduiding van die struktuurmoontlikhede en bestemming van die mens in sy totaliteit.⁸⁸⁾

In dié verband oordeel Heyns dat die God wat Israel uit die slawehuis gelei het, alleen die mens uit die sonde van sy hart kan uitlei. Die mens wie se hart só nuut gemaak is, sal God en sy naaste dien en uit dankbare liefde tot eer van God en sy medemens leef. Hy sal nie aan aardse beelde of gode vashou nie, maar hy sal as beelddraer van God met die Goddelike beeld wil identifiseer. So sal hy die Naam van God ken en aanroep en sodoende iets van sy groot almag en heerskappy te wete kom - hy sal ook sy naaste hierdeur beter leer ken, want God is die Bron van alle lewe. Nie net sal die mens vir God en sy naaste liefhê nie, maar ook die ganse skepping sal sy verantwoordelikheid wees. Hy sal reg laat geskied aan die Goddelike arbeidsritme van ses dae werk en die sewende dag rus. In die lig van hierdie struktuurmoontlikhede (op grond van die eerste tafel) sal die mens nou besef dat hy Christus vir sy ganse lewe nodig het, want alleen só sal hy in sy totale lewe gestalte gee aan die koninkryk van God hier op aarde. Hy sal besef dat hy Christus nie net op Sondag nodig het nie, maar ook op Maandag en Vrydag vir sy werk, in sy verhoudings tot sy huwelik, ouer(s), kind(ers), skool, kerk,

staat, eiendom, ensovoorts, omrede elke mens deel van God se huis-houding op aarde is. Deur middel van arbeid sal hy die ou wêreld volgens die Goddelike waarheid probeer omvorm, met sy oë op die nuwe hemel en die nuwe aarde gevestig. Só sal die mens se hart al meer deur die Gees vernuwe word en sal sy begeerte(s) nie wêrelds wees nie, maar gehoorsaamheid aan die wet van God (tweede tafel). So skep God nie net vir die mens moontlikhede nie, maar beveel Hy die mens om in sy totaliteit op 'n ordelike wyse hierbinne te leef - alleen dan is sy lewe sinvol en is hy op pad na God se bestemming vir hom.⁸⁹⁾

Die mens gerig op die toekoms

Die tweede en laaste gedagte is die feit dat die mens se bestaan op die toekoms gerig is. Menswees beteken "op-weg-wees". Hierdie toekoms waarheen die mens op weg is, het volgens Heyns met die volheid te make, die volheid van menswees wat dan eers waarlik kenbaar sal wees. Die toekoms is wel onbekend, maar dit behoort aan God (Hy het reeds die pad gestap) en juis daarom waarborg God die mens dat die toekoms geen bedreiging vir hom hoof te beteken nie, maar dat dit juis die oorspronklike bedoeling en bestemming bevat wat God in gedagte gehad het ten opsigte van die volledige mens wat op pad is na God.⁹⁰⁾

Samevattend word net gemeld dat alle mense gelyk in waarde voor God is, as gelyk beskou moet word deur die mens en dat elkeen God se beeld moet dra in sy verhouding tot homself, tot sy naaste en tot sy omgewing. Hierdie waarde wat die mens besit, kom nie uit homself nie, maar hy ontvang dit wanneer God met hom in verbinding tree. Die mens kan hierdie beeld van God in sy lewe nie verloor nie, want selfs ná die sondeval het God in verhouding met die mens gebly.

3.3 Die vryheid van die mens

Die begrip vryheid kan op 'n verskeidenheid van terreine gebruik word, soos byvoorbeeld op psigologiese, etiese, religieuse en politiese vlak. Die betekenis daarvan varieer uiteraard na gelang van die samehang waarin dit voorkom, maar ten spyte van die verskille, is daar tog iets gemeenskapliks.

3.3.1 Historiese lyne

In die vroeë denke is vryheid negatief gedefinieer in terme van dwang. Dwang is altyd gesien as iets wat inbreuk maak op 'n mens se vryheid. Met ander woorde, hoe meer dwang, hoe minder vryheid. Volgens die ouer denkrigtings hou die meer positiewe betekenis van vryheid altyd iets selfbepalends in. Juis hieroor was vryheid vir hulle iets wat tot die mens behoort het. Volgens dié denke het vryheid nie in die natuur voorgekom nie. Volgens hulle geld vryheid daarom net vir die mens, want hy kan nie maar net van buite regeer word nie, maar is self in staat om te bepaal wat hy wil of nie wil nie. Die mens kan dus self van "binne" af bepaal wat vryheid is. Dit is dan ook die sogenaamde "kiesvryheid" genoem, waarin dit gegaan het om die vrye doen of nie doen nie van iets. Hierdie vryheid het op sigself egter nog geen inhoud gehad nie, maar slegs 'n formele karakter.⁹¹⁾

Daar is gesê dat die ware of egte vryheid altyd 'n materiële karakter het. Hiermee is bedoel dat 'n mens nie alleen van 'n vryheid "van" moet praat nie, maar ook van 'n vryheid "tot". Voorts is daar ook gesê dat vryheid op 'n bepaalde waarde gerig is. In die lig hiervan het die gedagte ontstaan dat 'n mens alleen vry kan wees as die waarde waarop die mens se vryheid gerig is, behoort het tot die ware menswees van die bepaalde individu.⁹²⁾

Die humaniste het gepraat van die outonome menslike vryheid. Hulle het gesê dat die mens alleen aan die wet van sy eie rede gebonde is en dat daar niks buite die mens is wat hom bind nie.⁹³⁾

Daar was 'n tyd toe hierdie outonome vryheid die hoogste ideaal vir die mens was. Dit was veral van toepassing tydens die Renaissance-tydperk en in die periode van die Verligting. Ook Kant het hierby aansluiting gevind. Hulle het onomwonde gesê dat die mens binne die vryheid nie langer gebonde is aan byvoorbeeld die gesag van die kerk nie. Die mens was op sigself mondig en kan sy eie besluite neem.

Meer onlangs het die mense al meer begin besef dat sodanige vryheid eintlik tot vereensaming van die mens kan lei. Fromm het in dié verband gesê dat die mens homself nie meer kan liefhê nie, wat nog te sê van ander. Hy het gesê in plaas daarvan dat die mens vry word, word hy eerder eensaam.⁹⁴⁾ Sartre het hieroor gesê dat die mens tot vryheid gedoem is. Vir hom was die vryheid van die mens in bogenoemde sin 'n noodlot.⁹⁵⁾

Hier moet ook net gekyk word na die meer bekende denkrigtings van ons tyd oor vryheid.

Daar is reeds verwys na die vroeëre humanistiese vryheidsbeskouing, maar nou gaan daar gekyk word na dié denkrigting se meer moderne beskouing oor vryheid. Prinsipiëel is daar geen verskil nie. Daar word gesê dat die mens danksy sy geestelike toerusting ten diepste 'n skeppende wese is. Hy ontdek nie enige sin en betekenis in die wêreld rondom hom nie, maar hy ken dit aan die wêreld toe. Hy is eintlik die enigste sindraer en as sodanig beslis/kies hy en so handel hy in vryheid. Slegs hy wat lewe in ooreenstemming met die

beginsel van sy innerlike oortuiging en insig, is vry. Dit is juis hierdie besondere waardigheid van die mens wat ook sy regte bepaal - onvervreembare regte wat onder geen omstandighede geskend mag word nie.⁹⁶⁾

Die eksistensialisme sê dat daar geen vooraf vasgestelde plan of ontwerp vir die lewe bestaan nie. Al handelend moet die mens sy eie lewe ontwerp en van inhoud voorsien. Wie dus handel en kies, is vry, maar wie nie handel en gevolglik nie kies nie, is nie vry nie.⁹⁷⁾ In dié verband het Sartre egter gesê om nie te kies nie is ook 'n keuse, maar dit is 'n keuse vir die status quo. Hy wou met ander woorde sê dat 'n mens, al handel en kies hy nie, tog vry kan wees na gelang van die status quo.

Volgens Heyns is die ooreenstemming en verskil tussen die humanistiese en eksistensialistiese sienings van die menslike vryheid baie interessant. Die ooreenstemming lê daarin dat die mens in albei denkrigtings die middelpunt is. Die verskil is dat die humanisme die menslike lewe as reeds "gevol" sien, terwyl die eksistensialisme van die "leë mens" praat wat deur die mens self met inhoud gevul moet word. Die eksistensialisme is daarom eintlik 'n bepaalde vorm van humanistiese denke.⁹⁸⁾

Daar is tog 'n ooreenkoms tussen hierdie buite-Bybelse humanistiese denkwysse en die Christelike humanisme. Laasgenoemde denkrigting glo ook in die potensiaal van die menslike intellek, en wil deur middel van opvoeding, institusionele maar ook morele verbetering in die samelewing daarstel.

'n Ander belangrike denkrigting wat hierby aansluit is die liberalis-

tiese vryheidsbeskouing. Die liberalisme is eintlik 'n uitloper van die humanisme. Hierin gaan dit primêr om die vryheid van die individuele mens. Hulle sien vryheid as deel van die basiese menseregte waaroor die mens beskik, en vryheid is volgens hulle vryheid van keuse. Waar die moontlikheid van keuse ontbreek, ontbreek ook vryheid, en moet daar gevolglik protes aangeteken word. Vryheid en gesag wat in die mens self gesetel is, word hier met mekaar verbind.⁹⁹⁾

Dit is interessant om daarop te let dat in die Europese denke die liberalisme soms negatiewe konnotasies het - dit behels onder andere die gedagte van losbandigheid. In spesifiek die Engelse (Anglo-Saksiese) denke is die gedagte meer een van vryheid en in die etiek is dit die teenoorgestelde van wettisisme. In die politiek het dit te doen met ordelike verandering waar tradisionele voorregte verdwyn en moontlikhede vir vooruitgang aan meer en meer mense beskikbaar gestel word.

Met hierdie historiese oorsig in gedagte, word daar nou gekyk na wat die Woord van God oor die inhoud van hierdie begrip sê.

3.3.2 Bybelse beskouing

Die Skrif verduidelik 'n heel besondere soort vryheidsbegrip. Dit is egter nooit absoluut nie omdat die mens hom nou eenmaal nie kan losmaak van die verhouding waarin hy staan nie, naamlik God-mens-medemens. In dié verband sê Berkouwer juis dat die Skrif daarom nie oor vryheid praat as 'n neutrale wilsvryheid of as 'n soort formele vryheid van die mens om te doen wat hy wil nie, maar as die vryheid om met God te wandel en sy wil te doen - dit is die enigste ware vryheid.¹⁰⁰⁾ Binne hierdie verhouding waarin die mens staan, gee God vir elke mens sekere lewensmoontlikhede en verwag God van die mens

h waarmaking van hierdie moontlikhede.

Die mens moet in die realisering van die moontlikhede sekere keuses doen. Hy moet voortdurend keuses van een of ander aard maak; keuses waartoe hy geroep word.

In Genesis 3:5 lees ons dat vryheid juis "kennis" is in die sin van keuse: "Maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken." In dié verband sien ons dat die mens (Adam en Eva in dié geval) met ander woorde self moet besluit wat goed en kwaad is. Volgens Berkouwer maak God dus nie h keuse namens die mens nie, maar die mens het die verantwoordelikheid om self h keuse te maak.¹⁰¹⁾ Vryheid het met ander woorde vir die mens die reg geword om te kan kies. Buri en Pannenbergh lê ook groot klem op hierdie oordeels- of beslissingsvryheid van die mens. Juis in hierdie soort vryheid wat die mens het, is hy beeld van God.¹⁰²⁾

Die Nuwe Testament sê ook vir ons dat vryheid eintlik die resultaat is van die korrekte keuse. Elke keuse is dus uiters belangrik omdat alles wat die mens doen wat op hierdie keuses van hom berus, h onmiddellike effek het op beide verhoudings waarin hy staan, naamlik dié tot God en dié tot sy medemens.

Juis hierom moet h mens se keuse binne die waarheid geskied. Indien h mens se keuse binne die waarheid geskied, kies hy in ooreenstemming met God se roeping vir hom as mens. Dan is die mens waarlik vry! As hy in sy verhouding tot God kies om Hom te aanbid, as hy in liefde sy naaste dien, as hy homself en sy gawes aanvaar en ontwikkel, as hy oor die aarde heers, dan het hy gekies om te wees wat God hom wil laat wees, dan gee hy gestalte aan Gods orde vir sy koninkryk, dan is sy dae h kreatuurlike afglans van die Goddelike vryheid. (103)

h Verdere belangrike aspek in verband met die begrip vryheid is die

feit dat God se moontlikhede vir die mens nie vanselfsprekend tot hul reg kom nie. Die rede hiervoor is dat die mens geweier het om dit te aanvaar op grond van sy totale verdorwenheid (*corruptio totalis*). Die mens het universeel die goddelike moontlikhede vir hom verwerp en volgens Luther en Calvyn het die menslike vryheid só verlore gegaan (vergelyk die volgende Skrifuitsprake oor die radikaliteit van die sonde: Genesis 6; Psalm 14:2 - 3; Matteus 7:11; Lukas 5:8, 24:7; Romeine 1:18 - 24, 2:5, 3:19 - 20; Efesiërs 2:1 - 5; Jakobus 1:15).

Maar ten spyte daarvan dat die mens totaal en al verdorwe is en vanweë die sonde alle goddelike moontlikhede vir hom verwerp het, handhaaf God die mens tog steeds as goeie skepping, aldus Luther en Calvyn. God handhaaf die mens met betrekking tot al sy moontlikhede. As gevolg hiervan kan elke mens op grond van God se genade vir hom, ten spyte van die sonde in sy lewe, en die feit dat daar niks goeds in hom oorgebly het nie en hy op grond hiervan totaal vervreemd geraak het van God, tog waarlik vry wees. Hier is dit interessant om te meld dat Berkouwer se siening hieroor van dié van die meeste Protestantse teoloë verskil. Hy sê dat die mens as gevolg van sy verdorwenheid die beeld van God in hom totaal verloor het. Hy laat vaar die siening van die onderskeiding tussen die beeld van God in 'n ruimere en 'n engere sin. Hy verskil in dié opsig ook van Brunner, Thielicke en Barth. Brunner onderskei tussen die formele en materiële beeld in die mens, terwyl Thielicke praat van die positiewe en die negatiewe kante van die beeld van God in die mens. Volgens Barth moet die begrip van die mens as beeld van God in suiwer relasionele terme verstaan word, aangesien die mens in 'n verskeidenheid van verhoudings bestaan, waarin die "ek" en "jy" van mekaar geskei is en tog ten nouste saamhang. Só gesien, kan die

beeld van God nie deur die sonde vernietig word nie. Andersyds is die beeld van God die openheid vir die ontmoeting met God, en in dié lig gesien, het die mens wel die beeld verloor. Maar dit is tog belangrik dat Barth in albei betekenisnuanseringe van die mens as beeld van God dit vanuit 'n formele oogpunt sien, waarvan sy aanleg, eienskappe en verdienste uitgesluit is. Die beeld van God kan volgens hom nie as gevolg van die sonde in die mens verlore gaan nie, want dan sou die mens ophou mens wees. Dit is belangrik om daarop te let dat Berkouwer verder gaan en dié verskille probeer ondervang deur te sê dat die mens wel die beeld van God deur die sonde verloor het, maar dat God die mens nog steeds as mens handhaaf. Die verskil tussen Berkouwer en sy voorgangers lê juis in die feit dat die mens méns gebly het en dat die lewe kan voortgaan, nie op grond van 'n stukkie oorgeblewe beeld van God as 'n menslike kwaliteit nie, maar op grond van God se genadige handhawing van die mens as mens. Berkouwer wil egter saam met bogenoemde drie Protestantse teoloë stem deur te sê dat die mens ten spyte van die sonde tog waarlik vry kan wees, nie op grond van menslike pogings en verdienste nie, maar alleen op grond van God se genade.¹⁰⁴⁾ Romeine 3:23 en 24 sê: "Almal het gesondig en is ver van God af, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus."

God het dus 'n dubbele reg op die mens, want Hyself skep (Genesis 1:26 en verder) en herskep (Lukas 19:10, Handeling 15:11, Galasiërs 5, ensovoorts) die mens. 1 Johannes 4:10 sê vir ons dat daar dus versoening tussen God en die mens plaasvind en dit is sentraal in die bespreking rakende vryheid en menseregte. Hierdie versoening het ook 'n konkrete inhoud. Waar die sonde die verbreking is van relasies (tot God, die naaste, die natuur), is die regverdiging op

grond van die genade in Christus volgens Romeine 5 en 6 gerig op die herstel van dié verhoudings. Verder gaan dit volgens Du Toit daarom of die mens in 'n gees van versoening met sy naaste kan leef. God sien elke mens as mens en dit is ook ons plig om elke mens as mens te sien. Dit sal natuurlik offers en diens vra, soms ook stryd en lyding, maar in elk geval altyd geloof, hoop en liefde. Dit is die roeping van Christene om menseregte in 'n gees van versoening en liefde, wat op God se versoeningswerk berus, te bevorder en juis daarom moet dit altyd die hoogste prioriteit geniet, ook wanneer ingrypende veranderinge soms noodsaaklik is.¹⁰⁵⁾ Daar kan alleen in sulke gevalle waarlik sprake van vryheid wees. Die mens het dus 'n dubbele verantwoordelikheid, naamlik teenoor God en teenoor die medemens. Die mens is slegs vry as hy dié dubbele verantwoordelikheid nakom.

Ons merk dat die Bybel anders oor die inhoud van vryheid dink as die vroeëre denke. In die Bybel staan daar dat die mens religieus bepaal word, soos ons reeds vroeër opgemerk het. Die mens se vryheid lê juis in sy verbinding met God. Volgens die Bybel en ook in die woorde van Berkouwer, is die mens vry in soverre hy homself tot beskikking van God stel. Berkouwer sê volgens die Skrif is dit nie die geval dat die mens se vryheid minder word namate Gods handeling oppermagtiger in sy lewe ingryp nie. Inteendeel, die mens deel al meer in die vryheid namate die gemeenskap met God die mens se lewe dieper vul, aldus Berkouwer. Dié vryheid is nie vryheid "los van" iets of bindinge nie, maar 'n vryheid vir God en juis daarin lê die egte menslike vryheid.¹⁰⁶⁾

Uit die gedagte dat die mens homself tot God se beskikking moet stel, vloei 'n verdere gedagte: die mens moet hom onderwerp aan God se wet,

naamlik die liefde vir God en vir die naaste. Vryheid en die wet mag binne die Christelike siening daarvan nie beteken dat dit in teenstelling met mekaar staan nie. Die Bybel sê wel vir ons dat dit die geval sou wees as die mens die wet sou losmaak van God en dan langs die weg van die wet sy geregtigheid voor God sou probeer verdien, soos die Jode en die Fariseërs byvoorbeeld gemaak het. Só sou die mens dan 'n slaaf van die sonde word en nie meer waarlik vry wees nie. Vir 'n beter begrip in dié verband van die Bybelse vryheidsbeskouing, is die inhoud en die agtergrond van die brief aan die Galasiërs noodsaaklik. Hierin bedoel Paulus met vryheid nie dat die mens verlos of vrygemaak kan word deur die wet te onderhou nie, maar slegs deur die geloof in Christus Jesus.

In hierdie brief beskryf Paulus die voor-Christelike lewenstyl as 'n vorm van slawerny. In dié tyd, sou die mense nog nie vir God geken het nie, was hulle volgens Galasiërs 4:8 slawe van niksword afgode. In vers 9 van hierdie hoofstuk sê Paulus dat selfs nadat hulle vir God leer ken het, het sommige van hulle steeds teruggeval na hierdie minderwaardige en armsalige wettiese godsdienstige reëls en het hulle sodoende slawe daarvan geword. Vryheid vir Paulus is nie inperking nie, maar juis die teenoorgestelde daarvan. In dié verband dink 'n mens aan teenswoordige nasionale, politieke en etniese strukture en lojaliteite en wonder jy of baie van ons Christen-mense regtig vryer is as die heidene waarvan ons in Galasiërs lees. Die Galasiërs, voordat die tyd van die geloof in Christus aangebreek het, was net soos die Jode van die Ou Testament volgens hoofstuk 3:23 van hierdie brief, deur die wet gevange gehou. Die wet het toesig oor hulle gehou en hulle ganse lewe bepaal. Paulus oordeel skerp oor die mag van hierdie wet en sê dat die vryheid in Christus dit juis kom breek het - hierdie wet wat nie net mense van mekaar vervreem het nie, maar

ook mense van God verwyder het.

Volgens Breytenbach het daar 'n probleem in die Galasiër-gemeentes ontstaan. Die Christene van daardie eerste gemeentes was afkomstig uit die Jodendom met hulle wettisisme. Die probleemvraag wat ontstaan het, was of die evangelie ook aan nie-Jode en Grieke verkondig kon word. En as diesulkes tot bekering sou kom, moes hulle dan die Joodse lewenstyl aanneem en navolg? Volgens Galasiërs 2:1 - 10 word besluit dat nie-Jode wat vir Christus aanneem, nie volgens die reinigingswette van die Jode hoef te geleef het nie. Dit was 'n uiters belangrike besluit, want nou kon elkeen wat vir God aanneem, deel word van die liggaam van Christus sonder om onder die mag van die Joodse wette te staan - wettisisme was dus nie 'n voorwaarde vir vryheid in Christus nie. En as hierdie oorspronklike Christene dan nie gebind was tot religieuse en kulturele bande nie, dan moet dit nog steeds vandag geld!¹⁰⁷⁾

Volgens Paulus kan 'n mens dus alleen vry word deur die kruisdood van Jesus (Galasiërs 4:4 - 7). Alleen dit kan 'n mens loskoop van die mag van die wet en jou 'n erfgenaam van God maak. So word mense wat slawe was, broers en susters van mekaar en kinders van God. So word ons vernuwe ongeag of ons Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is: ons word almal een in Christus (Galasiërs 3:28).

It seems that - at least for Paul - "Christian" and "national" are mutually exclusive. The identity of the Christian community is determined by the Spirit, and all Christians, regardless of their nationality, received the same Spirit. The majority of the churches within the national states which emerged from the 19th Century Europe, where the freedom of citizens is conceived within the boundaries of national identity, have failed to grasp the depth of Paul's thought. If the identity of all Christians is founded by the one God who recreated all of them through one Spirit, dare they infringe the rights and freedom of each other? Should they not strive to establish their common freedom and rights beyond national boundaries? I do not even want to mention South

Africa!(108)

Dit is alleen moontlik as ons mekaar liefhet soos God in Christus ons liefhet. Dan sal ons mekaar nie byt en verskeur nie (Galasiërs 5:13 - 15), maar eerder in vrede en in versoening met mekaar saamleef. So sal die inhoud van die begrip vryheid in Christus in die wyer sosio-politieke konteks onder andere betekenis kry van persoonlike vryheid, nie-onderwerping aan gedwonge arbeid en ekonomiese gelykheid (sien verwysing 109).

Om saam te vat, merk ons dat die Woord van God nie oor vryheid praat as 'n neutrale wilsvryheid of as 'n soort formele vryheid van die mens om te doen wat hy wil nie, maar van 'n vryheid om met God te wandel en sy wil te doen - dit is inderdaad die enigste ware vryheid.

Binne hierdie vryheid het die mens nog steeds die verantwoordelikheid om sekere keuses te doen. Vryheid het juis vir die mens die reg geword om te kan kies en hierin is hy beeld van God. Volgens die Nuwe Testament is ware vryheid dan eintlik die resultaat van die korrekte keuse. Hierdie keuse moet egter altyd in die waarheid geskied - Johannes 8:32.

Ons sien dus, alhoewel die begrip "menseregte" vreemd is aan die Bybel, dit tog in 'n baie noue verband staan met die inhoud van bogenoemde drie Bybelse kernbegrippe.

VERWYSINGS: HOOFSTUK 3

1. J.J. de Jager. 1981. Menseregte: 'n Prinsipieel-etiese studie, (Lisensiaat-skripsie), Stellenbosch, p.17.
2. K. Barth. 1946. Die Lehre von Gott, II/2, Evangelischer Verlag, Zürich, p.585.
3. Ibid., p.583.
4. J.J. de Jager. a w., p.17.
5. K. Nürnberger. 1991. The seed that cracks the rock - the Biblical thrust towards democratic assumptions in: A democratic vision for South Africa, (Edited by K. Nürnberger), Encounter Publications, Pietermaritzburg, p.76. Vir 'n meer gedetailleerde beskouing van die ontstaansgeskiedenis van Israel, kan die volgende boek bestudeer word.
J Bright. 1972. A history of Israel, SCM Press, London.
6. Ibid , pp.76, 77.
7. Ibid , p.77.
8. Ibid , pp.77, 78.
9. Ibid , p.78.
10. Ibid , p.79.
11. Ibid , p.79

12. Ibid., p.80.
13. A.C. Partridge. 1978. Human rights: their origin, validity and implementation, The South African Institute of International Affairs, Braamfontein, p.1.
14. D. Vecchio. 1940. Die gerechtigheit, (Geen naam van uitgewer), Basel, pp. 8 en verder.
15. Ibid., pp. 9 en verder.
16. Ibid., pp. 10 en verder.
17. P.S. Dreyer. 1976. Die wysbegeerte van die Grieke, Hollandsch Afrikaansche Uitgewers Maatschappij, Kaapstad, p.108.
18. Ibid., p.142.
19. H. Dooyeweerd. 1958. Gerechtigheid in: Christelijke Encyclopedie III: (onder redactie van F.W. Grosheide & G.P. van Itterzon), J.H. Kok, Kampen, p.183.
20. Ibid., p.183.
21. Ibid., p.183.
22. Ibid., p.183.
23. Ibid., p.183.
24. Ibid., p.183.

25. Ibid., p.184.
26. Ibid., p.184.
27. R.K. Harrison. 1980. Leviticus, The Tyndale Old Testament Commentaries, Inter-Varsity Press, Illinois, p.203.
28. J.A. Heyns. 1982. Teologiese etiek, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, p.286.
29. C. Brown. (geen datum). The new international dictionary of New Testament theology, Vol. 3: Pri - 3. Paternoster Press, Exeter, p.355.
30. E. Brunner. 1948. Gerechtigheid, (Een leer van de grondbeginselen einer maatschappelijke orde), Ten Have, Amsterdam, p.24.
31. R. Wessler. (geen datum). Sosiale etiek. (Teologiese Boekreeks, nr 9), Otjimbingue, pp. 10 en verder.
32. D.A. du Toit. 1985. Etiek (Klasnotas, Teologiese Seminarium van die Universiteit van Stellenbosch), p.6.
33. J.A. Heyns. Teologiese etiek, a.w., p.285.
34. D.A. du Toit. 1984. Menseregte: 'n Empiriese en teoretiese ondersoek vanuit teologies-etiese perspektief (Ongepubliseerde navorsingsverslag voorgelê aan die RGN), Stellenbosch, p.101.
35. H. Berkhof. 1973. Christeljk geloof, Callenbach, Nijkerk, p.133.

36. Ibid., p.133.
37. C. Brown. a.w., p.354.
38. R. Earle, A.E. Sanner & C.C. Childers. 1964. Beacon Bible Commentary, Volume VI, Matthew through Luke, Beacon Hill Press, Kansas City, pp.502 - 505.
39. J.A. Heyns. Teologiese etiek, a.w., p.289.
40. W.D. Jonker. 1984. Christelike geloof en menseregte in: Menseregte: (n versamelbundel: Eindredakteur D.A. du Toit), Tafelberg-Uitgewers Beperk, Kaapstad, p.54.
41. H. Ridderbos. 1972. De komst van het koninkrijk, Kok, Kampen, p.269.
42. Ibid., p.270.
43. Ibid., pp.277, 279.
44. Agenda van die Algemene Sinode: NG Kerk. 1990, pp.89-90.
45. J.A. Heyns. 1978. Dogmatiek, NG. Kerkboekhandel, Pretoria, p.141.
46. Ibid., p.140-141.
47. Christelike Encyclopedie I, 1956. J.H. Kok, Kampen, p.245.
48. Ibid., p.245.

49. Ibid., p.245.
50. Ibid., p.245.
51. J.J.F. Durand. 1982. Skepping, mens, voorsienigheid, NG. Kerkboekhandel, Pretoria, p.129.
52. Ibid., p.130.
53. Ibid., p.131.
54. Christelike Encyclopedie I, a.w., p.245.
55. Ibid., p.245.
56. P.S. Dreyer. a.w., pp. 101 en verder.
57. J.J.F. Durand. Skepping, mens, voorsienigheid, a.w., pp. 32-33.
58. Ibid., pp.32-33.
59. Christelike Encyclopedie I, a.w., p.245.
60. W. Huber & H.E. Tödt. 1977. Menschenrechte: (Perspektiven einer menschlichen Welt), Kreuz Verlag, Stuttgart, p.187.
61. Ibid., pp.187 en verder.
62. H. Thielicke. 1966. Theological ethics, Volume I, Foundations, Grand Rapids, Baker, pp.147 en verder.

63. Ibid., pp.147 en verder.
64. Pop maak 'n interessante opmerking. Hy sê daar staan in Psalm 8:6 dat die mens byna goddelik is. Dit is met ander woorde nie ten volle goddelik nie.
- Die mens mag dus nie sy grense oorskry nie. Hy moet in sy optrede nie net daarteen waak om nie tot die goddelike op te vaar nie, maar ook om nie tot die dierlike te verval nie (F.J. Pop. 1964. Bijbelse woorde en hun geheim, Boekencentrum N.V.'s - Gravenhage, p.44).
65. J. Moltmann. 1977. The image of God and human rights, Centro pro Unione, Rome, pp.23 en verder.
66. F.J. Pop. a.w., p.45.
67. H. van Oyen. 1960. Christelike etiek, (geen naam van uitgewer), Den Haag, p.17.
68. H.R. Niebuhr. 1963. The responsible self, Harper and Row, Publishers, New York, p.126.
69. F.J. Pop. a.w., pp.45 en verder.
70. H. Bavinck. 1977. Our reasonable faith, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan, pp. 184-200.
71. M.J. Harris. 1991. Exegetical Guide to the Greek New Testament, Colossians and Philemon, William B. Eerdmans, Grand Rapids, Michigan, pp.43 - 44.

72. Ibid., pp.49 - 50.
73. Ibid., pp.151 - 155.
74. A. Duvenhage. 1978. Institusie van Calvyn, NG Kerkboekhandel, Pretoria, p.91.
75. E. Brunner. 1965. Der Mensch im Widerspruch, Zürich, pp.23 en verder.
76. J.A. Heyns. Dogmatiek, a.w., p.141.
77. In hierdie verband is dit interessant dat Calvyn, wat in die mens se verdorwenheid geglo het, ook wel gesê het dat daar iets oorgebly het wat die mens die vermoë gee om wette te maak, 'n gemeenskapslewe te organiseer en wetenskap en kuns te bedryf. Calvyn het natuurlik self in die regte gestudeer en was onder die invloed van die Franse humaniste voor sy bekering. Sy eerste gepubliseerde werk het gedurende hierdie tydperk verskyn en was 'n kommentaar op Seneca se De Clementia. Dit lyk dus asof sy standpunt 'n outobiografiese inhoud het.
78. J.A. Heyns. Dogmatiek, a.w., p.134.
79. J. Moltmann. 1979. "The liberation of oppressors" in: Journal of theology for Southern Africa, No. 36, p.25.
80. J.H. van Wyk. 1986. Gesindheid en gestalte, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, p.46.
81. J.J.F. Durand. 1978. Die sonde, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, p.155.

82. D.A. du Toit. Menseregte: 'n Empiriese en teoretiese ondersoek vanuit teologies-etiese perspektief, a.w., p.136.
83. J.A. Heyns. Dogmatiek, a.w., pp.135-136.
84. W.F. Taylor & J.H.P. Reumann. 1985. Augsburg Commentary on the New Testament, Ephesians, Colossians, Augsburg Publishing House, Minneapolis, pp.82 - 85.
85. Waar 'n bespreking oor arbeid aan die orde is, moet daar ook stilgestaan word by die werkloosheidsvraagstuk.

Werkloosheid moet teëgewerk word en dit kan gedoen word deurdat diegene wat werk kan verskaf, dit definitief doen. Hiermee saam hang ook die verantwoordelikheid van gesinsbeplanning ('n al groter wordende probleem) sodat daar nie te veel werkers vir die beskikbare werk is nie.

Daar moet ook aan die mens toegang verleen word tot vakbonde, wat met verantwoordelikheid optree, asook ander verteenwoordigende arbeidsliggame, waardeur die arbeider sy reg om 'n menswaardige loon, gunstige werksomstandighede en arbeidsekuriteite kan beding.

Dit is ook belangrik om te onthou dat 'n werkgewer die reg het om van sy werknemer 'n teenprestasie van produktiewe arbeid en betroubaarheid te verwag. (Kerk en samelewing, 1986. 'n Getuienis van die NG Kerk, soos aanvaar deur die Algemene Sinode van die NG Kerk, NG Sendingpers, Bloemfontein, p.60.)

86. J.A. Heyns. 1978. Dogmatiek, a.w., p.137.

87. G.C. Berkouwer. 1957. De mens het beeld Gods, J.H. Kok, N.V. Kampen, p.123.
88. D.A. du Toit. 1984. Menseregte: 'n Empiriese en teoretiese ondersoek vanuit teologies etiese perspektief, a.w., p.162.
89. J.A. Heyns. 1970. Die nuwe mens onderweg, Tafelberg-Uitgewers Beperk, Kaapstad, pp.116 - 246.
90. J.A. Heyns. 1978. Dogmatiek, a.w., pp.139 - 140.
91. G. Brillenburg Wurth. 1961. Vrijheid in : Christelijke Encyclopedie VI, J.H. Kok N.V., Kampen, p.540.
92. Ibid., p.540.
93. Ibid., p.540.
94. Ibid., p.540.
95. Ibid., p.540.
96. J.A. Heyns. Dogmatiek, a.w., p.141.
97. Ibid., p.142.
98. Ibid., p.142.
99. Ibid., p.142.

100. G.C. Berkouwer. a.w., pp.360 en verder.
101. Ibid., pp.360 en verder.
102. J.J.F. Durand. Skepping, mens, voorsienigheid, a.w., pp.153-154.
103. J.A. Heyns. Die nuwe mens onderweg, a.w., p.105.
104. J.J.F. Durand. Skepping, mens, voorsienigheid, a.w., p.160.
105. D.A. du Toit. Menseregte: 'n Empiriese en teoretiese ondersoek vanuit teologies etiese perspektief, a.w., pp.110 en verder.
106. G.C. Berkouwer. a.w., pp.360 en verder.
107. C. Breytenbach. 1991. The freedom of God's children - reflection on Paul's Epistle to the Galatians in: A democratic vision for South Africa, a.w., p.111.
108. Ibid., p.114.
109. Hier kan net genoem word dat die vryheid wat die antieke teoloë in gedagte het nie die individuele selfbeskikking was soos wat ons in moderne Westerse denke mee te doen het nie. Dit het veel eerder geregtigheid, gelykheid, menswaardigheid en gemeenskaplike verantwoordelikheid geïmpliseer. Wat egter gebeur het, was dat onderdrukking en uitbuiting binne die Israelitiese gemeenskap ontstaan het. Die ryk en magtige persone het hulle mag tot eie voordeel begin misbruik (die verhaal van koning Agab en Nabot se wingerd soos opgeteken in 1 Konings 21 is 'n treffende voorbeeld van watter soort afstootlikheid

deur mense in hoë posisies in die naam van God gedoen kan word).

Die volk van Israel is nie net soos hierbo genoem van binne onderdruk nie, maar soos ons weet ook van buite. Hulle is deur die Filistyne, die Siriërs, Egipte en Mesopotamië bedreig en onderwerp. Ons lees ook hoe die politieke strukture van Israel finaal deur die Assiriërs en Babeloniërs in onderskeidelik 721 en 586 vC vernietig is. Toe die Persiese keisers oorgeneem het, het hulle die ontstaan van geestelike despotisme toegelaat met hul eie interne outonomie. In hierdie opsig het daar 'n meer subtiele vorm van mag ontstaan in die Joodse gemeenskap - hierdie mag het sentreer rondom dié mense wat die "wet van God" geadministreer en ontwikkel het. Só 'n sentrale magsbasis het sy voordele in onseker tye, maar dit kan so maklik aanleiding gee tot 'n soort onderdrukking van binne, die sogenaamde super-ego. Hierdie persone raak die volk se gewete en hulle beskouings word as't ware die norm van optrede binne 'n bepaalde gemeenskap. Hiervan het ons oorgenoeg in Suid-Afrika gesien! Dit is juis hierdie geestlike despotisme wat Jesus Christus kom verander het. Daar is soveel maniere waarvolgens mense ingeperk kan word, maar Christus het juis vryheid gebring. Dis die vryheid waarvan Paulus getuig (K. Nürnberger. 1991. The seed that cracks the rock - the Biblical thrust towards democratic assumptions in: A democratic vision for South Africa, a.w., pp.81 - 83).

HOOFSTUK 4: HISTORIESE EN TEOLOGIES-ETIESE IMPLIKASIES

Uit die voorafgaande studie het daar 'n paar vorms van regering na vore gekom. Dit gaan kortliks bespreek en geëvalueer word en in die lig daarvan gaan daar gekyk word na 'n paar beginsels ten grondslag van 'n sosio-ekonomiese en politieke bestel waarin die mees fundamentele samelewingswaardes, soos begrend deur die teologies-etiese perspektiewe in die vorige hoofstuk, so effektief as moontlik tot hul reg kan kom in ons land.

4.1 Outokrasie

Daar is in hoofstuk twee gesien hoe feodale en arbitrêre staatsvorme, waarin prinse en konings hulle status, voorregte en magte van hulle voorgangers ontvang het, in tradisionele samelewings voorgekom het. Hierdie mense het ook deur die geskiedenis heen as heersers op goddelike reg aanspraak gemaak.

Interessantheidshalwe word hier net weer genoem dat ook die kerk vir die grootste deel van sy geskiedenis tevrede was met en dikwels aktief betrokke was by die inhoud van feodale en outokratiese staatsvorme. Dit het hulle, soos reeds opgemerk, onder andere gegrond op die feit dat die koning in die Ou Nabye Ooste gesien is as die aangenome seun van God en as gevolg hiervan beskou is as die gesalfde van God hier op aarde. Volgens Psalm 2 is hierdie idee ook oorgeneem deur die konings van Israel. Hiervolgens het hulle die mag gehad om volke te verpletter met hulle ystersepters en hulle flenters te slaan soos kleipotte.

Hierdie outokrasie wat binne die kerk ontstaan het, is ook bepaal deur 'n beskouing van die monargie wat onder Saul, Dawid en Salomo ontstaan het. Dit was indrukwekkend, maar geweldig onderdrukkend.¹⁾

Hierdie bepaalde soort heersersperspektief het vir eeue bestaan. Dit het egter verander met die oorgang tot die moderne tyd (individualisme). Daar het 'n nuwe belangstelling in die sinuïglieke wêreld ontstaan.

Die mens self het die voorwerp van positiewe waardering en intense belangstelling geword, maar dan nie die mens in gemeenskapsverband nie, maar die individuele mens met sy liggaamlike skoonheid, behoeftes, moontlikhede en regte. (2)

Daar het 'n stryd ontwikkel om die mag van die vors te beperk en sy onderdane teen willekeurige magsuitoefening te beskerm. In die Westerse lande is daar mettertyd verdrae opgestel waarin die vors se regeermag omskryf en bepaalde regte en voorregte van die onderdane wetlik vasgelê is. Hierdie idee het aanleiding gegee tot die ontstaan en formulering van menseregte.³⁾

In Engeland, soos reeds genoem, het die bekende **Magna Carta Libertatum** (1215) tot stand gekom - dit het veral vryheidsregte voorgestaan. Hierdie dokument het sterk te velde getrek teen die feodale verhouding tussen die koning en die ridderklas. Soos vroeër genoem, het die regte in daardie stadium eintlik net tot die ridderklas deurgewerk. Die **Magna Carta** was grootliks 'n toegewing deur die koning dat hy hom by die landswette sou hou en nie arbitrêr wette verontagsaam nie. Die regte van die mense (adelstand) is deur die wet beskerm. Tog is daar ook sprake van laer klasse mense, soos byvoorbeeld 'n "villein", (artikel 20) wat hierdeur geraak is. Die beginsel van "no taxation without representation" kom ook sterk na vore (vergelyk die klanke wat uit swart geleedere in ons land opgaan om nie belasting te betaal nie omdat hulle nie demokratiese politieke verteenwoordiging het nie).

'n Verdere belangrike grondwetlike dokument in Engeland was die **Petition of Right** in 1628. Dit het verskeie menseregte bepleit wat in daardie

stadium geskend is deur die outoritêre optrede van die owerheid: dit het aanspraak daarop gemaak dat die volk deur bemiddeling van sy verteenwoordigers in die parlement, belastings moes goedkeur; dat elke onderdaan 'n reg op lewe, vryheid en eiendom het, welke aansprake nie willekeurig deur die owerheid aangetas mag word nie; elke onderdaan het 'n reg op privaatheid wat nie deur die inkwartiering van troepe geskend behoort te word nie; almal behoort gelykheid in die oë van die reg en ten opsigte van regspleging te geniet.

Die **Habeas Corpus-Wet** van 1679 het die burger teen willekeurige aanhouding beskerm en die **Bill of Rights** van 1689 het die klem laat val op 'n verskeidenheid onvervreembare regte en vryhede wat die individu teen arbitrêre staatsoptrede beskerm het - die reg van protestante om wapens te dra, vrye verkiesings, vryheid van spraak in die parlement en vrywaring van buitensporige boetes en van buitengewone wrede strawwe.

In Frankryk is die **Declaration of the Rights of Man and Citizen** (1789) opgestel. Hierin gaan dit om die basiese menseregte van lewe, vryheid, eiendom, sekuriteit, geluk, verset teen onderdrukking, godsdiens- en gewetensvryheid, vryheid van spraak en die regsbeskerming waarop die mens geregtig is. Ook het strafwetgewing geen terugwerkende krag nie en is 'n persoon onskuldig totdat die teendeel bewys is. Hierdie verklaring het juis ontstaan omdat die Franse 'n stryd gevoer het teen onregverdige politieke regerings (vergelyk die Franse revolusie). Die regte van die gewone burger is verwaarloos, terwyl die Franse adel daarteenoor bevoorreg is. Interessantheidshalwe kan hier net genoem word dat De Tocqueville in 1856 in 'n ontleding wat hy gemaak het, die rede gevind het waarom die Franse revolusie ontstaan het eers nadat hervormings reeds begin het. 'n Grief word geduldig verduur solank dit lyk of dit nie tegemoet gekom of uit die weggeruim kan word nie. Wanneer

die moontlikheid om so 'n grief uit die weg te ruim, eers ontstaan het, raak die mense onverdraagsaam daarteenoor. Die feit dat sekere sake reggestel word, vestig die aandag op ander sake wat nog nie reg is nie en dit lyk soms erger as die reggestelde aangeleenthede. Dit wil voorkom of mense minder begin ly, maar skynbaar word hul vermoë om dit te verduur, kleiner. Dit lyk na 'n redelike akkurate beskrywing van die gemoedstoestand wat daar tans onder baie Swartmense in ons land aangetref word.⁴⁾

In Noord-Amerika is 'n soortgelyke stryd gevoer. Die inwoners het dit gehad teen die koning van Groot-Brittanje wat op tirannieke wyse oor hulle regeer het. Hulle was belas alhoewel hulle geen verteenwoordiging in die regering gehad het nie. Omrede hulle min of meer dieselfde stryd teen 'n onregverdige politieke regering gevoer het as die Franse, is daar nogal groot ooreenkomste tussen die bekende Amerikaanse Declaration of Independence (1776) en bogenoemde Franse menseregteverklarings van 1789. Hierin het dit ook gegaan om die basiese menseregte van lewe, vryheid, eiendom, sekuriteit, geluk, vryheid van spraak, godsdiens en gewete en die regsbeskerming waarop die mens geregtig is.

Al hierdie genoemde belangrike menseregte-dokumente wat tot stand gekom het, asook die invloed wat van individue soos Hobbes, Locke, Rousseau, Bentham, Paine, Godwin en vele ander uitgegaan het, het aanleiding gegee tot die formulering van die Universele Verklaring van Menseregte - 1948 (WVO).

Hierin word daar aandag gegee aan al die burgerlike, politieke en juridiese regte, maar ook aan die ekonomiese en sosiale regte wat deur die jare heen op een of ander wyse deur regerings geminag is. Dit lê onder andere klem op die reg op lewe, vryheid, persoonlike sekuriteit,

geen diskriminasie, private eiendom, vryheid van assosiasie, vryheid van willekeurige inhegtenisneming en godsdienstvryheid. Hierdie deel van die verklaring hierinner sterk aan die menseregte wat ingesluit was in die Amerikaanse Declaration of Independence (1776) en die Franse Declaration of the Rights of Man and Citizen (1789).

Die ekonomiese en sosiale regte waarop hierdie verklaring klem lê, word later aangestip (sien sosialisme).

Dit is belangrik om daarop te let dat bogenoemde Europese en Amerikaanse verklaringe, tesame met soortgelyke individuele standpunte van die meer moderne tyd, wat die individu effektief teen die regerings van die dag wou beskerm, noodsaaklike bestanddele vir die vestiging van 'n demokrasie bevat het. Hier moet erken word dat daar verskillende demokrasieë is, maar dat hier, soos vervolgens uiteengesit, slegs in meer algemene terme met die inhoud van hierdie begrip omgegaan word.

4.2 Demokrasie

Die reg word volgens hierdie verklaringe die mens se verantwoordelikheid. Die mens help skeep en definieer aan die reg en gehoorsaam nie net die reg soos wat dit in 'n outoritêre stelsel van "bo" op die individu afgedwing word nie. Reg is dan ook hiervolgens alleen reg omrede almal deelname in die bepaling daarvan het. In hierdie opsig is die Declaration of Independence van 1776 'n belangrike stap vorentoe op die weg van die vaslegging van 'n demokrasie. Waar die Engelse verdrae slegs aan 'n beperkte groep mense regte toegeken het, het die Amerikaanse verklaring elke mens by die reg betrek op grond van die feit dat hy mens en dus skepsel van God is. Hierdie reg sluit ook diegene in van wie jy verskil en met wie jy nie kan saamstem nie. Tog moet

hier vermeld word dat vroue in Amerika oor weinig regte beskik het en dat die mensheid van Swart slawe nie eintlik erken is nie. Dit is dan ook die regsisteem wat Calvyn in gedagte het - om die bose wat sosiale gestalte aanneem in alle metodes om hebsug, heersug en selfverheerliking te verwesenlik, teen te werk.⁵⁾ Die gesag om sulke boosheid teen te werk, lê nie in die persone of status van die owerheid nie, maar daarin dat die regsorde op die voortdurende deelname van almal berus.⁶⁾

'n Verdere belangrike aksent wat uit hierdie verklaringe na vore kom, en wat saamhang met bogenoemde regsorde, is geregtigheid. Hierdie verdrae poog om 'n groter mate van geregtigheid, menswaardigheid en vryheid te verwesenlik - 'n belangrike aanspraak van die demokrasie.

Die vraag is nou: waarom het demokrasie so lank geneem om neerslag te vind, terwyl al hierdie genoemde belangrike historiese menseregte-verklaringe die noodsaaklike bestanddele van sodanige demokratiese resepe bevat het?

Dit is tog belangrik om in dié verband net te noem dat, lank voor bogenoemde menseregte-verklaringe ontstaan het, sekere demokratiese prosedures en begrippe reeds so vroeg as 400 v.C. in die antieke Griekse tyd voorgekom het, maar dat bogenoemde feodale en ander outokratiese regeringsvorme in baie Westerse lande tot so onlangs as die twintigste eeu aan die orde van die dag was. Die ingebruikneming van demokrasie in Europa was voorwaar 'n lang en pynlike proses. Insiggewend is dat die Britse kolonies in Noord-Amerika hierdie ideaal voor hul stamland bereik het, en wel in die tyd 1776 - 1787 (die tyd toe daar baie aandag aan menseregte gegee is by wyse van dokumente, waarna reeds verwys is). Die Franse Revolusie van 1789 het nie die verlangde resultate opgelewer nie en Frankryk moes nog ongeveer 'n eeu lank worstel

voordat 'n demokrasie gevestig is. Duitsland se eerste eksperiment met die demokrasie na die Eerste Wêreldoorlog het gefaal en eers na die Tweede Wêreldoorlog het die huidige demokratiese stelsel tot stand gekom. Portugal en Spanje het eers gedurende die afgelope dekade demokraties geword.⁷⁾

Die rede vir hierdie trae vestiging van die demokrasie in die Westerse wêreld, het volgens Nürnberger te doen met die sosiale toestande en die gemeenskaplike geestesinstelling van 'n samelewing wat nie daarvoor ryp was nie. Wat sosiale toestande in Europa betref, is daar 'n ryke nalatenskap van feodale instellings, soos reeds beskryf. Hierdie instellings het eers begin verdwyn na die opkoms van die handel- en nywerheidsmiddelklas. Dit is as gevolg hiervan dat daar toe regtig aandag gegee is aan die regte en die voorregte van die gewone burger, wat voorheen slegs tot die adel beperk was. Hierdie regte en voorregte wat die gewone man bekom het, is oorgeneem deur die nywerheidsproletariaat wat deur middel van die vakbondwese en revolusionêre aktiwiteite mag verkry het. Hierom is die Europese demokrasie in 'n sekere mate te danke aan die opkoms van die nywerheidskapitalisme. Die ontstaan van die Westerse demokrasie was die gevolg van 'n magstryd en voortdurende aanpassings by politieke druk en behoeftes.⁸⁾

Namate die sosiale toestande verander het, het 'n gemeenskaplike geestesinstelling in die Weste ontstaan wat die demokrasie bevorder het. Die ou feodale stelsels het plek begin maak vir die individualisme, veral in die stede.

Die wetenskap en tegnologie het ontwikkel en beter omstandighede is vir die mense geskep. Hoër lewenstandaarde het gevolg en dit het die mense in staat gestel om nou nie meer net te oorleef nie, maar hulle kon nou

ook begin belangstel in openbare en intellektuele sake. Die peil van opvoeding het gestyg en meer inligting het nuwe idees en politieke belangstellings tot gevolg gehad. Dit het ook weer aanleiding gegee tot die ontstaan van verskillende politieke partye, wat polities en nie noodwendig kultureel en/of etnies gegrond was nie.⁹⁾ Al hierdie dinge het die milieu geskep vir demokrasieë waarbinne die regte van die mens tot uitdrukking gekom het.

Omrede die kerk vir soveel eeue outoritêre stelsels ondersteun het, was daar aanvanklik binne die kerk sterk teenkanting teen die demokrasie. Dit is oor die algemeen binne die kerk beskou as 'n instrument in die hand van die Satan (Bose) waardeur hy God se gesag hier op aarde wou ondermyn. Dit is gesien as humanisties van aard en as iemand die demokrasie voorgestaan het, kon hy nie werklik 'n Christen wees nie. Daar waar die mens van die outoritêre stelsels ontslae wou raak, moes hy eers die geloof in God uitroei.¹⁰⁾ Aquinas en Calvyn het byvoorbeeld voorkeur gegee aan konstitusionele outokrasie.¹¹⁾

Gelukkig het die teologiese etiek die idee begin verwerk dat 'n samelewing wat onder outoritêre gesag staan, slegs onder dwang bymekaar gehou kan word.

Dit is dan ook dikwels die rede vir konflik, geweld en revolusie in 'n samelewing! Geleidelik is daar gekies vir 'n demokratiese stelsel waarin geregtigheid en menswaardigheid makliker toegepas kon word en sodoende tot vrede en versoening aanleiding kon gee. So het die konsep van "the responsible society"¹²⁾, soos deur die Wêreldraad van Kerke voorgestaan, heengewys na 'n konstitusionele demokrasie. Ook het die mees onlangse twee pouse, Pius XII en John XXIII, die weg gebaan vir die aanvaarding van demokrasie - hulle het egter nie vir 'n spesifieke

regeringsvorm gekies nie.¹³⁾ Die "Social Gospel", 'n liberale Protestantse beweging, het ook die demokrasie voorgestaan op grond van hul Christelike beskouing van die mens. Niebuhr "restated the Christian case for democracy on the basis of a realistic view of man" en Barth het ook 'n Christelike basis vir demokrasie ontwikkel.¹⁴⁾

4.3 Sosialisme

Benewens bogenoemde twee soorte regeringsvorme, het ook 'n derde vorm, die sosialisme, ontstaan. Hiervolgens besit die staat die produksie-middele. Hulle bestuur en beheer die finansies, produksie, verspreiding en opvoeding. Die sosialistiese model van menseregte lê klem op die uitbouing van 'n klaslose, sosio-ekonomiese gemeenskap met gelyke of sosiale regte. Dit gaan met ander woorde oor daardie regte wat die staat aan die individu toeken in belang van die totale gemeenskap.

In hierdie verband kan ook net genoem word dat die sosialistiese staat daarop aanspraak maak dat dit die belange van die volk beskerm teen die ingryping van die elite. Die bevolking word egter nie die geleentheid gegee om dit deur vrye verkiesings te bevestig nie, want die bevolking is deurdrenk met bourgeoisie-waardes en is gevolglik nie in staat om te oordeel wat voordelig vir hulle en die samelewing is nie. Soos reeds uitgevind is, is menseregte juis geformuleer om mense teen hierdie onaanvegbare gesag te beskerm. Hierom is die sosialistiese standpunt, ongeag die waardevolle bydrae wat dit tot die menseregte-debat gelewer het, 'n stap agteruit.

'n Interessantheid om tog van kennis te neem, is dat die aanhangers van sosialisme glo dat hierdie ideologie eintlik 'n vorm van demokrasie is. Hulle sê die feit dat daar elke vier of vyf jaar binne die

Westerse demokrasie verkiesings gehou word, beteken nie noodwendig dat die gewone man werklik die mag (reg) in die hande het nie. Daar kan binne só 'n stelsel politieke gelykheid wees, maar ekonomiese ongelykheid, omrede sekere mense in beheer kan bly van groot finansiële monopolieë ten koste van die gewone mens. Dit skrei ten hemele en is geen vorm van ware demokrasie nie. Ware demokrasie ontstaan slegs as daar 'n klaslose sosio-ekonomiese gemeenskap gevestig word (soos die sosialisme) waarin almal gelyk is.¹⁵⁾

Die kerk staan ook krities teenoor hierdie (tradisionele) regeeringsvorm en denkrigting omdat daar volgens hierdie oortuiging geen transendente bestemming vir die mens is nie. Die siel van die mens hoef nie gered te word nie. Die mens sal eendag "verander" word deurdat sy omgewing sal verander - 'n tipiese ideologiese uitgangspunt. Só sal elkeen homself mettertyd in die utopia bevind, die aardse paradys. Die sosialisme benodig gevolglik 'n sekulêre godsdiens om sy outoritêre politiek te sanksioneer. Ook verplaas hulle die klem sodanig na die gemeenskap dat die individu baie van sy waarde as individu verloor, op grond van sy rol in die breë, totale gemeenskap.¹⁶⁾

Ten spyte van hierdie verskille wil dit tog lyk of die Christendom en die meer moderne vorm van sosialisme nader aan mekaar begin beweeg omdat daar gemeenskaplike doelwitte is (sien 4.6.4 - menseregte in gemeenskapsverband). Ek is van mening dat hierdie denkrigtings op die pad vorentoe nog nader aan mekaar kan beweeg omdat moderne sosialisme baie goed tred hou met die praktiese behoeftes van die mens - behoeftes waarin die mens volgens die Skrif moet voorsien, maar waaraan die Christen nie altyd reg laat geskied nie. Die Christen wat onvoorwaardelik die eise van Gods Woord wil uitleef, sal meer bewus word van

hierdie distorsies binne die kerk en so kan dit gebeur dat mense uit hierdie denkrigtings in die toekoms groter geesgenote kan word as in die verlede.

Die idee van sosiale en gelyke regte kan dus nie heeltemal afgewys word nie, aangesien dit onder sekere omstandighede (vergelyk die huidige toestande in ons land) tog van groot waarde kan wees. Hierdie soort regte is dan ook in die **Universele Verklaring van Menseregte** - 1948, opgeneem (vergelyk die reg van elkeen op 'n goeie lewenstandaard wat geskik is vir die gesondheid en welsyn van homself en sy familie, insluitend voedsel, klerasie, huisvesting, mediese sorg, sosiale dienste, sekuriteit in geval van werkloosheid, ongesteldheid, ongeskiktheid, weduweeskap, ouderdom, die reg op opvoeding en vrye tyd).

4.4 Derdewêreld-lande

Hierdie denkrigting (regeringsvorm) beklemtoon ook bogenoemde sosiale en ekonomiese regte. Die klem val hier egter op vryhede, (ekonomiese) selfbeskikking en onafhanklikheid van sekere groepe (vergelyk die twee verdrae wat in 1966 tot stand gekom het ter aanvulling van die VVO-verklaring van 1948). Hulle is ingestel teen die oorheersing van die ryk Westerse nywerheidslande. Die klem val hier dus nie op die individu as sodanig nie, maar op die groep. Hulle kritiek op die Westerse demokrasie is juis dat dit op die individualisme gebaseer is, wat volgens hulle sosiaal destruktief is. Belangegroepe stry teen mekaar om mag en invloed. Daar kan gevolglik nie 'n gemeenskaplike doelwit ontwikkel word nie.

Hier word dus gesien dat die liberale Westerse demokrasie, die sosialisme en die Derdewêreld-modelle elkeen op sy eie besondere wyse tog

iets positief inhou. Die liberale Westerse demokrasie wil die regte van die individu teen arbitrêre staatsoptrede beskerm. Die sosialistiese model beskerm die regte van die ekonomies minderbevoorregtes en die Derdewêreld-denkrigting beskerm die arm lande teen oorheersing deur die ryk Westerse nywerheidslande. Ten spyte van hierdie gunstige bydraes moet net genoem word dat menseregte ook deur die invloedrykes binne die verskillende denkrigtings in belang van hulself ten koste van die swakkeres misbruik kan word.¹⁷⁾ Dit is so omdat die ideaal soos weerspieël deur die verskillende denkrigtings, en die werklikheid as gevolg van die sonde, kwaad en boosheid in die mens, mekaar nie altyd ontmoet nie.

Uit hierdie vorme van regering is dit duidelik dat die mees geslaagde een tot op hede die demokrasie is. Die redes is dat die reg die mense verantwoordelikheid is - die mens help skep en definieer aan die reg, die gesag van sodanige regsisteem lê nie in die persone of status van die owerheid nie, maar daarin dat die regsorde op die gedurige deelname van almal berus; en dat geregtigheid en menswaardigheid 'n baie belangrike aanspraak is. Demokrasie is in die woorde van Lincoln 'n regering van die mense, deur die mense, vir die mense.

4.5 Waarin lê die stukrag van menseregte?

Soos uit hierdie studie tot dusver duidelik geword het, het die denke oor menseregte en die totstandkoming van voorafgenoemde menseregteverklarings wêreldwyd geweldige invloed gehad. 'n Mens wonder waarin die krag van hierdie menseregte opgesluit lê. Is dit regte wat suiwer deur die rede bepaal en geformuleer is, of het die teologie met sy eiesoortige dinamika 'n rol gespeel in die totstandkoming daarvan?

Hier kan dadelik begin word deur te verwys na die natuurreg wat, soos reeds gesien, 'n groot invloed op die ontstaan en die ontwikkeling van menseregte gehad het. Volgens die natuurreg besit elke mens van nature die besef van wat reg en billik is - dit geld universeel. Dit impliseer 'n basiese morele onderbou wat ook, soos uit die verskillende menseregte-dokumente blyk, 'n invloed gehad het op die denke rakende menseregte.

Daar word in die Bill of Rights (Engeland: 1689) gesê dat God se genade en voorsienigheid dit so wou hê dat koning James II moes abdikeer sodat prins William en prinses Mary die troon kon bestyg. Volgens hierdie verklaring het die almagtige (en alwetende) Vader hulle as instrumente gebruik om die mense teen arbitrêre staatsoptrede te beskerm. Hier is God se voorsienigheid in die lewe van die mens nou verweef met die burgerlike sake.

Die begrippe "vryheid", "gelykheid" en "broederskap" was deel van die slagspreuk van die Franse Revolusie wat gelei het tot die formulering van die Franse menseregte-verklaringe. Die inhoud van hierdie begrippe het ook neerslag gevind in die vroeë denke oor menseregte en in die eerste menseregte-verklaringe. Aanvanklik het hierdie begrippe net 'n rol gespeel in die Christelike godsdiens en glad nie 'n politieke konnotasie gehad nie. Dit het suiwer gedui op die vryheid op grond van die verlossing in Jesus Christus, die gelykheid in waarde van alle mense in die oë van God en die broederskap wat daar tussen die gelowiges moet bestaan. Eers na die Hervorming is daar wyer betekenis aan die inhoud van hierdie begrippe toegeken en het dit van toepassing begin word op die politieke en sosiale lewe.¹⁸⁾ Hier kan egter net genoem word dat met die opstel van die Franse menseregte-verklaring van 1789, daar in Frankryk eintlik 'n anti-kerklike en anti-godsdienstige ingesteldheid

was, onder andere omdat die kerk saam met die staat die meeste van die grond besit en beheer het. Tog kom die gedagte "natural, inalienable and sacred" in hierdie verklaring voor. Waarop hierdie "sacred" dui, is nie vir my duidelik nie.

Die Declaration of Independence (Amerika: 1776) lê baie klem op die gelyk-geskapenheid van alle mense in God se oë en dat die mens juis hierom sekere onvervreembare regte het, soos die reg op lewe, vryheid en geluk. Hierdie gedagte dat alle mense na God se beeld geskape is en daarom gelyk in waarde is, het telkemale, voor en na die totstand-koming van hierdie menseregte-verklaring, opgeduik.

Hier word ook net genoem dat die gedagte van godsdiensvryheid wat sedert die Hervorming posgevat het, in die klassieke menseregte-verklaringe neerslag gevind het.¹⁹⁾

Die VVO se Universele Verklaring van Menseregte - 1948 sê die volgende: "if man is not to be compelled to have recourse, as a last resort, to rebellion against tyranny and oppression, ... human rights should be protected by the rule of law." Macquarrie sê in hierdie verband:

the assumption is both that human rights constitute a fundamental standard for determining the legitimacy of a given government or legal order, and that they provide the primary impulse for instituting governments in the first place. In short, law follows from and depends upon a prior moral belief in universal human rights. (20)

Hier word ook verwys na die inleiding van die International Covenant on Civil and Political Rights.

Considering that, in accordance with the principles proclaimed in the Charter of the United Nations, recognition of the inherent dignity and of the equal and inalienable rights of all members of the human family is the foundation of freedom, justice and peace in the world, recognizing that these rights derive from the inherent dignity of the human person ... (Bylae 8)

Hieruit kan die afleiding gemaak word dat hier gewerk word met 'n vooraf en onafhanklike teologiese basis wat algemeen voorkom in die mens. Hierdie "karaktertrekke" moet deur mense gerespekteer word.

In hierdie dokumente en in die denke rakende menseregte word daar dus geen sistematies-etiese besinning (teorie) aangetref nie, maar daar word tog met 'n teologies-etiese onderbou gewerk (vergelyk God se algemene genade - Psalm 145:9 en Matteus 5:45).

Deur die jare heen was die kerk oor die algemeen onbetrokke by mense-regte. Alhoewel daar teologiese begrippe was wat neerslag gevind het in die aanvanklike denke rakende menseregte, het die kerk, soos reeds gesê, eintlik eers sedert 1948 op die toneel van menseregte verskyn. Alhoewel die kerk dus nie eintlik 'n sterk langtermyninvloed op die ontwikkeling van menseregte gehad het nie, is dit tog noemenswaardig dat die ontstaan en formulering van die regte van die mens slegs plaasgevind het in dié lande wat beïnvloed is deur die evangelie van die Christelike geloof. In hierdie opsig is die inhoud van hierdie denke en dokumente "prelegal and prepolitical".²¹⁾

4.6 Raakpunte

Op grond van die feit dat die genoemde menseregte-verklaringe met 'n teologies-etiese onderbou werk, en in die lig van die teologies-etiese perspektiewe soos begrend in hoofstuk 3, moet daar ongetwyfeld raakpunte wees tussen 'n Skrifbeskouing van menseregte en die klassieke regte van die mens soos geformuleer in bostaande verklaringe.

Alhoewel spesifieke menseregte nie juis uit die Skrif afgelei kan word nie, hang die saak wat hierdeur aangedui word baie nou saam met die

sentrale boodskap van die Skrif. Die waarhede wat belangrike perspektiewe bied vir 'n teologies-etiese besinning oor menseregte is:

- die geregtigheid van God vir alle mense,
- die mens geskep na Gods beeld, en
- die Goddelike vryheid vir die mens.

Daar is verbasende raakpunte tussen hierdie drietal perspektiewe en die kern van die sekulêre menseregte-dokumente. In hierdie dokumente gaan dit ook hoofsaaklik oor hierdie selfde perspektiewe, maar met 'n ander aksent.

Geregtigheid is een aspek wat deur al bogenoemde menseregte-verklaringe bepleit word, alhoewel dadelik erken moet word dat God na alle waarskynlikheid nie die transendente norm was van wat reg en geregtigheid behoort te wees nie. Tog is die inhoud van hierdie geregtigheid wat bepleit word deur hierdie verklaringe nie in stryd met die Skrif nie, maar het dit juis ten doel gehad om die mens te help om sekere vryhede te bekom en vir hom te gee wat hom toekom om sodoende meer menswaardig te kan leef.

Die gelykwaardigheid van alle mense op grond van die na-die-beeld-van-God-geskapenheid word deur die Amerikaanse Declaration of Independence (1776) bepleit, dit het voorgekom in die slagspreuk van die Franse Revolusie en ook in die vroeë denke rakende menseregte (hier is die aksent min of meer dieselfde).

Ook het die begrip vryheid in die slagspreuk van die Franse Revolusie voorgekom. Alhoewel dit binne die teologie die betekenis van verlossing in Jesus Christus gehad het, het dit waarskynlik in bogenoemde

slagspreuk en ook in die wyer politieke en sosiale lewe op die vryheid van godsdiens, gewete, spraak en beweging gedui.

Daar gaan nou vanuit die teologies-etiese begroning van die begrippe geregtigheid, menswaardigheid en vryheid 'n paar basiese menseregte geïdentifiseer word wat raakpunte het met die menseregte soos geformuleer in die sekulêre dokumente.

4.6.1 Geregtigheid

Soos reeds genoem, staan geregtigheid seker sentraal in 'n teologiese siening oor menseregte. Die teologiese inhoud van hierdie begrip bepaal dat daar in die praktyk reg geskied moet laat word aan die armes, veragtes, ellendiges, dié wat gevange gehou word en die verdruktes op grond van politieke, ekonomiese en maatskaplike strukture (sien Jesaja 1:15;61, Amos 5:24 en Sagaria 7:8 - 14).

In die profetiese tradisie was die "regte" van die armes, wat eintlik die ekwivalent van moderne sosio-ekonomiese regte is, die hoofsaaklike verantwoordelikheid van die koning. Die konings word in die boeke Konings beoordeel na die mate waarin hulle reg laat geskied het aan die behoeftes van die armes en onbeskermdes.²²⁾

Ons lees verder in die Bybel hoe mense, soos vandag, op onregverdige wyse uitgebuit is en (finansieel) magteloos geword het.

Sonder regverdiging het jy (Elifas) van jou eie familie goed in pand gevat, jy het die klere van dié wat niks het nie, van hulle afgestroop. 7. Jy het vir dié wat uitgeput was, nie water gegee nie en geweier om vir dié wat honger was, kos te gee. 8. Jy, 'n ryk man, het grond in besit gekry, jy, 'n man van aansien, woon daarop. 9. Maar jy het weduwees met leë hande van jou af weggestuur en weeskinders sonder heenkome gelaat. 10. Daarom is daar net vangstrikke rondom jou en het angsk jou skielik oorval. (Job 22:6-10)

Ellende wag vir julle wat rampe teen ander beplan, wat op die bed lê en dink aan kwaad om te doen, wat dit vroeg in die môre gaan uitvoer omdat hulle die mag in die hande het. 2. Hulle begeer 'n stuk grond en vat dit, huise, en lê beslag daarop. Hulle kul 'n man uit sy huis uit, 'n mens uit sy besittings uit. (Miga 2:1-2)

Hier is sprake van mense wat hulle magsposisies ten koste van ander misbruik het. Die gedeelte in Miga sê spesifiek dat deur magmanipulasie dié mense besitreg oor eiendom verkry het. Wat mense geërf het, is van hulle deur bedrog afgevat. Landsburgers het daardeur hulle lewensonderhoud en selfbeskikkingsreg verloor.

Levitikus 4:1: "Verder het ek ook nog al die verdrukking in hierdie wêreld gesien. Die verdruktes kla, maar niemand help hulle nie, daar is niemand wat help teen die geweld van die verdrukkers nie." In hierdie verband is dit interessant om te sien hoe diegene wat nie mag het nie, arm is, sonder eiendom moet klaarkom en as slawe moet dien.

In Levitikus hoofstukke 14 en 15 word armoede geïdentifiseer met die gebrek aan mag. 'n Soortgelyke gedagte word in Nehemia 5: 5 en 7 aange-tref.

Ons en ons volksgenote, hulle seuns en ons seuns, is tog een, maar ons moet van ons seuns en dogters laat slawe word. Van ons dogters is al klaar slawe, en ons kan daar niks aan doen nie, want ons lande en ons wingerde is in ander se hande ... 7. Na ek dit oorweeg het, het ek die skuld op die vooraanstaande burgers en ampsdraers gelê en vir hulle gesê: Julle is besig om julle volksgenote uit te buit!

Hierdie gedeelte verduidelik dat baie skuldenaars se kinders vir hulle skuldeisers moes werk totdat die skuld betaal is. So 'n dogter kon selfs deur die skuldeiser tot 'n tweede vrou geneem word.

Hieruit kan 'n mens die afleiding maak dat diegene wat sonder mag is, maklik uitgebuit en misbruik kan word. Al teenvoeter hiervoor is om

aan die mense sonder mag ook mag te gee sodat magsmisbruik verhoed kan word. Menseregte is na my mening juis 'n manier om dit te doen. In hierdie opsig kan ook verwys word na al die bespreekte historiese menseregte-verklarings wat juis die regte van die mens bepleit het om die gevolge van magsmisbruik soos hierbo genoem, die hoof te probeer bied. Die mense wat in daardie tyd, toe hierdie verdrae opgestel is, geleef het, het geen verteenwoordigers in die regering gehad nie, het min mag en vryhede gehad, het nie eiendom besit nie en moes vir die koning en owerheid van daardie tyd volgens hulle voorwaardes werk.

Juis hierom het die mense van daardie tyd verdrae opgestel en regte voorgestaan, want om maar net 'n beroep op die regering van die dag te doen om alle burgers se regte te respekteer, het hulle geweet sou nie werk nie. Die rede hiervoor is dat uitbuiting en obsessie met mag uit sonde gebore word. Hierom is die rede en gewete alleen nie 'n kontrole nie, maar moet 'n mens se regte skriftelik vasgelê word en deur die wet afgedwing word.

Die Skrif voorsien self die model van hoe om mag te gebruik om uitbuiting te voorkom. Psalm 10: 15 en 18: "15. Verbreek tog die magsgreep van die goddelose en van die misdadiger, ... 18. U behartig die regsak van die weeskind en van die mens in nood, sodat niemand op aarde langer in vrees hoef te lewe nie."

Die owerheid (volgens Romeine 13) en menslike meganismes moet eintlik dien as God se middel waardeur ongeregtigheid bestry word.

Die waarheid het verdwyn, wie ophou om kwaad te doen, word daarvoor vervolg. Die Here het dit gesien en dit is verkeerd in sy oë dat daar geen reg is nie. 16. Hy sien dat niemand tussenbeide tree nie, Hy is verbaas daarvoor. Daarom tree Hyself op en laat Hy self sy geregtigheid geld. (Jesaja 59:15-16)

In Psalm 72 vra Salomo vir God om die koning te leer om volgens die wil van God te regeer. Vers 4: "Laat die koning die reg van die verdruktes onder die volk beskerm, laat hy armes te hulp kom en verdrukkers verbrysel."

Menseregte wil juis mense beskerm teen diegene wat hulle mag op onregverdige wyse misbruik ten koste van ander.

4.6.2 Menswaardigheid

Die Skrif sê ook dat elke mens na die beeld van God geskep is en daarom die mees basiese menseregte het, naamlik die reg op lewe en die instandhouding daarvan. Dit veronderstel sekere materiële dinge (vergelyk Eksodus 22:27, Job 8:6 en Psalm 68:6). Dit kom neer op voedsel, klere, huisvesting, (mediese versorging) en beskerming.

Deuteronomium 10: 18: "Hy laat reg geskied aan die weeskind en die weduwee. Hy het die vreemdeling lief en gee vir hom kos en klere."

Psalm 146: 7: "Hy laat reg geskied aan die verdruktes en gee brood aan die hongeres." (sien ook Lukas 4:18 - 21, 16: 19 - 31 en Matteus 25: 31 - 46)

Om die drie jaar moet jy die volle tiende van daardie jaar se opbrengs in jou dorpe gaan wegpak. 29. Dan kan die Leviëte wat nie 'n eie grondgebied as besitting saam met jou gekry het nie, die vreemdelinge, die weeskinders, die weduwees in jou omgewing genoeg eet. As jy dit doen, sal die Here jou God jou voorspoedig maak in alles wat jy aanpak. (Deuteronomium 14:28-29 - sien ook hoofstukke 23:24 - 25 en 24:19 - 22)

Volgens hierdie Bybelse begrip is alle mense gelykwaardig, ongeag ras, volk of nasie. Hier word interessante raakpunte met die sekulêre dokumente gesien.

In hierdie verband sê Mott dat Swartmense onlangs meer hoop begin kry het en waardigheid gevind het in die uitspraak, "all the ground is level at the foot of the cross".²³⁾

Soos reeds genoem, word hierdie waardigheid deur God aan die mens geskenk en word dit nie deur een of ander menslike kwaliteit bepaal nie.

Gods liefde bepaal liefde tussen mense - dit fundeer menswaardigheid en menseregte. Wingren sê: "The one who is active, who provides rights, is always God; man receives righteousness as a gift."²⁴⁾

4.6.3 Vryheid

Volgens die Skrif is 'n mens alleen vry as jý aan God gebonde is. Vryheid het juis op grond van Christus se soenverdienste vir die mens die reg geword om te kan kies. Hierdie keuse moet net te alle tye binne die Goddelike waarheid geskied, want alleen só sal die mens reg kan laat geskied aan sy en sy medemens se regte. As vryheid só hanteer word, sal dit gebalanseer word met die inhoud van bogenoemde begrippe van menswaardigheid en geregtigheid. Maar waar vryheid sonder grense beoefen word, gee dit aanleiding tot ongelykheid en ongeregtigheid tussen mense.

Nürnberg is van mening dat vryheid nie beoefen mag word ten koste van ander se vryhede nie. Dit kan gebeur waar strukture (byvoorbeeld ekonomies) en die onregverdige opbou van mag (byvoorbeeld polities) op so 'n manier aangewend word dat een mens (of groep) se posisie ten koste van 'n ander s'n beskerm word. So gee grenslose vryheid aanleiding tot ongelykheid en ongeregtigheid onder sekere mense. Vryheid is belangrik en noodsaaklik, maar dit moet sover as menslik

moontlik met gelykheid en geregtigheid gebalanseer word. Sodra 'n mens andersyds gelykheid (byvoorbeeld ekonomies) probeer afdwing, kan die mens se vryheid (byvoorbeeld deur inisiatief) weer daardeur ingeperk word en dan is die mens ook nie meer waarlik vry nie. 'n Fyn balans is dus nodig (vergelyk interafhanklikheid tussen individuele en sosiale regte).²⁵⁾

Dit mag nou gebeur dat 'n mens soms selfs moet kies teen jou vanselfsprekende begeertes, wil en belange. Hiermee word bedoel dat 'n mens bereid moet wees om byvoorbeeld af te sien van jou bevoorregte blanke posisie as gevolg van ekonomiese ongelykheid en politieke onregverdigheid waaraan die blanke deur die jare heen so gewoon geraak het - hierdie voorregte het dikwels ten koste van ander se vryhede en regte ontstaan. Dis nie maklik nie, maar as die Skrif 'n mens daartoe oproep, kan jy alleen vry wees as jy jou begeertes, wil en belange kruisig in belang van en tot voordeel van jou medemens (maar tog gebalanseerd). Prakties beteken dit dat 'n mens byvoorbeeld ekonomies toegelaat moet word om vrye inisiatief op 'n vrye mark te kan neem, alle mense sulke geleenthede te bied, maar tog die winste sodanig te verdeel dat daar in die behoeftes van die minderbevoorregtes voorsien kan word sonder ekonomiese agteruitgang. Die teendeel is ook waar. As 'n mens se vanselfsprekende wil, belange en begeertes is om rykdom te verdeel in belang van die minderbevoorregtes, dan moet die vrye mark nie ingeperk word deur byvoorbeeld oordrewe staatsbesluitneming nie, want dan word gelykheid afgedwing ten koste van vrye inisiatief (beleggers het dan geen ander keuse as om te onttrek nie, ensovoorts). Daar is dus 'n "spanning" tussen vryheid en gelykheid, soos reeds gesê, en dit wil lyk of hierdie spanning alleen gehandhaaf kan word as daar soms teen vanselfsprekende belange en begeertes gekies word. Vryheid van besluitneming moet dus in die teken van diens staan, dit moet

verband hou met die menswaardigheid en vryheid van jou medemens. Daarom mag ons nie onderwerp en inperk nie, maar moet ons bevry!

Levitikus 26:13: "Ek is die Here julle God wat julle uit Egipte laat trek het sodat julle nie meer sy slawe hoef te wees nie. Ek het die juk wat julle moes dra, gebreek en julle vry gemaak."

Die interessante is dat hierdie vryheid belofte inhou. Alles wat nodig is om te leef, sal voorsien word.

Hy het ons ellende en swaarkry raakgesien en gesien hoe ons verdruk word. 8. Die Here het ons uit Egipte laat wegtrek deur magtige daade, kragtige groot daade wat vrees ingeboesem het, tekens en wonders. 9. Hy het ons in hierdie plek gebring en hierdie land aan ons gegee, 'n land wat oorloop van melk en heuning. (Deuteronomium 26:7-9)

Daar is reeds verwys na die gedagte dat hierdie vryheid in die wyer politieke en sosiale lewe neergekom het op die vryheid van godsdiens, gewete, spraak en beweging (vergelyk hoofstuk drie).

4.6.4 Menseregte in gemeenskapsverband

Soos uit die voorafgaande bespreking afgelei, bepaal die Skrif dat menseregte nie in isolasie aan die mens toegeken kan word nie. Menseregte geld dus nie net individueel nie, maar kry juis betekenis in gemeenskapsverband.

Reeds by Adam en Eva, die eerste mensepaar, kom hierdie gedagte na vore. God het gesien dat dit nie goed was vir Adam om alleen te wees nie en daarom het Hy vir Eva geskape. So het hulle mekaar aangevul en het hul lewens eers in verband (gemeenskap) met mekaar werklik betekenis gekry. Hierdie betekenis geld nie net ten opsigte van die

huwelik nie, maar ook vir die ganse mensdom, omrede Adam en Eva aan die begin van die hele mensdom staan.

God self tree met ander woorde in verbinding (gemeenskap) met die mens. Hy oorbrug die afstand tussen Hom en die mens en wil dit ook doen tussen die mense onderling. Hierdie betekenis van in-'n-verhouding-staan, kom ook na vore in die goddelike Drie-Eenheid. God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees vorm 'n ewige gemeenskap (maar is ook "afsonderlik" by wyse van spreke). Die interessante is nou dat elke mens na hierdie beeld van God geskape is en daarom ook 'n gemeenskapswese is en móét wees.

Christus het dit ook kom bevestig met sy liggaamsmodel. Elke ledemaat is uniek, maar funksioneer eers effektief in die totale liggaam. Die liggaam, waarvan Christus die hoof is, bestaan dus uit interafhanklike lede. Hierdie lede behoort in hart en siel op mekaar se behoeftes gerig te wees - dit mag nie net vertoon wees nie, maar moet eg wees soos in die geval van die mense van die eerste gemeentes.

Al die gelowiges was eengesind en het alles met mekaar gedeel. 45. Hulle het hulle grond en besittings verkoop en geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoeftes. 46. Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geniet en God geprys. (Handelinge 2:44-46)

Niemand het sy goed net vir homself gehou nie, maar hulle het alles met mekaar gedeel. 34. Nié een van hulle het gebrek gely nie, want die wat grond of huise besit het, het dit verkoop en die verkoopprys daarvan gebring 35. en vir die apostels gegee. Dié het dit dan uitgedeel volgens elkeen se behoefte. (Handelinge 4:32,34 en 35 - vergelyk ook 2 Korintiërs 8:13-15)

Deur reg te laat geskied aan jou medemens, kan jy hom help om sy plek in die gemeenskap vol te staan.

Wanneer 'n mede-Israeliet só in die skuld raak by jou dat hy nie kan

betaal nie, moet jy hom help soos jy 'n vreemdeling of bywoner sou help, en hom by jou aan die lewe hou. 36. Jy mag hom geen rente van enige aard laat betaal nie. Uit eerbied vir jou God moet jy jou mede-Israeliet by jou aan die lewe hou. (Levitikus 25:35-36)

Eksodus 23:9: "Jy mag 'n vreemdeling nie laat verdruk nie. Julle ken die lewe van 'n vreemdeling, want julle was vreemdelinge in Egipte." Deur ondervinding het die Israeliete geweet wat die behoeftes en lyding is van iemand wat vervreem is. Hierom moet sulke mense in die gemeenskap opgeneem word en nie uitgesluit en verdruk word nie. So 'n persoon se basiese regte mag nie aangetas word nie.

Hier lê sterk raakpunte met sommige sosiale regte - vergelyk die reg van elkeen op 'n goeie lewenstandaard wat geskik is vir die welsyn van homself en sy familie, insluitend voedsel, kl'erasie, huisvesting, mediese sorg, sosiale dienste, sekuriteit in geval van werkloosheid, ensovoorts. Hier word dus klem gelê op sekere regte van die mens sodat hy sy regmatige plek in die samelewing (gemeenskap) kan volstaan.

Hier word toenemend gemerk hoe belangrik ekonomiese regte vir 'n waardige bestaan van die mens is. Omrede voedselproduksie so uiters belangrik is vir die voortbestaan van die mens, is die besit of regmatige gebruik van eiendom (grond) baie belangrik. Ekonomiese mag word hierdeur bepaal. Hierom moet mense deel ten opsigte van eiendom, maar ook wat betref die ekonomiese mag wat hiermee saamgaan. Dit impliseer sekere regte wat noodsaaklik is vir die instandhouding van die lewe, naamlik die reg op eiendom, arbeid en vergoeding.

Verdeel nou die land tussen die familie en gee aan elkeen 'n eiendom volgens sy grootte: 54. aan 'n groot familie 'n groot eiendom en aan 'n klein familie 'n kleiner eiendom. Elkeen moet sy eiendom ontvang ooreenkomstig sy getal. 55. Die land moet verdeel word deur te loot. Elke stam moet 'n eiendom ontvang. (Numeri 25:53-55)

- sien ook Numeri 36:8 en Miga 2:2. Elke familie is hiervolgens geregtig op sy grond.)

Ook het die Jubeljaar bepaal dat grond, of dit doelbewus verkoop is of op 'n ander manier verbeur is, in daardie spesifieke jaar aan die oorspronklike eienaar teruggegee word (Levitikus 25).

Hier moet darem genoem word dat die Ou-Testamentiese wette rakende grondbesit nie vandag presies net so toegepas kan word nie. Tog het dit steeds 'n belangrike betekenis deurdat dit die aandag op die ekonomiese waarde van grond vestig. Inkomste, bestaansekuriteit en ekonomiese mag is vandag op baie ander maniere moontlik as in daardie tyd, byvoorbeeld deur middel van werkseleenthede (vergelyk regstellende optrede). Die aandag word egter uitdruklik daarop gevestig dat elke mens gelyke toegang tot die besit van eiendom (grond) moet hê. Hierdie reg van die mens op eiendom, wat ook deel is van sy ekonomiese mag, mag nie aangetas word nie.

Ten opsigte van hierdie ekonomiese mag, kan net die volgende gesê word. In ons land met sy eiesoortige situasie, vrees baie blankes die verdeling van ekonomiese mag as gevolg van sosio-ekonomiese stelsels onder Swart beheer wat feitlik oral in duie stort. Hierdie ineenstorting kan die gevolg wees van die misbruik van mag, gebrekkige kapitaal en fondse, 'n gebrek aan administratiewe en ekonomiese opleiding en doeltreffendheid, die toepassing van ekonomiese beginsels wat tot armoede lei, ensovoorts. Waar bates op oordrewe wyse genasionaliseer word, soos na onafhanklikheid in Afrika, bestaan 'n sterk moontlikheid dat beleggers en voornemende beleggers sal onttrek (dit is interessant dat sommige mense min of meer dieselfde voorafgaande dinge gesê het ten opsigte van die Afrikaner toe hulle in die dertigerjare na die stede getrek het). Hiermee saam het baie Swartmense, ongeag hulle blootstelling aan die mynbou, industrie,

ensovoorts, nog nie werklik deel geword van die Westerse ekonomie nie - ook vanweë die feit dat hulle hoofsaaklik tot arbeider-status beperk was. Nou lyk dit vir baie blankes of Swartmense nie hul eie ekonomie kan vestig en ook nie werklik in 'n vrye Westerse ekonomie tuishoort nie. Dit is egter onbillik en onregverdig om sulke oorvereenvoudigde aannames te maak. Alleen as die Swartmense in samehang met die blankes toegelaat word om ekonomiese mag te deel byvoorbeeld by wyse van bestuursposte en deeleienaarskap in openbare maatskappye, is daar sprake van die vestiging van 'n demokrasie waarin blank en Swart mekaar ekonomies, maar ook andersins, kan vind.²⁶⁾

Hier is dus 'n hele klomp Skrif-gefundeerde perspektiewe geïdentifiseer wat duidelike raakpunte vertoon met die basiese menseregte soos in die verskillende sekulêre menseregte-dokumente gestipuleer. Die Skrif bied egter nie 'n volledige begroning van die latere politieke regte nie. Die regte waarna verwys is, is basies, maar feitlik al die "moderne" regte hou op een of ander manier hiermee verband.

4.7 'n Skrif-gefundeerde demokrasie

Gedagtig aan die totstandkoming en ontwikkeling van menseregte (met 'n teologiese onderbou) en die basis wat dit gelê het vir die demokrasie, moet daar spesifiek gekyk word na wat die Skrif oor demokrasie sê.

Johannes 13: 1 - 17, Matteus 20: 25 - 28 en Filippense 2: 3 - 11 beklemtoon dat die heerskappy van Christus in selflose diens bestaan en nie in outoritêre oorheersing nie. As die mens homself sien as Christus se verteenwoordiger (assistent) hier op aarde, dan moet hy ook sodanig optree. Tirannieke optrede word hierdeur afgewys en liefde tussen mense word bevestig - waar hierdie liefde is, is geregtigheid, menswaardigheid, vrede en versoening. Hierdie liefde is 'n belangrike

demokratiese beginsel, want hierdeur besef heersers dat hulle die volk in nederigheid moet dien. Sulke persone is dan in diens van die volk deur wie hulle verkies en aangestel is. Die eintlike gesag behoort aan God, maar dit word deur die volk vir 'n tydperk aan die heersers toevertrou - hieroor sal hulle ook "later" voor God verantwoording moet doen. Waar sodanig opgetree word, funksioneer die liggaamsmodel volgens 1 Korintiërs 12 effektief. Hiervolgens word besef dat elke lid noodsaaklik en onmisbaar is vir die goeie funksionering van die liggaam. Niemand word hiervolgens uitgesluit nie, maar juis ingesluit, selfs die vyand - vergelyk ook Jesus se aanvaarding van 'n prostituut, 'n belastinggaarder, die Samaritaanse vrou, kinders, armes en ook die versterking van mense deur die Heilige Gees in hulle gemeenskaplike verantwoordelikhede en die feit dat God mens geword het in Jesus Christus.

Hier moet net genoem word dat hierdie dienskarakter (diakonia) van die Nuwe Testament in die eerste plek tot die kerk behoort. Dit onderskei juis die kerk van die wêreld - tog lyk dit vir my of dit nie uitsluitlik net vir die kerk bedoel is nie, maar dat dit ook juis deur die mens in sy alledaagse lewe uitgeleef moet word. In hierdie opsig sou 'n mens kan sê dat die regering van die dag, vanweë die invloed van die kerk, ook hierop gebou behoort te word.

4.8 Die noodsaak van skuldbelydenis vir die NG Kerk

As daar teruggekyk word na die geskiedenis van die NG Kerk met sy noue verbintenis met die Afrikanervolk en sy regverdiging van apartheid, en dit word gespieël in die historiese en teologiese beskouings van mense-regte, dan besef 'n mens hoe noodsaaklik skuldbelydenis vir dié kerk geword het. As volkskerk was hy so nou verweef met die lewe en optrede van die Afrikaner en het hy homself so volkome met die stryd van die volk vereenselwig, dat hy nie besef het hoe onregverdig hierdie volk

teenoor ander volkere opgetree het nie. Soos reeds opgemerk, het die inhoud van teologiese norme rakende geregtigheid, menswaardigheid, vryheid en demokrasie nie tot hul reg gekom in die kerk se optrede teenoor ander volke en nasies nie. Op hierdie wyse het hulle kerk vir die Afrikanervolk in plaas van kerk van Christus geword. Die kerk se profetiese rol en priesterlike bewoënheid was onvervul.

Oor die afgelope aantal jare, volgens Jonker, kon sommige teoloë en predikante binne die kerk nie meer op die geykte pad volhou nie. Hulle het in opstand gekom teen die kerk se regverdiging van apartheid. Hulle het besef dat daar in die Skrif geen gronde vir die regverdiging hiervan is nie. Hulle kon nie langer toesien hoe behoudende en ander teoloë in die buiteland hulle van die NG Kerk se standpunte distansieer en hoe die kerk op grond hiervan al hoe meer gekritiseer en geïsoleer is nie. Hierdie aanvoeling is die afgelope paar jaar ook by sommige gewone lidmate begin bespeur.

Ook hier te lande het gebeure soos die uitsluiting van die NG Kerk uit die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, die spanning wat by sinodesittings begin oplaai het oor die kerk se regverdiging van apartheid en gevolglike swak verhoudinge met die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika en die totstandkoming van die Belhar-belydenis die oomblik van waarheid vir hom laat aanbreek. Onder leiding van die Gees van God kon lidmate van dié kerk by die punt kom waar hulle besef dat die kerk gedwaal het, kon hulle skuld daarvoor bely en ander kerke vra om hulle te vergewe en in Christus te aanvaar.²⁷⁾

Dit het gebeur by die Vereeniging-beraad, by die Algemene Sinode van 1990 en ook in November van dieselfde jaar by die Rustenburgkerkeberaad. Op hierdie wyse het die kerk nie heimlik nie, maar in die

openbaar sy skuld erken en bely. Hierdeur het die kerk gebreek met die verlede. Hy het weggetree van die volksreligie na die geloof, en van die natuurlike teologie na die evangelie van sonde en genade. Hy het op hierdie wyse weer begin soek na die weg van die verstaan van die koninkrykswaardes en norme wat haaks staan op die selfliefde en self-handhawing van die natuurlike mens.²⁸⁾

In hierdie opsig het Jakobus 5:16 waar geword in die lewe van die NG Kerk. "Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word."

'n Volgende belangrike gedagte volgens Jonker in verband met skuldbelydenis is dat dit deur die gemeenskap van gelowiges gedoen moet word. Natuurlik moet individue ook skuld bely, maar die kerk as struktuur van die gemeenskap moet in sy geheel belydenis doen - dit gaan om kollektiewe skuld. Hier lê nog 'n groot probleem. Baie lidmate beskou sodanige skuldbelydenis as 'n daad van verraad en oorgawe aan die vyande van die Afrikaner. Hulle sê dat die NG Kerk geswig het voor die propaganda van die kommunisties-geïnspireerde Wêreldraad van Kerke, die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en die Swart Teologie. Op hierdie wyse het die vyande van die volk daarin geslaag om die Afrikaner op sy gevoeligste plek aan te val, naamlik sy kerk en sy godsdiens. Omdat die weerbaarheid en die nasietrots van die Afrikaner hierdeur aangetas word, bly daar vir sulke mense net een weg oor en dis om te breek met die NG Kerk en 'n nuwe kerk te stig. Of sulke mense ooit skuld sal bely, is 'n ope vraag, en in elk geval kan die kerk nie wag totdat diesulkes dalk eendag besluit om skuldbelydenis te doen nie. Hierom moet daar binne elke gemeenskap diegene wees wat die skuld van die geheel op hulle neem en namens die hele kerk vergiffenis by God en die mense daarvoor afbid.²⁹⁾

Ten slotte, as 'n mens dink aan die bepalende invloed wat die NG Kerk gehad het op die totstandkoming en die regverdiging van 'n sisteem wat oor jare heen menseregte doelbewus en sistematies vertrap het, kan jy nie sommer eis dat die kerk die wêreld moet lei in die totstandkoming van beter sosiale verhoudinge nie. Is mense werklik verkeerd as hulle beweer dat gelowiges in die kerk verslaaf is aan 'n soort kollektiewe super-ego.³⁰⁾ Om hierdie en vele ander redes het die NG Kerk geen geloofwaardigheid in die oë van Swartmense nie. 'n Skielike verandering in die kerk se beskouing oor menseregte en demokrasie kan baie maklik deur humaniste en liberaliste as huigelary beleef word. Moet ons as NG Kerk nie, nadat ons deeglik ons skuld bely het, eers 'n bietjie terugstaan voordat ons ander mense tot beter sosiale verhoudings wil lei nie? Die Marxiste, humaniste en liberaliste het deur die geskiedenis heen 'n beter rekord as dié kerk in dié verband en dalk sal dit goed wees om eers deeglik na hulle te luister voordat daar 'n nuwe strategie vanuit eie geleedere in dié verband uitgewerk word!

VERWYSINGS: HOOFSTUK 4

1. Vir verdere toeligting kan die artikel van G. Wittenberg (1991) gelees word: Authoritarian and participatory decision-making in the Old Testament in: A democratic vision for South Africa, (Edited by K. Nürnberger), Encounter Publications, Pietermaritzburg, pp.85 - 96.
2. D.E. de Villiers. 1984. Die geskiedenis van menseregte in: Menseregte. (’n Versamelbundel: Eindredakteur D.A du Toit), Tafelberg-uitgewers Beperk, Kaapstad, p.16.
3. Ibid., p.14.
4. Die Burger 19 September 1992. p.11.
5. J. Kinghorn. 1990. ’n Tuiste vir almal, Sentrum vir Kontekstuele Hermeneutiek, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, p.88.
6. Ibid., p.89.
7. K. Nürnberger. 1991. Democracy in Africa - the rapid tradition in: A democratic vision for South Africa, a w , pp.304 - 305.
8. Ibid., p.306.
9. Ibid., pp.306 - 307.
10. J. Macquarrie. 1967. A dictionary of Christian ethics, SCM Press Ltd., London, p.87.

11. Ibid., p.87.
12. Ibid., p.87.
13. Ibid., p.87.
14. Ibid., p.87.
15. K. Nürnberger. 1986. Teologiese Etiek (Studiegids 2), UNISA, Pretoria, p.127.
16. E.A. Opitz. 1983. Socialism in: Baker's Dictionary of Christian Ethics (Editor C.F. Henry), Baker Book House, Grand Rapids, Michigan, pp. 639 - 640.
17. K. Nürnberger. Teologiese Etiek, a.w., pp.166 - 167.
18. D.E. de Villiers. a.w., p.13.
19. Ibid., p.14.
20. J. Macquarrie & J. Childress. 1986. A new dictionary of Christian Ethics, SCM Press Ltd., London. p.280.
21. Ibid., p.280.
22. J.M. Bonino. 1991. Recovering democracy? The concept of democracy in Liberation Theology in: A democratic vision for South Africa (edited by K. Nürnberger), Encounter Publications, Pietermaritzburg, p.207.

23. S.C. Mott. 1984. Jesus and Social Ethics, Grove Books, Bramcote, p.6.
24. Ibid., p.6.
25. K. Nürnberger. Teologiese Etiek, a.w., p.167.
26. J. Kinghorn. a.w., pp.75 - 80.
27. W.D. Jonker. 1991. Die noodsaak van skuldbelydenis in: Derdegelui vir mōre (Eindredakteure: E. de Villiers & D. Kitching), Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, pp.97 - 98.
28. Ibid., p.99.
29. Ibid., pp.95, 102.
30. K. Nürnberger. 1991. The seed that cracks the rock - the Biblical thrust towards democratic assumptions in: A democratic vision for South Africa, a.w., p.82.

HOOFSTUK 5: DIE HUIDIGE DEBAT IN SUID-AFRIKA

Met die voorafgaande studie in gedagte, ontstaan die vraag waarom daar in ons (Christelike) land, wat ook aanspraak maak op demokrasie,¹⁾ soveel konflik, spanning en geweld oor die afgelope paar jaar voorgekom het en steeds voorkom.

Dat menseregte veral die laaste vier dekades in ons land geweldig geskend is, kan niemand betwyfel nie. Een van die redes is dat daar in ons land geen grondwetlike erkenning van menseregte was en is wat riglyne vir ons wetgewer in hierdie verband voorgeskryf het en steeds voorskryf nie - daarom is daar in die geskiedenis van ons land dikwels drastiese ingrype deur wetgewing gemaak op die gebied van substantiewe sowel as "prosessuele" menseregte. Hierdie verskynsel hang grootliks saam met die feit dat die interne politieke bestel op rassediskriminasie berus het (dit sal hopelik binnekort verander). Ons demokrasie het toegelaat dat daar wette soos die volgende was: Die Bevolkingsregistrasiewet wat op die grondslag van rasseklassifikasie gebou was. Dit het tot gevolg gehad dat 'n persoon se verbondenheid tot 'n bepaalde ras drastiese gevolge vir sy status en regte meegebring het. So het 'n persoon se ras bepaal met wie hy mag trou, met wie hy vleeslike gemeenskap kon hê, waar hy mag woon en grond mag besit, waar hy mag werk en watter soort werk hy mag doen, welke loon hy moes ontvang, welke skole of universiteite hy mag besoek en watter soort onderwys hy kon ontvang en of hy in 'n algemene verkiesing kon stem. Die Wet op die Verbod op Politieke Inmenging is gemik op die voorkoming van inmenging deur 'n lid van een bevolkingsgroep met die politieke bedrywighede van 'n ander bevolkingsgroep.²⁾ Dit het daarop neergekom dat blankes, behalwe die regering, hulle nie met "swart" politiek mag bemoei het nie - die omgekeerde was net so waar (vergelyk byvoorbeeld

werkreservering wat deel van die "wit" politiek was, maar die Swartmense nadelig geraak het).

Verder kon politieke organisasies deur die uitvoerende gesag verbied word, waarna beskikking oor hul bates feitlik geheel en al binne die diskresie van amptenare geval het. Geregtelike kontrole oor die uitoefening van sodanige diskresie was uiters beperk, en daarom was individue dikwels aan die willekeur van hierdie amptenare uitgelewer. Bewegingsvryheid is drasties aan bande gelê, terwyl die verlening van 'n paspoort om die buiteland te besoek volkome binne die diskresie van die uitvoerende gesag geval het. Vryheid van spraak en van die pers is ingrypend aan bande gelê.³⁾

Benewens hierdie inperkings, was die mees drastiese inperkings en opheffings van menseregte waarskynlik dié deur veiligheidswetgewing. Hierdie "prosessuele" menseregte is in 'n sekere sin die mees fundamentele van menseregte. In hierdie opsig is daar op baie mense se reg op vryheid en privaatheid, wat so wesentlik deel is van hul menseregte, inbreuk gemaak deur die toepassing van regsmiddele soos arres, aanhouding, ondervraging, visentering, beslaglegging en die instel van strafvervolging.⁴⁾ Dit het daarop neergekom dat nie alle mense die geleentheid gebied is om hulle teen sekere aantygings te verdedig nie. Die gewone regsprosesse was dus nie op almal van toepassing nie.

'n Verdere oorsaak vir die skending van menseregte in ons land hang saam met parlementêre soewereiniteit. Die grondwet van ons Republiek bepaal hierdie soewereiniteit en daarom kan die parlement enige wette maak en geen geregshof is by magte om die geldigheid van sodanige wette te bevraagteken nie - 'n enkele uitsondering het betrekking op die gelykheid van amptelike tale. Hierdeur word die nasionale wetgewer tot oppergesag in ons land verhef, aangesien die wil van die parlement met betrekking tot enige aangeleentheid

deurslaggewend is en deur die uitvoerende gesag aan alle onderdane opgedwing kan word. Aangesien die meerderheid van die lede van die parlement bestaan uit lede van die regerende party, en partypolitieke affiliasie deurgaans besluitneming in die parlement bepaal, beteken dit dat die regerende party, wat deel is van die uitvoerende gesag, die werklike mag beklee. Parlementêre soewereiniteit, waardeur inperkings van menseregte gesanksioneer word, is dus ondergeskik aan die kabinet, wat eintlik in beheer is. Nou gebeur dit dat die regerende party sy wense neerslag laat vind in die wetgewing en as die wetgewing in duidelike taal menseregte inperk, kan die houe niks daaraan doen nie, want die regbank kan nie parlementêre wetgewing ongeldig verklaar nie, selfs al word menseregte hoe drasties ingeperk.⁵⁾

Hierbenewens was en is daar ook 'n verdere aantal struikelblokke wat bygedra het en steeds bydra tot die skending van menseregte in ons land.

Die mense wat betrokke was in die regering oor die afgelope 40 jaar het nie geglo in die gelykwaardigheid van alle mense nie, soos reeds in hoofstuk 3 en elders bespreek. Onderskeid is getref tussen man en vrou, wit en swart, opgevoed en onopgevoed, ensovoorts. Hierom is sekere regte slegs aan sekere mense (blankes) toegeken en nie aan ander nie en dit het bepaalde probleme in ons samelewing geskep.

As gevolg van die opvoedkundige en ook ander agterstande by die meeste Swartmense ten opsigte van die blanke, het die gemiddelde blanke, wat hom verhewe bo die Swarte gesien het, geen vertrouwe in hul verantwoordelikhed-sin, onderskeidingsvermoë, insigte en lewensvermoë gehad nie. Dit het aanleiding gegee tot minderwaardigheid by die meeste Swartmense en daarom het hulle min selfvertroue gehad en dikwels ook geglo dat hulle nie regtig in staat is om die land te regeer nie. Hiermee saam is hierdie mense nie blootgestel aan dieselfde vorm van opvoedkunde as die blanke nie, het hulle

dus opvoedkundig en andersins nie so vinnig ontwikkel soos die blanke nie en daarom kon hulle nie met vertroue en oortuiging altyd hul saak stel nie. Diegene wat bereid was om dit te doen, is deurgaans fyn dopgehou en as so iemand se uitspraak in stryd was met die standpunte en oortuiginge van die regering, is hy aan bande gelê. So het dit gebeur dat alle inligting nie altyd by almal uitgekom het nie, want ook die media het in die spore van die regerende party gevolg. Inligting was met ander woorde grootliks gesuiwer en feitlik net die inligting wat gestrook het met die oortuigings van die regerende party, is beskikbaar gestel. Sodoende was baie mense nie blootgestel aan onbevooroordeelde inligting nie. Dit het gelei tot die vorming van eensydige denke by baie mense en 'n groot deel van die Swart bevolking kon nie met oortuiging aan die openbare debat deelneem nie. Diesulkes kon nie altyd hul behoeftes regtig weergee nie, en daarom moes hulle tevrede wees met die besluite wat die blankes vir hulle geneem het. Dit het ook aanleiding gegee tot 'n relatief lae lewenstandaard waaraan hulle min kon doen. Hulle was gevolglik so ingestel op oorlewing, dat baie van hulle nie belanggestel het in openbare debatte oor pensioene, behuising, onderwys, opvoeding, opleiding, ensovoorts nie. So het die gaping tussen wit en Swart al hoe groter geword (vergelyk die situasie vandag). Die Swarte het as die swakkere voorgekom wat geen indruk gemaak het nie en die blanke het al verder weg van die Swarte gevorder, in so 'n mate dat baie blankes vandag nie eens wil luister na die Swartmense nie as gevolg van hulle superieure posisie waarin hul beland het op grond van bogenoemde stand van sake.

Hierdie gebreke binne ons demokrasie het aanleiding gegee tot die skending van menseregte, wat baie pyn en lyding veroorsaak het. Hierdie "ondemokratiese" stelsel het gelei tot strukturele geweld. Die Swartmense het in opstand gekom teen hierdie onregverdige politieke, sosiale en ekonomiese strukture. Dit het aanleiding gegee tot konflik, spanning en by tye selfs gewelddadige of revolusionêre optrede deur hierdie mense wat te na gekom is.

Die blankes wat in beheer was, het bedreig gevoel hierdeur en by wyse van die polisie en weermag op soms gewelddadige wyse hierdie optrede onderdruk. Dit het die Swartmense, wat dikwels hul behoeftes te kenne wou gee deur hul gewelddadige optrede omrede hulle vir jare dit nie langs die normale kanale op effektiewe wyse kon doen nie, weer woedend gemaak, haat het ontstaan en pyn en lyding het gevolg! Ons merk dus dat wat vir die blankes oor die afgelope klompie jare as onbillik voorgekom het, deur die Swartmense as normaal gereken is (en andersom). Daar was en is steeds 'n kommunikasie-gaping en as gevolg hiervan soek baie Swartmense 'n ander heenkome. Hulle is besig om hul eie ideologie te vestig, wat die huidige op radikale wyse omver kan gooi. Dit gee aanleiding tot fragmentasie wat gewoonlik geweld baar. Natuurlik moet geweld so ver moontlik uitgeskakel word sodat veranderinge in 'n gees van vrede, verdraagsaamheid en versoening kan plaasvind.

Soos elders in die wêreld, het ook ons demokrasie sy pyne, maar desnieteenstaande moet ons onself bly afvra hoe ons na 'n beter vorm van demokrasie as wat huidig in gebruik is in ons eiesoortige situasie (nie-Westers) kan beweeg. Om 'n aanduiding hiervan te kry, moet 'n mens na die huidige politieke omstandighede in Afrika, 'n land waarvan ons deel is, kyk - uiteraard sal die oorsprong en 'n toekomsvisie daarvan ook in oënskou geneem moet word. Alleen as ons onself teen hierdie agtergrond meet, sal ons bewus word van die moontlikhede om 'n demokrasie in Suid-Afrika te vestig.

Die tradisionele politieke agtergrond in Afrika was gegrond op 'n gestruktureerde hiërargiese stelsel met die uitgebreide families as basis. Hieruit het geblyk dat voorsiening gemaak is vir gemeenskaplike besluitneming, wat wel verskil het van die Westerse demokrasie, maar tog in 'n sekere sin demokraties was. Na hierdie politieke erfenis het die koloniale era aangebreek, wat laasgenoemde struktuur tegnologieë vooruit was en die heg-verweefde sosiale struktuur uitmekaar geskeur het. Ideale wat geen

vooruitsigte in die tradisionele sosiale stelsel gehad het nie, is nou deur koloniale kiesers gevoed. Spoedig het daar 'n nuwe elite in wedywering met die stamhiërargie begin ontwikkel. Daar het 'n kloof tussen hierdie koloniale kiesers en die tradisioneel-georiënteerde bevolking ontstaan. Hierdie kiesers het 'n posisie beklee wat nie deur die bevolking daargestel is nie, maar van buite as 't ware op die Afrika-mens afgedwing is. Al manier waarop hierdie verskille gehanteer kon word, was blykbaar deur 'n eenparty-staat. Dit maak ook voorsiening vir die swarte se weersin in teenstand en konflik, wat natuurlik ook wesenlik deel vorm van die moderne Westerse demokrasie. Hierbenewens maak buitelandse belange sowel as hul eie onstabiele posisie die Afrika-leiers traag om hulself aan vrye verkiesings bloot te stel. Hierdie tipe stelsel kan nie altyd konflik en korrupsie effektief hanteer nie en dit gee dikwels aanleiding tot 'n militêre oorname. Of hulle meer suksesvol is, word sterk betwyfel.⁶⁾

In hierdie verband kan verwys word na die gebeure wat tans in Afrika plaasvind en wat tog iets vir die strewe na 'n ware demokrasie in ons land te sê het.

Political and economic reforms in the USSR, and the rapid replacement of seemingly entrenched and highly repressive regimes in Eastern Europe, blew new gales of change across Africa. They had major consequences for the continent, catalyzing demands for democratic reform and an end to single-party hegemony. From Algeria in the North to Zambia in the South, and from Tanzania in the East to Ghana in the West, Africa's military and one-party dictatorships are under attack as never before from an increasingly impoverished and deeply disillusioned populace. The new emphasis on democratization as a yardstick for American aid to the continent coincides with an enlarged emphasis by the World Bank and the International Monetary Fund on the imperative for better governance in Africa. These two goals have some similarities but are not identical. Democratization is essentially an extension of the US concern with human rights and aims at encouraging freedom of the media, freedom of assembly, multipartyism, open political contests and fair elections. Governance is far more modest in its goals and prescriptions. Priority is given to removing political obstacles to structural adjustment programs and renewed growth. The emphasis is an accountability, transparency, predictability, and the rule of law in government, not on the prescription of specific political structures ... The response by Africa's ruling elites has been varied: To date, the scoreboard might be divided into these categories.

POLITICO-ECONOMIC SYSTEMS AND ORIENTATION
Fifty-two independent countries

| POLITICAL SYSTEMS | ECONOMIC SYSTEMS ² | | |
|--------------------------------------|--|--|---|
| | Market-orientated | In transition towards market system | Socialist-oriented |
| Multiparty | Botswana Comoros Côte d'Ivoire Gabon The Gambia Mauritius Morocco Namibia Senegal South Africa Tunisia | Egypt Benin Cape Verde Madagascar Sao Tomé Zambia Zimbabwe | Algeria |
| In transition towards multi-partyism | Burundi Cameroon CAR Chad Ghana Lesotho Liberia Mauritania Niger Nigeria Sierra Leone Zaire | Burkina Faso Guinea Rwanda Togo | Angola Congo Ethiopia Guinea Bissau Mali Mozambique Somalia Tanzania |
| Resisting Multi-partyism | Djibouti Equat Guinea Kenya Malawi Swaziland Sudan | | Libya Seychelles Uganda |
| | 29 | 12 | 11 (7) |

In Afrika is daar dus 'n duidelike demokratiseringsproses aan die plaasvind, wat ook positiewe invloed op hervorming in ons land kan hê. Of 'n demokrasie in Afrika sal vestig, hang van 'n paar faktore af.

For to bring about a reversal in Africa's economic fortune, the continent's leaders will have to come to terms with the fact that there are limits to the ability of the state - especially that in developing countries - to provide a better life for its citizens. Apart from good management and the creation of an attractive investment climate, this means a reorganization and substantial reduction of the state's economic role and the pooling of resources with neighbours for the collective enhancement of each state's economic viability. In the political field it implies a meaningful devolution of power to local communities and the sacrifice of national sovereignty in some degree in order to ensure successful economic co-operation among certain groups of countries. (8)

Hierdie uitdagings lyk skrikwekkend, gesien in die lig van die tradisies eie aan Afrika:

The African state exerts an all-pervasive influence, its rulers insist on gathering maximum power into their hands at executive level, and they pre-occupy the upholding of national sovereignty. The continent's economic and political future nevertheless depends upon the political determination of its leaders and their followers to face these challenges. (9)

5.1 Die nuwe Suid-Afrika

Suid-Afrika het ook in 'n groot mate met hierdie selfde oorgangsituasie te doen. Die sukses van ons oorgang na 'n "nuwe" Suid-Afrika hang volgens baie kenners af van die mate waarin ons in staat gaan wees om die ekonomie te laat groei. As dit nie plaasvind nie, sal Suid-Afrika se oorgang na 'n ware demokrasie nie suksesvol wees nie. In die moderne geskiedenis van die wêreld kon geen land nog daarin slaag om die soort politieke hervorming wat Suid-Afrika nou aanpak sonder 'n groeiende ekonomie suksesvol deur te voer nie. Vir sukses moet die welvaart van die bevolking voor, tydens en na die oorgang groei. In ons land lyk die prentjie in hierdie opsig nie so goed nie. Die Bruto Binnelandse Produk per hoof is 'n bekende maatstaf vir die welvaart van 'n gemeenskap. Die syfers toon dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap vir langer as 'n dekade nou al op deurlopende wyse verarm. Die skokkende feit is dat ons land volgens projeksie tot en met 1995 verder gaan verarm en dis juis in hierdie tyd dat die oorskakeling na 'n demokrasie moet plaasvind. Juis hierdie feite maak die suksesvolle oorskakeling na 'n ware demokrasie in ons land nie baie rooskleurig nie. Die rede hiervoor is dat elke land wat voor oorskakeling na 'n demokrasie 'n negatiewe ekonomiese groei gehad het, onsuksesvol daarin was - dié daarenteen wat voor oorskakeling 'n positiewe groei gehad het, was suksesvol. Hieruit is dit duidelik dat ekonomiese hervorming voor politieke hervorming moet

plaasvind - veral ook in ons land. Na die politieke oorgang is dit gewoonlik te moeilik vir die nuutverkose regering om met onaangename ekonomiese hervormings besig te wees.¹⁰⁾ Natuurlik, soos reeds genoem, is dit net so waar vir die demokratiseringsproses wat in Afrika plaasvind.

Ek wil glo dat as hierdie ekonomiese hervorming slaag, daar baie makliker op politiese terrein na 'n ware demokrasie oorgeskakel sal kan word.

Hier kan ook net verwys word na die sterk demokratiese tradisie wat tydens die afgelope paar dekades onder die Swartmense binne die ANC en die PAC ontstaan het. Die verskil met die "wit" demokrasie in ons land is dat hierdie organisasies hulle teen wit magsoorheersing verset en daarom hoofsaaklik weerstandsbewegings is teen die blanke regering om sodoende sy mense van onderdrukking te bevry. Die ANC en die PAC is geweldige demokratiese kragte en vir baie Swartmense lê hulle toekoms slegs in sodanige "swart" demokrasie opgesluit - dit beteken dat mag (politiek en ekonomies) aan die ganse volk oorgedra moet word.¹¹⁾

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar nog 'n lang pad voorlê voordat 'n ideale Westerse demokrasie in ons land bereik sal word - indien ooit! Sonder om in detail in te gaan, net die volgende blik. In Suid-Afrika, wat deel is van die Derde Wêreld, kyk ons, veral die blankes, wat vir soveel jare gedomineer het, na hierdie saak vanuit 'n bepaalde eenogige perspektief - van hieruit beskou, het ons dan ook eintlik 'n ideale Westerse demokrasie op die oog. Dit lyk na die ideale oplossing, maar of dit die geval gaan wees, bly 'n ope vraag. Hierdie vraag moet gesien word in die lig van die breër Afrika-konteks. Soos reeds geïmpliseer, sal Afrika sy eie sosio-politieke en ekonomiese model

uitspook. Hierdie model sal sover moontlik onreg uit die weg probeer ruim, soos in belang van die grootste deel van Afrika se inwoners. Ek glo dat daar in só 'n model nie afstand gedoen sal word van ideale rakende geregtigheid, deelname en menseregte nie. Dit sal 'n model wees, na my beskouing daarvan, wat nie noodwendig met mooi gesofistikeerde woorde aanmekaar geflans sal word nie, maar wat met moeite en harde werklikhede gepaard sal gaan soos dit in verarmende lande aan die orde van die dag is. In die lig hiervan wil dit lyk of 'n ideale Westerse demokrasie ook in 'n toekomstige Suid-Afrika, as deel van Suider-Afrika en dus van Afrika, nie werklik sal realiseer nie. Indien wel, miskien tydelik as deel van die oorgang tot 'n nuwe Suid-Afrika, maar Afrika sal sy eie model van regering daarstel. Afrika-diktature, soos reeds genoem, word tans weggespoel deur 'n proses van demokratisering, en daar sal deur elke mens wat hierby betrokke is, erken moet word dat die Afrika-spoor van demokrasie uiteindelik ook in ons land gevolg sal moet word - en dit sal eventueel, volgens my, nie 'n ideale Westerse demokrasie wees nie, omrede Afrika jare en selfs dekades kan neem om (streek)ekonomieë te laat herleef, al is die bedeling hoe demokraties. Met 'n groot stuk tradisionalisme wat nog in baie mense gewortel is, verminderde hulp en investering, skulde van miljarde rande, 'n stagnerende landbou, die bevolkingsgroei en die dreigende vigs-ramp, lyk die prentjie vir Afrika en vir Suid-Afrika maar bra donker.¹²⁾

Die grootste struikelblokke dus om 'n ware demokrasie in Suid-Afrika te vestig, is, soos reeds genoem, die swak sosiale en ander toestande as gevolg van armoede onder die Swartmense en die verskillende geestesinstellings onder die verskillende bevolkingsgroepe in ons land oor menseregte. Net soos demokrasie in die Weste eers gevolg het toe die gewone man deel van die nywerheidskapitalisme geword het, net so kan die Swartmense eers regtig deel word van 'n ware demokrasie saam met die

blanke, as hulle toegelaat word om ekonomies sterker te word en mag te deel sonder dat daar ekonomies 'n negatiewe groei sal wees - al is ons land nie tipies Westers nie, geld dieselfde beginsel hier om 'n demokrasie te vestig.

Die Swartmense is as gevolg van die mynbou gedurende die vorige eeu en die industrialisasie van die twintigste eeu, reeds lankal by die industrie betrokke (wat deel is van die demokrasie), maar op 'n beperkte wyse. Magskonsentrate onder wit beheer is ontwikkel in groot stedelike areas soos die PWV-gebied wat algemeen as die magshuis van ons land bekend staan, en die swarte (arbeider) kon homself nie juis ekonomies sterker maak deur middel van sy deelname aan die nywerheid en industrie nie. Dit het aanleiding gegee tot oploeiende spanning en konflik tussen wit (ryk) en swart (arm) en dit was die oorsaak van die al groter wordende gaping tussen hierdie groepe. Juis dit is gevaarlik vir 'n land wat in die oorgang na 'n ware demokrasie is, omdat die mense met 'n lae inkomste gewoonlik onder die valse indruk verkeer dat die land veel ryker is as wat dit in werklikheid is, terwyl die ryker deel van die gemeenskap daarin slaag om hulle teen die verarmingsproses, soos wat tans in ons land plaasvind, te verskans.¹³⁾

Na my mening sal blankes en Swartes mekaar slegs vind binne 'n demokrasie waarin alle mense in alle opsigte op volgehoue wyse gelyke deelname sal geniet. Selfs binne só 'n demokratiese stelsel sal die stryd tussen belangegroepe vrye teuels geniet. Om te verhoed dat een groep absolute mag en invloed ten koste van die ander verkry en/of selfs die mag misbruik, moet daar 'n juridiese kontrole in die stelsel ingebou wees wat kan toesien dat menseregte nie ingeperk of selfs opgehef word nie.

5.2 h Handves van menseregte vir Suid-Afrika

Menseregte moet dus verskans word en die bekendste wyse waarop dit gedoen kan word, is deur die opneming van h handves van menseregte in die grondwet waarkragtens h onafhanklike regbank aangewys word as liggaam wat waak teen ongrondwetlike aantastings van sodanige menseregte. Menseregte kan slegs effektief toegepas word as die grondwet op volledige wyse strook met die inhoud van al drie generasies van regte.

Wetgewende en administratiewe optrede wat in stryd is met hierdie handves, kan deur hierdie regbank as onkonstitusioneel en dus ongeldig verklaar word. Op die oomblik bevat ons grondwet geen handves van menseregte nie, en, soos reeds gemeld, bestaan daar in elk geval geen toetsingsreg vir die howe ten opsigte van wetgewing nie.¹⁴⁾

Dit is duidelik dat met die sosio-ekonomiese en politieke veranderinge wat tans in ons land plaasvind, die opneem van h handves van menseregte in h nuwe grondwet na h absolute noodsaaklikheid lyk. In hierdie opsig is daar twee vername voorstelle wat bespreek gaan word, by name die konsep-manifeste van die Regskommissie (Bylae 11) en die ANC (Bylae 12). Dit gaan geanaliseer en met mekaar vergelyk word en ook aan die kriteria soos gevind in die menseregte-tradisie en die teologie, gemeet word. Soos reeds vroeër gesê, word slegs hierdie twee dokumente bespreek omdat die ander belangrike verteenwoordigende rolspelers in die politieke oorgangsproses nog nie amptelike dokumente in dié verband opgestel het nie. Tog is organisasies soos AZAPO en die PAC gekontak in verband met hulle standpunte oor aktuele menseregte-kwessies, maar geen reaksie is ontvang nie. Die IVP het wel menseregte-voorstelle geformuleer, maar slegs vir die Kwazulu/Natal-gebied. Omrede dit beperk is, word hier slegs in enkele gedagtes daarna verwys. Die regering se voorstelle het ook

onlangs verskyn, maar omdat dit hoofsaaklik gebaseer is op die voorstelle van die Regskommissie, word ook dit nie diepgaande bespreek nie.

5.2.1 Die aanbevole akte van die Regskommissie

Voordat gekyk word na die inhoud van hierdie dokument, net eers die volgende historiese perspektief. In 1854 het die grondwet van die Republiek van die Oranje-Vrystaat voorsiening gemaak vir die reg om vryelik te vergader en die reg op gelykheid voor die wet. "The courts even appeared to have had a right of review and to be respected by the Volksraad."¹⁵⁾ Alhoewel vryheidsregte en demokrasie deur die boere geëis is, het dit ongelukkig die Swartes uitdruklik uitgesluit. Hulle grond is eerder afgeneem en hulle menswaardigheid is totaal misken.

Die 1910 konstitusie van Suid-Afrika het geen regte aan Swartes toegeken nie. Die regering het slegs uit blankes bestaan, wat feitlik net deur blankes verkies is. Hierdie soort optrede het die opponente van die regering verenig en aanleiding gegee tot die ontstaan van die ANC.

Op 10 Desember 1948 toe die Algemene Vergadering van die WVO sonder enige teenstem die Universele Verklaring van Menseregte aanvaar het, het Suid-Afrika saam met die Oosblok-lande en Saoedi-Arabië buite stemming gebly. Die aanvaarding en toepassing van hierdie handves sou verreikende implikasies hê vir 'n regering wat daarop ingestel was om blanke minderheidsbelange te beskerm.

Dit is die benadering, soos reeds opgemerk, wat deur die jare deur die regerende Nasionale Party voortgesit is. Hulle het kritiek teen hulle apartheidsbeleid en onder andere veiligheidswetgewing gerieflikheidshalwe afgeskud en geïgnoreer. Hulle het hul beleid op allerlei

wyses verdedig en daarom ook die verskansing van 'n handves van mense-
regte in 'n grondwet sterk afgewys en geopponeer. Die 1961 konsti-
tusie wat Suid-Afrika as 'n republiek verklaar het, het 'n periode van
bittere onderdrukking en ontkenning van menseregte ingelui. In 1983
is die Kleurlinge en Indiërs toegelaat in die Driekamer parlement,
maar die Swartes is totaal uitgesluit. Dit het aanleiding gegee tot
die ontstaan van die UDF. In 1984 het meneer Kobie Coetzee, Minister
van Justisie, gesê dat groepe en nie individue nie, deur 'n handves van
menseregte in ons land beskerm moet word. Dit het onder andere
saamgehang met hulle vrees dat die blanke minderheid oorheers kon word
en dat hulle dan sonder mag sou sit. Daar is egter voortdurend
vanuit verskillende oorde 'n dringendheid teenoor die regering uitge-
spreek om te kyk na die aanvaarding van 'n handves van menseregte vir
alle inwoners van ons land. In die tagtigerjare het die regering al
hoe meer hieroor gedink en in 1986 het meneer Chris Heunis, Minister
van Staatkundige Ontwikkeling, die vestiging van 'n aanvaarbare
menseregte-kultuur 'n onguns bewys toe hy 'n handves van menseregte
beskryf het as 'n meganisme om blanke minderheidsbelange te beskerm.
Nie lank hierna nie het die Minister van Justisie die Regskommissie
opdrag gegee om ondersoek in te stel na groeps- en individuele regte
wat moontlik opgeneem kan word in 'n handves van menseregte vir
Suid-Afrika.¹⁶⁾

In 1989 het die Regskommissie sy konsepvoorstelle rakende groepsregte
gepubliseer. Dit is hersien na aanleiding van kommentaar en voor-
stelle wat ontvang is en in Augustus 1991 het hulle interim-verslag
oor groeps- en menseregte verskyn. Dit is die voorstelle wat hier-
onder bespreek gaan word. Elke artikel gaan egter nie bespreek word
nie, omdat daar heelwat individuele menseregte is wat internasionaal
aanvaar word en waaroor die verskillende belangegroepe in ons land

saamstem. Hier gaan net gekonsentreer word op dié regte waaroor daar verskil in mening tussen die verskillende groepe bestaan, veral tussen die Regskommissie en gevolglik die regering en die ANC.

In dié verband kan ook net verwys word na president FW de Klerk se toespraak op 2 Februarie 1990. Dit het die menseregte-debat fundamenteel geraak. Bevrydingsorganisasies is ontban, politieke gevangenes is vrygelaat en hulle kon skielik openlik aan openbare debatte deelneem, literatuur wat voorheen afgewys is, is nou gepubliseer en politieke vergaderings kon gehou word. Alhoewel daar nog baie gedoen moet word in verband met menseregte, is daar tog heelwat gevorder wat aspekte soos vryheid van spraak en assosiasie betref. Wat egter onthou moet word, is dat 'n handves van menseregte nie oornag daargestel gaan word nie, omdat daar nog baie skeptisisme by mense daaroor is.

In blanke, konserwatiewe geledere word menseregte nog steeds gesien as liberaal, kommunisties en humanisties. Sommige radikale Swartes bevraagteken die motiewe vir die blankes se skielike belangstelling in menseregte. Hulle is daarvan oortuig dat die blankes slegs 'n handves van menseregte voorstaan om hulle eie belange te beskerm, veral noudat dit voorkom dat hulle van hul mag afstand sal moet doen.¹⁷⁾

Die bespreking wat volg, wil perspektief gee rakende menseregte-voorstelle wat tans in ons land aan die orde is.

Individuele regte word op besondere wyse in bogenoemde aanbevole akte van die Regskommissie geakkommodeer. As voorbeeld word hier verwys na 'n paar aktuele artikels. Die reg op lewe (artikel 2), die reg op

persoonlike vryheid en veiligheid (artikel 5), regte van persone wat in hegtenis geneem is (artikel 6), regte van 'n beskuldigde (artikel 7), regte van persone wat aan 'n misdadig skuldig bevind is (artikel 8), die reg op privaatheid (artikel 10), vryheid van spraak (artikel 12), bewegingsvryheid (artikel 15), vryheid van assosiasie (artikel 17), eiendomsreg (artikel 22), politieke regte (artikel 24), die reg op vergaderings, betogings en petisies (artikel 25) en stemreg (artikel 26).

Wat artikel 6 betref, waarin dit gaan oor die regte van persone wat in hegtenis geneem is, kan die volgende aanbeveling gemaak word, naamlik dat jeugdige oortreders afgesonderd van volwasse oortreders aangehou moet word (sover dit prakties moontlik is). Verder, vanweë ons eiesoortige rekord in dié verband, wonder 'n mens of die afskaffing van lyfstraf nie spesifiek geïnkorporeer moet word nie.

Artikel 7, wat handel oor die regte van 'n beskuldigde, is baie belangrik. Hiervolgens het elke beskuldigde die reg om gebruik te maak van 'n regsverteenvoerder (-praktisyn). Dit is jammer dat hier nie spesifiek voorsiening gemaak word vir 'n beskuldigde om in sekere gevalle ("where the interests of justice so require") waar hy nie self 'n regsverteenvoerder kan bekostig nie, gebruik te maak van 'n regspraktisyn van sy keuse wat deur die staat vergoed sal word nie. Andersins is die algemene intensie van hierdie artikel goed, maar dit hinder dat die gedagtes van geen arbitrêre arres en geen aanhouding sonder verhoor, nie pertinent in hierdie akte ingeskryf is nie.

Artikel 11 handel oor die reg om nie aan gedwonge arbeid onderwerp te word nie. Tog mag wetgewing voorsiening maak vir sodanige arbeid wat redelikerwys voorgeskryf mag word om verrig te word tydens aan-

houding voortspruitende uit gevangenisstraf opgelê deur 'n geregshof. Wat redelikerwys in dié verband is, bly natuurlik relatief. Daar word ook na redelike militêre of burgerlike diensplig verwys - wat redelik is, bly ook 'n ope vraag. Is dit twee jaar, agtien of nege maande? Is verpligte diensplig (militêr en burgerlik) hoegenaamd redelik?

Die inhoud van artikel 12, wat die reg op vryheid van spraak uitlig, is beperk. Op grond van ons eiesoortige situasie kan die gedagte dat die media (veral die televisie en radio) van staatsbesit bevry moet wees, meer spesifiek geïnkorporeer word. Dit is veral belangrik in ons land met sy groot getal ongeletterdes. Waar byvoorbeeld staatsbelang deur hierdie media geprioritiseer word, verloor hulle hul funksie as waghond oor die staat. Inligting en kommentaar moet dus op billike en eerlike wyse aan mense oorgedra word, sodat elke mens bewus kan word van onder andere die regte waaroor hy beskik en waarop hy aanspraak kan maak. Hierdie soort voorwaardes behoort op hul beurt nie op hierdie reg op vryheid van spraak inbreuk te maak nie.

Volgens artikel 18 het elkeen die reg om 'n godsdiens van eie keuse te beoefen. In 'n nuwe Suid-Afrika gaan dit baie belangrik wees. In die afgelope ongeveer vier dekades is die Christelike geloof, hoofsaaklik soos dit neerslag gevind het in die Afrikaanse kerke met 'n Gereformeerde belydenis, redelik deur die staat beskerm. Vorentoe sal dit nie noodwendig gewaarborg word nie. Die lidmate van hierdie kerke sal hulself in hierdie opsig moet begin oriënteer. Nêrens in die Skrif word enigeen in elk geval verplig om die Christelike geloof aan te hang nie. Die beginsel van godsdiensvryheid is dus nie teen die Skrif nie - die gevolg van 'n keuse op grond van hierdie beginsel kan egter teen die Skrif wees.

Artikel 15 hou verband met die reg van elke persoon om vrylik binne Suid-Afrika te beweeg en op enige plek daarin te woon, te werk of 'n regmatige besigheid, beroep, ambag of ander dergelike aktiwiteit te beoefen. In die verlede is hierdie reg dikwels op growwe wyse verontagsaam - in hierdie spesifieke opsig moet daar met die foute van die verlede rekening gehou word. In sommige opsigte sou die skending van hierdie mensereg in die verlede redelik maklik reggestel kan word. Byvoorbeeld, iemand wat sy Suid-Afrikaanse burgerskap om die een of ander rede verloor het (vergelyk die tuisland-situasie), sou dit deur gewysigde wetgewing weer terug kon kry. Ander gevalle is egter baie meer kompleks. Die persone wat jare gelede onder dwang uit hul huise en omgewing verskuif is as gevolg van die Groepsgebiedewet, sal vorentoe nie deur middel van wetgewing, wat met hierdie mensereg strook, somer hierdie eiendom terugkry nie. Ander mense het daardie grond heel waarskynlik intussen bekom en hulle daarop gevestig. Tog sal die regering in 'n nuwe grondwetlike bedeling nie net sy rug op sulke sake kan draai nie - hierdie soort probleme, al is dit geweldig kompleks, sal aangespreek móét word.¹⁸⁾

Hierdie gedagte sluit ook aan by artikel 22, wat handel oor eiendomsreg. Die herverdeling en besit van veral grond (dit word nie spesifiek deur hierdie artikel oor eiendomsreg aangespreek nie en is definitief 'n leemte, gesien in die lig van ons eiesoortige situasie in die verband) is 'n sensitiewe kwessie en sal so effektief moontlik deur middel van onderhandeling opgelos moet word. Hieroor bestaan daar uiteraard uiteenlopende menings. 'n Groot uitdaging lê opgesluit in 'n poging om 'n meganisme te ontwikkel wat sal help bepaal watter grond onteien moet word, watter kompensasie op watter wyse daarvoor nodig sal wees en wie dit op die ou einde moet besit.¹⁹⁾ In hierdie opsig sal daar byvoorbeeld voorsiening gemaak moet word in 'n handves van

menseregte vir 'n "Land Claims Court" wat meer spesifiek aan sulke gevalle aandag kan gee. Daar behoort ernstige oorweging geskenk te word aan die gedagte om 'n spesifieke artikel (apart van die reg op eiendom), wat handel oor die reg op grond ("land"), in 'n menseregte-akte in te voeg (soos in die ANC se dokument). In hierdie artikel praat die Regskommissie ook van billike vergoeding wanneer eiendom onteien sou word. Wat is billik? Moet dit vanuit bevoorregte blanke of onderdrukte swart perspektief beskou word? Die ANC sê in dié verband "compensation shall be just ... ". Dit is na my mening 'n beter woordkeuse vir so 'n belangrike saak.

Die invoeging van artikel 17, wat handel oor die beginsel van vryheid van assosiasie, is belangrik. Tog word daar ruimte gelaat vir disassosiasie, alhoewel die staat, as sodanige disassosiasie sou berus op ras en kleur, nie staatsfondse, direk of indirek, beskikbaar sal stel ter bevordering van die daarstelling of instandhouding van sodanige diskriminasie of uitsluiting nie. Ek besef dat 'n mens private diskriminasie nooit sal kan verhoed nie, maar dat dit op hierdie wyse in 'n menseregte-akte toegelaat word, is onaanvaarbaar. Hier kan byvoorbeeld gedink word aan versoeke en eise deur vakbonde, in belang van sekere werknemers aan diesulkes se werkgewer(s). Laasgenoemde sou nou op grond van hierdie artikel hulself kan disassosieer en gevolglik distansieer van sodanige vakbonde. Interessante halwe, dit wat deur hierdie deel van die artikel geïmpliseer word, word eintlik deur artikel 29(d) van hierdie akte bevestig. Hiervolgens het elke werkgewer die reg om te assosieer of te groepeer, al dan nie, op grondslag van eie en vrye keuse. Hier word op 'n baie meer eksplisiete wyse bevestig dat werkgewers die reg op disassosiasie het. Dit moet beslis afgewys word.

Die reg om op asiel aanspraak te maak, word nie deur hierdie akte ingesluit nie. Daar word besef dat dit uiteraard groot ekonomiese implikasies sal hê, maar tog is daar lande in Afrika, wie se ekonomie swakker as dié van die RSA is, wat tog hiervoor voorsiening maak (sien weer Levitikus 19:34, Deuteronomium 26:5-9 en Matteus 25:35).

Die Regskommissie maak ook voorsiening vir die doodstraf in sekere uiterste gevalle. Na my mening, soos ook deur die ANC voorgestaan, laat die mees fundamentele reg van die mens, naamlik die reg op lewe, geen ruimte vir die behoud van die doodstraf nie. Die hoë waarde van die mens en sy lewe voor die God van die Skrif, die beeld van Jesus Christus wat in alle mense geopenbaar is, wie se reddende genade tot alle mense gekom het en wie se genade groter is as sy oordeel, laat geen ruimte vir enige mens om só 'n vonnis oor iemand se lewe te voltrek nie. Daar is ook menige praktiese oorwegings waarom die doodstraf afgeskaf behoort te word, maar waarop nie hier ingegaan word nie. Die afwysing van die doodstraf op hierdie gronde sal verwelkom word in 'n nuwe grondwet.

Hierdie reg op lewe het bepaald ook iets oor aborsie en genadedood te sê, maar na my mening hoort die keuse vir of teen hierdie sake nie tuis in 'n handves van menseregte nie. Wetgewing sal na deeglike besinning hieroor, uitsluitel moet gee. Hierdie denkrigting bedoel nie om standpunt-inname oor hierdie sake doelbewus te ontduik nie.

Die insluit van vroue-, kinder- en omgewingsregte, alhoewel vroue-, maar veral omgewingsregte meer volledig uitgespel moet word, asook die reg op onderwys en opleiding, word positief geëvalueer.

Hier moet egter ook gesê word dat belangrike sosiale en ekonomiese

regte nie in hierdie akte opgeneem is nie. Omrede sodanige regte op hierdie grond nie afdwingbaar is nie, kan dit die geloofwaardigheid van hierdie handves aantas, aangesien 'n individualistiese vryemark-gemeenskap met min inmenging in die ekonomie deur die staat, sterk weerspieël word. As die sosiale en ekonomiese regte afdwingbaar gemaak sou word, sal dit die staat verplig om aktief betrokke te raak by sosio-ekonomiese programme rakende pensioene, opvoeding, gesondheidsdienste en behuising. Ek besef dat dit moeilik sal wees, veral omdat daar reeds skeptisisme by baie mense, veral die blankes, oor 'n handves van menseregte bestaan, daar doodgewoon nie die finansies is en sal wees om op deurlopende wyse daaraan aandag te gee nie, en omdat dit moeilik sal wees vir 'n hof om die parlement opdrag te gee om definitiewe stappe te doen rakende bogenoemde kwessies. Aangesien 'n groot deel van ons land se inwoners (Swartes) egter deur hierdie regte geraak word, en veral omdat die Skrif ons daartoe oproep (sien raakpunte 4.6), behoort daar ter wille van groter geloofwaardigheid en gehoorsaamheid aan die Skrif tog afdwingbaarheid rakende hierdie regte in 'n handves ingeskryf te word. Natuurlik hoef dit nie net deur howe op juridiese wyse te geskied nie, maar daar kan deur onderhandeling ander meganismes soos byvoorbeeld kommissies, grondwetgewende en uitvoerende handeling gevind word waarvolgens hierdie regte afdwingbaar gemaak kan word - om hierdie regte slegs by wyse van onafdwingbare riglyne in 'n handves op te neem, is onvoldoende en onaanvaarbaar. Tog moet hier waardering uitgespreek word vir die feit dat hierdie akte sekere sosio-ekonomiese regte op 'n negatiewe wyse beskerm by wyse van werkgewers- en werknemersregte. Dit beteken dat die staat nie daarop inbreuk mag maak nie. Hierdie uitgangspunt is waarskynlik gegrond op die tradisionele beskerming van die individu teen die staat. Hiervolgens is die individu gevrywaar van arbitrêre staatsoptrede teenoor hom. Die meer hedendaagse uitgangspunt, veral

vanuit die sosialistiese denkrigtings, is meer positief van aard. Die staat word nie net verbied om op arbitrêre wyse in die lewe van die individu in te meng nie, maar moet op positiewe, daadwerklike wyse op grond van menseregte verplig word om in belang van die individu op te tree. Omdat daar so baie Swartes in ons land is wat aansluiting vind by hierdie denkrigting, behoort daar tog weer besin te word oor hoe sosio-ekonomiese regte op 'n positiewe wyse in 'n akte gehuisves kan word. In Europa verskyn dit in die **Charter of Social Rights** en in die grondwette van Ierland, Indië en Namibia word hierdie regte as direkte opgeneem. Hier kan net genoem word dat die aanspraak op sosio-ekonomiese regte in die Westerse wêreld nooit baie groot was nie, omrede mense by wyse van individuele regte wat aan hulle toegeken is, soos byvoorbeeld stemreg en eiendomsreg, self in 'n redelike mate in hulle sosio-ekonomiese behoeftes kon voorsien. Daarom is en word daar nie op sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte aanspraak gemaak nie. In ons eiesoortige situasie het die grootste deel van ons land se bevolking nooit oor daardie basiese fundamentele individuele regte beskik om in sekere sosio-ekonomiese behoeftes te voorsien nie en daarom eis diesulkes dat hierdie tweedegenerasieregte in 'n menseregte-akte ingeskryf en afdwingbaar gemaak moet word. Dit sal aanleiding gee tot die waar word van die bekende uitdrukking "equal enjoyment of human rights" onder die grootste deel van ons land se inwoners.

The whole Scriptural witness is the story of God's dealings with a people and with persons. Any over-emphasis of one to the detriment of the other sets the Bible against itself and produces a half-gospel Christianity. It is this heresy of the half-gospel that has bedevilled the witness of the Church in South Africa, leading some to live by faith of personal salvation only, while others have seen the faith as dealing exclusively with social redemption. We have had to learn that the real Gospel of Jesus Christ comes alive only where these two emphases are given equal priority. They must be held in tension for the wholeness of God's redeeming activity to be seen. Similarly, any democracy must do the same and the tension between the rights of the individual and his or her responsibility

toward the wider commonwealth must be an ongoing source of debate and compromise ... The teaching of the Bible, while laying down no hard and fast model, would seem to allow for the first while demanding the second. It does not rule out private ownership, but it requires social responsibility ... (20)

Hieroor sê Sider die volgende:

The time has come for all biblical Christians to refuse to use the sentence: The primary task of the Church is ... I do not care if you complete the sentence with evangelism or social action. Either way is unbiblical and misleading. (21)

Die Skrifboodskap het dus 'n duidelike verlossingsboodskap maar ook 'n sosiale opdrag. Hierdie twee dimensies is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Verloor jy die een, verloor jy ook die ander.²²⁾

Die interafhanklikheid tussen individuele en sosiale regte kan prakties verder soos volg verduidelik word. Die reg op vryheid van spraak (individueel) beteken baie min vir iemand wat ongeletterd is en nie formele opvoeding en onderwys ontvang het nie (sosiaal). Die individuele reg om eiendom te besit, klink sinloos vir die persone wat honger en arm is. Hiermee saam kan daar min gedoen word aan sosiale regte wat betrekking mag hê op pensioene, behuising, opvoedkunde en gesondheidsdienste as 'n mens nie oor individuele regte soos vryheid van spraak en vergaderplek en stemreg beskik nie.²³⁾

Die akte maak verder wel voorsiening vir regstellende optrede, op sodanige wyse dat dit nie omgekeerde diskriminasie en vergelding moet meebring nie. Dit kan gedoen word deur wetgewing wat spesiale programme magtig om te waarborg dat alle lede van die gemeenskap gelyke geleenthede kry om hulle potensiaal te ontwikkel. Ten opsigte hiervan lê die kommissie sterk klem op privaatbesit, maar maak ook voorsiening vir onteiening van eiendom in gemeenskaplike belang, maar met billike kompensasie.

Die Regskommissie verskil hier van die ANC, wie se voorstelle rakende regstellende optrede volgens hulle wyd en vaag is en ruimte sou kon laat vir omgekeerde diskriminasie en vergelding.²⁴⁾ Dit wil tog lyk of so 'n interpretasie nie die ware aksent van die ANC se standpunt in dié verband reflekteer nie. Die ANC (Bylae 12, artikel 14) bepleit op realistiese wyse sodanige regstellende optrede in hulle handves baie dringend ter wille van soveel mense wat gelyk het onder diskriminasie deurdat hulle nie geleentheid gehad het om hul potensiaal te verwesenlik nie. Die vrees wat die kommissie en baie blankes sou kon hê vir 'n swart herverdeling van rykdom (deur die ANC) deur sonder meer van die een (bevoorregte) weg te neem en aan die ander een (minderbevoorregte) te gee sonder pogings om welvaart te skep en die ekonomie te laat groei, glo ek, word nie deur die ANC geïmpliseer nie omrede sodanige optrede ander gestipuleerde regte op grond van reg en geregtigheid, menswaardigheid en vryheid in gedrang sal bring, wat tog onhoudbaar sal wees (sien onder andere artikel 13 van die ANC se dokument waarin positiewe beskerming ten opsigte van persoonlike besittings soos eiendom, gegee word). Dit gaan met ander woorde vir die ANC nie soseer om sosiale gelykheid nie, maar veel eerder, glo ek, om sosiale welvaart. Hier word verwys na artikel 13.7 van die ANC se handves.

Legislation on economic matters shall be guided by the principle of encouraging collaboration between the public, private, co-operative, communal and small-scale family sectors with a view to reducing inequality, promoting growth and providing goods and services for the whole population.

Ek glo dat die ANC deeglik besef dat herverdeling van bates sonder ekonomiese groei beleggers sal laat onttrek en voornemende beleggers sal afskrik. Daarom is ek in die lig van bogenoemde oortuig dat hulle doodgewoon 'n gemengde ekonomie bepleit waarin die staat, tesame met privaatsektore en vakbonde besluit oor die herverdeling van rykdom

na gelang van behoeftes. Dit impliseer dat die ANC sy beleid van nasionalisasie reg sal moet konstrueer om beleggings te behou en voornemende beleggers aan te moedig en gerus te stel. Ek glo dit is moontlik omrede nasionalisasie nie 'n doel op sigself is nie, maar slegs 'n metode om welvaart onder die inwoners van ons land te verdeel. Hierom is gesonde staatskontrole na my mening uiters belangrik in die belangrike en sensitiewe oorgangsfase waarin ons land tans is.

'n Verdere belangrike aksent wat ten opsigte van die Regskommissie se siening van regstellende optrede uitgelig moet word, is dat die hoogste wetgewende liggaam deur algemeen-geldende wetgewing regstellende optrede mag instel en fondse daarvoor beskikbaar stel wat redelikerwys noodsaaklik is om te verseker dat alle burgers gelyke geleenthede het om hul natuurlike talente en potensiaal ten volle te ontwikkel en uit te leef. Wat historiese agterstande, wanbalanse en ongelykhede betref, spreek die kommissie hulle nie uit nie en omdat sosio-ekonomiese regte nie in hierdie dokument opgeneem is nie, beskik die Ombudsman en die Menseregtekommissie oor geen mag om in belang van 'n individu teenoor die staat op te tree nie. Juis vanweë die Regskommissie se benadering om nie alle sosio-ekonomiese regte afdwingbaar te maak nie, word die staat die ruimte gegun om self oor sekere behoeftes en regstellende programme te besluit. Ek aanvaar die diskresie wat hier aan die staat oorgelaat word, maar dit hinder dat daar nie 'n meganisme in hierdie menseregte-akte ingebou is wat voortdurend kan omsien na die besteding van staatsgeld nie. Deur die geskiedenis heen het lande met 'n gemengde ekonomie op suksesvolle wyse reg laat geskied aan sosio-ekonomiese behoeftes en regte. Lande met 'n kapitalistiese ekonomie daarenteen (vergelyk die benadering van die Regskommissie) het 'n uiters swak rekord in dié verband.²⁵⁾

Groepe word ook nie in hierdie handves beskerm nie omrede 'n groep binne die Suid-Afrikaanse reg nie as 'n regs subjek erken word nie. Dit beteken, soos ook deur die ANC voorgestaan word, dat politieke minderheidsgroepe (blankes) nie deur hierdie handves beskerm word nie. Die beskerming van kulturele waardes, soos onder andere taal en godsdiens, word as individuele regte beskerm. Oor wat die amptelike taal in die toekoms van ons land moet wees, sal daar onderhandel moet word. Juis dit sal deur die Swartes verwelkom word en kan meehelp dat alle mense op die pad vorentoe mekaar sal akkommodeer en in vrede met mekaar sal saamleef. Die mens word dus die ruimte gelaat om met 'n kulturele groep te identifiseer op grond van sekere individuele regte. In dié opsig moet net voortdurend onderskei word tussen regverdige maatreëls vir die beskerming van minderheidsregte en ongeregverdigde bevoordeling. Op grond van die feit dat groepsregte nie in hierdie handves ingeskryf word nie, word 'n bepaalde groep nie die geleentheid gegee om hom so belangrik te ag dat hy verabsoluteer kan word ten koste van ander groepe nie. Op hierdie wyse word mense (groepe) juis bewus van die feit dat hulle aan 'n breër gemeenskap behoort teenoor wie hulle bepaalde verantwoordelikhede het. Die gedagte van selfbeskikking kom hier ter sprake. Histories het selfbeskikkingsreg na vore gekom vanuit die relatief arm Derdewêreld-lande. Hulle het onder andere finansiële en tegniese steun van die ryk Westerse nywerheidslande ontvang. Om hulself (ekonomies) te beskerm teen moontlike oorheersing deur die ryk Westerse lande, het hulle begin aanspraak maak op die reg op selfbeskikking. Soos reeds genoem, is hierdie regte toe deur die VVO aanvaar en ingeskryf in die International Covenant on Civil and Political Rights en die International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights. Die mense wat selfbeskikkings-reg wil reduceer en inperk tot die grense van etnisiteit, velkleur, ensovoorts, verkrag die beginsel van selfbeskikkingsreg.

Etnisiteit is 'n God-gegewenheid, maar ek glo dat die bedoeling daarvan nie is om dit te gebruik of selfs te misbruik tot politieke voordeel nie - vergelyk regse groepe in ons land. Sodanige optrede sou 'n misstap teen mensheid wees. Waar groepe die reg het volgens 'n handves om hulself te vorm en te beskik, kan dit maklik gebeur dat selfbelang en eie behoeftes binne sekere groepe voorkeur kan geniet bo dié van ander groepe. Dit sou teenstrydig wees met die gedagte dat alle mense gelyk in waarde voor God is en in die oë van hul medemens móét wees - dit sou ook teen individuele menseregte indruis. Die sonde het nie net invloed op die individu nie, maar werk ook deur tot die gemeenskap en strukture. Hierteen kan 'n mens help waak deur nie 'n "meganisme" soos groepsregte in 'n handves van menseregte in te skryf nie. Dit behoort verrykend en verenigend en nie verwyderend te wees nie!

Verder maak hierdie akte glad nie voorsiening vir die beginsel van minimum-lone nie. Dit is tog noodsaaklik om te verseker dat werkers op grond hiervan ekonomies in staat sal wees om in basiese menslike behoeftes te voorsien. Hier kan byvoorbeeld aan die byna "feodale" toestande in die landbou- en huishulpsektore gedink word. Alhoewel hierdie sektore eiesoortige omstandighede het en daarom eiesoortige oplossings nodig het, moet die werkers wat hierby betrokke is deur 'n handves van menseregte beskerm word - die huidige arbeidswetgewing beskerm sulke werkers nie effektief nie: dink byvoorbeeld aan plaaswerkers wat in sekere gevalle min geld ontvang vir werk gelewer omrede hulle verniet bly, van (goedkoop) kos voorsien word, vir inkopies vervoer word, ensovoorts - natuurlik kan sulke dinge in ag geneem word by die vasstelling van lone, maar dit kan ook ongesonde situasies skep. Daar is mense wat sê dat die staat nie vir alle sektore realistiese minimum-lone kan vasstel nie aangesien dit aanleiding

sou kon gee tot werkloosheid en gevolglik tot plakkery, ensovoorts, omdat sommige werkgewers nie in staat sal wees om daardie minimum-lone te betaal nie. As werkgewers onder hierdie verpligting sou staan, so meen baie mense, mag hulle meganisering in die plek van werknemers begin oorweeg. Dit is waar, maar tog sal die owerheid op die pad vorentoe ernstig oor hierdie saak moet besin.²⁶⁾

'n Ander belangrike sosio-ekonomiese reg wat nie aangespreek word nie is minimum verlofvoordele. Alhoewel artikel 28, wat betrekking het op werknemersregte, voorsiening maak vir redelike werksure en voldoende vakansie, bly die vraag wat redelik en voldoende is. In dié opsig sal daar uiteraard duidelike en realistiese riglyne van die owerheid en/of vakbonde moet kom wat werksure byvoorbeeld per week, met inagneming van oortydwerk teen billike vergoeding, en sekere minimum verlofvoordele, spesifiseer. Ironies wat dit betref, is dat daaglikse ontspanning vir die meeste swart werkers nie veel beteken nie omrede hulle baie tyd na en van die werk bestee as gevolg van die feit dat hulle op grond van die apartheidsbeleid ver van hul werksplekke bly.

In dié verband kan net gesê word, dat volgens artikel 27, wat handel oor bestaansbeveiligingsregte, elke persoon die reg het om voorsiening te maak vir 'n redelike lewenstandaard en vir koste wat teweeggebring mag word deur geestelike en/of liggaamlike siekte asook deur swangerskap, verlies weens werkloosheid, ongevallen en ouderdom. Die ironie is dat persone wat hiervoor voorsiening kan maak, net mense is wat sodanige werk en inkomste het wat dit moontlik maak. Dit is jammer dat hierdie regte weer eens net geld vir die bevoorregtes onder die werkersklas, terwyl so baie mense wat nie in hierdie posisie is nie, en juis van hierdie sosiale regte afhanklik is, nie daarvoor voor-

siening kan maak en daarin kan deel nie, mits sosio-ekonomiese regte op afdwingbare wyse in 'n akte van menseregte ingeskryf en uitgevoer word.

Om op kwalitatiewe wyse reg te laat geskied aan sosiale regte, sal die volgende aspekte deeglik in ag geneem moet word. Wat voedselvoorsiening betref aan mense in nood, kan 'n voedselbank deur wetgewing moontlik gemaak word. Op hierdie wyse sal daar vinnig en effektief in noodsituasies voedsel voorsien kan word. Behuising, veral in die lig van die toename in verstedeliking onder die Swartes, sal deurgaans deur die staat voorsien moet word, maar daar is heelwat mense wat selfs nie hierdie goedkoop staatsbehuising (sal) kan bekostig nie. "A different approach involving legal recognition, security of land rights, public services and technical assistance for squatters is essential."²⁷⁾ Alhoewel daar 'n neiging is om mediese dienste te privatiseer, moet besef word dat baie mense nie hierdie hoë mediese koste kan bybring nie - 'n nasionale gesondheidsdiens sal sterk oorweeg moet word. Verder is "a special care for mothers and children, a full programme of preventative health care, backed by a programme of school feeding,"²⁸⁾ dringend noodsaaklik. Die pogings om ongelykhede in pensioene tussen die verskillende bevolkingsgroepe uit te wis deur die regering word waardeur, maar uiteraard sal daarmee voortgegaan moet word. Wat opvoeding en onderwys betref, moet daar ook voortdurend gepoog word om agterstande by ander bevolkingsgroepe ten opsigte van die blanke uit te wis. In hierdie opsig moet enige diskriminasie op grond van geslag ook uitgewis word. Finansiële en ook ander vorme van koördinasie tussen die staat en die ouers rakende skoolopleiding sal verkry moet word, sillabusse en teksboeke sal verander moet word sodat rasse-ideologie daaruit verdwyn en meer klem gelê kan word op ekonomiese en sosiale behoeftes van die gemeenskap en daar sal gepoog

moet word om 'n nasionale geletterdheidsprogram op te stel vir die groot getal ongeletterdes.²⁹⁾ Hervorming rakende onderwys, opvoeding en opleiding is dus noodsaaklik, alhoewel dit tog wil lyk of 'n totale verandering vanweë eiesoortige behoeftes en omstandighede van baie inwoners en van ons land uiteindelik die enigste oplossing gaan wees (byvoorbeeld meer tegnies- en handelsgerigte onderwys). Opvoeding en onderwys gaan na my mening 'n sleutelrol speel in die oorgang en rekonstruksie van 'n nuwe Suid-Afrika. Hier kan ook net verwys word na die Regskommissie se akte, artikel 21(d). Hiervolgens word die daarstelling en onderhoud van privaatskole of -inrigtings waarby geen staatsteun betrokke is nie, nie verbied nie en sodanige skole of inrigtings het outonomie van keuse van diegene wat toegelaat word. Hier moet die belangrike beginsel geld wat reeds ter sprake gekom het, naamlik dat daar 'n balans tussen gelykheid en vryheid moet wees. Om gelykheid te bewerkstellig, moet daar 'n nie-rassige, demokratiese onderwysstelsel tot stand gebring word. Hierdie privaatskole sal moet beseef dat een of ander graad van uniformiteit gehandhaaf sal moet word. Tog het mense ook weer die vryheid van keuse rakende onderwys op grond van taal, godsdiens en kultuur, maar natuurlik nie op grond van velkleur nie. Wat hierdie aspekte betref, sal daar dus 'n fyn balans gehandhaaf moet word, aangesien die een beginsel nie die ander ophef nie.

Verder is die wese van die artikels oor administratiewe geregtigheid, afgrensing, opskorting, toepassing, herroeping en die afdwingingsmeganismes soos 'n Konstitusionele Hof, 'n Menseregtekommissie en 'n Ombudsman, min of meer in lyn met moderne menseregte-aktes. Die feit dat daar hiervolgens geen kontradiksie tussen die inhoud van sodanige menseregte-akte en wetgewing mag wees nie, is noodsaaklik.

Hier kan net genoem word dat nie alle menseregte afgrensbaar is nie. Tog word daar voorsiening gemaak vir die afgrensing van stemreg (soos omskryf in artikel 26) en die reg op lewe (artikel 2). Na my mening moet elke landsburger bo die ouderdom van agtienjarige leeftyd en ooreenkomstig die grondwet, stemreg hê en mag dit onder geen omstandighede afgrens word nie. Volgens artikel 2 is die reg op lewe ook afgrensbaar - waarskynlik op grond van die doodstraf. In die lig van die Skrifbeginsel van die onaantasbaarheid van die lewe, mag nie die doodstraf of enigiets anders die reg op lewe afgrens nie. Artikel 34.1(a) maak verder voorsiening vir afgrensing van regte slegs in die mate wat redelikerwys noodsaaklik is uit hoofde van staatsveiligheid, openbare orde en belang, die goeie sedes, ensovoorts. Die woord redelikerwys laat ruimte vir interpretasie wat tot misbruik kan lei! Of dit dus die regte woordkeuse is, word bevraagteken.

Die gedagte van 'n Konstitusionele Hof wat 'n volledige Kamer van die Appèlhof kan vorm, word deur sekere mense soos die ANC bevraagteken en selfs afgewys omrede dit deel sal vorm van 'n regstelsel wat gefunksioneer het in en gekoppel is aan die apartheidsregime. Hierdie stelsel gaan volgens diesulkes nie skielik in 'n na-apartheidsera gesuiwer wees nie. Daarom maak hulle aanspraak op 'n onafhanklike Konstitusionele Hof waardeur menseregte op 'n meer objektiewe wyse bereg kan word. Hiervoor is daar 'n saak uit te maak en die hoop word uitgespreek dat die verskillende belangegroepes mekaar oor hierdie sensitiewe, maar tog belangrike saak sal vind. Die onafhanklike regbank wat na menseregte sal omsien, hoef ook nie net uit regslui te bestaan nie, maar kan ook akademië en ander persone wat in hierdie opsig opgelei is, insluit.

As hierdie aanbevole akte in die lig van die voorafgaande analise aan

die kriteria van die menseregte-tradisie gemeet word, word gesien dat dit hoofsaaklik met die individuele regte, soos opgeneem in die Westerse menseregte-dokumente, korreleer. Alhoewel sosio-ekonomiese regte op uiters beperkte wyse ingesluit word, voldoen dit in hierdie opsig verreweg nie aan die kriteria soos gevind in die **Universele Verklaring van Menseregte - 1948** nie.

Hier kan ook gesê word dat die Regskommissie met die opstel van hul akte van menseregte wel vanuit 'n bepaalde Christelik-etiese raamwerk gewerk het alhoewel die Christelike geloof nie doelbewus bevorder word nie op grond van die beginsel van geloofsvryheid. Die inhoud van die Bybelse kernbegrippe van geregtigheid en vryheid vind redelike neerslag in hierdie akte omdat dit hoofsaaklik individuele of vryheidsregte bepaal, soos byvoorbeeld regsbevoegdheid, die reg om nie aan gedwonge arbeid onderwerp te word nie, politieke regte, stemreg, regte van persone wat in hegtenis geneem en aan 'n misdaad skuldig gevind is, die reg op persoonlike vryheid, vryheid van spraak, beweging, assosiasie, godsdiens, taal en kultuur. Daar word ook voldoen aan die implikasies van die Bybelse begrip van menswaardigheid, maar nie op volledige wyse nie. Daar is byvoorbeeld sprake van die basiese reg op lewe, regsgelykheid, die reg om te trou en kinders te hê, die reg op eiendom, bestaanbeveiligingsregte, werkgewers- en werknemersregte. Maar, die feit dat alle mense gelyk in waarde in God se oë is en daarom ook in hul medemens se oë móét wees, impliseer sekere noodsaaklike sosio-ekonomiese regte soos die reg op voedsel, kleding, behuising, opvoeding en onderwys, gesondheidsdienste, werkloosheidsvoordele, pensioene, versorging van bejaardes, weduwees en ongeskikte persone en sekere aanverwante welvaartsregte soos minimum-lone en -verlofvoordele. Die Skrif, soos reeds bespreek, verplig die mens hiertoe. In hierdie opsig faal die Regskommissie se aanbe-

velings Skriftuurlik omdat daar glad nie op volledige wyse hieraan aandag gegee word nie.

As laaste gedagte rakende die beoordeling van hierdie akte van die Regskommissie, wil dit lyk asof dit opgestel is vanuit 'n perspektief wat deeglik rekening hou met 'n owerheid en 'n land met wie dit ekonomies nie goed gaan nie. Ek besef, soos reeds genoem, dat 'n hof nooit die staat kan sekwestreer omrede hy nie fondse sou hê om sekere sosiale programme te loods nie, maar indien die sosio-ekonomiese regte afdwingbaar gemaak sou kon word, sal 'n hof ondersoek kan instel na die besteding van staatsfondse en toesien dat dit reg aangewend word - dit word in sommige nuwe Derde-wêreld-aktes aangetref. Sodanige benadering sal uiteraard geweldige ekonomiese implikasies vir veral die tot dusver bevoorregte blankes hê, maar die gebod van naasteliefde vra juis vir die mens om homself uit die middelpunt (vanuit die bevoorregte posisie) te haal en sy medemens daar te plaas. Solank die belange van die ryk man deur middel van eerste-generasieregte beskerm gaan word ten koste van die belange van die minderbevoorregte mense, soos in hierdie geval van die Regskommissie, sal so 'n akte geen geloofwaardigheid hê nie en niks meer werd wees as die papier waarop dit geskryf is nie.

Hier gaan ook net baie oorsigtelik na die regering se voorstelle vir 'n handves van fundamentele regte verwys word. Omrede dit feitlik sonder uitsondering gebaseer word op die voorstelle van die Regskommissie in dié verband, word dit dienooreenkomstig geëvalueer. Die meer volledige wyse egter waarop vroue se regte uiteengesit word, word verwelkom, maar die feit dat daar in hierdie stadium van politieke onderhandeling geen voorsiening vir stemreg gemaak word nie (die Regskommissie doen dit wel), is onverstaanbaar en 'n leemte. Dat

elke landsburger bo agtienjarige leeftyd stemreg moet hê, is fundamenteel. Hierdie voorstelle voldoen dus, soos dié van die Regskommissie, verreweg nie aan die kriteria soos na vore gekom het uit die mense-regte-tradisie, veral die **Universele Verklaring van Menseregte - 1948**, nie. Dit faal ook Skriftuurlik omdat daar glad nie reg geskied laat word aan die teologies-etiese implikasies soos vroeër uitgestippel is nie - let veral op sekere noodsaaklike sosio-ekonomiese regte en gevolglik realistiese regstellende aksie.³⁰⁾

5.2.2 Die ANC se konsep-manifes

In die lig van bogenoemde swak menseregte-rekord in ons land, het liberale politici, teoloë, akademici en joernaliste deur die jare heen hulself sterk uitgespreek teen die skending van basiese, fundamentele menseregte in Suid-Afrika. So is in 1979 deur die destydse appèl-regter, Michael Corbett, 'n dringende beroep op 'n handves van mense-regte vir ons land gedoen.³¹⁾

In swart geledere egter het die stryd om menseregte veel verder teruggegaan. Die belangrikste dokument van die ANC voor die **Freedom Charter**, was seker die **Africans' Claims in South Africa** wat in Desember 1943 aanvaar is. Dit het uit twee dele bestaan. Die eerste het gehandel oor gelyke behandeling van Swartmense ten opsigte van die blankes. Die tweede deel het oor belangrike menseregte gehandel soos politieke regte, herverdeling van grond, arbeid, handel, opvoeding, die voorsiening van gesondheidsdienste en die afskaffing van diskriminerende wetgewing. Dit het aangedring op gelyke politieke deelname en stemreg. Dit het gebreek met 'n vroeëre ANC standpunt wat slegs vir gekwalifiseerde stemreg gevra het. Dit is in sy geheel gesien 'n gematigde, nie-rassige dokument wat demokratiese

aspirasies bevat en in lyn was met soortgelyke internasionale dokumente van daardie tyd soos byvoorbeeld die **Atlantic Charter**. Bogenoemde standpunte van die **Africans' Claims** is herhaal in die **Ten Point Programme** wat 'n dag na die aanvaarding van die **Africans' Claims** deur die **All African Convention** aanvaar is. Dit is in 1948 opgevolg deur die **ANCYL** (die **ANC** se jeugtak) se **Basic Policy** en die **People's Charter**. Hierdie dokumente was daarop ingestel om eenheid onder Swartes in Suid-Afrika te bereik.³²⁾

In 1955 is die **Freedom Charter** in Kliptown deur die **Congress of People** aanvaar en die daaropvolgende jaar deur die **ANC**. Die inhoud van die **Freedom Charter**, maar so ook in die algemeen van die **ANC** se standpunte, was stewig ingebed in die breër internasionale konteks soos van toepassing op individuele, maar veral sosio-ekonomiese regte wat toenemende aandag begin ontvang het, en die reg op selfbeskikking wat in die opkomende Derde-Wêreldlande gesien is as bolwerk teen kolonialisme. Dit het dus ooreengestem met internasionale regsbeginsels. Dit verklaar dan waarom nie net die inhoud van die **Freedom Charter** nie, maar ook die doelwitte van die **ANC**, internasionaal so sterk ondersteun word. Om hierdie rede sal ons land nie sy geloofwaardigheid in die oë van die wêreld terugkry voordat ons nie ook hierdie doelwitte nastreef en toepas nie! Die inleiding van hierdie dokument is 'n goeie aanduiding van hoe die Swartes die situasie in Suid-Afrika in daardie stadium ervaar het.

We, the people of South Africa, declare for all our country and the world to know:

That South Africa belongs to all who live in it, black and white, and that no government can justly claim authority unless it is based on the will of the people;

That our people have been robbed of their birthright to land, liberty and peace by a form of government founded on injustice and inequality;

That our country will never be prosperous or free until all our people live in brotherhood, enjoying equal rights and opportunities;

That only a democratic state, based on the will of the people, can secure to all their birthright without distinction of colour, race, sex or belief;

And therefore, we, the people of South Africa, black and white, together - equals, countrymen and brothers - adopt this Freedom Charter. And we pledge ourselves to strive together, sparing nothing of our strength and courage, until the democratic changes here set out have been won. (33)

Hierdie dokument lê veral daarop klem dat alle mense ongeag ras, kleur of geslag die land moet regeer, dat almal gelyke regte moet hê, dat almal in die welvaart van die land moet deel, dat grond herverdeel moet word, dat gelyke geleenthede in onderwys en opvoeding geniet moet word en dat huise, sekuriteit en mediese hulp vir alle mense wat dit nodig, voorsien moet word. Dit verwys egter geensins na staatkundige of regsmechanismes nie. ³⁴⁾

Hierdie dokument het die weg gebaan vir die ANC se **Constitutional Guidelines for a Democratic South Africa** wat in 1988 gepubliseer is. Die inleiding gee 'n treffende agtergrond tot en gevolglike doelwitte van hierdie dokument.

The Freedom Charter, adopted in 1955 by the Congress of the People at Kliptown near Johannesburg, was the first systematic statement in the history of our country of the political and constitutional vision of a free, democratic and non-racial South Africa.

The Freedom Charter remains today unique as the only South African document of its kind that adheres firmly to democratic principles as accepted throughout the world. Among South Africans it has become by far the most widely accepted programme for a post-apartheid country. The stage is now approaching where the Freedom Charter must be converted from a vision for the future into a constitutional reality.

We in the African National Congress submit to the people of South Africa, and to all those throughout the world who wish to see an end to apartheid, our basic guidelines for the foundations of government in post-apartheid South Africa. Extensive and democratic debate on these guidelines will mobilise the widest sections of the population to achieve agreement on how to put an end to the tyranny and oppression under which our people live, thus enabling them to lead normal and decent lives as free citizens in a free country.

The immediate aim is to create a just and democratic society that will sweep away the centuries-old legacy of colonial conquest and white discrimination. The removal of discriminatory laws and

eradication of all vestiges of the illegitimate regime are, however, not enough; the structures and the institutions of apartheid must be dismantled and be replaced by democratic ones. Steps must be taken to ensure that apartheid ideas and practices are not permitted to appear in old forms or new.

In addition, the effects of centuries of racial domination and inequality must be overcome by constitutional provisions for corrective action which guarantees a rapid and irreversible redistribution of wealth and opening up of facilities to all. The Constitution must also be such as to promote the habits of non-racial and non-sexist thinking, the practice of anti-racist behaviour and the acquisition of genuinely shared patriotic consciousness.

The Constitution must give firm protection to the fundamental human rights of all individuals, irrespective of race, colour, sex or creed. In addition, it requires the entrenching of equal cultural, linguistic and religious rights for all.

Under the conditions of contemporary South Africa 87% of land and 95% of the instruments of production of the country are in the hands of the ruling class, which is solely drawn from the white community. It follows, therefore, that constitutional protection for group rights would perpetuate the status quo and would mean that the mass of the people would continue to be constitutionally trapped in poverty and remain as outsiders in the land of their birth.

Finally, success of the Constitution will be, to a large extent, determined by the degree to which it promotes conditions for the active involvement of all sectors of the population at all levels of government and in the economic and cultural life.⁽³⁵⁾

Hierdie riglyne verwerp dus groepsregte en lê meer spesifiek klem op 'n inklusiewe, nie-rassige, demokratiese Suid-Afrika. Elke persoon moet stemreg hê en daar moet gebou word aan 'n nasionale identiteit wat alle Suid-Afrikaners sal saambind. Dit bepleit 'n handves van menseregte en regstellende aksie sodat alle inwoners in die welvaart van die land kan deel. Herverdeling van grond moet plaasvind en werkers-, vroue-, gesins- en kinderregte moet beskerm word. Alleen op hierdie wyse sal Suid-Afrika weer sy regmatige plek in die internasionale arena kan inneem.³⁶⁾ Alhoewel beide die Freedom Charter en die Constitutional Guidelines tekortkomings het, het dit 'n uiters belangrike rol in die ontstaan en vaslegging van menseregte in Suid-Afrika gespeel.

Soos reeds genoem is die menseregte-debat in die laat tagtiger- en die vroeë negentigerjare gestimuleer as gevolg van politieke veranderinge

wat begin plaasvind het. Al meer gesprekke oor menseregte vir alle inwoners van Suid-Afrika het in die "townships" en op kampusse hier te lande sowel as in omliggende state en ander internasionale stede begin plaasvind. In 1990 het die ANC sy Bill of Rights for a Democratic South Africa (working draft for consultation) gepubliseer. Hierin is al drie generasies regte op besondere wyse aangespreek. Tog het die ANC heelwat kommentaar op hierdie konsep-handves ontvang en dit het aanleiding tot hersiening daarvan gegee. In 1992 het hierdie organisasie sy Bill of Rights for a new South Africa gepubliseer. Alhoewel, soos hieronder uitgelig gaan word, dit 'n volledige en goed afgeronde dokument is, is dit nog nie in sy finale vorm nie - eers na verdere kommentaar sal dit gefinaliseer word vir voorlegging.

Omrede die ANC 'n belangrike bydrae lewer en gaan lewer in die sosio-ekonomiese en politieke debat wat in ons land aan die gang is, word hulle handves van menseregte nou kortliks bespreek. Hierdie handves bevat al die noodsaaklike elemente om 'n ware demokrasie in Suid-Afrika tot sy reg te laat kom.

Daar word op volledige wyse aandag gegee aan persoonlike regte (artikel 2), politieke regte (artikel 3), die reg op vryheid van spraak, inligting en vergaderplek (artikel 4), die reg op vrye assosiasie, godsdiens, taal en kultuur (artikel 5), sekere werkersregte (artikel 6), vroueregte, veral soos positiewe optrede om ongelykhede op grond van geslagsdiskriminasie in die verlede uit te wis (artikels 7 en 8), die regte van die ongeskikte persoon en van die kind (artikels 9 en 10), sosiale, opvoedkundige en welvaartsregte (artikel 11), die reg op die besit van eiendom (artikel 13), en belangrike aksente is die volledige uiteensetting van die reg op grond en die reg van die omgewing wat deur die mens gerespekteer moet word

(artikel 12). Die klem val dus op individuele sowel as sosiale en ekonomiese regte - dis belangrik vir 'n land met Eerste- en Derde-wêreld-inwoners. Deur die inskryf van sosiale en ekonomiese regte in 'n handves van menseregte, kan byvoorbeeld oordrewe nasionalisasie en selfs oordrewe herverdeling van rykdom teëgewerk word, omrede die howe (wat los staan van die regering) hierdie verspreiding van rykdom op grond van so 'n handves kan kontroleer. Die teendeel hiervan, naamlik wanneer daar nie genoeg deur die staat ten opsigte van ekonomiese en sosiale programme gedoen sou word nie, is ook geldend en kan deur die howe aangespreek word. Omrede hierdie handves hom op dringende wyse beywer vir sosio-ekonomiese regte, wonder 'n mens of daar nie voorsiening gemaak kan word vir 'n spesiale "Socio-economic Rights Commission" wat hom hiervoor kan beywer nie. Die rede vir die inskryf van hierdie regte lê daarin dat dit regte is waarop elke mens aanspraak kan maak - die invoeging daarvan is dus nie maar net utopiese ideale wat onprakties en nie uitvoerbaar is nie, aldus sommige mense. Die belangrike regsbeginnsel van, waar daar 'n reg is, is daar 'n regsmiddel, is dus hier van toepassing.³⁷⁾ Na my mening is die inhoud van hierdie aanbevelings baie duidelik en haalbaar in die praktyk. Dit behoort deur die grootste deel van ons land se inwoners verstaan en onderskryf te word.

Gemeet aan die kriteria van die menseregte-tradisie, is dit interessant om hier te noem dat die basiese regte (individueel en sosio-ekonomies) soos dit in die vroeëre genoemde verklaringe (veral die Universele Verklaring van Menseregte - 1948) gestipuleer is, ook in hierdie verklaring sterk beklemtoon word.

Regte wat in hierdie opsig korreleer, en wat huidig ook van besondere belang in ons land is en waarvan sommige reeds aangeraak is in die

studie oor die Regskommissie se aanbevole akte, gaan kortliks aangestip word.

Die feit dat die ANC se konsep-manifes nie voorsiening maak vir politieke groepsregte nie, is vanselfsprekend en uiteraard van besondere belang. Hulle streef na inklusiewe demokrasie wat beteken dat geen groep spesiale voorregte sal geniet of aan diskriminasie of dominansie onderwerp sal word op grond van faktore soos ras, kleur, geslag of geloof nie. Dit sal verhoed dat 'n minderheidsgroep soos byvoorbeeld die blankes, die land alleen kan regeer. Tog word daar ruimte gelaat vir noodsaaklike kulturele groepsregte soos taal en godsdiens. Oor die kwessie van taal sal daar nog baie gesprek gevoer moet word - byvoorbeeld oor wat die amptelike taal van die toekoms moet wees en hoe die owerheid daarin kan slaag om die elf tale waarna in artikel 5 verwys word, te ontwikkel ten opsigte van opvoeding en onderwys, literatuur, die media, hofverrigtinge, ensovoorts. Ek glo dat hierdie dokument nie ten doel het om die bekende tale soos Afrikaans en Engels te degradeer in waarde nie, maar veel eerder om sekere swart tale hul regmatige plek in 'n nuwe Suid-Afrika te gee. Die invoeging van artikel 5.2 wat handel oor die vryheid van assosiasie is verrykend. Dit bied 'n redelike mate van beskerming aan vakbonde, maar ook aan godsdienstige-, kulturele- en ander soortgelyke organisasies.

Die spesifieke wyse waarop vroue- en "gender"-regte uiteengesit word, word verwelkom. In ons eiesoortige situasie word en sal daar seker nog vir geruime tyd teen vroue gediskrimineer word. Hierom, en ook in die lig van toenemende werkloosheid onder mans, is dit noodsaaklik dat vrouens se regte op alle lewensterreine erken en eerbiedig moet word. Artikel 7.2 wat handel oor vroueregte, stipuleer verder die

volgende: "Legislation may provide for reproductive rights, and rights associated with child-birth and child-raising shall be respected." Weer eens is dit moeilik om sulke reprodktiewe regte in 'n handves op te neem omdat daar baie meningsverskille hieroor bestaan. Dit is egter noodsaaklik dat 'n handves voorsiening hiervoor moet maak by wyse van wetgewing - dit word egter nie deur hierdie dokument vereis nie, maar laat slegs ruimte om hierdie belangrike regte op demokratiese en omvattende wyse te bespreek en in wetgewing op te neem.

Hoe die aanvaarding van vroueregte onder sekere tradisionele kultuur- en geloofsgroepe wat aan die vrou 'n ondergeskikte posisie ten opsigte van die man toeken, gaan beïnvloed, sal deur gesprek uitgevind moet word. Indien die ondergeskiktheid van die vrou ten opsigte van die man binne sulke groepe nie bydra tot die volle ontwikkeling van die vrou as skepsel van God nie, sal daar binne sulke groepe besin moet word oor die feit of hulle nie sekere aanpassings in dié verband sal moet doen nie.

Die inhoud van die artikel oor regstellende optrede (artikel 14) is realisties en duidelik - dit wil uiteraard die agterstande wat by Swartmense ten opsigte van die blankes as gevolg van diskriminasie in die verlede ontstaan het, uitwis (die beginsel van "gelykheid" (sien artikel 1) word hierdeur bevorder en versterk). Alhoewel die ANC regstellende aksie as 'n effektiewe herverdelingsmeganisme beskou, moet dit nie net in juridiese terme verstaan word nie. Dit moet praktiese programme wees wat ongelykhede tussen swart en wit op grond van apartheid uit die weg wil ruim. Sodanige programme sal versigtig opgestel moet word, bepaalde doelwitte vir sekere tydperke sal uiteengesit moet word en die effek daarvan sal van tyd tot tyd

geëvalueer moet word. Regstellende aksie kan ook sy beperkinge en gevolglike probleme hê soos in die VSA navore gekom het. Dit kan so maklik net die elite bevoorreg terwyl die mense vir wie dit eintlik bedoel is, nie werklik opgehef en gehelp word nie. Maar as dit korrek toegepas word, soos deur die ANC beplan, kan dit in ons eiesoortige situasie baie effektief wees.

Die feit dat herverdeling en besit van grond (artikel 12) deeglike aandag ontvang, is noodsaaklik. Dat daar 'n meganisme ontwikkel sal moet word wat sal help bepaal watter grond onteien moet word teen watter kompensasie op watter wyse en wie dit op die ou end sal moet besit, is onvermydelik.

Die gedagtes van geen arbitrêre arrestasie, van geen aanhouding sonder verhoor en van jeugdiges wat nie saam met volwasse oortreders aangehou mag word nie (artikel 2), van 'n beskuldigde persoon wat 'n regspraktisyn van sy eie keuse in 'n verhoor mag gebruik en as hy dit nie kan bekostig nie, so 'n verteenwoordiger deur die staat vergoed sal word ("where the interests of justice so require") (artikel 2), die reg op 'n huislike lewe (artikel 2) en op vryheid van beweging (artikel 2), die reg op vryheid van spraak, vergaderplek en inligting (artikel 4), die feit dat daar nie ruimte gelaat word vir disassosiasie nie (artikel 5), dat die doodstraf afgewys word (artikel 2), die eis vir behuising wat skoon water, elektrisiteit en afvalvoorsiening (en die vervanging en/of opgradering van enkelkamerhostelle) insluit en dat daar verpligte en gratis onderwys tot op die ouderdom van sestien jaar sal wees (artikel 11), dat geen gedwonge verskuiwings van mense vanuit hul huise of vanaf hul grond mag plaasvind nie (artikel 12) en dat 'n gesuiwerde regstelsel (artikel 17) bepleit word, is uiters belangrik. Artikel 15 wat oor "positive measures" handel, bepleit die

implementering van 'n verenigde, nie-rassige demokrasie in Suid-Afrika waarin 'n beleid sal geld wat voorsiening sal moet maak vir die spoedige herstrukturering in nie-rassige terme van openbare dienste, die weermag, die polisie en die korrektiewe dienste. Dit sal natuurlik met die grootste onpartydigheid en verantwoordelikheid moet geskied (artikels 14 en 15 moet deurgaans saam gelees word).

Die inhoud van die artikels wat handel oor die afgrensing (artikel 16) en afdwingbaarheid (artikel 17) van die regte soos in hierdie akte bevat, is korrek. Aspekte wat hierdeur na vore kom soos dat wetgewing nie in stryd mag wees met die inhoud van 'n handves van mense-regte nie, die afgrensing nie die wese van daardie (spesifieke) reg(te) mag verander nie en die afdwingingsmeganismes soos 'n Konstitusionele Hof (onafhanklik), 'n Menseregtekommissie en 'n Ombud, stem baie goed ooreen met moderne (en bespreekte) menseregte-aktes. Die feit dat daar in die artikel oor afgrensing nie na spesifieke artikels verwys word nie, soos in die geval van die Regskommissie se aanbevole dokument, neem niks weg van die belang en die geldigheid daarvan nie, maar stem ooreen met sommige internasionale menseregte-aktes wat 'n meer algemene benadering in hierdie opsig volg. Die voorwaardes waarop regte in hierdie akte afgegrens mag word, is duidelik in ooreenstemming met demokratiese beginsels en is gemik op die erkenning van en respek vir die regte en vryhede van ander.

Die artikels wat oor die verskillende regte wat tydens 'n noodtoestand moet geld, handel, soos van toepassing op aanhouding sonder verhoor en die onteiening van eiendom, is uiters noodsaaklik en toepaslik.

Dis asof die geskiedenis homself ook uiteindelik in ons land herhaal. Ook hier het die grootste meerderheid mense begin agiteer vir 'n

handves van menseregte omrede hulle in stryd was en steeds is met 'n soort politieke absolutisme waarin geregtigheid, menswaardigheid en vryheid (soos deur Gods Woord vereis word) nie altyd suiwer toegepas is en steeds toegepas word nie. Hiermee word die morele basis van die ANC se voorstelle aan die orde gestel.

Of die opstellers van hierdie dokument dit spesifiek vanuit 'n Christelik-etiese perspektief gedoen het, gaan nie geëvalueer of bespreek word nie. Aangesien daar wel Christene binne die ANC is en hulle blootgestel is aan die invloed van die Christelike denke, aanvaar ek dit as rede vir die feit dat die inhoud van hulle menseregte-voorstelle nie in stryd is met die kriteria in Gods Woord nie, veral ten opsigte van die inhoud van die begrippe geregtigheid, menswaardigheid en vryheid. Die implikasies van die Bybelse begrippe van geregtigheid en vryheid vind sterk neerslag in hierdie akte by wyse van die verskillende individuele menseregte onder andere die reg op 'n billike verhoor, die reg op geregtelike hersiening, politieke regte soos stemreg, die reg op privaatheid, die reg op vryheid van spraak, inligting en vergaderplek, die reg op vrye assosiasie, godsdiens, taal en kultuur en die reg om aan die ekonomie deel te neem.

Ander menseregte wat strook met die inhoud van die begrip van menswaardigheid is onder andere persoonlike regte soos die reg op lewe en waardigheid, die reg op eiendom, werkers-, vroue- en kinderregte sowel as die regte van die ongeskikte persoon. Die belangwekkende in dié verband is dat dit reg laat geskied (soos reeds gesê) aan die belangrike sosio-ekonomiese regte wat, nie net deur die inhoud van hierdie begrip van menswaardigheid geïmpliseer word nie, maar inderdaad ook deur die ganse Skrif aan die mens opgedra word. Dit sluit in die reg op voedsel, kleding, huisvesting ("shelter"), opvoeding,

gesondheidsdienste, die reg op versorging van bejaardes en weduwees, die reg om te werk, werkloosheidsvoordele sowel as sekere welvaartsregte soos minimumlone.

'n Verdere belangrike opdrag vanuit die Skrif waaraan hierdie akte voldoen, is die reg wat die natuur het (ook genoem derdegenerasieregte) om beskerm en bewaar te word (Genesis 1:26,27;2). Die uitgebreide wyse waarop die mens veral ook die staat se verantwoordelikheid teenoor die omgewing vervat word, word verwelkom.

Ten spyte van die volledigheid van hierdie handves, kan die volgende tekortkomende aspekte uitgelig word.

- Die reg op asiel ontbreek.
- In artikel 6, wat handel oor werkersregte, word verwys na die reg deur die werknemer op "reasonable holidays". Wat redelik in hierdie verband is, bly 'n ope vraag. Die beginsel van minimum verlofvoordele behoort dus ingevoeg te word - die detail daarvan kan op realistiese wyse deur die owerheid uitgewerk word. Die ironie is dat, alhoewel baie Swartes hiervolgens op 'n minimum aantal dae per jaar betaalde vakansie geregtig sal wees, baie van hulle huise van so 'n swak formaat is dat hulle aldaar nie regtig op 'n "normale" wyse (sal) kan uitrus nie.

Die vraag bly egter ook of die regte van die ongeskikte persoon, werkers-, vroue-, kinder- en omgewingsregte nie elk in 'n eie handves tuishoort nie. Indien enkeles of almal van voorafgenoemde afsonderlik gestipuleer sou word, sal elke handves op grond van politieke en eiesoortige omstandighede waarop daar nie in hierdie studie ingegaan word nie, gelyke status ten opsigte van die ander, maar ook ten

opsigte van 'n algemene handves van menseregte, moet hê.

Dit is die insiggewendste en mees toepaslike dokument van sy soort vir ons eiesoortige situasie hier in Suid-Afrika, waarskynlik omdat dit geskryf is vanuit 'n perspektief wat deeglik te doen het met die behoeftes en aansprake van die swart aandrang wat vir soveel jare op soveel verskillende terreine misken is.

Dis ook 'n handves waaraan die gelowige kan vashou omrede die inhoud daarvan met belangrike Bybels-etiese beginsels strook.

Met die vestiging van sodanige handves van menseregte kan daar individuele sowel as sosio-ekonomiese ontwikkeling en vordering wees, wat sodoende aanleiding sal kan gee tot beter lewenstandaarde en goeie intermenslike verhoudinge. In dié opsig skep mense persoonlik en struktureel, veral polities-ekonomies, vir mekaar lewensruimte en is op so 'n wyse medeskeppers van God.

Soos reeds genoem, gaan hier slegs kortliks na die IVP se menseregte-beginsels gekyk word, omdat dit nie vir 'n nuwe Suid-Afrika in sy geheel nie, maar spesifiek net vir die inwoners van Kwazulu/Natal-gebied geskryf is. Met die skryf van hierdie dokument is die mense van hierdie gebied se eiesoortige en diverse erfenis deeglik in gedagte geneem. Demokrasie, vryheid en pluralisme word deurgaans vir die inwoners van hierdie staat hoog geag. Vir die IVP moet alle vrouens en mans gelyke regte hê en dus op gelyke wyse behandel word. Hulle moet hulleself op vrye wyse kan organiseer en onafhanklikheid op alle vlakke van die samelewing kan geniet. Individuele regte en vryhede is belangrik en sosiale solidariteit moet prioriteit geniet. Groepsregte word ook beklemtoon. Elke inwoner moet ook kan aanspraak

maak om in 'n skoon omgewing te leef. 'n Verdere aspek wat uitgelig moet word, is die invoeging van al drie generasies van regte in hierdie dokument. 'n Artikel wat egter vrae laat ontstaan, is die een wat handel oor die reg "to terminate unwanted pregnancy when safe." In die Christelike debat word daar wel onder sekere omstandighede voorsiening vir aborsie gemaak, maar glad nie op so 'n ruim wyse soos in dié dokument nie. Dit is dan ook een van die belangrike redes, soos reeds gesê, waarom 'n keuse vir of teen aborsie nie tuishoort in 'n handves van menseregte nie.³⁸⁾

Voorafgemelde drie generasies van regte moet in 'n toekomstige grondwet gewaarborg word sodat alle inwoners van die land dit op gelyke basis kan geniet en nie hoef te vrees dat dit weggeneem sal word nie. Volgende regstellende aksie staan sentraal in 'n positiewe optrede rakende menseregte. Dit sal interessant wees om te sien hoe 'n toekomstige regering die kwessie van 'n handves van menseregte, verskans in die grondwet, gaan hanteer. As 'n handves, waarin internasionale, maar ook vooraf bespreekte Skriftuurlike norme op volledige wyse vervat is, aanvaar kan word, sal Suid-Afrika ook weer in hierdie opsig sy regmatige posisie in die internasionale arena kan inneem. Sodanige handves moet uiteraard die gevolg wees van unilaterale samesprekings tussen al die verskillende rolspelers in ons land.

Ten slotte is die feit dat dit nodig is om die regte van die mens in 'n handves uit te spel, 'n aanduiding van hoe ver die sonde ons menslike bestaan binnegedring het en hoe ver ons gevolglik te kort skiet aan die volvoering van God se wil vir die menslike samelewing. So 'n handves van menseregte is dus 'n uitdrukking van ons eie skuld teenoor God en ons medemens en van ons persoonlike gebrek aan toewyding om menslike gemeenskap en die vrede van God se wil te dien.³⁹⁾

VERWYSINGS: HOOFSTUK 5

1. Die gebruik van die woord demokrasie in hierdie hoofstuk kan verwarrend wees. Hier word onder andere verwys na die feit dat ons in Suid-Afrika op demokrasie aanspraak maak, dat ons land 'n "ondemokratiese" stelsel het, dat ons in 'n oorgangsproses tot ware demokrasie is en hier is ook sprake van "wit" en "swart" demokrasie. Hierdie terminologie moet binne die spesifieke konteks verstaan word. Omrede daar so baie ongeregtigheid, mensonwaardigheid en inperking teenoor Swartmense in ons land voorgekom het, verstaan blankes en Swartes demokrasie verskillend. Die blankes wat alle demokratiese regte en vryhede ervaar, dink dat ons 'n ware demokratiese land is (wit demokrasie). Die Swartes daarteen, wat geen regte oor die afgelope aantal dekades gehad het nie, glo dat ons land hoegenaamd nie demokraties is nie. Met die oorgang na 'n ware demokrasie word bedoel dat politieke en ekonomiese mag na die ganse volk oorgedra moet word en dat elke inwoner op hierdie wyse sal deel in alle demokratiese regte en vryhede (die Swartes sien dit as "swart" demokrasie). En omrede die sosio-ekonomiese behoeftes vanuit swart geleedere so groot is en daarin voorsien sal moet word, word getwyfel of dit ooit 'n Westerse demokrasie sal wees.
2. M.A. Rabie & M.M. Loubser. 1984. Menseregte en die Suid-Afrikaanse Reg in: Menseregte. (’n Versamelbundel: Eindredakteur D.A. du Toit), Tafelberg-Uitgewers Beperk, Kaapstad, pp. 41 - 42.
3. Ibid., p.42.
4. Ibid., pp.42 - 44.
5. Ibid., pp.44 - 45.

6. K. Nürnberger. 1991. Democracy in Africa - the raped tradition in:
A democratic vision for South Africa. (Edited by K. Nürnberger),
Encounter Publications, Pietermaritzburg, pp.307 - 309.
7. S. Baynham. 1991. Geopolitics and Africa's second liberation in:
Africa Institute Bulletin, Volume 31, no 7, Africa Institute of South
Africa, Pretoria, pp.1 - 2.
8. P. Esterhuysen. 1991. Towards democracy? in: Africa Insight, Colour
Press, Johannesburg, p.5.
9. Ibid., p.5.
10. C. Volschenk. 1991. Ons duister toekoms in: Finansies en Tegniek,
p.12.
11. J. Kinghorn. 1990. n Tuiste vir almal, Sentrum vir Kontekstuele Herme-
neutiek, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, p.78.
12. J. Steyn. 1991. Teologiese draaie en Afrika se paaie in: Teologia
Evangelica, XXIV - 2, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria,
pp.48 - 51.
13. C. Volschenk. a.w., pp.12 - 13.
14. M.A. Rabie & M.M. Loubser. a.w., p.45.
15. J. van der Westhuizen. 1991. The human rights debate in South Africa in:
A democratic vision for South Africa, a.w., p.477.

16. Ibid., pp.477 - 478.
17. Ibid., p.479.
18. G. Budlender. 1991. Freedom of movement in: Human rights for South Africans, (Edited by M. Robertson), Oxford University Press, Cape Town, p.98.
19. M. Robertson. 1991. The right to own property in: Human rights for South Africans, a.w., p.122. Hierdie hele artikel (pp.116 - 122) kan bestudeer word vir meer historiese en ander relevante inligting oor die grondkwessie. Hierby kan ook die volgende artikel gelees word: M. Ramphele. 1991. New day rising in: Restoring the land (Editor: M. Ramphele), Panos, London, pp.1 - 12.
20. P. Storey. 1991. The role of the church in the formation of democratic assumptions and behaviour in: A democratic vision for South Africa, a.w., pp.583 - 584.
21. D.J. Bosch. 1979. Heil vir die wêreld, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, p.228.
22. Ibid., p.228.
23. J van der Westhuizen. 1991. The human rights debate in South Africa in: A democratic vision for South Africa, a.w., p.474.
24. Die Burger. 4 November 1991. p.11.

25. P. le Roux. 1991. The right to social security, assistance, and welfare in: Human rights for South Africans, a.w., pp. 151 - 152.
26. A. Rycroft. 1991. Social rights in: Human rights for South Africans, a.w., p.174.
27. Ibid., p.175.
28. Ibid., p.175.
29. B. Parker. 1991. The right to education in: Human rights for South Africans, a.w., p.196.
30. Regeringsvoorstelle oor 'n handves van fundamentele regte. 2 Februarie 1993, pp.1 - 22.
31. J. van der Westhuizen. a.w., p.477.
32. D. Everatt. 1991. The Freedom Charter in historical perspective in: The Freedom Charter and beyond: Founding principles for a democratic South African legal order, (Editor: N. Steytler), Wyvern, Cape Town, pp.21 - 40.
33. M. Robertson. a.w., p.220.
34. Ibid., pp.220 - 222.
35. Ibid., pp.223 - 224.
36. Ibid., pp.224 - 226.

37. Suid-Afrikaanse Regskommissie. Augustus 1991. Opsomming van Interimverslag oor Groeps- en Menseregte, Projek 58, p.14.
38. The constitution of the state of Kwazulu/Natal. pp.1 - 25.
39. B. Lategan, J. Kinghorn, L. du Plessis & E. de Villiers. 1987. Die keuse vir 'n inklusiewe demokrasie, Sentrum vir Hermeneutiek, Universiteit van Stellenbosch, p.16.

HOOFSTUK 6: DIE BETEKENIS VAN MENSEREGTE VIR 'N EKOLOGIESE PERSPEKTIEF

6.1 Aktualiteit

Die aktualiteit van die menseregte-kwessie het mettertyd ook die regte van diere onder die soeklig begin plaas. Menseregte, soos ons gesien het, het juis sterk na vore gekom met die doel om die een mens teen die ander en ook die individu teen 'n groep persone te beskerm.

Mense het van vroeg af hard en ongenaakbaar teenoor mekaar opgetree - hierdie gedrag van die mens het veral ook tot uiting gekom in sy optrede teenoor ander lewende organismes in die natuur. Die mens was geneig om te dink dat alles wat in die natuur voorkom, "vry" vir gebruik is en gemeen dat diere sonder beperking geskiet en gevang kon word.¹⁾ Hierdie ondeurdagte en dikwels onverantwoordelike optrede deur die mens het tot gevolg gehad dat sommige diersoorte wreed behandel, verminder en selfs uitgewis is. Vandag word weerstand teen sulke optrede ondervind. Die vraag na regte waarop diere hulle kan "beroep", word hiermee aan die orde gestel. Omdat daar al hoe meer binne die menseregte-debat oor diere- en plantregte bespiegel word, kom dit spesifiek in hierdie ekologiese perspektief aan die orde. Alhoewel die drie abiotiese faktore, naamlik grond, water en lug nie diepgaande bespreek gaan word nie, kom enkele perspektiewe in die verband tog by wyse van 'n omgewingspolitieke beskouing teen die einde ter sprake, omrede dit 'n integrale deel van hierdie bespreking vorm.

Die herwaardering van geselskapsdiere in moderne gemeenskappe gedurende die afgelope dekade het ook die aandag op diereregte gevestig. Filosofieë rakende hierdie kwessie is geformuleer en belangegroepes het tot stand gekom. In sekere kringe is hierdie denkrigtings nie net

gestel as 'n ideaal of alternatiewe benadering nie, maar goed georganiseerde pogings is van stapel laat loop om die idees aan die gemeenskap oor te dra. Daar is ook sedertdien 'n aantal kongresse gehou, artikels in wetenskaplike tydskrifte het hieroor verskyn, asook boeke wat oor dieselfde onderwerp handel. Dit is veral die aktiviste van hierdie denkrigting wat hulle besig hou met protesoptogte en betogings waardeur hulle die hele kwessie van diereregte wil bevorder en sodoende die mishandeling en selfs uitwissing van sekere diersoorte probeer teëstaan.²⁾

Sonder om in detail in te gaan, word ook die volgende kwessies vermeld wat hierdie saak verder aktueel maak.

- Diere wat onder dwang onder moeilike omstandighede aangehou word vir produksiedoeleindes om in menslike behoeftes te voorsien.
- Diere wat in wrede sportsoorte gebruik word om teen mekaar te veg vir menslike plesier.
- Diere-eksperimente by wyse van navorsing.
- Die aanhou van (eksotiese) diere in dieretuine.
- Dierebeheer.

Bo en behalwe bogenoemde aspekte wat die regte van diere sterk na vore laat kom, is daar ook 'n geloofsfaset wat die kwessie in die brandpunt plaas. Geloof het juis te doen met die menslike handeling waarin die liefde tot Gods skepping tot uitdrukking kom. Nie net die verhouding van mens tot mens besit 'n geloofsdimensie nie, maar ook dié van die mens

tot die skepping,³⁾ insluitende die diere. Waar hierdie verhoudings tussen mense of tussen mens en dier versteur word, moet die teologiese etiek 'n uitspraak lewer. Die kerk en die teologie mag nie meer enige illusies koester oor die eise wat in dié verband aan hul gestel word nie.

6.2 Teologies-etiese beskouing van diereregte

Voordat 'n teologies-etiese beskouing aan die orde kom, kan hier genoem word dat daar reeds vanaf die vroegste denke rakende die mens en die dier heelwat standpunte oor hul verhouding tot mekaar bestaan. Hier word net kortliks daarna verwys.

- Die mens word as verhewe bo die dier beskou.
- Die mens en dier word op dieselfde vlak geplaas.
- Die mens word ondergeskik ten opsigte van die dier gereken.

Oor die algemeen is die mens egter bewus van die verantwoordelikheid en sensitiwiteit waarmee die dier deur hom gehanteer moet word. Waar hierdie verantwoordelikheid deur die mens verontagsaam word, moet hy aangespreek word. Na my beskouing hiervan in hierdie stadium, het die mens wel 'n verantwoordelikheid teenoor diere, maar hierdie verantwoordelikheid, so lyk dit vir my, is die gevolg van sekere regte waarop diere aanspraak (kan) maak, op geen ander grond as die feit dat hulle deur God geskep word nie. Daar gaan nou vanuit teologies-etiese perspektief na hierdie saak gekyk word.

Hierdie gedagtes oor die verhouding tussen mens en dier het nie onop-

gemerk by teoloë verbygegaan nie. Brunner en Gogarten sê dat die onderskeid tussen mens en dier meer is as net die verstandelike of rasionele soos voorgestaan deur sommige historiese denkers. Brunner sê die mens onderskei hom ook in 'n ander opsig van die dier en dit is dat die mens ten diepste 'n verantwoordelike wese is. Sy verantwoordelikheid kom tot uitdrukking in die liefde - die liefde tot God en tot sy medemens. Maar op die ou end hang alles af van sy verantwoording teenoor God.⁴⁾

Gogarten sê die mens onderskei hom wesenlik van diere en plante in dié opsig dat hy na homself vra. Die mens, sê hy, is nie vraagloos nie. Die unieke karaktereienskap van die mens, wat hom dan ook van ander lewende wesens onderskei, bestaan in hierdie vraag na homself - sy doel, sy herkoms en toekoms. Dit impliseer weer 'n vraag na God. Hiermee toon die mens sy behoefte aan God om dié dinge te verklaar en dit onderskei hom van die dier en plant.⁵⁾

Daar was ook ander Christelike denkers wat die wese van die mens anders as dié van die dier gesien het. Augustinus, Pascal, Kierkegaard⁶⁾ en ook Thielicke⁷⁾ het gesê dat alleen die mens bewustelik by God betrokke kan wees en 'n dier nie. Sterk beïnvloed deur Augustinus, tref ook Aquinas 'n onderskeid tussen die mens en dier. Hy handhaaf 'n bepaalde skeppingshiërargie. Dit is van bo na onder - engele, die mens, diere, plante en die materie. Elk van hulle het kenmerkende eienskappe wat hul van mekaar skei. So sê hy dat die mens superieur is ten opsigte van die dier op grond van "the perfection of their nature, and the excellence of their end".⁸⁾

Dit blyk dus uit die Christen-denkers se sienings dat hulle prinsipieel 'n onderskeid maak tussen mens en dier. Maar die vraag bestaan of 'n

mens nie ten spyte van hierdie wesenlike onderskeid tog sekere regte aan die dier kan toeken nie. Om 'n antwoord hierop te vind, sal daar deeglik na Gods Woord gekyk moet word. Aangesien daar in teologiese konteks nog nie veel aan hierdie saak aandag gegee is nie, is die Skrif deurgaans as uitgangspunt vir toepaslike interpretasies en gevolgtrekkings geneem.

In 'n Skriftuurlike beskouing rakende hierdie kwessie, sal die mens as kroon van Gods skepping, die uitgangspunt moet wees. Daar sal besin moet word oor God se opdrag aan, sy bedoeling met en sy verwagting van die mens wat Hy as bestuurder oor sy skepping aangestel het. Deur te kyk na die posisie van die mens in die skepping, sal daar 'n duidelike prentjie verkry word van die dier se posisie op aarde en ook of diere op regte aanspraak kan maak.

6.2.1 Die mens se posisie in die skepping

Die grootste waarde wat in die Bybel aan die mens toegeskryf word, is die feit dat hy ten volle na die beeld van God geskape is.

In Genesis 1 lees ons hoe God die aarde 'n veilige woonplek vir die mens gemaak het. Die mens het niks gehad om te vrees, benewens die Here God nie. In Genesis 1:24 word gelees hoe God die lewende diere geskape het en in vers 26 sê God die volgende belangrike woorde: "Kom ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip." Hier val twee belangrike aspekte op. Eerstens lees ons van die afkondiging van die Goddelike besluit, en tweedens van die plek wat die mens ten opsigte van die diere inneem. Hieruit blyk duidelik in watter mate die aksent in die skeppingsepos op die besondere posisie van die mens val.

Wie met die mens in aanraking kom, kom inderdaad direk in aanraking met 'n "afbeelding" van God. Psalm 8 sê dan ook juis dat die mens byna "goddelik" of "hemels" geskape is. Hierdie feit bevestig dat die mens nie op evolusionêre wyse uit 'n laer vorm van lewe ontwikkel het en daarom as gelyk met diere gereken behoort te word nie.

Deist sê in dié verband dat die mens 'n "amper-god" is. Hy is die "grootste" in die ganse skepping van God en het as't ware deel aan die asem van sy Skepper.⁹⁾

Ook Von Rad sê dat die mens die kroon van God se skepping is en daarom ver bo alle aardse skepsels verhewe is. Juis dit impliseer natuurlik 'n groot verantwoordelikheid van die kant van die mens teenoor sy Skepper.¹⁰⁾

In die lig van bogenoemde word daar gewonder hoe die mens sy heersersmag moet gebruik. Pop, net soos Bavinck, sê dat daar in die heersersmag van die mens altyd 'n Goddelike afbeelding herkenbaar moet wees. Dit is moontlik omdat God dit moontlik maak. Wat God van die mens verwag as heerser, kan Hy verwag omdat Hy aan die mens die vermoë gegee het om dit te verwesenlik.¹¹⁾ Hierdie vermoë volgens Lanser is dan ook sy opdrag en verantwoordelikheid as heerser.¹²⁾

Genesis 2:15 is hier van belang: "Die Here God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas." Die Skrif bedoel met hierdie "bewerk" en "oppas" nie 'n veilige bewaring of eenkant sit van die aarde vir die toekoms nie - hiermee word eerder 'n verantwoordelike beskerming en gebruik van die aarde bedoel. Die inhoud van sodanige optrede word in Jesaja 27:2,3 aangetref: "Daardie dag moet julle sing van die goeie wingerd. 3. Ek, die Here, sorg daarvoor: Ek lei dit

gereeld nat, dag en nag staan Ek wag daarby sodat niemand dit kan beskadig nie". Soos God met ander woorde omsien na sy wingerd, só moet die mens na God se skepping omsien! Alhoewel die mens in 'n besondere heersersposisie deur God in sy skepping geplaas word, bly die mens ondergeskik aan God en slegs rentmeester van hierdie eiendom van sy Meester.

In die Nuwe Testament is daar 'n paar aangrypende gelykenisse wat die mens se verantwoordelikheid teenoor Gods skepping treffend illustreer. In Matteus 21:33 - 46 lees ons van die grondbesitter wat sy wingerd aan boere verhuur het en toe op reis gegaan het. Toe dit tyd vir die druiwe-oes geword het, het die eienaar van sy slawe na die boere gestuur om sy deel van die oes te kry. Ons lees hoe die boere die slawe geslaan, gestamp en doodgemaak het. Die eienaar het weer 'n klomp slawe gestuur, maar ook hulle is dieselfde deur die boere behandel. Toe stuur hy sy seun en ook dié word deur die boere gedood. Daar word gesê dat die eienaar sal gaan en al hierdie slegte boere sal doodmaak. Hy sal dan sy wingerd aan ander boere verhuur wat op die regte tyd sy deel van die oes sal gee. Hierdie gelykenis sou op baie maniere geïnterpreteer kan word, maar die belangrike gedagte is dat elke mens 'n besondere verantwoordelikheid het ten opsigte van dit waaroor God hom aanstel. Ontduik hy hierdie verantwoordelikheid, word hy onvoorwaardelik gestraf.

'n Soortgelyke gelykenis word in Lukas 19:11-27 aangetref. Ons lees hoe 'n man van adellike afkoms na 'n ver land op reis gegaan het om as koning aangestel te word en dan later terug sou kom. Vooraf het hy tien van sy slawe geroep en aan hulle tien goue muntstukke gegee en gesê dat hulle daarmee handel moes dryf totdat hy terugkom.

Nadat hy teruggekom het, het hy hierdie slawe geroep en vir hulle gevra wat hulle met die muntstukke gedoen het. Die eerste een het gesê dat hy met die een muntstuk tien muntstukke gemaak het. Die koning was baie bly hieroor en het hom oor tien stede aangestel. Die tweede slaaf het vyf muntstukke uit sy een muntstuk gemaak. Die koning was oor hom ook verheug en het hom oor vyf stede aangestel. Die laaste slaaf het erken dat hy nie gewoeker het met sy muntstuk nie. Hy het dit in 'n doek gesit en 'n verskoning daarvoor aangegee. Die koning was teleurgesteld en het hom veroordeel.

Al twee hierdie gelykenisse het te doen met 'n eienaar wat weggegaan het en sy onderdane met sy eiendom toevertrou het. Diegene wat onverantwoordelik daarmee omgegaan het, is veroordeel en gestraf en hulle wat die eienaar se opdrag met verantwoordelikheid uitgevoer het, is geprys en beloon. Dit geld natuurlik ook die mens se hantering van God se skepping.

In die tweede gelykenis het die slawe ook nie geweet wanneer hul koning sou terugkom nie. Hulle moes dus deurgaans en volgehoue woeker totdat die eienaar terugkom. Só is dit ook vandag nog van toepassing op die mens. Niemand weet wanneer die Koning gaan terugkom nie. Juis hierom mag die mens nie die skepping misbruik of afskeep met die gedagte om dit later "reg" te maak nie. In hierdie opsig moet erken word dat baie mense traag is om God se skepping volgens sy opdrag te omvorm. Hierdie traagheid by die mens (tesame met hoogmoed) is volgens Berkouwer die wese van die sonde in die mens.¹³⁾

There was clearly no escape from man's responsibility to God for proper management of the earth, to control the wilder animals and to protect the weaker, to preserve and improve useful plants and to eliminate weeds and, be it noted, to maintain the beauty as well as the productivity of the earth. (14)

Die mens se besondere posisie in Gods skepping blyk uit dit wat die Skrif ons leer en so ook die bedoeling met en die verwagting wat God het van die mens in sy omgang met die skepping.

6.2.2 Die sondeval en die verheerliking

Genesis 3 vertel die verhaal van die sondeval en hoe die bose gees die hele skepping bederf het. Nie net is die mens daardeur geraak nie, maar ook die dier en die plant. Barth praat van die "onordelikheid" wat as gevolg van die sonde in die natuur gekom het.¹⁵⁾

Hoe is die mens geraak? Die verhaal in Genesis 2 en 3 vertel van een boom wat in die tuin gestaan het. Aan dié boom het daar vrugte gehang wat aan die mens 'n sekere soort kennis sou gee indien hulle daarvan sou eet. As hulle daardie kennis sou bekom, sou hul net soos God wees. Nou word die mens verlei om te probeer om soos God te wees. Hulle eet toe van dié vrugte en toe het hulle oë "oopgegaan". Dit impliseer dat hulle toe daardie kennis bekom het. Maar in plaas daarvan dat die mens self toe "gode" word op grond van hierdie kennis, word hulle op onbeskryflike wyse skaam vir mekaar. Adam en Eva, wat eers so lief was vir mekaar, word skielik skaam vir mekaar en beskuldig mekaar oor en weer. In plaas daarvan dat hulle die wêreld regeer soos wat God wou hê, word hulle uit die tuin verdryf om amper soos slawe te gaan werk en swaar te kry. Nou kan hulle nie meer vir ewig lewe nie omrede hulle ongehoorsaam was aan hul God.¹⁶⁾

Die mens is met ander woorde mislei om soos God te probeer wees. Die mens wou nie meer onderdanig wees aan en opdragte van God ontvang nie, maar wou sy eie baas wees. Hy wou nie in God se tuin werk nie, maar wou self opdragte gee. Brunner, Niebuhr, Barth en Berkouwer sê dat hierdie soort hoogmoed van die mens die wese van die sonde is.¹⁷⁾ En

die interessante is nou, sê die verhaal, dat alle mense so is. Ons is elkeen 'n Adam en Eva wat van God verwyder is. Liefde teenoor God verdwyn en só ook liefde teenoor die medemens. Selfs die skepping word hierdeur geraak.¹⁸⁾

Elkeen is van nature ongehoorsaam aan God en wil daarom self heer en meester wees. Dit is dan ook die rede waarom mense nie net ongenaakbaar teenoor mekaar optree nie, maar ook onverantwoordelik teenoor Gods skepping. Dit is die mag van die sonde wat so maak en hierdie mag kan alleen deur die verlossing in Jesus Christus verbreek word.

Die effek van die sondeval op die mens is nou kortliks aangetoon, maar watter effek het dit op die natuur en dan veral op die diereryk?

In Genesis 3:14,15 word gelees hoe God die slang vervloek op grond van die sonde.

Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die diere. Op jou pens sal jy seil en stof sal jy eet, jou lewe lank. 15. Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt.

Eers deur die vloek is die mens en die dier van mekaar vervreem en het die dier 'n mensemoordenaar geword (en die mens 'n dieremoordenaar). Orals het Satan disharmonie gestig. Orals wil hy die maaksel van God verontreinig en verderwe.

Maar Goddank, dit sal nie vir altyd so bly nie! Die mens kan die volgende heerlike vooruitsig in die oog hou: Jesaja 66:22: "Soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek gaan maak, in my diens sal staan, sê die Here, so sal julle nageslag en julle roem in my diens

staan." 2 Petrus 3:13: "Maar ons leef in die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers."

Openbaring 21:5: "Toe sê Hy wat op die troon sit: 'Kyk Ek maak alles nuut.' En daarna sê Hy: 'Skryf hierdie woorde op, want hulle is betroubaar en waar.'"

Jesaja 11:9: "Op my heilige berg sal niemand kwaad aanrig of iets verniel nie; want die aarde sal so vol wees van die kennis van die Here soos die see vol water is." (vergelyk ook Habakuk 2:14 en Joël 2:28)

Hierdie gedeeltes beklemtoon die belangrike gedagte dat die vloek deur Gods genade weggeneem sal word!

Geld hierdie gunstige ommekeer op grond van God se genade spesifiek ook vir die diere? Hierop kan daar ongetwyfeld positief geantwoord word.

Wolwe en skape sal dan saam bly, luiperds sal tussen bokkies lê, kalwers, leeus en voerbeeste sal bymekaar wees en klein seuntjies sal vir almal sorg. 7. Koeie en bere sal saam wei; hulle kleintjies sal bymekaar lê, leeus sal gras eet soos beeste. 8. Babatjies sal by die gate van adders speel, klein kindertjies sal hulle hande uitsteek na giftige slange. 9. Op my heilige berg sal niemand kwaad aanrig of iets verniel nie, want die aarde sal so vol wees van die kennis van die Here soos die see vol water is (Jesaja 11:6 - 9).

Esegiël 1:5 - 10 verdien ook beklemtoning:

Daaruit het vier wesens te voorskyn gekom. Hulle het 'n mensvormige voorkoms gehad, 6. maar elkeen het vier gesigte en vier vlerke gehad. 7. Hulle bene was reguit en hulle voete was soos beeskloue

en het geblink soos koper wat opgevryf is. 8. Onder hulle vlerke aan elk van die vier kante van elkeen was daar mensehande. Al vier wesens het gesigte en vlerke gehad. 9. Die een se vlerke het aan die een langs hom s'n geraak. Die wesens het nie van koers verander wanneer hulle beweeg nie. Elkeen het reg vooruit beweeg. 10. Elkeen het vier gesigte gehad. Die vorms van hulle gesigte was so: voor dié van 'n mens, regs dié van 'n leeu, links dié van 'n bul, en agter dié van 'n arend. Elke wese het dus vier gesigte gehad.

In hierdie wesens, daardie heerlike gestaltes in die hoogte, kom menslike en dierlike vorme tesame voor (vergelyk ook Esegïël 10:14 en Openbaring 4:6,7).

In hierdie opsig kan daar net gemeld word dat Christus die volkome Verlosser is. Die oorwinning wat Hy reeds aan die kruis oor Satan behaal het, sal volkome realiseer met sy wederkoms. Matteus 19:28: "Dit verseker Ek julle: Wanneer alles nuut gemaak word, as die Seun van die mens op sy heerlike troon sit, sal ook julle wat My gevolg het, op twaalf trone sit en oor die twaalf stamme van Israel regeer."

Ook die bekende Romeine 8:21,22 is hier van belang:

die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom wat hoort by die heerlijkheid van die kinders van God. 22. Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting.

Evans sê in dié verband dat die ganse skepping alleen betekenis het as 'n mens hieroor dink in terme van totale verlossing en voltooiing.

To put it vulgarly, if we have got as far as to believe in the transcendent God as creator, are we not right to demand that he has the integrity of any artist or craftsman to complete what he has put his hand to, and to see that it becomes what it has in itself to become?(19)

Dit was 'n kort oorsig oor hoe die orde in die skepping, en hoe die

mens en die dier deur die sondeval, maar ook deur die genadige verlossing in Jesus Christus, geraak word.

6.2.3 Die posisie van die dier in die skepping

Tot dusver is daar reeds verwys na die posisie van die dier ten opsigte van die mens. So is daar gemerk dat Gods koninkryk hier op aarde begin het met sy skepping - met die skepping van onder andere die mens en die dier. God het die dier ondergeskik aan die mens gestel en die mens, as kroon van sy skepping, aangestel om oor die diere te regeer op dieselfde wyse as wat God oor die mens regeer. Die mens moes sorg vir die dier, soos God sou sorg vir die mens. Maar net soos God die ganse skepping kan gebruik tot eer en verheerliking van sy naam, net so kan die mens die dier ook gebruik, maar op voorwaarde dat dit met die uiterste verantwoordelikheid teenoor God self gedoen word.

Deist sê op grond van die Skrif dat hier sprake is van 'n afstand tussen mens en dier. Nadat God die mens geskep het, het die diere een vir een by die mens verbygeloop. God het gemerk dat nie een dier goed genoeg vir die mens was nie. Só het die Here tot vreugde van die man vir hom 'n vrou gemaak - sy was nie goddelik of dierlik nie, maar menslik. Volgens Deist is die mens 'n grensmens. Hy beweeg tussen twee pole - die pole van gode en diere. Wie teen die boonste grens aandruk, is hoogmoedig. Wie teen die onderste grens stoot, is besig om die vlak van die menslike te verlaat en dierlik te word. Wanneer die mens god en/of dier probeer wees, sondig hy teen God en word hy onmenslik! ²⁰⁾ Hiermee word die ondergeskiktheid van die dier ten opsigte van die mens aangetoon.

Hier word ook verwys na Genesis 1:24 waar die Here God sê: "Laat die aarde lewende wesens voortbring ..." Hierdie oorsprong sê dat die

natuur van die dier nader aan die aarde is as dié van die mens. Genesis 1:26 - 27 bewys onomwonde hierdie verhewenheid van die mens ten opsigte van die dier. Die skep van slegs die mens na die beeld van God volgens hierdie verse impliseer juis die duidelike onderskeid tussen die mens en die dier (en ook die res van die skepping). Ook Thielicke bevestig die gedagte dat die beeld van God iets is wat slegs die mens ontvang.

Die beeld van God vir die mens bestaan daarin dat die gelowige in Christus is en partisipeer aan die Goddelike beeld en gelykenis van Christus. Die beeld van God in die mens is daarom vir Thielicke nie 'n ontiese oorblyfsel van die skepping nie - nie sekere menslike kwaliteite nie - maar 'n besondere verhouding tot God. Juis omrede die mens alleen, en nie die dier nie, deur middel van die geloof bewustelik by God betrokke kan wees, onderskei hy homself van ander lewende wesens.²¹⁾ Hierdie onderskeid impliseer dat die mens alleen die vermoë het om te redeneer, om sy intelligensie te gebruik en om op te tree volgens sy besluite.²²⁾

Tog kan hier genoem word dat diere net soos die mens sekere sensasies (sig, gehoor, pyn), persepsies van objekte en persone, emosies (vrees, haat, aangetrokkenheid), instinkte (jag, maats maak), selfbewustheid en "taal" het, alhoewel in laasgenoemde geval dit nie sintakties van aard is nie, maar kommunikatief. Diere kan ook soos die mens leer deur ondervinding en hulle psigosomatiese hantering van spanning is baie dieselfde.²³⁾

Maar ten spyte hiervan beskik die dier nie oor die morele en geestelike kwaliteite van die mens wat op abstrakte denke berus nie,

omrede hy nie soos die mens na Gods beeld geskape is nie. Dit beklemtoon die andersheid van die dier ten opsigte van die mens en die ondergeskiktheid van sy posisie teenoor dié van die mens.

Dit is juis in die lig hiervan dat God later vir die mens die duidelike opdrag gee om te heers oor sy skepping. Om te kan "bewerk en bewaak", om te kan "heers en onderwerp" moet die mens verstandelik ken en verstaan. Ons sien dat die mens nie net fisies by die skepping betrokke is nie, maar ook verstandelik. In Genesis 2:19 gee die mens aan die diere hul name. Die mens het dus wesenskennis. Die name het gepas omrede die mens vanweë sy hoëre posisie die diere na hul aard geken het en soos God bedoel het dat hulle moet wees. Die dier is hiervolgens ongetwyfeld ondergeskik aan die mens.²⁴⁾

Maar tog skryf God die diere nie af omdat hul ondergeskik aan die mens is nie, maar ken aan hulle hul spesifieke plek toe omdat Hy oor sy totale skepping besorg is.

In hierdie verband is dit interessant om daarop te let hoe die Here Hom met sy diereryk identifiseer. In Deuteronomium 32 word daar gelees hoe God sy liefde vir sy volk vergelyk met dié van 'n arend wat sy kuikens op sy vlerke dra. Jesus word elders in die Skrif die Lam van God genoem en die Heilige Gees word met 'n duif vergelyk. Die feit dat Christus in 'n stal gebore is, Jerusalem op 'n donkie binnegeroep het en aan die einde van die tyd met 'n wit perd sal ry, is tekenend van God se verbondenheid met die diereryk.

God is vol liefde en genade teenoor die diere. In Genesis 9:9 - 11 sê God vir Noag en sy seuns:

Kyk, Ek sluit 'n verbond met julle en julle nageslag en 10. met al die lewende wesens by julle: die voëls, die mak diere en die wilde diere by julle, naamlik met al die wilde diere wat uit die ark uitgekom het. 11. Ek sal my verbond met julle ken: mens en dier sal nie weer deur vloedwaters uitgewis word nie. Daar sal nie weer 'n oorstroming wees wat die aarde sal oorweldig nie.

In Jona 3:7,8 lees ons hoe God se genade en goedheid ook die diere van Nineve insluit:

Die koning en sy raadgewers beveel dat mens en dier, grootvee en kleinvee, aan niks mag proe nie, dat hulle niks mag eet en nie water mag drink nie. 8. Mens en dier moet rouklere aanhê, en die mense moet ernstig tot God roep en hulle van hulle verkeerde daade bekeer en berou hê oor die geweld wat hulle gepleeg het.

In vers 10 van Jona 3 lees ons hoe God toe afgesien het van sy plan om 'n ramp te stuur toe Hy sien hoe hulle hulself van die verkeerde daade bekeer het. So is die mens sowel as die dier gespaar.

Ook is daar menslike aspekte in die Skrif wat betrekking het op die diere. In Eksodus 20:10 word diere ingesluit in die sabbatsrus:

maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seuns of jou dogter of die man of die vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemde deling by jou nie. (sien verwysing 25)

Job 4:15: "Die berge lewer vir hom die water en al die wilde diere speel daar."

Toe Natan, Dawid se straf aangekondig het, praat hy in 2 Samuel 12 vers 1 tot 4 van die man wie sy ooilam soos 'n dogter grootgemaak het.

Daar was twee mans in dieselfde plek. Die een was ryk en die ander arm. 2. Die ryke het groot troppe kleinvee en beeste gehad. 3. Behalwe een ou ooilammetjie het die arm man niks besit nie. Hy het haar aan die lewe gehou, en sy het saam met sy kinders groot geword. Sy het van die krummeltjies geëet, uit sy beker gedrink en op sy skoot geslaap. Ja, sy was vir hom soos 'n dogter. 4. Daar het 'n besoeker by die ryk man gekom en hy kon dit nie oor sy

hart kry om van sy eie kleinvee of beeste te vat en vir die reisiger te slag nie. Toe vat hy die ooilam van die arm man en slag haar vir sy gas.

In vers 5 en 6 lees ons hoe Dawid hom bloedig vererg het oor die man en gesê het: "So seker as die Here leef, 'n man wat dit oor sy hart kan kry om so iets te doen, moet doodgemaak word, en hy moet vier-voudig vir die ooilam vergoed."

Ons lees ook van God se toorn oor die diere.

Daarom, sê die Here my God, laat Ek my gloeiende toorn oor hierdie land kom, oor mens en dier, oor die bome in die veld en die opbrengs van die land. My toorn sal bly brand en nie tot bedaring gebring kan word nie. (Jeremia 7:20)

In Esegïel 14:13 sê die Here dat wanneer 'n land teen Hom sondig en troueloos word, Hy sy hand uitsteek, hongersnood bring en mens en dier uitroei (vergelyk ook Esegïel 14:17, 19, 21; 25:13; 29:8 en Sagaria 14:15).

Haggai sê in hoofstuk 1:11 die volgende van God:

Ek het droogte laat kom oor die land en oor die berge, oor die koring, die vye en die olie en oor die opbrengs van die land, oor mens en dier en oor alles waarmee die mens hom besig hou. (vergelyk ook Jesaja 50:2 en Hosea 4:3)

Matteus 10 vers 29 tot 31 sê dat God ook op besondere wyse sorg vir die diere. Hy gee om vir die mossies, alhoewel die mens tog veel meer werd in God se oë is as die mossies:

Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie. 30. Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel. 31. Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies.

Ons lees ook elders in Gods Woord van sy versorging van die diere.

2 Konings 3 vers 17: "Kyk, so sê die Here: Julle sal nie wind of reën sien nie, en tog sal hierdie vallei vol water word, sodat julle en julle slagvee en julle pakkdiere kan drink." (sien ook Job 38 - 41, Psalm 36:7, Matteus 6:26 en Lukas 12:24) Behalwe dat God na die diere omsien, sorg Hy natuurlik ook altyd vir die mens. Die dier word egter nooit ten koste van die mens versorg nie.

Alhoewel diere en so ook alle lewe deur die mens gerespekteer moet word, is dit ook volgens Smick nooit ten koste van die mens nie.

If rats need to be destroyed for human good, so be it. The extreme reverence for all forms of life in the Oriental religions is out of balance. A distinction must be made between killing and cruelty. This so-called reverence of life results in cruelty that allows diseased cows to live and vermin to spread filth. Christianity stresses the quality of life more than the duration of life. While no one would wish to denigrate pets, modern affluent society frequently puts more value on dogs than on people.(26)

Daar is plekke in die Skrif wat verwys na die gedrag van diere en hoe hulle daarvoor verantwoordelik gehou word. Eksodus 21:28: "Wanneer 'n bees 'n man of vrou doodstoot, moet die bees met klippe doodgegooi word, en sy vleis mag nie geëet word nie. Daar is nie 'n saak teen die eienaar van die bees nie." Die verantwoordelikheid waarvan hier sprake is, lê in die feit dat selfs aan diere die onskendbaarheid en onaantasbaarheid van die menslike lewe openbaar word (vergelyk Genesis 9:5).

Die Woord maak ook voorsiening vir diere om deur 'n bose gees besit te word.

'n Hele ent van hulle af het 'n groot trop varke geloop. 31. Die duiwels het Hom gesoebat: 'As U ons uitdryf, stuur ons tog in die trop varke in'. 32. 'Gaan' het Hy vir hulle gesê. Hulle is toe uit die mense uit en het in die varke ingevaar. Die hele trop het meteens op loop gesit teen die hang af, die see in, en het in die water versuip. (Matteus 8:30-32)

h Mens kan vra of diere nou oor moraliteit beskik op grond van die feit dat hulle deur h demoon besit kan word? Hierop sal daar negatief geantwoord moet word, "because morality centers around purposeful conduct, not just activity. And more than that, this must be purposeful activity that is directed by an idea, not merely instincts or outside stimuli".²⁷⁾

Ons lees ook in Jesaja 43:20 dat diere vir God moet eer: "Die wilde diere sal My vereer, die jakkalse en die volstruise, omdat Ek water gee in die woestyn, riviere in die droë wêreld om my volk, my uitverkore volk, se dors te les." Psalm 150:6 roep alles wat asem het op om die Here te prys (ook Psalm 148:7,10).

Ons sien dus dat Gods Woord op h besondere wyse oor die dier in die skepping dink, maar dat die dier nêrens op gelyke voet of selfs hoër as die mens gereken word nie.

Vanuit h Christelik-etiese standpunt moet daar dus afwysend gestaan word teenoor enige groep wat die dier in so h mate wil verhef dat dit op gelyke vlak of selfs hoër as die mens gereken word. As h mens na menings luister wat die dier net so hoog of selfs belangriker as die mens ag, wonder jy of daar enige versekering gegee kan word dat diere nie (weer) so hoog gestel gaan word dat dit in die mens se gedagtes die ideale norm gaan word nie. Daar word beweer dat wanneer die stadium van die "edele dier" bereik gaan word, die mens sover sal kan gaan dat hy hom van die menslike spesie kan distansieer. Daar sal selfs beweeg kan word na die oer-oue diereverafgoding en -aanbidding waarvan ons in die Skrif lees. Wat gaan verhoed dat daar weer h dierekultus en -godsdiens ontstaan vol heilige diere? Odendaal rapporteer van h volledige liturgie wat deur biskop Richard York

saamgestel is vir die begrafnis van geselskapsdiere. "The purpose of a pet's funeral ceremony is to console the bereaved and to reaffirm our solemn responsibility to the intelligent Voice of Creation."²⁸⁾ Katcher en Beck sê met respek, dat om met 'n geselskapsdier te praat dieselfde voordele kan inhou as om te bid. Dit impliseer dat die verhouding tot God en 'n geselskapsdier op dieselfde vlak kan wees en dat die dier dus die plek van God kan inneem.²⁹⁾ Ons weet tog dat sodanige diere-aanbidding as sondig afgewys moet word. In Eksodus 20:1 - 3 en in Jesaja 45:21 lees ons dat die Here vir Homself die volkome reg opeis as die enigste God vir die mens. Ons lees in Eksodus 32 vers 26 en 27 dat Moses in opdrag van God die aanbidders van die goue kalf laat doodmaak het, ongeag of dit familie, vriende of bure was.

Hierdie mense, wat aan diere so 'n besondere hoë posisie in Gods skepping toeken, doen dit uit eie geregverdigde en subjektiewe oortuigings en nie vanuit die Woord van God nie. God het die mens anders as die dier gemaak en daarom moet die mens anders wees - die andersheid lê in die feit dat die mens bewustelik by God betrokke is en die dier nie.

6.2.4 Hoe lyk die regte van die dier?

Hier sal eers kortliks na die definisie van wat 'n reg is, gekyk moet word.

Wright sê die eerste ding wat 'n mens tref wanneer jy oor "regte" begin praat, is dat dit altyd te doen het met situasies van konflik. "The language of right and rights appears to be most used where there is a breakdown of relationship, a conflict of interests or a dispute over

what is fair." Dit alles dui prima face op die sondeval.³⁰⁾

Tweedens gaan dit om die erkenning van 'n bepaalde, eksterne norm of standaard "which can be a source of authority (by what rights), a means of gain (I have a right to a share ...) or of protection (my rights), or a criterion of arbitration (in the right)".³¹⁾

Hierdie standaard of norm moet transendent wees. Dit moet met ander woorde onafhanklik van die betrokke partye wees. In die Christelike denke is hierdie transendente norm natuurlik God. God is geregtigheid en reg - Jesaja 5:16: "Die Here die Almagtige is verhewe, Hy laat reg geskied, die heilige God laat Hom ken as die Heilige, Hy oordeel regverdig." Wright sê "God is both the ultimate standard of what is right, and the ultimate decider of whether or not his standard is being conformed to in human life."³²⁾ Deuteronomium 32:4 bevestig dit: "Hy is die Rots, sy werk is volmaak, alles wat Hy doen, is regverdig. Hy is die getroue God, sonder onreg, Hy is regverdig en betroubaar."

Die vraag is nou: kan 'n mens praat van diereregte? Het diere hoegenaamd regte en as die dier dan wel oor sekere regte beskik, wat is dit? Is dit sogenaamde natuurlike regte, wetlike regte, vryheidsregte ten opsigte van keuses en ruimte, eiendomsreg en/of demokrasie (stemreg)?³³⁾ Dit kan soos volg probeer beantwoord word: A is 'n persoon en B is 'n dier. In hierdie verhouding moet daar net deurgaans gewaak word om nie in 'n twee-dimensionele horisontale raamwerk te verval nie. Hiermee word bedoel dat B se regte nie bepaal word deur dit wat hy van nature besit, of wat hy in terme van A verdien of op grond van een of ander horisontale faktor tussen hulle

nie. Hier val die klem uitdruklik op 'n vertikale dimensie, soos reeds vroeër rakende menseregte beklemtoon is. B se regte word aan hom gegee deur God op grond van die feit dat hy deur God geskape word. Om dus te sê dat B sekere regte het, kom daarop neer dat A deur God verantwoordelik gehou word om sekere dinge soos deur God geopenbaar en aan die mens beveel, in belang van B te doen. Die uitgangspunt is dus dat B sekere regte het in terme van God, en dat God net soveel belang het by hoe B behandel word as hoe A optree. Al twee het te doen met die wil van God.³⁴⁾ (Hierdie argument word baseer op die Noagitiese verbond - Genesis 7.)

Die Christen se verantwoordelikheid teenoor diere lê nie in die feit dat hulle byvoorbeeld rasionele wesens is soos sommige mense sê nie. Sy verantwoordelikheid teenoor die diere lê ook nie daarin dat diere spesiale belange het of sekere inherente regte het nie, maar alleen in die feit dat God hulle geskep het en in 'n verhouding met die mens geplaas het om gesamentlik in hul optrede hul Skepper te eer en te verheerlik.³⁵⁾

He made us with many similarities, a certain kinship in that we are made by the same Creator, of the same stuff, in the same biological pattern. By God's decree animals have a right to exist and enjoy continual existence. When man, the rebel, is reconciled to God through Jesus Christ he begins to understand his proper relationship to other created beings. Then he seeks to restore the felicity of all creatures and all nature. Some who have not known this reconciliation come to understand their obligation to the created world by common grace. Others, sadly, who have known it fail to understand its fullest implications. No Christian dare want only outrage any part of God's creation. Not all forms of life, however, are equally sacred; there are levels of creation with man at the top. There should be no question of man's right to life above the animal world because he bears the Creator's image and has a spiritual nature. (36)

Uit die voorafgaande studie het dit duidelik geword oor hoe die Woord van God oor diere praat. Al hierdie uitsprake hou op een of ander wyse verband met die volgende basiese regte waaroor die dier beskik,

naamlik die reg op lewe, die reg op die instandhouding daarvan en die reg op vryheid van beweging en assosiasie. Hierdie regte lê uiteraard slegs in die feit dat die dier deur God geskep word en deur Hom op besondere wyse onderneem word.

Die reg op lewe en die instandhouding daarvan impliseer dat die dier geregtig is op voedsel, versorging en beskerming. Dit is basiese lewensmiddele waarsonder die dier fisies nie aan die lewe kan bly nie. Hierdie regte moet dan ook te alle tye deur die gelowige gerespekteer word.

Die reg op vryheid van beweging en assosiasie hou onder andere verband met Jesaja 43:20 en Psalm 148:10 en 150:6 waar diere opgeroep word om God te vereer en te prys. Diere kan alleen tot eer van God leef as hulle toegelaat word om vry te beweeg in hulle natuurlike habitat en te assosieer met die groep (spesie) waarvan hulle op natuurlike wyse deel vorm. Alleen as daar reg geskied laat word hieraan kan diere spring, vlieg, swem, speel en "kommunikeer" en kan alles wat asem het die Here prys! Omrede God dit so beskik en verlang as deel van sy volmaakte skepping, het diere die reg om daarop aanspraak te maak.

Die regte waaroor die mens en dier beskik, verskil dus grootliks. Omrede die mens oor geestelike en morele kwaliteite beskik wat op abstrakte denke berus op grond van die feit dat hy na die beeld van God geskep is en daarom byna "goddelik" of "hemels" is, beskik hy ook oor al God se "kroon-regte".

Die dier, daarenteen, word laer geag in skeppingswaarde deur God, soos reeds uitgewys. Hy beskik nie oor bogenoemde geestelike en morele kwaliteite wat op abstrakte denke berus nie en daarom, soos dit uit

die voorafgaande Bybelse beskouing na vore gekom het, beskik hy slegs oor hierdie mees basiese (fisiese) regte.

Wanneer 'n dier dus sy voedsel ontnem word, mishandel word (vergelyk lydende en daklose diere), na willekeur in eksperimente vir mediese doeleindes gebruik word en selfs op vele ander maniere onverantwoordelik tot voordeel van die mens aangewend word - vergelyk stier-, honde- en ander gevegte, uitwissing deur onverantwoordelike jag, oorbodige uitslagting om in die voedselbehoefte van die mens te voorsien (sien verwysing 37), diere wat onder dwang onder moeilike en pynlike omstandighede vir produksiedoeleindes aangehou word, die dikwels onsensitiewe wyse waarop diere doodgemaak word, onbillike en onregverdigte dierebeheer en die inperkende wyse waarop eksotiese en ander diere aangehou word - word sy onveranderlike skeppingswaarde wat aan hom sekere regte verseker, hom ontnem. Waar dit gebeur, word die aandag van die kerk en die gelowige gevra. Die Woord waarsku ons teen dieremishandeling wat die grootste bedreiging vir hierdie regte is. Die Here sê in Habakuk 2:17 die volgende: "Jou geweld teen die Libanon sal jouself tref, jou mishandeling van die diere op die Libanon sal jouself vernietig. Jy het baie bloed vergiet, jy het geweld gepleeg teen baie lande, teen stede met hulle inwoners." Hieruit is dit duidelik dat wanneer die mens die dier se reg op lewe en voortbestaan ontken, hy die dier 'n onreg aandoen en sodoende teen God sondig!

Die Skrif plaas die mens dus in 'n meerdere posisie ten opsigte van die dier. Die mens is die uitvoerder van diereregte soos deur die Woord bepaal. Dit impliseer 'n diskresie en besluitnemingsbevoegdheid (Genesis 9:26) rakende hierdie regte, wat met groot verantwoordelikeid gepaard moet gaan. Alhoewel diere respek en billike

behandeling verdien (sien Deuteronomium 25:4, Spreuke 12:10 en 1 Korintiërs 9:9), bly die mens die belangrikste vennoot in die kontak tussen mens en dier.

6.2.5 Wat van plantregte?

Daar is huidig mense wat ook aan plante sekere regte wil toeken. In die aanspreek hiervan sal dieselfde teologies-etiese raamwerk as wat in die voorafgaande bespreking gebruik is, toegepas word.

Daar is reeds vooraf gesien watter effek die sondeval op die mens en die dier gehad het. Hier gaan net kortliks stilgestaan word by die merkbare ontaarding wat dit op die plantwêreld gehad het. Ons lees in Genesis 3 hoe daar nou dorings en distels opgeskiet het om die natuur te vervuil. Hulle is nie in die paradys aangetref nie, maar het uit die aarde te voorskyn gekom as gevolg van die vloek (Genesis 3:18). Die Here God het nie 'n doringboom of distel geskep nie. Hulle is verbasteringe van goeie plante en bome en het ontstaan om ons te kasty.

In die tyd waarin ons leef, sien 'n mens ook die kwaad in die gifplant. In plaas daarvan dat daar harmonie tussen mens, dier en plant is, soos in die tuin van Eden, kan dit vir die mens en die dier nou die dood beteken. Ons merk dus die waarheid van Johannes 8:44 wat sê dat die duiwel van die begin af 'n moordenaar was.

Hier kan ook net kortliks na die gunstige ommekeer (verheerliking) ten opsigte van plante verwys word op grond van Gods genadige verlossing en herskepping. Jesaja 55:13: "In die plek van 'n doringbos sal daar 'n sipres opskiet, in die plek van 'n dissel sal daar 'n mirteboom opskiet. Dit sal tot eer van die Here wees, 'n blywende teken wat

nooit vernietig sal word nie."

Weerskante op die wal van die stroom sal allerlei vrugtebome groei. Hulle blare sal nie verlep nie en hulle vrugte sal nie opraak nie. Hulle sal elke maand dra, want die stroom se water kom uit die heiligdom. Die vrugte sal daar wees om te eet en die blare om genesing te bring. (Esegiël 47:12) (vergelyk ook Openbaring 22:2)

Hier geld egter dieselfde basiese regte as by die dier - die reg op lewe en die reg op voortbestaan. Alhoewel plante van nature nie kan rondbeweeg en assosieer soos diere nie, beteken dit nie dat plante op onverantwoordelike wyse uit hul habitat geneem kan word nie. God beskik dit so dat sekere plante in sekere dele aard en daarom het plante in dié opsig die reg om daar te groei, te blom en voort te plant tot eer van hul Skepper - die mens moet hieraan gehoor gee! Hierdie regte waaroor plante beskik, is nie geleë in 'n soort rasionaliteit nie, dit lê ook nie daarin dat sekere plante spesiale belange het of sekere inherente regte het nie, maar bloot in die feit dat God hulle geskep het as deel van sy volmaakte skepping.

Die mens as kroon van Gods skepping bly dan ook in 'n meerdere posisie ten opsigte van plante. Hy is die uitvoerder van hierdie plantregte, wat met groot verantwoordelikheid moet geskied. Waar die mens hierdie besondere verantwoordelikheid (verskaffing van voedsel, versorging en beskerming) nie nakom nie en plante verniel of bloot op onverantwoordelike wyse tot sy voordeel aanwend, doen hy verkeerd en sondig hy teen God.

Waar die mens die ekologiese balans versteur deur die misbruik van diere en plante, kom die hele balans van die natuur in gedrang. Dit kom daarop neer dat die mens nie die opdrag in Genesis 2:15 nakom nie. Dit gee aanleiding tot 'n verlaging in die kwaliteit van die menslike lewe en die ganse skepping is dan nie meer soos God dit bedoel het om

te wees nie. Waar dit gebeur, kom die voortbestaan van die mens (vergelyk die reg op lewe, voedsel, ensovoorts) in gedrang. Ons kan die natuur sodanig versteur dat dit nie meer in staat is om die mens te "huisves" nie. Die regte van die mens is dus ook verbonde aan dié van die dier, plant en die ganse natuur.

Hier is dus deurgaans gemerk dat God se bedoeling met die aarde nie is dat chaos sal heers nie, maar dat dit op 'n besondere manier deur die mens omvorm sal word tot woonplek van almal en alles. Jesaja 45:18: "So sê die Here, Hy wat die hemel geskep het, Hy wat alleen God is, Hy wat die aarde gevorm, gemaak het, dit gereed gemaak, geskep het, dit gevorm het, nie om leeg te wees nie, maar om bewoon te word ..." Die mens mag die aarde en alles wat daarop is, nie verabsoluteer of eksploiteer nie, maar moet dit omvorm as ruimte waar God se koninkryk gestalte kan aanneem. So moet die mens vir God help heelmaak wat die Satan deur die sonde stukkend gebreek het.³⁸⁾ Die mens mag dus ten opsigte van ander mense, diere of plante nooit oneties optree nie.

Soos Christus die ganse skepping vernuwe deurdat Hy aan die kruis gesterf het vir die sonde van die wêreld, só vernuwe ook die Heilige Gees die hele skepping. In Jesaja 32:15 staan: "So sal dit wees totdat die Gees van Bo af op ons uitgestort word. Dan word die woestyn 'n vrugteboord en word die vrugteboord so dig dat dit vir 'n bos aangesien word." Job 34: 14 - 15: "As Hy sou besluit om sy gees, sy asem, na Hom terug te neem, 15. dan sou al wat leef, sterf, en die mens weer stof word."

Ons sien dus dat God van die mens vra om deur die werking van die Gees diensbaar te wees en vernuwend in te werk op die dier, die plant en die ganse skepping. Natuurlik hang hierdie vernuwing nie net van die

mens af nie - God gebruik maar bloot die mens as instrument om sy skepping groot te maak. Die mens moet reeds in die hier en nou die dier en plant so behandel soos wat dit eendag die geval gaan wees op die nuwe aarde.

Dit is dus duidelik dat alle lewende dinge regte het wat deur die mens gerespekteer moet word. Hierdie regte is egter nie vir mens, dier en plant dieselfde nie - wie dit ontken, ontken nie net Gods Woord nie, maar ook die orde in die natuur.

6.3 h Omgewings-politieke beskouing

Dit bring ons by 'n laaste, maar 'n baie belangrike perspektief in hierdie debat. In die voorafgaande studie oor menseregte is daar op grond van die Skrif 'n sterk appèl op die sogenaamde sosio-ekonomiese regte gedoen - regte wat in die mees basiese behoeftes van veral Swartes wil voorsien.

In hierdie hoofstuk oor diere- en plantregte het die mens se verantwoordelikheid teenoor Gods skepping na vore gekom. Baie duidelik word die Christene van veral die Westerse wêreld uitgedaag om die boodskap van die Skrif vir mense om in harmonie met die omgewing te leef, te (her) ontdek. Die treffende woorde van hoofman Luther Standing Bear van die Lakota Indiane is hier van belang.

(Our) life was attuned to nature's rhythm - bound in mystical ties to the sun, moon and stars; to the waving grasses, flowing streams and whispering winds ...

The Indian and the white man sense things differently because the white man has put distance between himself and nature; and assuming a lofty place in the scheme of order of things has lost both reverence and understanding ... And here I find a great distinction between the faith of the Indian and the white man. Indian faith sought the harmony of man with his surroundings; the other sought the dominance of surroundings ... For one man the world was full of beauty; for the other it was a place of sin and ugliness to be endured until he

went to another world.(39)

Tog moet dadelik erken word dat daar deur Swartes veral in ons land feitlik geen aandag aan omgewingsbewaring gegee word nie. Dit hang saam met hulle historiese situasie. In Suid-Afrika, met sy apartheidsbeleid wat vir soveel jare aan die orde van die dag was, het Swartes se voortbestaan afhanklik van die omgewing geword. Hulle het ter wille van oorlewing nooit 'n bewaringsbewustheid aangekweek nie. Voordat daar nie in Swartes se sosio-ekonomiese behoeftes soos onder andere herverdeling van grond voorsien word sodat hulle 'n beter kwaliteit lewe kan voer nie, en hulle sodoende minder afhanklik van die omgewing kan word nie, kan 'n mens nie verwag dat hulle bewaringsbewus ingestel moet wees nie.

Onmiskenbaar het omgewingsbewaring deur die jare heen uitsluitlik die belangstelling van die meer gegoede persoon (blanke) geword. Dit het ongelukkig soos Khan beweer, tot die volgende soort optrede aanleiding gegee. "Environmentalists are seen to place the needs of animals above those of the poor."⁴⁰⁾ In dieselfde artikel gee 'n swart persoon in dié verband die volgende perspektief.

If I never hear a word about the black rhino and its preservation again, it will be too soon. Here's the country in a mess and all that can be done is to collect maphepha (papers) to preserve an animal that to me is as useless as the dinosaur ... That's the trouble with some people in this land of the Great Divide: they have their priorities upside down. I know that animal life is important for the balance of nature, but for heaven's sake, when the Wildlife Society can find R60 000 to donate to the Save the Rhino Fund, then I ask myself who is cock-eyed.(41)

Hoe dikwels het dit nie gebeur dat die vestiging van natuurreserveate veroorsaak het dat mense uit hul wonings gesit is en dat bruikbare weidingsvelde op hierdie wyse verbeur is nie. Bogenoemde optrede word ook in die Skrif afgewys. Omrede die mens die kroon van Gods skepping

is en in 'n meerdere posisie ten opsigte van dier, plant en omgewing staan, mag sy behoeftes nooit ondergeskik gestel word aan dié van die res van God se skepping nie.

Sachs sê verder 'n mens hoef nie wit te wees om die omgewing te bewaar nie. "Conservation is more than a bourgeois concern, it is an essential part of Third Generation rights as they apply to survival, development and empowerment of the poor."⁴²⁾ Hy sê voorts:

It might appear irreverent to speak of the Maluti mountains and the rolling bushveld when blood is being spilt on our roadways; it would seem inappropriate to lament chimney pollution when the air is thick of teargas. People who have washing machines have no right to condemn others who dirty streams with their laundry; those who summon up energy with a click of a switch would hesitate before denouncing persons who denude forests in search of firewood. It is undeniably distasteful to spend huge sums on saving the white rhino when millions of black children are starving.(43)

Villa-Vicencio se omgewings-politieke beskouing sien soos volg daaruit:

Recognising the healing that needs to occur in South Africa, environmental ethics must be located at the centre of the struggle for social reconstruction. The right to unpolluted water, fertile land, safe lighting and environmentally friendly fuel for heat and cooking are rights which are existentially better understood by the poor in townships, squatter camps, 'homelands', 'native reserves' and ghettos in Third World and degenerated First World cities, than they are by many wealthy and middle-class environmentalists. Those who cling to the margins of the major industrial cities, shut out from their political, economic and social life, can ultimately be enabled to understand the significance of clean air, adequate sewerage, the proper disposal of waste and adequate drainage, because the very lives of their children are put at risk by these violations. The poor also know that these are issues on the global human rights agenda. It is scarcely an exaggeration to say that the present generation has merely borrowed the land, water and environment it uses from generations yet to be born. An inclusive vision of reality as seen in native American and traditional African world views, as well as in a biblical focus on the harmony of God's creation, provides a cultural and spiritual incentive which contemporary society can scarcely afford to ignore.(44)

Omgewingsbewaarders pleit uiteraard dat politiek nie by natuurbewaring ingesleep moet word nie. Dit kan egter nie anders nie, want politiek

bepaal die haglike lewensomstandighede van soveel Swartmense wat hul geen ander keuse laat as om die omgewing te "gebruik" vir oorlewing nie.

Just as apartheid penetrates through to every aspect of South African life, so must the struggle against apartheid be all-pervasive; it is first and foremost a battle for political rights, but it is also about the quality of life in a new South Africa. It is not just playing with metaphors to say that we are fighting to free the land, the sky, the waters as well as the people. Apartheid not only degrades the inhabitants of our country, it degrades the earth, the air and the streams. When we say "Mayibuye i Afrika" (Come back Africa), we are calling for the return of legal title, but also for restoration of the land, the forest and the atmosphere: the greening of our country is basic to its healing. There is a lot of healing to be done in South Africa. (45)

Die ekologiese uitdagings in verhouding tot sosio-ekonomiese en politieke hervorming, is waarskynlik dié belangrikste sake wat op 'n menseregte-agenda in Suid-Afrika tuishoort.

Wat die kerk betref, moet mense sodanig oor hulle verhouding met mekaar, met die diere en plante en die totale omgewing aangespreek en ingelig word, dat hul optrede in harmonie met God se opdrag hieroor sal wees.

VERWYSINGS: HOOFSTUK 6

1. D. Hey. 1975. Natuurerfenis, Oxford University Press, Kaapstad, p.288.
2. J.S.J. Odendaal. Junie 1988. Die veearts en diereregte in: Tydskrif van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging, Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging, p. 87.
3. J.H. van Wyk. 1986. Gesindheid en gestalte, N.G. Kerkboekhandel Pretoria, p.152.
4. J.J.F. Durand. 1982. Skepping, mens, voorsienigheid, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, p.130.
5. Ibid., p.131.
6. Christelike Encyclopedia I. a.w., p.245.
7. J.J.F. Durand. 1984. Skepping, mens, voorsienigheid, a.w., pp.157, 158.
8. C.F.H. Henry. 1973. Bakers Dictionary of Christian Ethics, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan, p.32.
9. F.E. Deist. 1979. By die kruispad, Tafelberg-Uitgewers Beperk, Kaapstad, pp.25 en verder.
10. A. Linzey. 1976. Animal rights: a Christian assessment of man's treatment of animals, SCM Press, London, p.17.

11. F.J. Pop. 1964. Bijbelse woorden en hun geheim, Boekencentrum N.V.'s - Gravenhage, p.45.
12. H. van Oyen. 1960. Christelike etiek, (geen naam van uitgewer), Den Haag, p.17.
13. J.J.F. Durand. 1978. Die sonde, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, p.148.
14. J. Black. 1970. The dominion of man, University Press, Leicester, p.59.
15. J.A. van Wyk. 1988. h Christelike etiek van arbeid, N.G. Kerkboekhandel, Goodwood, p.92.
16. J. Burden & F.E. Deist. 1986. Kom ons doen Bybelstudie I, Acacia, Pretoria, p.49.
17. J.J.F. Durand. Die sonde, a.w., p.146.
18. J.Burden & F.E. Deist. a.w., pp.49 - 50.
19. A. Linzey. a.w., p.76.
20. F.E. Deist. 1979. By die kruispad, a.w., pp.25,26.
21. J.J.F. Durand. Skepping, mens, voorsienigheid, a.w., pp.157, 158.
22. J. Black. a.w., p.49.
23. J. Macquarrie. 1967. A dictionary of Christian ethics, SCM Press Ltd, London, pp.11 - 13.

24. J.A. van Wyk. a.w., p.85.

25. In aansluiting by die gedagte oor sabbatsrus, die volgende oorsigte.

Ses jaar mag jy jou lande saai en die oes insamel, 11. maar die sewende jaar moet jy dit laat braak lê. Die armes onder jou mense mag van die opslag eet, en wat hulle laat oorbly, kan die wilde diere vreet. So moet jy ook met jou wingerd en olyfbome maak. 12. In ses dae moet jy jou werk doen, maar op die sewende dag moet jy nie werk nie sodat jou beeste en donkies kan uitrus en jou werksmense en die vreemdelinge by jou 'n bietjie kan asem skeep. (Eksodus 23:10 - 12)

In Levitikus 25:1 - 7 word die wet van die sabbatsjaar weer herhaal, maar nog 'n interessante rede word hiervoor aangegee: "Wanneer julle in die land kom wat Ek aan julle gee, moet daar vir die land rustye wees tot eer van die Here."

God sê verder in Levitikus 25:18 dat die Israëliete sy voorskrifte en bepalinge moet gehoorsaam. "As julle dit doen, sal julle sonder sorg in die land kan woon." God sal met ander woorde sy seën laat rus oor die land as die inwoners die sabbatsrus nakom - indien hulle dit sou verontagsaam, sou hulle gestraf word volgens Levitikus 26:33 - 34: "Vir julle sal Ek met die swaard uitmekaar laat jaag en julle onder die heidennasies verstrooi. Julle land sal verlate wees en julle stede puinhope. 34. ... Dan sal die "land rus en die verlore sabbatsjare inhaal." Volgens 2 Kronieke 36:19 - 21 is die Israëliete na Babel weggevoer omrede hulle nie die sabbatsjaar van die aarde nagekom het nie. Die ballingskap het aangehou totdat die land vir sy sabbatsjare vergoed is. Die hele tyd dat die land woes gelê het, het dit 'n sabbatsrus geniet, 'n volle sewentig jaar.

Volgens Moltmann is die aarde van God nie aan die mens gegee nie, maar die mens is aan Gods aarde gegee om daarna om te sien.

According to the Bible, sabbath rules are God's ecological strategy to protect the life which God has made. With its rest and its rhythm of time, the sabbath is also the strategy which will take us out of ecological crisis and after one-sided progress at the expense of others show us the values of abiding equilibrium and accord with nature." (J. Moltmann. 1989. Creating a Just Future, SCM Press, London p.66.)

26. E.B. Smick. 1973. Baker's Dictionary of Christian Ethics, a.w., p.22.
27. Ibid., p.22.
28. J.S.J. Odendaal. a.w., p.95.
29. Ibid., p.95.
30. C.J.H. Wright. 1979. Human rights: a study in Biblical themes, Grove Books, Bramcote, p.7.
31. Ibid., p.7.
32. Ibid., p.7.
33. J.S.J. Odendaal. a.w., p.93.
34. C.J.H. Wright. a.w., pp. 8 - 10.
35. C.F.H. Henry. a.w., p.22.
36. Ibid., p.22.

37. Na my beskouing mag diere se vleis wel deur die mens geëet word (Genesis 9:3). Vergelyk ook Jesus se vermeerdering van die vyf brode en twee vissies (Markus 6:35 - 41), die feit dat Hy waarskynlik self vleis geëet het, en ook die gesprek tussen die Here en Petrus in Handeling 10.
38. J.H. van Wyk. a.w., p.155.
39. C. Villa-Vicencio. 1992. A theology of reconstruction: Nation-building and human rights, David Phillip, Cape Town, p.178.
40. F. Kahn. Junie 1990. Involvement of the masses in environment politics in: Veld and Flora, Vol. 76(2), p.37.
41. Ibid., p.36.
42. C. Villa-Vicencio. a.w., p.179.
43. Ibid., p.179.
44. Ibid., pp.179, 180.
45. J Cock. 1991. The politics of ecology in: Restoring the land (editor M. Ramphela), Panos, London, p.20.

HOOFSTUK 7: DIE TAAK VAN DIE KERK

Na aanleiding van die voorafgaande bespreking, moet daar voortdurend gekyk word na konkrete stappe wat die kerk in verband met menseregte kan doen.

Met die verwysing na die kerk word inderdaad God se volk dwarsdeur die wêreld bedoel. Elke lid van God se uitverkore volk het 'n bepaalde taak wat hy móét verrig. Sommige take mag te doen hê met klein of informele groepe. Ander take mag weer te make hê met die kerk as gemeenskap. Ander mag weer op 'n meer organisatoriese vlak lê. Hoe dit ook al sy, die opdrag wat elke mens uit die Skrif ontvang, het te make met die feit dat hy in alles wat hy doen, vir God 'n getuie moet wees.¹⁾ Hierdie getuienis moet gevul wees met die onverhandelbare Christelike norme van God se Woord. Juis omrede hierdie Christelike waardes nie altyd deur die wette vasgelê en afgedwing kan word nie, moet dit in die hart van elke gelowige ingegrafeer word onder die leiding van die Heilige Gees, sodat juis dit sy spreke en dae oor 'n saak soos menseregte sal rig. Die getuienis van die kerk moet dus die Christelik-etiese norme daarstel waaraan 'n saak soos menseregte gekoppel kan word, anders kan 'n mens se denke daaroor en jou dae ten opsigte daarvan so maklik wêrelds, oorvereenvoudig en selfs oppervlakkig wees.

In die jongste geskiedenis ten opsigte van menseregte en ook wat die hede betref, is dit interessant om te let op die mate waarin menseregte op 'n growwe wyse verontagsaam is en steeds geskend word. Hieroor sal die kerk hom moet uitspreek. Die enigste wyse waarop dit kan realiseer, is wanneer die kerk homself deeglik instudeer in menseregte-aangeleenthede, daarby betrokke raak en geleenthede skep om menseregte te bevorder.²⁾

Leraars en leiers binne die kerk behoort hulself te beywer vir die bevordering van menseregte. Hulle moet dit nie net predik nie, maar hulle hele

handel en wandel moet van 'n positiewe ingesteldheid ten opsigte hiervan getuig. Leraars en teoloë moet vir hul gemeentes die rigting vanuit die Skrif aandui.

Die kerk kan ook probeer om meer kenners op die gebied van menseregte op te lei. Daar kan selfs oorweeg word om instansies, byvoorbeeld leerskole, in die lewe te roep en byeenkomste te reël waar kursusse en gespreksgeleenthede rakende menseregte-kwessies aangebied kan word. Ten opsigte hiervan kan mense van Christelike denominasies (en ook ander) inskakel. So kan mense met verskillende agtergronde, kulture en oortuigings saam gesprek voer oor menseregte en die praktiese implikasies daarvan. Daar kan gekommunikeer word oor menseregte en aanverwante sake en die verskillende kerke kan fundamentele Bybelse waardes by wyse van kontekstuele Bybelstudie bespreek en vasstel wat noodsaaklik is vir die bepaling van sosio-ekonomiese en politiese waardes in die samelewing. In dié verband kan veral die Afrikaanse Gereformeerde kerke ook met organisasies soos die ANC, die PAC, die SAKP, die Inkatha-Vryheidsparty en ander belangrike rolspelers binne die huidige oorgangsproses, in gesprek tree.

Wat belangrik is in hierdie opsig, is dat nie net die amptelike leiers van die verskillende kerke hieroor moet praat nie, maar dat die verskillende gemeentelede ook aan mekaar blootgestel moet word en sodoende sal leer kommunikeer, om begrip en sensitiwiteit vir mekaar se behoeftes te ontwikkel. Ook moet daar baie aandag aan die kerke se jeug gegee word. In die jeug lê daar geweldige energie en dinamika opgesluit. As die leiers hierdie jongmense se denke kan stimuleer met bogenoemde fundamentele Bybelse waardes, kan daar 'n mooi toekoms binne sowel as buite die kerk vir ons wag.³⁾

Hier gaan dit dus nie om die afbakening van 'n eksklusiewe posisie of oor die opstel van 'n eie program vir 'n spesifieke kerk nie, maar oor hoe Christene

mekaar kan stimuleer om gesamentlik en afsonderlik, binne sowel as buite die kerk, 'n baie spesifieke bydrae ten opsigte van menseregte te lewer.

Meer spesifiek ten opsigte van die Nederduits Gereformeerde Kerk in ons land, kan die volgende gesê word. Ons kerk het vir baie mense veral die Swartes, sy spreke oor menseregte verloor omrede die kerk vir sulke mense te veel geassosieer is met die "eensydige beskouings" van die Afrikaanse volk - dié kerk het selfs vir lank die stelsel van apartheid, wat die hoeksteen van baie Afrikaners was, Skriftuurlik geregverdig. Diesulkes verswelg nie noodwendig die kerk se stem oor hierdie saak nie, maar juis dít beklemtoon dat as die kerk hom hieroor uitspreek, hy onbevrees God se eise ten opsigte van menseregte moet verkondig sodat sy geloofwaardigheid in dié verband bo verdenking kan wees. Die kerk het 'n profetiese roeping wat hy nie mag versak nie - 'n profeet spreek vooruit, volgens God se Woord. Dit is so jammer dat so baie kerkleiers en -lidmate nie die realiteite van verandering besef nie. Baie Afrikaners is nog aan die slaap in dié verband en hulle sal deur die verkondiging van Gods Woord wakker geskud moet word.

Alle regte waarop 'n mens aanspraak kan maak, moet dus onder die aandag van die lidmate van die kerk gebring word, en hulle moet daarvan bewus gemaak word dat dergelike regte ook aan alle ander mense gegun moet word, ongeag hul ras, kleur of kultuur. Elkeen kon iemand anders gewees het, behorende tot 'n ander ras, kultuurgroep, nasionaliteit, ensovoorts. Die feit dat 'n persoon is wat hy is, is nie te danke aan eie prestasie nie, maar is alleen die plan en wil van God vir elke mens. Ons sien gevolglik dat die kerk op 'n onbaatsugtige wyse moet poog om 'n wêreld te bewerkstellig met gelyke en geregverdigde verhoudinge onder mense. Dit moet nie net 'n bewusmakingsproses wees nie, maar die mens moet ook in hierdie opsig geestelik opgevoed word.

Die werklikhede van die dag moet geskets en die Afrikaner-gelowige moet uitgedaag word om 'n positiewe konstruktiewe rol te speel in die proses van oorgang na 'n nuwe Suid-Afrika. Die laer klasse binne die blanke gemeenskap wat tot dusver deur apartheid beskerm is, moet bemoedig word. Natuurlik gaan hulle posisie geraak word wanneer 'n swart regering aan bewind kom - daar sal in die eerste instansie vir baie Swartmense van "onder af" plek gemaak moet word.

Hier gaan voorts meer spesifiek gekyk word na die rol van die kerk in terme van die reeds bespreekte teologiese begrippe van geregtigheid, die mens as beeld van God en vryheid, om sodoende sy verantwoordelikheid teenoor individuele maar ook sosio-ekonomiese regte te bepaal.

7.1 Geregtigheid

Soms verneem die kerk van mense wat in die openbaar of elders mishandel word. Die kerk behoort nie net hiervan kennis te neem nie, maar moet hom ten sterkste teen sulke gevalle, en ook ander gevalle van onregverdige en liefdelose optrede, uitspreek. Dit beteken dat die kerk rassevooroordeel, vrees, selfsug en ander onbybelse gesindhede wat by lidmate voorkom, sal veroordeel. Verder hou dit in dat waar onreg inderdaad die oorsaak van sanksies, geweld, konflik en onrus is, die kerk hom daarvoor sal beywer om dit uit die weg te ruim. Hier word dus gemerk dat die boodskap van die kerk nie maar net 'n paar vae, algemene waarhede moet wees wat die mens net beter wil laat voel nie, maar dit moet 'n boodskap wees wat konkreet iets te make het met die situasie van onreg, onvrede, liefdeloosheid, konflik en geweld. Dit is belangrik dat die kerk altyd sy uitsprake deeglik volgens die Skrif sal motiveer en in ooreenstemming hiermee bepaalde alternatiewe sal bied - die Bybel is nie net suiwerend nie, maar die evangelie van verlossing bepleit ook vernuwende strukturele veranderinge waar nodig as gevolg van die sonde.

In hierdie opsig kan die kerk sy verantwoordelikheid op die volgende wyse nakom. Hy moet die volgende regte bepleit en waar dit misken word, van hom laat hoor.

- Elke persoon is regsbevoeg.

- Die verskillende regte van persone wat in hegtenis geneem is, die regte van 'n beskuldigde en van persone wat reeds aan 'n misdaad skuldig bevind is, is van uiterste belang. Die detail hiervan gaan nie uitgespel word nie, maar kan in enige verteenwoordigende en omvattende handves van menseregte gevind word. Hier word egter verwys na die noodsaaklikheid van die afwysing van sake soos arbitrêre arrestasie, aanhouding sonder verhoor en die uitdien van gevangenisstraf onder mensonwaardige toestande.

- Politieke regte en die reg om aan vergaderings, betogings en petisies deel te hê.

- Stemreg. In dié verband is dit noodsaaklik om te sê dat Swartes nie maar net bolangse politieke veranderinge vra nie, maar 'n een-mens-eenstem-verkiesing in 'n verenigde Suid-Afrika. Niks minder as dit sal die Swartman tevrede stel nie. As ons dit nog nie besef en wil aanvaar nie, mislei ons onself. As ons onder andere stemreg van die Swartmense gaan probeer weerhou of beperk, sal hulle net eenvoudig daarvoor baklei. Hoe langer daar gesloer gaan word om 'n demokraties-verkose regering daar te stel, hoe groter die geweld, die verlies aan lewens, sosiale chaos en ekonomiese agteruitgang wat ons land nie kan bekostig nie. Dit sou dan kan gebeur dat die land op die ou end nie meer op demokratiese wyse regeer kan word nie.

Die NG Kerk se rol

Die NG Kerk het oor die afgelope jare aandag gegee aan en uitsprake gemaak oor die spesifieke situasie waarin die land hom ten opsigte van menseregte bevind. In 1974 het die kerk in sy verslag *Ras, Volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif* hom soos volg oor maatskaplike geregtigheid en gevolglik menseregte uitgespreek.

Op grond van die Skrif kan ons regte as aansprake wat die mens uit homself sou besit, soos die begrip vandag algemeen gebruik word, nie aanvaar nie. Menseregte is daardie regte wat God aan die mens as sy beeldraer geskenk het, ten einde sy pligte en roeping as mens na te kom. Om aan sy roeping as mens te beantwoord, het die mens die reg op lewe en voortsetting daarvan deur huwelike en gemeenskapsvorming, op besit en op godsdienstige- en gewetensvryheid. Dit spreek vanself dat die uitoefening van hierdie regte nooit op individualistiese wyse losgemaak kan word van die gemeenskap waarbinne die enkeling sy lewensruimte vind nie. Want ook die gemeenskap het as gemeenskap van mense, kollektiewe regte op grond waarvan hy sy roeping van Godswêë kan nakom.

By erkenning van regte moet voorregte gepaard gaan met verantwoordelikhede. Regte en voorregte mag nie weerhou word wanneer daar 'n regmatige aanspraak op is nie. (4)

Hierdie verslag gaan slegs in baie algemene terme om met die inhoud van hierdie begrip, maar dit wil tog waak teen die eensydige Westerse model van menseregte wat hoofsaaklik op individuele regte klem lê. Daar word ook verwys na kollektiewe regte. Vir sover dit neerkom op "tradisionele groepsregte", is dit onaanvaarbaar soos reeds uitgewys.

Die verslag sê voorts dat die eise met betrekking tot geregtigheid ook betrekking het op Kleurlinge, Indiërs en ander Asiate. Wat Swartmense betref, word daar egter niks gesê in verband met die eis van geregtigheid nie. Daar word bloot gesê dat die ontwikkeling van tuislande bevorder moet word. 5)

In *Kerk en Samelewing* (1986) laat die kerk hom onder andere soos volg uit oor reg en geregtigheid.

Dat gelowiges steeds sal vra na dit wat voor God reg is ten opsigte van alle fasette van die samelewing en alle onreg sal bestry; dat ons ons daarvoor sal beywer dat reg sal geskied aan alle groepe in ons land op sosiale, opvoedkundige, ekonomiese, politieke en ander gebiede; dat owerheidsbeleid en alle individuele, groeps- en owerheidsoptredes getoets moet word aan die eis van wat reg en billik voor God is.(6)

Kerk en Samelewing (1990) sê presies dieselfde, maar voeg die volgende gedagte by: "dat groepverhoudinge nie mag berus op selfsug en die motief van selfbehoud en voortbestaan ten koste van 'n ander groep nie."⁷⁾

Beide *Kerk en Samelewing* dokumente (1986 en 1990) sê voorts:

Gelowiges moet sensitief wees ten opsigte van die handhawing van die reg van die weerlose, die arme en die verontregte; die kerk moet in sy verkondiging wys op die nood van mense en die noodsaaklikheid om wat reg is teenoor almal te beoefen; onreg en nood moet onder die aandag van die owerheid en alle betrokke instansies gebring word.(8)

Die kerk se siening in die verband het definitief oor die afgelope paar jaar verbreed, waarskynlik omdat daar opnuut vanuit die Skrif hieroor besin en gebid is. In altwee die *Kerk en Samelewing* dokumente (1986 en 1990) verskuif die klem na die gedagte dat die beoefening van geregtigheid en reg aan almal 'n baie belangrike Bybelse voorskrif is. Waar Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif niks oor Swartmense en die eis van geregtigheid te sê het nie, word die Swartes deur die twee uitgawes van *Kerk en Samelewing* baie duidelik ingesluit. Die universele toepassingskarakter soos wat ons dit in dié twee dokumente aantref, is beslis 'n besondere winspunt.

Hierdie nuwe denkrigting het dan ook tot gevolg gehad dat die kerk in die onlangse verlede homself al meer begin uitspreek het ten gunste van

sommige van die spesifieke regte soos hierbo vermeld.

7.2 Menswaardigheid

'n Verdere belangrike opdrag is dat die kerk baie aandag moet gee aan die waarde wat die mens in God se oë het en in die oë van sy medemens móét hê. Wat hierdie aspek betref, vorm die verkondiging en beoefening van Gods- en naasteliefde 'n belangrike deel van die kerk se taak. Dit is dan juis op grond van hierdie dubbelgebod van liefde, dat ons kan groei in sensitiwiteit en openheid vir mekaar, al stem ons nie met mekaar saam nie. So sal daar meer verdraagsaamheid en deernis vir mekaar se standpunte wees, verskille ten spyte. Die Willingen-konferensie het gesê: "Hoe nader ons aan Christus kom, hoe nader kom ons aan die wêreld."⁹⁾ In dié verband sê Noordmans dat die kerk te vroeë vir die hemel en te laat vir die aarde is. Hiermee bedoel hy volgens Bosch dat die kerk in 'n dubbele verhouding staan. Enersyds tot die wêreld, want die kerk is deel van hierdie wêreld en van die sekulêre geskiedenis. Andersyds staan hy ook in 'n verhouding tot die transendente God en is hy die uitdrukking van sy reddende liefde vir 'n verloregeande wêreld. Hierdie twee verhoudinge is wedersyds afhanklik van mekaar. Sonder 'n getroue en volgehoue kontak met God verloor die kerk sy transendensie. Sonder egte solidariteit met die wêreld verloor hy sy relevansie.¹⁰⁾ Die mens word nie net opgeroep tot naasteliefde nie, maar ook tot barmhartigheid ten opsigte van die nood van ander mense. Dit het uiteraard betrekking op alle vorme van nood, lyding, behoeftes en ellende op alle moontlike lewensterreine. Tesame hiermee gaan ook die feit dat dit geld vir alle mense wat in nood verkeer, ongeag hul herkoms, kleur, kultuur of lewensbeskouing, om diegene te help om menswaardig te kan leef.

In hierdie opsig val die aksent redelik op die sosio-ekonomiese behoeftes van mense. Daar is massas Swartes in ons land wat onder die broodlyn

leef en graag opgehef wil word. Vir baie van hulle is daar net eenvoudig nie werkseleenthede nie, alhoewel baie van hulle waarskynlik graag sou wou werk en geld wou verdien. Die sosio-ekonomiese behoeftes is daarom die grondslag van die "swart aandrang". Die kerk kan help in die stimulasie hiervan en sodoende as kerk 'n rol speel in die beliggaming van 'n regverdigse sosio-ekonomiese bestel. Hier wil die klem nie op oordrewe wyse op die ekonomie gelê word ten koste van die politiese nie, maar daar is in die voorafgaande studie gesien dat as mense sosio-ekonomies opgehef word, daar baie makliker gevorder kan word om by 'n sosio-politiese oplossing uit te kom. Die kerk moet altyd sensitief ingestel wees om binne sy lewe, strukture en funksionering aan bogenoemde noodopheffing reg te laat geskied. Op hierdie terrein is daar vir die kerk en sy lidmate wonderlike geleenthede, waarvan baie nog onontgin is.

In die lig van die feit dat alle mense gelyk in waarde voor God is en in hul medemens se oë móét wees, behoort die kerk hom vir die volgende regte te beywer.

- Die basiese reg op lewe.
- Regsgelykheid.
- Die reg op psigiese en liggaamlike integriteit.
- Die reg op privaatheid (soos woonplek en korrespondensie), 'n goeie naam, aansien en menswaardigheid.
- Die reg om te trou en kinders te hê (gesinsregte).
- Die regte van vroue en kinders.

- Die reg om eiendom en ook grond te besit.
- Die reg op voedsel, kleding, behuising, opvoeding en onderwys, werkloosheidsvoordele, die reg op versorging van bejaardes en weduwees, gesondheidsdienste, pensioene en sekere aanverwante welvaartsregte soos minimum-lone en verlofvoordele.
- Die reg van 'n ongeskikte persoon om ten volle in die samelewing ingeskakel te word sonder dat daar teen hom gediskrimineer word.
- Werkgewers- en werknemersregte.
- Elke persoon het die reg om blootgestel te word aan 'n omgewing wat bevorderlik is vir sy gesondheid en op die bewaring van sodanige omgewing.

Die NG Kerk se rol

In die verslag *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*, word die volgende oor die waardigheid van die mens gesê. "Vanuit verskillende gesigspunte kan aangetoon word dat die Nuwe Testament die basiese gelykwaardigheid van alle mense en daarom ook van alle volkere aanvaar."¹¹⁾

Dit sê voorts dat die Nuwe Testament die eenheid en solidariteit van die menslike geslag handhaaf en dat die gebod van naasteliefde sy grond in die opdrag van God vind, maar dat dit gelyk staan in verband met die gelykwaardigheid, eenheid en solidariteit van die volkere. Die Skrif aanvaar ook die volkereverskeidenheid as feit, maar verhef dit nie tot enigste en hoogste beginsel nie. Volgens hierdie dokument laat die

- Die reg om eiendom en ook grond te besit.
- Die reg op voedsel, kleding, behuising, opvoeding en onderwys, werkloosheidsvoordele, die reg op versorging van bejaardes en weduwees, gesondheidsdienste, pensioene en sekere aanverwante welvaartsregte soos minimum-lone en verlofvoordele.
- Die reg van 'n ongeskikte persoon om ten volle in die samelewing ingeskakel te word sonder dat daar teen hom gediskrimineer word.
- Werkgewers- en werknemersregte.
- Elke persoon het die reg om blootgestel te word aan 'n omgewing wat bevorderlik is vir sy gesondheid en op die bewaring van sodanige omgewing.

Die NG Kerk se rol

In die verslag Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif, word die volgende oor die waardigheid van die mens gesê. "Vanuit verskillende gesigspunte kan aangetoon word dat die Nuwe Testament die basiese gelykwaardigheid van alle mense en daarom ook van alle volkere aanvaar."¹¹⁾

Dit sê voorts dat die Nuwe Testament die eenheid en solidariteit van die menslike geslag handhaaf en dat die gebod van naasteliefde sy grond in die opdrag van God vind, maar dat dit gelyk staan in verband met die gelykwaardigheid, eenheid en solidariteit van die volkere. Die Skrif aanvaar ook die volkereverskeidenheid as feit, maar verhef dit nie tot enigste en hoogste beginsel nie. Volgens hierdie dokument laat die

Skrif ruimte vir die reëling van die saambestaan van verskillende volkere in een land langs die weg van afsonderlike ontwikkeling, maar waarsku dat dit nie mag aanleiding gee tot 'n sondige geestelike geskeidenheid nie.¹²⁾

Beide Kerk en Samelewing dokumente (1986 en 1990) begrond die waardigheid van die mens in sy unieke plek in God se skeppings- en verlossings-handelinge. Hierdie Godgegewe waardigheid impliseer:

dat Christene teenoor alle mense moet optree soos dit 'n mens teenoor mense, dit wil sê een beeldraer van God teenoor ander beeldraers van God, pas. Dit is ware medemenslikheid. Wie andere as blote objekte beskou en hanteer en nie as mense met die volle spektrum van menslike behoeftes, verlangens, vrese, aspirasies, ensovoorts nie, respekteer die mens nie ten volle as mens nie; dat alle reëlins en praktyke wat die menslike waardigheid van persone of groepe in die samelewing aantast, vir die gelowige onaanvaarbaar is.

Die feit van die unieke posisie van die mens as verteenwoordiger en beeld van God en as voorwerp van sy genadewerk, roep onder andere drie belangrike kwessies na vore: die mens se pligte en verantwoordelikhede, die aangeleentheid van menseregte en die kwessie van 'n huwelik in 'n veelrassige samelewing.⁽¹³⁾

Hier moet gemeld word dat die kerk se standpunt van 'n huiwerige basiese gelykwaardigheid van mense gegroei het tot 'n diepliggende Skriftuurlike gelykwaardigheid van alle mense. **Ras, volk en nasie en volkere-verhoudinge** in die lig van die Skrif se prinsipiële begronding van hierdie aspek toon tekens van 'n kentering ten opsigte van vroeëre beskouings hieroor, maar die praktiese deel beweeg maar nog steeds binne die raamwerk van die oorgeërfde sienings.

Kerk en Samelewing van 1986, maar veral die een van 1990, sê in duidelike taal dat alle mense en volke in God se oë gelyk in waarde is. Dit impliseer dat liefde vir 'n eie volk en eie kultuurwaardes gelouter moet wees deur die liefde vir Christus en sy koninkryk wat alle ander liefdes en lojaliteite te bowe moet gaan. Liefde vir die eie mag nooit eks-

klusief wees en die waardering vir ander se waardes en kultuur in gedrang bring nie. Waar gedwonge skeiding van mense een groep bo 'n ander bevoordeel, word die Bybelse beginsels van menswaardigheid, liefde en geregtigheid aangetas.¹⁴⁾

'n Ander belangrike aspek wat uitgelig moet word, is dat Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif¹⁵⁾ rasgemengde huwelike verbied, terwyl beide Kerk en Samelewing dokumente sê dat sulke (rasgemengde) huwelike Skriftuurlik toelaatbaar is.¹⁶⁾

Hierdie soort omgang met die Skrif het daartoe aanleiding gegee dat die kerk al meer van bogenoemde menseregte begin verkondig het.

7.3 Vryheid

Die vryheidsbegrip wat die Bybel gebruik, kan nie losgemaak word van die verhouding waarin die mens tot God en ook tot sy medemens staan nie. Om met God te wandel en sy wil te doen, is inderdaad die enigste ware vryheid.

Dit kom veral in die verkondigingstaak van die kerk ter sprake. Die predik van menseregte mag nie belangriker wees as die verkondiging van die verlossingsboodskap nie, maar dis juis deur die verkondiging van die evangelie dat menseregte ook beslag kan en moet kry. Volgens Du Toit is dit dikwels hierdie verkondigingstaak waarmee die kerk besig is, wat hom skuldig voor God laat staan. Juis omdat die kerk onder die gesag van die Woord van God staan, staan hy dikwels skuldig voor God oor baie en ernstige verontagsaming van naasteliefde en geregtigheid (vergelyk apartheidstrukture), en ander sake wat hiermee te make het, soos byvoorbeeld menseregte. Hieroor sal die kerk soos reeds gesê, sy berou moet uitspreek. Ons gemeentes moet dus gelei word tot 'n daad van berou.

Ons moet groot genoeg wees om dit ook te wys. Die kerk moet dus homself voortdurend ondersoek, en as hy onder die leiding van die Gees van God tot die insig kom dat hy oortree het ten opsigte van sekere Skriftuurlike eise, sal hy die aanklagte moet erken en tot skuldbelydenis moet oorgaan¹⁷⁾ - hierin lê ware vryheid. Dit is nie altyd so maklik om te sê jy is jammer vir wat jy gedoen of onderskryf het nie (dit vra opoffering), maar hieronder is daar geen basis waarop ons 'n nuwe toekoms kan bou nie.

'n Verdere belangrike aspek wat met die verkondigingstaak van die kerk saamhang, is dat hyself sal optree in ooreenstemming met die inhoud wat verkondig word. Dit beteken dat die kerk alleen maar suiwer kerk moet wees. Die kerk mag met ander woorde nie die taak van 'n sosiale, politieke of ekonomiese instansie bedryf nie, alhoewel hy inderdaad sekere riglyne in dié verband mag en moet neerlê.¹⁸⁾

Voorts is die kerk natuurlik instrument van God en moet daarom alleenlik God verkondig. Dit gaan hier nie om 'n bepaalde Skrifbeskouing nie, maar om 'n bepaalde beskouing van God. Dit is vir die kerk van belang om dit in gedagte te hou, want in die huidige menseregte-debat gebeur dit dikwels dat 'n kerk of kerklike organisasie 'n bepaalde tema uit die Skrif haal en 'n bepaalde teologie daaromheen bou wat by sy eie geprojekteerde sosiale betrokkenheid moet aanpas. Daarom is dit in die menseregte-debat juis nodig om op goeie teologiese en hermeneutiese gronde te let op die volle openbaring.¹⁹⁾

In die kerk gaan dit ook oor geestelike groei. Wanneer die kerk hom hiervoor beywer, sal die heil wat God geskenk het, sigbaar gestalte kry in sy kerk op aarde. So sal mense in 'n nuwe verhouding met God en met mekaar kom en raak dit vir die mens moontlik om die stryd van die verlede

af te lê en in vrede en versoening ten opsigte van die toekoms met mekaar saam te leef.

Hierdie verkondiging op grond van die vryheid in Jesus Christus het sekere belangrike implikasies vir die kerk se roeping en taak ten opsigte van menseregte. Soos reeds genoem, het die inhoud van hierdie begrip in die wyer sosio-politiese konteks die volgende betekenis gekry - hiervoor sal die kerk hom moet beywer.

- Die reg op persoonlike vryheid en veiligheid.
- Die reg om nie aan gedwonge arbeid onderwerp te word nie.
- Vryheid van spraak.
- Die reg om vrylik aan die wetenskap en kuns, sport en rekreasie-aktiwiteite deel te neem.
- Bewegingsvryheid.
- Die reg om nie 'n paspoort geweier of ontnem te word nie; sy of haar (Suid-Afrikaanse) burgerskap ontnem te word nie; uit die land verban of uitgesit te word nie en verhinder te word om te emigreer nie.
- Die reg op asiel.
- Vryheid van assosiasie.
- Vryheid van godsdiens, taal en kultuur.

- Die reg van elke persoon om vry en op gelyke basis aan die ekonomie deel te neem. In dié verband sal die ekonomiese ongelykhede wat deur die jare heen tussen wit en swart ontwikkel het, aangespreek moet word. Die blankes besit feitlik al die ekonomiese mag - die effektiewe herverdeling hiervan sal verkondig moet word, anders kan plofbare situasies ontstaan. Ieder en elk is in elk geval bewus van die konflikpotensiaal in ons land.

Die NG Kerk se rol

Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif sê niks spesifiek oor die inhoud van die begrip vryheid nie. Al twee die Kerk en Samelewing dokumente (1986 en 1990) bespreek ook nie spesifiek die inhoud van hierdie begrip nie, maar waar menseregte in hierdie dokumente Bybels gevul en verantwoord word, word tog 'n paar praktiese regte rakende vryheid uitgestippel. Dit behels die reg op vryheid van godsdiens, geloof en aanbidding, die reg op vryheid van beweging en spraak en die reg op vrye assosiasie en deelname aan kulturele en arbeidsverbande.²⁰⁾ Die dieperliggende teologiese waarhede ten grondslag hiervan word egter glad nie uitgelig nie.

Kerk en Samelewing (1986) praat egter net van die reg "op assosiasie en deelname aan kulturele en arbeidsverbande".²¹⁾ Die invoeging van die woord "vrye" in Kerk en Samelewing (1990) is noodsaaklik en 'n besliste winspunt in dié verband.

'n Mens sou in al hierdie aangehaalde dokumente van die NG Kerk graag 'n teologiese begroning van die inhoud van die begrip vryheid wou sien. Dit behoort sentraal te staan in 'n studie rakende menseregte. Die ontwikkeling vanaf die Ou Testamentiese wette van inperking tot die vryheid

in Christus wat veral deur Paulus verkondig word, het uiters belangrike implikasies vir die gelowige se beskouing van menseregte.

Alhoewel daar van bogenoemde vryheidsregte deur die kerk verkondig word, glo ek dat 'n diepgaande hermeneutiese studie (sien hoofstuk drie) ten opsigte van hierdie begrip 'n groter toewyding aan al die generasies regte tot gevolg sal hê.

Ten slotte

In die lig van die voorafgaande, behoort die kerk self ook meer demokraties te word. Soos reeds gesê, het die kerk vir baie jare outoritêre regeringsvorme goedgepraat omrede hy self in sy funksionering baie outokraties was. Gelukkig is dié benadering aan die verdwyn en word daar gestreef na die "liggaamsmodel" wat, soos reeds bespreek, 'n baie meer demokratiese model is. Dit dui op God se onvoorwaardelike aanvaarding van die mens in Jesus Christus. Ons is sy vyande, maar ons word op grond van sy genade sy geliefdes. God vra ook van ons as gelowiges om mense ongeag hul ras of klas met dieselfde liefde te aanvaar. Dan word Efesiërs 2 waar in die lewe en funksionering van die kerk. Dan word skeidsmure soos reeds bespreek, afgebreek, verskille word uit die weggeruim, mense se persepsies van mekaar verander en persone raak versoen met mekaar en word in 'n eenheid saamgesnoer. Vertikale verhoudings tussen die elite en die "underdog" word volgens Nürnberger gehorisonaliseer. Gelykheid en stabiliteit word bewerkstellig en dit kan ook verder die gemeenskap ingedra word. Die liggaamsmodel wat Christus kom vestig het, wil nie net die individu nie, maar ook gemeenskappe saamsnoer. Dit gaan dikwels met konflik gepaard, maar hieronder kan daar nie vernuwing en getuienis wees nie.²²⁾ Alleen as die kerk self demokraties is en sy lidmate op grond hiervan 'n groter begrip verkry van wat demokrasie is, sal hulle ook die politieke en ekonomiese demokrasie (dit sluit mense-regte in) waarna gestreef word, beter verstaan en selfs ook begin propageer.

Dit is ook belangrik om te beklemtoon dat geen kerklike of teologiese handeling oor menseregte suksesvol kan wees as dit nie hand aan hand met gebed gaan nie. Wie egter die menseregte-kwessie losmaak van gebed, maak dit ook los van God.²³⁾ Die kerk sal sy lidmate moet oortuig dat gebed nie bloot 'n manier is waardeur die mens vir God probeer manipuleer om in sy behoeftes te voorsien nie, maar dat dit die weg is waarlangs hy homself moet oopstel vir die werking van die Gees sodat hy meer sensitief sal word vir die wil en die plan van God vir sy lewe. Dit is alleen die Gees van God wat mense sensitief vir mekaar se behoeftes kan maak en so die weg vir beter verhoudings kan bepaal. Die kerk kan natuurlik ook in die gebed voor God bely dat hy dikwels traag is om iets aan menseregte te doen en sy vergifnis daarvoor afbid.

Hieruit is dit ook laastens duidelik dat ons ons gemeentes tot 'n daad van geloof moet lei. Die Christen moet vir die wêreld wys dat hy op God vertrou - in plaas van wantroue, pessimisme, fatalisme en vrees wat so dikwels onder Christene voorkom, moet daar eerder 'n gees van sekerheid en vertroue uitgestraal word. Dit is alleen moontlik as die mens onvoorwaardelik aan God gehoorsaam is. Vrees moet verkrummel voor die liefde vir God (1 Johannes 4:18), want alleen dan sal daar hoop by ons gemeentes gevestig kan word - eskatalogiese hoop wat alle wêreldse probleme sal verander. In die lig hiervan maak dit nie saak presies hoe die politiese en sosio-ekonomiese orde in ons land gaan wees nie, want in die lig van die eskatalogiese hoop weet ons dat die heropbou uiteindelik by God berus.²⁴⁾

===o0o===

HOOFSTUK 7: VERWYSINGS

1. A. Kik. 1982. Geloof in mensenrechten, J.H. Kok, Kampen, P.91.
2. Ibid., p. 92.
3. J. Kinghorn. 1990. h Tuiste vir almal, Die Sentrum vir Kontekstuele Hermeneutiek, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, pp. 145 - 153.
4. Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif, 1975. Kaapstad - Pretoria, pp. 64 en verder.
5. Ibid., p.64.
6. Kerk en Samelewing, 1986. N.G. Sendingpers, Bloemfontein, pp. 26, 27.
7. Kerk en Samelewing, 1990. N.G. Sendingpers, Bloemfontein, p.22.
8. Ibid., p. 23. Vir meer inligting oor ander sake wat op menseregte betrekking het, soos arbeid, trekarbeid, opvoeding, eiendom, sosio-ekonomiese ontwikkeling, ensovoorts kan die volgende gedeeltes in die genoemde dokumente gelees word. Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif. a.w., pp. 67 - 82 en Kerk en Samelewing. a.w., 1986, pp. 58 - 62 en Kerk en Samelewing. a.w., 1990, pp. 42 - 45.
9. D.J. Bosch. 1979. Heil vir die wêreld, N.G. Kerkboekhandel, Tranvaal, Pretoria, p.220.
10. Ibid., p.222.

11. Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif. a.w.,
p.29.
12. Ibid., pp. 29 - 35.
13. Kerk en Samelewing. a.w., 1986, p.32 en 1990. p. 26.
14. Kerk en Samelewing. a.w., 1990, p.38.
15. Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif. a.w.,
pp. 94 - 101.
16. Kerk en Samelewing. a.w., 1986, p.61 en 1990, pp.44 - 45.
17. D.A. du Toit. 1984. Menseregte: 'n Empiriese en teoretiese ondersoek
vanuit teologies-etiese perspektief, (ongepubliseerde navorsingsverslag
voorgelê aan die RGN), Stellenbosch, pp. 26 en verder.
18. J.A. Heyns. 1977. Die kerk, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, pp. 220 en
verder.
19. D.A. du Toit. a.w., pp. 270 en verder.
20. Kerk en Samelewing. a.w., 1986, p.34 en 1990, p.28.
21. Kerk en Samelewing. a.w., 1986, pp.33,34.
22. K. Nürnberger. 1991. De-ideologising confrontations in the church in:
A democratic vision for South Africa (edited by K. Nürnberger),
Encounter Publications, Pietermaritzburg, pp.297 - 300.

23. D.A. du Toit. a.w., pp.271 en verder.

24. K. Nürnberger. 1986. Teologiese Etiek (Studiegids 1), UNISA, Pretoria, pp. 259 - 260.

SLOT

Ten slotte besef ons as Christene ons noodsaaklike plig om aandag te gee aan menseregte. Daar is deur die jare heen soveel beskuldigings teen ons land opgestapel, sosio-ekonomies, polities en teologies-kerklik, dat ons nie anders kan as om te vra in watter opsigte die gelowige kan bydra tot 'n nuwe benadering rakende hierdie kwessie nie. Daar is geen besware teen die regte van die mens wat so swaar weeg dat die gelowige nie positief teenoor dié saak kan staan nie - ons as kerk moet waak teen institusionele apatie rakende hierdie kwessie.

Ek besef dit is nie altyd vir alle mense ewe maklik om só 'n ingesteldheid teenoor menseregte te openbaar nie, maar tog roep die Skrif ons daartoe op. Baie lidmate beskou sodanige ingesteldheid as 'n daad van verraad en oorgawe aan die vyande van die Afrikaner. Hulle sê dat die NG Kerk spesifiek geswig het voor propaganda van die kommunisties-geïnspireerde Wêreldraad van Kerke, die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en die Bevrydingsteologie. Op hierdie wyse het die vyande van die Afrikanervolk daarin geslaag om die Afrikaner op sy gevoeligste plek aan te val, naamlik sy kerk en godsdiens. Vir hierdie mense tas 'n positiewe ingesteldheid teenoor menseregte 'n mens se weerbaarheid en nasietrots as Afrikaner aan. Maar ware Christenskap beteken juis om jou kruis op te neem en dít, wat nie altyd jou begeertes en in jou belang is nie, te aanvaar op grond van dieselfde liefde waarmee God in Christus vir elkeen van ons as sondaars aanvaar - ons is eintlik sy geliefde vyande. Deur middel van opoffering moet 'n mens die dikwels onaanvaarbare vir ons as blankes, leer aanvaar. Hierdie gedagte word juis beklemtoon omrede daar op grond van menseregte veranderinge besig is om plaas te vind wat vir baie blankes "vreemd" mag wees en daarom vrese mag veroorsaak.

Ons as blankes het deel geword van 'n Westerse leefwyse, maar soos reeds

genoem, wonder ek of 'n ideale Westerse demokrasie permanent hier te lande inslag sal vind. Omrede ons deel vorm van die Derde Wêreld, moet ons as blankes onself begin instel op 'n toekomstige swart regering wat hul beleid op sosiale demokrasie sal bou as gevolg van 'n ekonomie wat onder druk kan bly in 'n poging om Derde Wêreld-behoeftes te bevredig, en vanweë die bevolkings-groei en Afrika-assimilasie.

Dit wil vir my voorkom dat hoe gouer hierdie aanvaarding van 'n toekomstige swart regering geskied, hoe gladder sal die oorgang en veranderinge plaasvind. Ons het die vermoë daartoe, maar is ons regtig bereid (het ons die wil) om dit te doen? Die sukses al dan nie van ons toekoms hang van elke inwoner van hierdie land af. Die status quo, selfs ook in die mees gesofistikeerde vorm daarvan, kan natuurlik solank as moontlik probeer handhaaf en beskerm word, maar dit sal die land in 'n langdurige (soort) burgeroorlog plaas wat baie bloedvergieting, lewensverlies, bitterheid, sosio-politiese en ekonomiese chaos en blanke uitdrywing tot gevolg kan hê, veral in die lig van die opskerping van private leërs en die groter wordende privaatbesit van wapens. As ons as blankes dit nie wil erken nie, is ons besig om onself te mislei en kan dit op die ou end gebeur dat die Swartes as laaste uitweg die regering van die land op militante wyse oorneem. Tot dusver was die Swartmense relatief geduldig vir mense wie se regte die afgelope paar dekades op bykans elke lewensterrein misken is. Daarenteen, hoe gouer daar reg geskied gaan laat word aan die individuele, maar ook sosio-ekonomiese regte van alle inwoners van die land, hoe gouer sal daar 'n moontlikheid van versoening, vrede en stabiliteit wees. So 'n benadering mag nie net bolangs wees nie, maar moet spruit uit 'n grondige hartsverandering veral by die blanke. In dié verband moet net gesê word dat sodanige veranderinge beslis nie oornag 'n oplossing vir al die land se probleme gaan wees nie. Waarskynlik sal daar nog steeds werkloosheid wees, plundering, geweld, onrus, ensovoorts, maar ten minste kan hierdie probleme dan aangepak word binne 'n raamwerk wat gegrond word op

geregtigheid, menswaardigheid en vryheid - en juis dit hou belofte in vir heropbou en versoening!

Ek is daarvan oortuig dat hierdie pad wat op ons wag so deur God se voorsienigheid en wil beplan is. Ek glo dat dit n manier is om gelowige persone, veral ook die blanke gelowige, voor te berei op die ewige koninkryk waar alle gelowiges ongeag ras, volk of nasie saam die Een op die troon sal loof en prys! Miskien wil God deur hierdie oorgangsproses vir elke persoon wat daarby betrokke is iets van Jeremia 9:23,24 laat verstaan:

Die wyse man moet nie in sy wysheid roem nie, die soldaat nie in sy krag nie, die ryk man nie in sy rykdom nie. 24 ... maar Ek bewys liefde, reg en geregtigheid op die aarde, want dit is wat Ek wil hê, sê die Here.

Bonhoeffer het die volgende woorde vanuit die gevangenis geskryf - dit kan ook op ons eie situasie van toepassing gemaak word:

Vir n tyd lank sal die veelvuldige woorde wat die kerk vroeër gebruik het eers kragteloos moet word en verstom, en sal ons Christenwees uit slegs twee elemente bestaan: in voorbidding en in die doen van geregtigheid onder die mense.(1)

God wil vir ons as mense leer om berou te hê oor alles wat ons in die verlede verkeerd gedoen het en vandag nog steeds verkeerd doen (volgens die Skrif) teenoor ons medemens en sy ganse skepping, en dat ons daaruit voortspruitend dit deur belydenis sover moontlik moet probeer herstel (sien Lukas 19:1-10).

Ongelukkig het die Afrikaanse kerke met n Gereformeerde belydenis tradisioneel (en selfs vandag nog) homself geïdentifiseer met die bevoorregte blanke posisie in die land. Enigiemand wat hierdie optrede bevraagteken (het), word (is) dikwels gesien as sekulêr, humanisties en selfs kommunisties. Ons het egter gesien dat God inderdaad in sy Woord van ons vra om alle mense gelyk-

waardig te behandel, gelyke geleenthede te bied, want aan die voet van die kruis is alle grond en dus alle mense gelyk. Binne die vryheid wat Christus bied, is alle skeidsmure afgebreek en is Jood en Griek, slaaf en vry man, man en vrou, een. Die eiesoortige ontwikkeling in die Skrif vanaf die Ou-Testamentiese wette en voorskrifte van inperking na die vryheid in Jesus Christus wat die Nuwe Testament verkondig, is waargeneem. Daar is ook gewys op die noodsaaklikheid om bepaalde teksgedeeltes eers in hul historiese kontekste te plaas voordat dit op hedendaagse situasies toegepas word. Anders kan 'n mens so maklik die Skrif op naïewe, onkritiese, selektiewe en vooropgestelde wyse in die hand neem.

Om bogenoemde te laat realiseer, moet daar 'n menseregte-kultuur onder al die inwoners van ons land gevestig word. Dit loop hand aan hand met die vestiging van wetgewing wat nie in stryd is met menseregte nie, ekonomiese stabiliteit en 'n algemene opvoedingsproses rakende die regte van die mens. Daar moet voortdurend gewaak word teen 'n soort weersin in menseregte wat hierdie saak kan skaad. Ook moet geweld en konflik sover moontlik geëlimineer word, aangesien menseregte nie werklik in sodanige atmosfeer sal posvat nie.

Ek is van mening dat menseregte in baie opsigte ook vir Christene as sodanig betekenis gaan kry veral omdat ons as ware Christene hier in Suid-Afrika, Suider-Afrika en Afrika in die minderheid is - 'n minderheid wat ook van mense-regte afhanklik gaan wees. Ek is seker dat menseregte wat nie in stryd is met Gods Woord nie, 'n belangrike basis vir die Christen en die nie-Christen gaan wees om mekaar te vind en sodoende die sosio-ekonomiese en politieke probleme van die dag aan te pak en te probeer oplos.

Sodanige optrede gaan geleentheid bied vir beter kommunikasie en dit kan aanleiding gee tot beter begrip en sensitiwiteit vir mekaar se ervaring van

die situasie in ons land. Op die ou end sal ons Christene se getuienis geloofwaardigheid hê omrede ons onvoorwaardelik en onbevrees Gods eise probeer uitleef.

Die mens word ook opgeroep om diere- en plantregte te respekteer, maar nooit ten koste van menslike behoeftes nie. Die ekologiese uitdagings in verhouding met sosio-ekonomiese en politieke hervorming, is waarskynlik die belangrikste sake wat op 'n menseregte-agenda in ons land tuishoort. Mense het in dié verband die reg tot kennis en elkeen sal aangespreek en ingelig moet word oor sy verhouding, nie net tot sy medemens nie, maar ook tot die dier, plant en ganse omgewing. Alleen op hierdie wyse kan mense se optrede in harmonie met God se opdragte in dié verband kom.

